



Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

2024

Lettere en Sosiale Wetenskappe

Akademiese programme
en fakulteitsinligting

Jaarboek, Deel 4

Let daarop dat die Universiteit in Augustus 2023 die Engelse naam vir die Jaarboek, naamlik Calendar, amptelik na Yearbook verander het. Die nuwe naam het onmiddellik in dokumente en kommunikasie van die Universiteit in werking getree en word vanaf die 2024-jaarboek ook in al die Jaarboekdele gebruik.

Akkuraatheid, aanspreeklikheid en veranderings

- Die Universiteit Stellenbosch het alle redelike stappe geneem om te verseker dat die inligting in die Jaarboekdele so akkuraat en volledig as moontlik aangebied word.
- Neem egter kennis dat die Universiteit se Raad en Senaat geen aanspreeklikheid aanvaar vir enige foutiewe inligting in die Jaarboekdele se inhoud nie.
- Die Universiteit behou die reg voor om enige tyd inligting in die Jaarboekdele te verander indien nodig.

Die verdeling van die Jaarboek

- Die Jaarboek is in 13 dele verdeel.
- Deel 1, 2 en 3 van die Jaarboek bevat algemene inligting wat op alle studente van toepassing is. Maak seker jy verstaan alle bepalings in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek wat op jou van toepassing is.
- Deel 4 tot 13 van die Jaarboek is die Fakulteitsjaarboekdele.

Deel	Jaarboekdeel
Deel 1	Algemene Reëls
Deel 2	Beurse en Lenings
Deel 3	Studentegelde
Deel 4	Lettere en Sosiale Wetenskappe
Deel 5	Natuurwetenskappe
Deel 6	Opvoedkunde
Deel 7	AgriWetenskappe
Deel 8	Regsgeleerdheid
Deel 9	Teologie
Deel 10	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Deel 11	Ingenieurswese
Deel 12	Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
Deel 13	Krygskunde (Slegs in Engels beskikbaar)

Beskikbaarheid van die Jaarboekdele

- Die elektroniese weergawes van die Jaarboekdele is beskikbaar by www.sun.ac.za/Jaarboek.
- Dele 1 tot 12 is in Afrikaans sowel as Engels beskikbaar. Krygskunde (Deel 13) verskyn slegs in Engels.

Inhoudsopgawe

Hoe om hierdie Jaarboekdeel te gebruik.....	1
1.1 Voornemende voorgraadse studente	1
1.2 Voornemende nagraadse studente	1
1.3 Geregistreerde voorgraadse studente	1
1.4 Geregistreerde nagraadse studente	2
Algemene Inligting	3
1. Geskiedenis en funksies van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe	3
1.1 Ontstaan, struktuur en missie	3
1.2 Navorsing en gemeenskapsinteraksie	4
2. Hoe om met die Fakulteit te kommunikeer	4
2.1 Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se kontakbesonderhede	4
2.2 Fisiese adres en kontakbesonderhede van die Dekaanskantoor	4
2.3 Kontakpersone en -besonderhede	5
2.4 Departemente se kontakbesonderhede	5
2.5 BA Studente Komitee (BASK)	6
3. Hoe om met die Universiteit Stellenbosch te kommunikeer	6
3.1 Voornemende studente	6
3.2 Huidige of voormalige Universiteit Stellenbosch-studente	6
3.3 Kontakbesonderhede vir navrae oor jou studies, beurse en lenings, en koshuisplasinge	6
4. Taal aan die Universiteit	6
5. Algemene bepalinge vir die akademiese klagteprosedure	7
6. Regulasies vir Dekaansvergunningsassesseringe	7
6.1 Fakulteitsreëls vir DVA's	7
6.2 Wie toegelaat mag word tot DVA's	7
6.3 Hoe om vir 'n DVA aansoek te doen	8
6.4 Hoe jou finale punt na afloop van 'n DVA bepaal word	8
7. Aanvulling van modules deur Unisa of 'n ander universiteit	8
8. Erkenning van vakke/modules/krediete elders verwerf	8
9. Gelyktydige volg van meer as een jaargang van 'n vak vir graaddoeleinde	9
10. Hertoelatingsvereistes	9
Voorgraadse Programme	10
1. Voorgraadse-inskrywingsbestuur	10
2. Vakke vir toelating tot programme in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe	10
3. Algemene bepalinge vir baccalaureusgrade, diplomas en sertifikate	11
3.1 Keuse van Vakkombinasies	11
4. Algemene bepalinge vir verlengdekurrikulumprogramme (VKP's) en vroeë toetsing	11
5. Baccalaureusgraadprogramme	13
5.1 BA (Geesteswetenskappe)	14
5.2 BA (Taal en Kultuur)	21
5.3 B in Datawetenskap (BDatSci)	29

5.4 BA (Drama- en Teaterstudie).....	30
5.5 BA (Internasionale Studie).....	32
5.6 B in Maatskaplike Werk.....	34
5.7 BA (Menslike Hulpbronbestuur).....	36
5.7.1 Huidige program (vanaf 2022).....	36
5.7.2 Uitfaserende program (eerste registrasie tot en met 2021).....	38
5.8 BA (Musiek).....	40
5.9 BMus.....	43
5.9.1 BMus in Komposisie.....	47
5.9.2 BMus in Musiekopvoeding.....	47
5.9.3 BMus in Musiektegnologie.....	48
5.9.4 BMus in Musiekwetenskap.....	49
5.9.5 BMus in die Uitvoerende Kuns.....	50
5.10 BA (Ontwikkeling en Omgewing).....	52
5.11 BA (Politieke, Filosofiese en Ekonomiese Studies [PPE]).....	54
5.12 BA (Regsgeleerdheid).....	57
5.12.1 Huidige program (vanaf 2022).....	57
5.12.2 Uitfaserende program.....	59
5.13 BA (Sportwetenskap).....	61
5.13.1 Sportwetenskap met Afrikaans en Nederlands.....	62
5.13.2 Sportwetenskap met Engels.....	63
5.13.3 Sportwetenskap met Geografie en Omgewingstudie.....	64
5.13.4 Sportwetenskap met Sielkunde.....	65
5.14 BA in Visuele Kunste.....	66
6. Sertifikaat- en Diplomaprogramme.....	68
6.1 Hoër Sertifikaat in Musiek.....	68
6.2 Diploma (Praktiese Musiek).....	69
6.3 Gevorderde Diploma (Praktiese Musiek).....	72
Nagraadse Programme.....	74
1. Erkenning van Vorige Leer.....	74
2. Algemene bepalings vir nagraadse programme.....	74
2.1 Nagraadsdiplomaprogram.....	74
2.2 Honneursgraadprogram.....	74
2.3 MA-graadprogram.....	75
2.4 MPhil-graadprogram.....	75
2.5 PhD-graadprogram.....	75
2.6 DPhil-graadprogram.....	75
3. Nagraadse programme per departement.....	76
3.1 Departement Afrikaans en Nederlands.....	76
3.1.1 HonsBA (Afrikaans en Nederlands).....	76
3.1.2 HonsBA (Vertaling).....	77
3.1.3 MA (Afrikaans en Nederlands).....	78
3.1.4 MA (Kreatiewe Skryfkunde).....	78
3.1.5 MA (Leksikografie).....	79
3.1.6 MA (Vertaling).....	80
3.1.7 PhD (Afrikaans en Nederlands).....	81
3.1.8 PhD (Kreatiewe Skryfkunde).....	81
3.1.9 PhD (Leksikografie).....	82
3.1.10 PhD (Vertaling).....	82
3.2 Departement Afrikatale.....	83
3.2.1 HonsBA (Afrikatale).....	83
3.2.2 HonsBA (Afrikatale vir Professionele Kontekste).....	84

3.2.3 MA (Afrikatale)	85
3.2.4 MA (Afrikatale vir Professionele Kontekste).....	86
3.2.5 PhD (Afrikatale)	86
3.3 Departement Algemene Taalwetenskap.....	87
3.3.1 Nagraadse Diploma in Interkulturele Kommunikasie.....	87
3.3.2 Nagraadse Diploma in Tweedetaalstudie	88
3.3.3 HonsBA (Algemene Taalwetenskap).....	89
3.3.4 MA (Algemene Taalwetenskap).....	90
3.3.5 MA (Interkulturele Kommunikasie).....	91
3.3.6 MA (Tweedetaalstudie).....	92
3.3.7 PhD (Algemene Taalwetenskap)	93
3.4 Departement Antieke Studie.....	93
3.4.1 HonsBA (Antieke Kulture).....	93
3.4.2 HonsBA (Antieke Tale).....	94
3.4.3 MA (Antieke Kulture).....	95
3.4.4 MA (Antieke Tale).....	95
3.4.5 PhD (Antieke Kulture).....	96
3.4.6 PhD (Antieke Tale).....	96
3.5 Departement Drama	97
3.5.1 HonsBA (Drama- en Teaterstudie).....	97
3.5.2 MA (Drama- en Teaterstudie).....	98
3.5.3 PhD (Drama- en Teaterstudie).....	99
3.6 Departement Engels	99
3.6.1 HonsBA (Engels).....	99
3.6.2 MA (Engels).....	100
3.6.3 PhD (Engels).....	101
3.7 Departement Filosofie.....	102
3.7.1 Nagraadse Diploma in Toegepaste Etiek.....	102
3.7.2 HonsBA (Filosofie)	102
3.7.3 MA (Filosofie).....	103
3.7.4 MPhil (Toegepaste Etiek)	104
3.7.5 PhD (Filosofie)	105
3.7.6 PhD (Toegepaste Etiek).....	105
3.8 Departement Geografie en Omgewingstudie.....	106
3.8.1 HonsBA (Geografie en Omgewingstudie).....	106
3.8.2 HonsBA (Geografiese Inligtingstelsels).....	107
3.8.3 MA (Geografie en Omgewingstudie).....	108
3.8.4 MA (Geografiese Inligtingstelsels).....	108
3.8.5 M in Stads- en Streeksbeplanning.....	109
3.8.6 MPhil (Stedelike en Streekwetenskap).....	110
3.8.7 PhD (Geografie en Omgewingstudie)	111
3.8.8 PhD (Stads- en Streekbeplanning).....	112
3.8.9 PhD (Stedelike en Streekwetenskap).....	112
3.9 Departement Geskiedenis.....	113
3.9.1 HonsBA (Geskiedenis).....	113
3.9.2 MA (Geskiedenis)	114
3.9.3 PhD (Geskiedenis)	114
3.10 Departement Inligtingwetenskap.....	115
3.10.1 Nagraadse Diploma in Kennis- en Inligtingstelselbestuur.....	115
3.10.2 HonsBInf (Informasiestelselbestuur)	115
3.10.3 MA (Sosio-Informatika)	116
3.10.4 MPhil (Besluitneming en Kennisdinamika).....	117
3.10.5 MPhil (Inligting- en Kennisbestuur).....	118
3.10.6 PhD (Besluitneming en Kennisdinamika)	118
3.10.7 PhD (Sosio-Informatika).....	119
3.11 Departement Joernalistiek	119
3.11.1 HonsBA (Joernalistiek).....	119

3.11.2 MA (Joernalistiek)	120
3.11.3 PhD (Joernalistiek)	121
3.12 Departement Maatskaplike Werk.....	121
3.12.1 M in Maatskaplike Werk.....	121
3.12.2 PhD (Maatskaplike Werk)	122
3.13 Departement Moderne Vreemde Tale	122
3.13.1 Nagraadse Diploma in Tegnologie vir Taalaanleer.....	122
3.13.2 HonsBA (Chinees).....	123
3.13.3 HonsBA (Duits)	124
3.13.4 HonsBA (Frans)	124
3.13.5 MA (Duits)	125
3.13.6 MA (Frans).....	126
3.13.7 MA (Tegnologie vir Taalaanleer).....	126
3.13.8 PhD (Duits).....	127
3.13.9 PhD (Frans).....	127
3.13.10 PhD (Vergelykende Letterkunde).....	128
3.14 Departement Musiek.....	129
3.14.1 Nagraadse Diploma in Filmmusiek	129
3.14.2 Nagraadse Diploma in Musiektegnologie.....	129
3.14.3 HonsBMus.....	130
3.14.4 MMus.....	131
3.14.5 MPhil (Filmmusiek).....	132
3.14.6 MPhil (Musiektegnologie).....	133
3.14.7 PhD (Musiek)	134
3.15 Departement Politieke Wetenskap	134
3.15.1 HonsBA (Internasionale Studie).....	134
3.15.2 HonsBA (Politieke Wetenskap).....	135
3.15.3 MA (Internasionale Studie).....	136
3.15.4 MA (Politieke Wetenskap).....	136
3.15.5 PhD (Politieke Wetenskap).....	137
3.16 Departement Sielkunde.....	138
3.16.1 Nagraadse Diploma in Openbare Geestesgesondheid.....	138
3.16.2 HonsBA (Sielkunde)	139
3.16.3 MA (Kliniese Sielkunde)	140
3.16.4 MA (Sielkunde).....	141
3.16.5 MPhil (Openbare Geestesgesondheid)	142
3.16.6 PhD (Sielkunde).....	142
3.17 Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie	143
3.17.1 Nagraadse Diploma in Sosiaalwetenskaplike Metodes.....	143
3.17.2 Nagraadse Diploma in Transdissiplinêre Gesondheids- en Ontwikkelingstudie.....	144
3.17.3 HonsBA (Sosiale Antropologie).....	145
3.17.4 HonsBA (Sosiologie)	146
3.17.5 MA (Sosiaalwetenskaplike Metodes).....	147
3.17.6 MA (Sosiale Antropologie).....	147
3.17.7 MA (Sosiologie)	148
3.17.8 MA (Openbare Sosiologie en Antropologie).....	148
3.17.9 MPhil (Transdissiplinêre Gesondheids- en Ontwikkelingstudie).....	149
3.17.10 PhD (Sosiaalwetenskaplike Metodes).....	151
3.17.11 PhD (Sosiale Antropologie).....	151
3.17.12 PhD (Sosiologie).....	152
3.18 Departement Visuele Kunste.....	152
3.18.1 HonsBA (Visuele Kunste Illustrasie).....	152
3.18.2 HonsBA in Visuele Studie	153
3.18.3 MA in Visuele Kunste.....	154
3.18.4 MA in Visuele Kunste (Kunsonderwys).....	154
3.18.5 MA in Visuele Studie	155
3.18.6 PhD (Visuele Kunste).....	156

4. Nagraadse programme aangebied deur sentra.....	156
4.1 Africa Open Instituut vir Musiek, Navorsing en Innovasie.....	156
4.1.1 MPhil (Interdissiplinêre Kunsstudie).....	156
4.1.2 PhD (Interdissiplinêre Kunsstudie).....	157
4.2 Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (SENWET).....	158
4.2.1 Nagraadse Diploma in Monitering en Evaluering.....	158
4.2.2 Nagraadse Diploma in Navorsingsbestuur en -administrasie.....	159
4.2.3 MPhil (Monitering en Evaluering).....	159
4.2.4 MPhil (Studie van Wetenskap en Tegnologie).....	160
4.2.5 PhD (Evaluasiestudie).....	162
4.2.6 PhD (Studie van Wetenskap en Tegnologie).....	162
4.3 Navorsingsalliansie in Ramp- en Risiko-reduksie (RADAR).....	163
4.3.1 Nagraadse Diploma in Ramprisikostudie en -ontwikkeling.....	163
4.3.2 MPhil (Ramprisiko-wetenskap en -ontwikkeling).....	164
4.4 Sentrum vir Chinese Studie.....	165
4.4.1 MPhil (Chinese Studie).....	165
4.5 Interdepartementeel en interfakultêr.....	165
4.5.1 Transdissiplinêre doktorsale program toegespits op Kompleksiteit en Volhoubaarheidstudies.....	165

Voorgraadse Vakke, Modules en Module-inhoude166

1. Definisies en verduidelikings van belangrike terme	166
1.1 Verduideliking van bogenoemde terme	166
2. Slaagvoorvereiste-, voorvereiste- en newevereistemodules	167
3. Assessering van modules	167
4. Vakke, modules en module-inhoude	167
Departement Afrikaans en Nederlands.....	167
Departement Afrikatale	169
Departement Algemene Taalwetenskap.....	174
Departement Antieke Studie.....	175
Departement Drama.....	181
Departement Engels.....	183
Departement Filosofie.....	184
Departement Geografie en Omgewingstudie	185
Departement Geskiedenis.....	187
Departement Inligtingwetenskap.....	189
Departement Joernalistiek.....	190
Departement Maatskaplike Werk.....	190
Departement Moderne Vreemde Tale.....	193
Departement Musiek.....	196
Module-inhoude vir die Hoër Sertifikaat in Musiek.....	198
Module-inhoude vir die Diploma in Praktiese Musiek.....	200
Module-inhoude vir graadprogramme en Gevorderde Diploma.....	204
Departement Politieke Wetenskap.....	215
Departement Sielkunde	216
Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie.....	217
Departement Visuele Kunste.....	219
Taalsentrum	222
Verlengdekurrikulumprogramme (VKP's).....	223

Navorsings- en Diensinstansies	224
1. Africa Open Instituut vir Musiek, Navorsing en Innovasie.....	224
2. HUMARGA	224
3. Navorsingsalliansie in Ramp- en Risiko-reduksie (RADAR).....	225
4. Sentrum vir Bybelinterpretasie en -vertaling in Afrika	225
5. Sentrum vir Gemeenskapsielkundige Dienste	226
6. Sentrum vir Geografiese Analise (SGA).....	226
7. Sentrum vir Kennisdinamika en Besluitneming.....	227
8. Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (SENWET).....	227
9. Sentrum vir Streeks- en Stedelike Innovasie en Statistiese Eksplorاسie (CRUISE).....	228
10. Sentrum vir Strokiesprent-, Illustratiewe-, en Boekkuns (CCIBA)	228
11. Sentrum vir Toegepaste Etiek	229
Alfabetiese Lys van Vakke	231
Uitsluitingsvakke in 2024: Algemeen.....	233
Uitsluitingsvakke in 2024: BA (Regsgeleerdheid)	235

Hoe om hierdie Jaarboekdeel te gebruik

Hierdie afdeling gee vir jou riglyne oor waar om bepaalde inligting in die verskeie hoofstukke in hierdie Jaarboekdeel te vind. Raadpleeg die inhoudsopgawe vir die bladsynommers van die hoofstukke waarna hieronder verwys word.

1. Waar om inligting te vind

1.1 Voornemende voorgraadse studente

- Die hoofstuk "Algemene Inligting" bevat inligting oor:
 - Kommunikasie met die Fakulteit en die Universiteit wat 'n verduideliking van die begrip "studentenommer" insluit asook relevante kontakbesonderhede aandui waarheen jy belangrike navrae kan rig;
 - Taal aan die Universiteit; en
 - Hoe die erkenning van vakke, modules of krediete wat jy elders verwerf het, plaasvind.
- Die hoofstuk "Voorgraadse Programme" bevat inligting oor:
 - Die proses van inskrywingsbestuur, wat neerkom op keuring vir toelating tot studieprogramme;
 - Die Fakulteit se voorgraadse studieprogramme;
 - Die minimum toelatingsvereistes vir die onderskeie studieprogramme; en
 - Vakke en modules wat jy per jaargang vir die verskillende studieprogramme moet volg, met keuses waar van toepassing.
- Die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude" bevat:
 - 'n Verduideliking van vakke teenoor modules;
 - 'n Verduideliking van die verskillende syfers wat vir die nommering van modules in die hoofstuk Voorgraadse Programme gebruik word; en
 - Definisies van slaagvoorvereiste, voorvereiste en newevereistemodules.
- 'n Alfabetiese lys van voorgraadse vakke wat in studieprogramme gevolg kan word, is agterin hierdie Jaarboekdeel beskikbaar.

1.2 Voornemende nagraadse studente

- Die hoofstuk "Algemene Inligting" bevat inligting oor:
 - Kommunikasie met die Fakulteit en die Universiteit wat 'n verduideliking van die begrip "studentenommer" insluit asook relevante kontakbesonderhede aandui waarheen jy belangrike navrae kan rig; en
 - Taal aan die Universiteit.
- Die hoofstuk "Nagraadse Programme" bevat inligting oor:
 - Die Fakulteit se nagraadse studieprogramme;
 - Die minimum toelatingsvereistes vir die onderskeie studieprogramme;
 - Spesifieke sluitingsdatums vir aansoeke, en ander relevante inligting, byvoorbeeld keuring vir toelating; en
 - Vakke en modules wat per jaargang vir die verskillende studieprogramme gevolg moet word, met keuses waar van toepassing.

1.3 Geregistreeerde voorgraadse studente

- Die hoofstuk "Algemene Inligting" bevat inligting oor:
 - Kommunikasie met die Fakulteit en die Universiteit met relevante kontakbesonderhede waarheen jy belangrike navrae kan rig;
 - Taal aan die Universiteit; en
 - Die Fakulteit se beleid oor die toestaan van Dekaaansvergunningsassesserings aan finalejaarstudente.
- Die hoofstuk "Voorgraadse Programme" bevat inligting oor:
 - Die Fakulteit se voorgraadse studieprogramme; en
 - Vakke en modules wat jy per jaargang vir die verskillende studieprogramme moet volg, met keuses waar van toepassing.

- Die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude" bevat:
 - 'n Verduideliking van vakke teenoor modules;
 - 'n Verduideliking van die verskillende syfers wat vir die nommering van die modules in die hoofstuk Voorgraadse Programme gebruik word;
 - Die afkortings en definisies wat vir die doseerlading van individuele modules gebruik word;
 - 'n Aanduiding by die individuele modules wat die doseerlading daarvan is;
 - Definisies van slaag-, voorvereiste en newevereistemodules, asook 'n aanduiding by die individuele modules watter van hierdie vereistes daarvoor geld, indien enige; en
 - Die wyse waarop individuele modules geassesseer word.
- 'n Alfabetiese lys van voorgraadse vakke wat in studieprogramme gevolg kan word, is agterin hierdie Jaarboekdeel beskikbaar.

1.4 Geregistreeerde nagraadse studente

- Die hoofstuk "Nagraadse Programme" bevat inligting oor:
 - Die Fakulteit se nagraadse studieprogramme;
 - Die onderbreking van magister- of doktorale studie; en
 - Vakke en modules wat per jaargang vir die verskillende studieprogramme gevolg moet word, met keuses waar van toepassing.

Algemene Inligting

1. Geskiedenis en funksies van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe

Universiteite speel 'n belangrike rol in die proses om kennis te genereer, veral in 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika. Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe is ten volle bewus van hierdie uitdaging en streef deurlopend daarna om deur middel van sy onderrig en leer, navorsing, gemeenskapsinteraksie en bestuurstrategieë 'n betekenisvolle bydrae tot die kennisgebaseerde samelewing en ekonomie in Afrika te maak.

As fakulteit is dit vir ons uiters belangrik om 'n ruimte te skep waar die diversiteit van mense en idees kan floreer. Dit help ons ook om verskeie navorsingsvelde in ons omgewing verder te ontwikkel. Ons fokus dus daarop om personeellede aan te stel en studente toe te laat wat 'n bydrae kan lewer tot ons doelwit om 'n diverse omgewing te skep waar alle vorme van kennis kan ontwikkel en floreer.

1.1 Ontstaan, struktuur en missie

Ontstaan

Toe die Universiteit Stellenbosch in 1866 sy deure oopgemaak het, het dit as die Stellenbosch Gimnasium bekend gestaan. Die Lettere Departement van die Gimnasium is agt jaar na die stigting van die Gimnasium gevestig. Teen 1879 het ongeveer 69 studente vir 'n BA-graad by die Gimnasium ingeskryf.

In Februarie 1916 is 'n wet met die naam "De Universiteit van Stellenbosch-wet" (Wet nr. 13 van 1916) gepubliseer en het twee jaar later, op 2 April 1918, in werking getree. Dit het gelei tot die verandering van die Gimnasium se naam na die Universiteit Stellenbosch. Die wet wat vir die naamsverandering in 1918 verantwoordelik was, het ook die skep van 'n Fakulteit Lettere en Wysbegeerte moontlik gemaak. Nadat dit baie jare so bekend gestaan het, het die Fakulteit se naam in 2008 na die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe verander.

Struktuur

Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe bestaan uit 18 departemente wat die drie breë dissiplinêre groepe, naamlik Kunste, Tale en Sosiale Wetenskappe verteenwoordig:

Kunste:

- Drama
- Musiek
- Visuele Kunste

Tale:

- Afrikaans en Nederlands
- Afrikatale
- Algemene Taalwetenskap
- Antieke Studie
- Engels
- Moderne Vreemde Tale

Sosiale Wetenskappe:

- Filosofie
- Geografie en Omgewingstudie
- Geskiedenis
- Inligtingwetenskap
- Joernalistiek
- Maatskaplike Werk
- Politieke Wetenskap
- Sielkunde
- Sosiologie en Sosiale Antropologie

Missie

Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se missie is die ontginning, oordrag en toepassing van kennis om die geesteswetenskappe te bevorder. Ons doelwit is ook om die lewensgehalte van die mense van hierdie streek, land en kontinent te verryk en verhoog.

1.2 Navorsing en gemeenskapsinteraksie

Navorsing

Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe het in 2017 reeds 73 NNS (Nasionale Navorsingstigting)-gegradeerde navorsers gehad. Die Fakulteit huisves tans die onderstaande navorsing- en dienssentra:

- Africa Open Instituut vir Musiek, Navorsing en Innovasie
- HUMARGA (die rekenaargebruikersarea vir studente binne die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe)
- Nagraadse Skool in Lettere en Sosiale Wetenskappe
- Navorsingsalliansie in Ramp- en Risiko-Reduksie (RADAR)
- Sentrum vir Bybelinterpretasie en -vertaling in Afrika
- Sentrum vir Chinese Studie
- Sentrum vir Gemeenskapsielkundige Dienste
- Sentrum vir Geografiese Analise
- Sentrum vir Internasionale en Vergelykende Politiek
- Sentrum vir Kennisdinamika en Besluitneming
- Sentrum vir Toegepaste Etiek
- Sentrum vir Navorsing oor Wetenskap, Evaluasie en Tegnologie (SENWET)
 - insluitend Sentrum van Uitnemendheid in Wetenskapsmetriek en Beleid oor Wetenskap, Tegnologie en Innovasie (SciSTIP)
- Sentrum vir Streeks- en Stedelike Innovasie en Statistiese Eksplorاسie (CRUISE)
- Sentrum vir Strokiesprent-, Illustrasie- en Boekkuns (CCIBA)
- Sentrum vir Wetenskap- en Tegnologiemassakommunikasie (CENSCOM)

Gemeenskapsinteraksie

Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe fokus nie net op onderrig en navorsing nie, maar gemeenskapsinteraksie vorm ook 'n integrale deel van ons fakulteit. Besoek gerus ons webwerf by www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/Pages/Community-Interaction.aspx vir meer inligting oor hoe ons die gemeenskap dien. Enkele projekte waarby die Fakulteit betrokke is, is:

- Cloetesville Gemeenskapsgesondheidsentrum se diensleerprojek in geestelike gesondheid;
- Sertifikaatprogram in musiekgeletterdheid;
- Finansiële geletterdheidsonderrigprogram vir die gebruikers van maatskaplike dienste;
- Kuns-in-skole-inisiatief van NSCAD Universiteit/Universiteit Stellenbosch;
- Tolkdienste; en
- Welgevallen-gemeenskapsielkundekliniek.

2. Hoe om met die Fakulteit te kommunikeer

2.1 Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se kontakbesonderhede

Rig spesifieke navrae oor die Fakulteit aan die volgende adres:

Die Dekaan
 Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe
 Universiteit Stellenbosch
 Privaat Sak X1
 MATIELAND
 7602

2.2 Fisiese adres en kontakbesonderhede van die Dekanskantoor

Fisiese adres van die Dekaan

Lettere en Sosiale Wetenskappegebou
 Kamer 492
 h/v Merrimanlaan en Ryneveldstraat

2.3 Kontakpersone en -besonderhede

Personeel	Telefoonnommer	Faksnommer	E-posadres
Dekaan			
Prof AJ Leysens	021 808 2137	021 808 2123	ajl2@sun.ac.za
Sekretaresse			
Me LE van Kerwel	021 808 2138	021 808 2123	lek@sun.ac.za
Visedekaan: Leer en Onderrig			
Prof V Roodt	021 808 2103	021 808 2123	vroodt@sun.ac.za
Visedekaan: Navorsing			
Prof LPT Heinecken	021 808 2095	021 808 2123	lindy@sun.ac.za
Fakulteitsbestuurder			
Mnr P Janse van Rensburg	021 808 3848	021 808 2123	pjjvr@sun.ac.za
Fakulteitsadministrateur			
Me C Richardson	021 808 9111	021 808 3822	cherylr@sun.ac.za
Kommunikasie- en Skakelingbeampte			
Me A Dreyer	021 808 2017	021 808 2123	dreyera@sun.ac.za
Nagraadse Eksamenkantoor			
Me T Bekwa	021 808 2012	021 808 2123	thukela@sun.ac.za
HUMARGA	021 808 2129		humarga@sun.ac.za
Nagraadse Skool			
Dr C Steele	021 808 4198	021 808 2123	graduateschool@sun.ac.za

Vir meer inligting oor die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, besoek ons webwerf by www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts.

2.4 Departemente se kontakbesonderhede

Telefoon-nommer	E-posadres	Webblad
Afrikaans en Nederlands		
021 808 2158	wae@sun.ac.za	www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/afrikaans-dutch
Afrikatale		
021 808 2106	afrika@sun.ac.za	www.sun.ac.za/english/faculty/arts/african-lang
Algemene Taalwetenskap		
021 808 2052 021 808 2010	linguis@sun.ac.za	www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/linguistics/Pages/default.aspx
Antieke Studie		
021 808 3203	ldam@sun.ac.za	www.sun.ac.za/as
Drama		
021 808 3216	annalise@sun.ac.za	www.sun.ac.za/drama
Engels		
021 808 2051	johanitap@sun.ac.za	www.sun.ac.za/english/faculty/arts/english
Filosofie		
021 808 2418	radams@sun.ac.za	www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/philosophy/Pages/default.aspx
Geografie en Omgewingstudie		
021 808 3218	catherine@sun.ac.za	www.sun.ac.za/geography
Geskiedenis		
021 808 2177	lmork@sun.ac.za	www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/history/Pages/default.aspx
Inligtingwetenskap		
021 808 2423	informatics@sun.ac.za	www.suinformatics.com
Joernalistiek		
021 808 3488	journalism@sun.ac.za	https://journalism.sun.ac.za
Maatskaplike Werk		
021 808 2069	gkoopman@sun.ac.za	www.sun.ac.za/english/faculty/arts/social-work/Pages/default.aspx

Telefoon-nommer	E-posadres	Webblad
Moderne Vreemde Tale		
021 808 2133	lizellee@sun.ac.za	www.sun.ac.za/forlang
Musiek		
021 808 2338	mdp1@sun.ac.za	www0.sun.ac.za/music/af
Politieke Wetenskap		
021 808 2414	pauliane@sun.ac.za	www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/political-science/Pages/default.aspx
Sielkunde		
021 808 3461	sielkunde@sun.ac.za	www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/psychology/Pages/default.aspx
Sosiologie en Sosiale Antropologie		
021 808 2420	genay@sun.ac.za	www0.sun.ac.za/sociology/
Visuele Kunste		
021 808 3052	yumna@sun.ac.za	www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/visual-arts

2.5 BA Studentekomitee (BASK)

As 'n student wat vir 'n graadprogram in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe ingeskryf is, is jy outomaties 'n lid van die Fakulteit se studentevereniging. Vir meer inligting, besoek die onderstaande webblad of kontak hulle elektronies:

- Webwerf: www.sun.ac.za/english/faculty/arts/students/ba-student-committee
- E-posadres: bask@sun.ac.za

3. Hoe om met die Universiteit Stellenbosch te kommunikeer

3.1 Voornemende studente

- Wanneer jy aansoek doen om by die Universiteit te studeer, ken die Universiteit aan jou 'n aansoeknommer toe (byvoorbeeld APP/1234567).
- Die aansoeknommer is 'n unieke nommer om jou te identifiseer en sodoende toekomstige kommunikasie met die Universiteit oor al jou programaansoeke van 'n gegewe jaar te vergemaklik.
- Gebruik jou aansoeknommer elke keer wanneer jy met die Universiteit kommunikeer.

3.2 Huidige of voormalige Universiteit Stellenbosch-studente

- Wanneer jy aansoek doen om by die Universiteit te studeer, ken die Universiteit aan jou 'n studentenummer toe.
- Die studentenummer is 'n unieke nommer om jou te identifiseer en sodoende toekomstige kommunikasie met die Universiteit te vergemaklik.
- Gebruik jou studentenummer elke keer wanneer jy met die Universiteit kommunikeer.

3.3 Kontakbesonderhede vir navrae oor jou studies, beurse en lenings, en koshuisplasinge

E-pos: info@sun.ac.za

Telefoon: 021 808 9111

Besoek die Universiteit Stellenbosch se webwerf by <http://www.sun.ac.za>.

4. Taal aan die Universiteit

Die Universiteit Stellenbosch (US) is verbind tot die omgang met kennis in 'n diverse samelewing en streef deur die Taalbeleid daarna om billike toegang tot die US uit te brei vir alle studente en personelede. Meertaligheid word as 'n belangrike onderskeidende kenmerk van die US bevorder. Afrikaans, Engels en Xhosa word in akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste gebruik. Pedagogies verantwoordbare onderrig en leer word deur middel van Afrikaans en Engels gefasiliteer.

Meer inligting oor taal aan die US is beskikbaar op die US-webwerf by www.sun.ac.za/taal.

5. Algemene bepalinge vir die akademiese klagteprosedure

5.1 Akademiese klagte is enige kwessies in verband met:

- die inhoud en aanbieding van kursusse;
- die leeromgewing en hulpmiddels; en
- die assessering van modules.

Jy moet die akademiese klagteprosedure volg indien 'n gesprek tussen jou en jou dosent en/of die departementele voorsitter nie die probleem kon oplos nie.

5.2 Indien jy 'n akademiese klagte het, moet jy die volgende prosedure volg:

- a) Jy moet so gou moontlik die klagteformulier invul en die klagte onder die betrokke klasvertegenwoordiger se aandag bring.
- b) Klagteformuliere is beskikbaar by:
 - o Fakulteitsverenigings;
 - o Kantoor van die Dekaan;
 - o Kantoor van die Studenteraad; en
 - o Die webwerf van die US.
- c) Die klasvertegenwoordiger moet die probleem met die betrokke dosent bespreek. Jy kan ook betrokke wees by hierdie gesprek indien jy dit sou verkies.
- d) Indien die probleem nie bevredigend opgelos kan word nie, moet die klasvertegenwoordiger dit met die departementele voorsitter bespreek. Jy kan ook by die gesprek met die departementele voorsitter betrokke wees, indien jy dit sou verkies.
- e) Die departementele voorsitter gee terugvoer aan die klasvertegenwoordiger nadat die saak met die betrokke dosent bespreek is.
- f) Indien die saak nie bevredigend opgelos kan word nie, moet die departementele voorsitter die saak, met die nodige dokumentasie, na die Studentet terugvoer Komitee verwys. Alle betrokkenes kan in hierdie stadium verdere dokumentasie indien.

5.3 Administratiewe klagte het te doen met sake soos registrasie, vakkeuses, studentegelde, ensovoorts en jy moet dit met die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se Fakulteitsadministrateur of, indien nodig, met die Registrateur opneem.

6. Regulasies vir Dekaanse vergunningsassesseringe

6.1 Fakulteitsreëls vir DVA's

- Elke fakulteit het die reg om fakulteitspesifieke reëls vir Dekaanse vergunningsassesseringe (DVA's) te maak, solank daardie reëls ook die reëls wat in hierdie afdeling uiteengesit word volg. Die fakulteitspesifieke reëls moet in die relevante fakulteitassesseringreëls verduidelik word.
- Let asseblief op dat die verduideliking van die A3- en A4-assesseringstydperke wat hieronder gegee word net 'n kort opsomming is van wat hierdie tydperke behels. Jy kan die volledige verduidelikings in die assesseringshoofstuk in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek kry.

6.2 Wie toegelaat mag word tot DVA's

Jy kan vir toelating tot DVA's oorweeg word indien:

- jy 'n finalejaarstudent is in 'n voorgraadse graadprogram en jy, nadat die A3-tydperk in die tweede semester afgesluit het, nie daarin geslaag het om al die nodige krediete vir jou kwalifikasie te verwerf nie. (Die A3-tydperk volg direk op die tweede semester se A2-tydperk, wat direk op die klastydperk volg.);
- die krediete wat jy nog moet verwerf altesaam minder as 33 is, in hoogstens twee modules wat jy nog moet slaag, of meer as 33, in slegs een module;
- jy in daardie akademiese jaar 'n finale punt van minstens 40 behaal het in elkeen van die modules wat jy nog moet slaag;
- jy aan die vereistes vir toelating tot die DVA's wat in die assesseringreëls van jou program se tuisfakulteit genoem word, voldoen; en
- die tuisdepartemente of -sentra van al die modules wat jy nog moet slaag, vir die dekaan aandui dat dit redelikerwys uitvoerbaar is vir jou om die modules deur middel van 'n DVA te slaag (in ag genome dat dit onprakties mag wees om sekere verpligte module-uitkomst in 'n DVA te assesser).

6.3 Hoe om vir 'n DVA aansoek te doen

- Jy moet jou aansoek om 'n DVA te mag skryf deur SUNStudent indien deur die aangewese prosedure te volg.
- Jy moet jou aansoek na afloop van die tweede semester se A3-tydperk indien; dit is, binne een week ná die laaste datum waarteen intern gemodereerde finale punte vasgelê moet word na afloop van die tweede semester se A3-tydperk. Indien die betrokke fakulteit egter 'n A4-assessering aanbied en die toepaslike assesseringsreëls beide 'n A4-assessering en 'n DVA toelaat, moet jy jou aansoek binne een week nadat die A4-uitslae aan studente bekendgemaak is, indien (Die A4-tydperk vir 'n gegewe jaar van registrasie strek vanaf die einde van die A3-tydperk van daardie jaar tot in Januarie en Februarie van die volgende kalenderjaar en eindig op die inleweringdatum vir die A4-punte volgens die Almanak).
- Let op dat, wanneer jy toegelaat word tot 'n DVA, die bedrag vir DVA's wat in die Studentegeelde-deel van die Jaarboek (Deel 3) genoem word, by jou rekening getel word.

6.4 Hoe jou finale punt na afloop van 'n DVA bepaal word

- Jou punt vir die DVA sal gebruik word om 'n finale punt te bepaal, soos gespesifiseer in die assesseringsreëls van die module se tuisfakulteit.
- DVA's moet intern en ekstern gemodereer word in ooreenstemming met die Universiteit se "Regulasie vir interne en eksterne moderering en die verwerking van uitslae" en die verwante reëlings van die program se tuisfakulteit of -sentrum.
- Herevaluering geld nie vir DVA's nie.

7. Aanvulling van modules deur Unisa of 'n ander universiteit

- 7.1 In die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe kan jy 'n maksimum van 48 krediete in totaal by Unisa of 'n ander universiteit vir graaddoelindes aanvul. Van hierdie 48 krediete kan jy 'n maksimum van 24 krediete op derdejaarsvlak aanvul.
- 7.2 Om hiervoor in aanmerking te kom, moet jy:
- baie goeie redes met stawende bewyse verskaf; en
 - die betrokke vak(ke) of module(s) verkieslik reeds by die US gevolg, en gesak het.
- Neem kennis dat hierdie reëling nie vir vakke, modules of krediete geld wat aangevul word binne die raamwerk van formele ooreenkomste met buitelandse universiteite, fakulteite of departemente nie.
- 7.3 Indien jy aansoek doen vir hertoelating by die US in hierdie Fakulteit, sal die Fakulteit Unisa-krediete erken wat maksimaal die ekwivalent van drie vakke aan die US is. Slegs 24 van die ekwivalente krediete mag op finalejaarsvlak wees.
- 7.4 Indien jy 'n module of modules wat deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied word met Unisa-krediete aanvul, geld die bogenoemde bepalings, met die verdere bepaling dat derdejaarsmodules by die US gevolg en gesak is.

8. Erkenning van vakke/modules/krediete elders verwerf

In die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe geld die volgende bepalings indien jy erkenning wil kry vir modules wat jy aan 'n ander universiteit geslaag het:

- Vir driejarige B-programme erken die Fakulteit 'n maksimum van 126 krediete op eerstejaarsvlak;
- Vir vierjarige B-programme (BA in Visuele Kunste, BMus en B in Maatskaplike Werk) geld die Universiteitsreël dat jy hoogstens die helfte van die totale getal krediete wat vir die program vereis word, aan 'n ander universiteit kan slaag;
- Vir sowel driejarige as vierjarige B-programme is die vereiste dat jy minstens al die krediete van die laaste twee jaar van studie aan die US moet verwerf; en
- Om erkenning te kry vir die krediete wat jy by 'n ander universiteit verwerf het, moet die betrokke module-inhoude relevant en ekwivalent wees op die jaarvlakke waarvoor krediete vir jou betrokke program erken kan word.

9. Gelyktydige volg van meer as een jaargang van 'n vak vir graaddoeleindes

- a) Gebaseer op 'n besluit deur die Uitvoerende Komitee (Senaat) dat studente meer as een jaargang van 'n vak vir graaddoeleindes gelyktydig mag volg, mag jy 'n **maksimum van twee jaargange** van 'n vak gelyktydig volg, op voorwaarde dat
 - o jy die betrokke departement in dié verband raadpleeg; en
 - o jy die newevereistes, voorvereistes en slaagvoorvereistes van die betrokke module(s) nakom. Indien hierdie vereistes die gelyktydige volg van twee jaargange van 'n vak onmoontlik maak, sal jy onder geen omstandighede toegelaat word om die twee jaargange te volg nie.
- b) Jou versoek om **drie jaargange** van 'n vak gelyktydig vir graaddoeleindes te volg sal slegs op hoë uitsondering deur die Onderrigkomitee van die Fakulteit oorweeg word op voorwaarde dat jou versoek gemotiveer word met die nakoming van die bogenoemde punte.
- c) Behalwe vir die bepalings wat in hierdie Jaarboekdeel is, moet jy ook kennis neem van besondere bepalings wat mag geld binne die Fakulteit en binne bepaalde departemente. Jy kan hierdie inligting by die departementele voorsitters van die onderskeie departemente kry.

10. Hertoelatingsvereistes

Die volgende reëls is van toepassing indien jy weens swak prestasie aansoek vir hertoelating tot 'n program van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe moet doen:

- a) Jy moet 0,5 Hemis-krediete per jaar verwerf en aan die glyskaalvereistes voldoen. Raadpleeg die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), vir meer inligting oor Hemis-krediete en glyskaalvereistes;
- b) Jy moet jaarliks aan die hertoelatingsvereistes voldoen; en
- c) Indien jy 'n verlengdekurrikulumprogram volg, moet jy aan dieselfde vereistes voldoen. Dit beteken jy moet 'n minimum van 63 krediete aan die einde van jou eerste jaar slaag. Raadpleeg die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), vir Hemis-vereistes.

Voorgraadse Programme

1. Voorgraadse-inskrywingsbestuur

Om die Raadsteikens rakende die totale aantal studente, asook die studierigtings en diversiteitsprofiel van die Universiteit Stellenbosch se studentegemeenskap te kan bereik, moet die Universiteit se voorgraadse inskrywings bestuur word. Nie net word hierdie voorgraadse inskrywings bestuur om in te pas binne die beskikbare kapasiteit nie, maar dit is vir ons belangrik om diversiteit te bevorder.

Die Universiteit se voorgraadse inskrywings word binne die raamwerk van die nasionale hoërondwysstelsel bestuur. Ons streef 'n verantwoorde samehang tussen nasionale en institusionele doelwitte met respek vir belangrike beginsels soos institusionele outonomie, akademiese vryheid en openbare verantwoordelikheid na. Die volgende uitgangspunte word toegepas:

- Hoë akademiese standaarde word gehandhaaf vir die uitbouing van akademiese uitnemendheid.
- Daar word probeer om hoë sukseskoerse by die Universiteit te handhaaf en voortdurend te verbeter.
- Die Universiteit is verbind tot regstelling, sosiale verantwoordelikheid en om toekomstige rolmodelle uit alle bevolkingsgroepe op te lei.
- Die Universiteit streef daarna om toegang tot hoër onderwys te verbreed, veral aan studente uit onderwysbenadeelde en ekonomies behoeftige omstandighede wat die akademiese potensiaal het om suksesvol aan die Universiteit te studeer.

Neem kennis dat, al voldoen jy aan die minimum toelatingsvereistes van jou gekose program, jy nie noodwendig tot die Universiteit toegelaat sal word nie omdat plekke beperk is en inskrywings strategies en doelgerig bestuur word.

Alle voorgraadse programme in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe is keuringsprogramme. Keuring vind plaas volgens die riglyne en prosedures van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe. Die gemiddelde punte wat vir toelating tot elke program genoem word, is minimums, en voldoening daaraan waarborg nie dat jy in 'n bepaalde program geplaas sal word nie. Tipies is die afsnypunt vir plasing in hoofstroom- sowel as verlengdekurrikulumprogramme hoër as hierdie minimums.

Raadpleeg die "Riglyne en Prosedures vir Inskrywingsbestuur: Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe"-dokument verkrygbaar by die webadres www.sun.ac.za/english/maties/Documents/Lettere%20en%20Sosiale%20Wetenskappe.pdf.

Jy kan meer besonderhede oor die keuringsprosedures en toelatingsvereistes vir voorgraadse programme in hierdie hoofstuk en op die Fakulteit se webblad by www.sun.ac.za/lettere vind.

As voornemende voorgraadse student moet jy die Nasionale Normtoets (NNT), of soos dit in Engels bekend staan *National Benchmarking Test* (NBT), skryf. Besoek die NNT se webblad by www.nbt.ac.za of die Universiteit se webblad by www.sun.ac.za vir meer inligting oor die Nasionale Normtoets. Die Universiteit kan die uitslae van die Nasionale Normtoets vir die volgende doeleindes gebruik:

- Om te help bepaal of jy in 'n verlengdekurrikulumprogram geplaas moet word;
- Vir keuring; en
- Vir kurrikulumontwikkeling.

2. Vakke vir toelating tot programme in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe

Jy moet 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of skoleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) soos gesertifiseer deur Umalusi besit, met 'n punt van minstens 4 (50%) in vier van die skoolvakke uit die lys hieronder, vir toelating tot die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe.

- Besigheidstudies
- Dramatiese Kunste
- Ekonomie
- Fisiese Wetenskappe
- Geografie
- Geskiedenis
- Inligtingstegnologie
- Ingenieursgrafika en -ontwerp
- Landbouwetenskappe
- Lewenswetenskappe
- Musiek
- Rekeningkunde

- Religiestudies
- Tale (een taal van leer en onderrig aan 'n hoërondewysinstelling en tot twee ander erkende taalvakke)
- Verbruikerstudie
- Visuele Kunste
- Wiskunde
- Wiskundige Gelettertheid

3. Algemene bepalinge vir baccalaureusgrade, diplomas en sertifikate

Jy kan meer inligting oor die programinhoud en -struktuur van jou gekose voorgraadse program later in hierdie hoofstuk vind. Raadpleeg die hoofstuk "Voorgraadse Vakke, Modules en Module-inhoude" later in hierdie Jaarboekdeel vir die besondere bepalinge wat vir spesifieke vakke geld.

Neem kennis van die onderstaande bepalinge indien jy vir 'n baccalaureusgraad, diploma of sertifikaat wil inskryf:

- a) Indien jy een of meer modules aan 'n ander universiteit geslaag het, kan die US onder sekere voorwaardes vir jou erkenning daarvoor gee. Indien die geslaagde module(s) egter nie by die ander universiteit vir graad-/diploma-/sertifikaatdoeleindes erken word nie, sal dit ook nie by die US erken word nie.
- b) Die erkenning van module(s), wat aan ander universiteite geslaag is, sal op meriete oorweeg word.
- c) Jy moet die inhoude van die modules waarvoor jy erkenning wil hê, by die betrokke departement aan die US inlewer of die betrokke fakulteitsbeampte in die Admin A-gebou raadpleeg. Die Departement Sielkunde stel spesifieke vereistes met betrekking tot die erkenning van modules. Raadpleeg dié departement vir verdere besonderhede.
- d) Benewens die bogenoemde bepalinge, sal die US hoogstens die helfte van die totale getal krediete erken wat vir jou graad/diploma/sertifikaat vereis word:
 - o op grond van jou studie aan 'n ander universiteit; of
 - o van 'n voorafgaande graad wat jy aan die Universiteit Stellenbosch verwerf het, met dien verstande dat nuwe hoofvakke gevolg moet word.

Raadpleeg afdeling 8 in die hoofstuk "Algemene Inligting" vir meer inligting oor die erkenning van vakke/modules/krediete wat jy elders verwerf het.
- e) Raadpleeg ook afdeling 7, "Aanvulling van modules deur Unisa of 'n ander universiteit", in die hoofstuk "Algemene Inligting" vir meer inligting. Jy moet ten minste twee jaar aan die US studeer om 'n baccalaureusgraad by die US te verwerf.

3.1 Keuse van Vakkombinasies

Om vakkombinasies vir jou bepaalde program te kies, raadpleeg die diagram op die uitvoulblad agterin hierdie Jaarboekdeel wat aandui watter vakke jy nie saam mag volg nie (uitsluitingsvakke).

Raadpleeg ook die programinhoud en -struktuur van die onderskeie programme in hierdie hoofstuk vir verdere bepalinge rakende vakkombinasies.

4. Algemene bepalinge vir verlengdekurrikulum-programme (VKP's) en vroeë toetsing

4.1 Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe bied akademiese steun aan alle studente en binne die raamwerk van akademiese steun maak ons voorsiening vir die volgende:

- a) 'n Verlengdekurrikulumprogram (VKP) wat daarop neerkom dat jy:
 - o die eerste studiejaar oor twee jaar versprei;
 - o addisionele akademiese steun ontvang; en
 - o spesifieke verpligte modules neem wat jou beter op jou graadstudie voorberei.
- b) Indien jou taalvaardigheid in óf Engels óf Afrikaans onvoldoende is sal hulp in taalvaardigheidsontwikkeling aangebied word.
- c) In Jaar 1 neem jy twee keusevakke uit die programaanbod van jou keuse, elk met 'n akademiese steunkomponent. Elke keusevak se steunkomponent word as 'n ekstra vakspesifieke tutoriaal aangebied.

As VKP-student moet jy in jou eerste jaar die volgende verpligte modules neem:

- o Tekste in die Geesteswetenskappe 113 (12 krediete) en Tekste in die Geesteswetenskappe 143 (12 krediete), onderskeidelik in die eerste en tweede semester;


- o Inleiding tot die Geesteswetenskappe 178 (24 krediete); en
 - o Kennisvaardighede 172 (6 krediete).
- d) In Jaar 2 neem jy die oorblywende eerstejaarsvakke van jou programaanbod, ook met akademiese steunkomponente. Elke vak se steunkomponent word aangebied as 'n ekstra vakspesifieke tutoriaal. In die tweede jaar moet jy ook Tekste in die Geesteswetenskappe 123 en Tekste in die Geesteswetenskappe 154 neem.
- e) Jy volg in Jaar 3 die gewone tweedejaarprogram, en in Jaar 4 die gewone derdejaarprogram.
- f) Indien jy die vierjarige B in Maatskaplike Werk-program neem, volg jy in Jaar 5 die gewone vierdejaarprogram.
- 4.2 Toelating tot die verlengdekurrikulumprogram word diskresionêr oorweeg. Jou Nasionale Norm Toets (NNT)-uitslae, sosio-ekonomiese status en die beskikbaarheid van plekke sal in ag geneem word vir toelating.
- 4.3 Die VKP is nie 'n opsie vir die volgende graadprogramme nie:
- B in Maatskaplike Werk (vanaf 2023-inname)
 - BA (Drama- en Teaterstudie);
 - BA (Musiek);
 - BMus;
 - BA in Visuele Kunste;
 - BA (Politieke, Filosofiese en Ekonomiese Studie – PPE);
 - BA (Regsgeleerdheid); en
 - BA (Sportwetenskap).
- 4.4 Jy sal nie toegelaat word om met die begin van die tweede semester vir die VKP in te skryf nie.
- 4.5 Vir enige navrae, kontak dr Taryn Bernard:
Kamer 460, 4de vloer, Lettere en Sosiale Wetenskappe-gebou
Tel: 021 808 2146 E-pos: tbernard@sun.ac.za
- 4.6 Die struktuur van die verlengdekurrikulumprogram (VKP) kan soos volg voorgestel word:

Historiese studiejaar	Vakke
Eerste jaar	Twee vakke uit die standaardprogramaanbod word gevolg; 'n addisionele, vakspesifieke tutoriaal word in elk van die vakke aangebied. Kennisvaardighede 172 Tekste in die Geesteswetenskappe 113 Tekste in die Geesteswetenskappe 143 Inleiding tot die Geesteswetenskappe 178
Tweede jaar	Die oorblywende vakke uit die programaanbod op eerstejaarsvlak word gevolg; 'n addisionele, vakspesifieke tutoriaal word in elk van die vakke aangebied. Tekste in die Geesteswetenskappe 123 Tekste in die Geesteswetenskappe 153
Derde jaar	Soos standaard-tweedejaarprogram
Vierde jaar	Soos standaard-derdejaarprogram
Vyfde jaar	Soos standaard-vierdejaarprogram

5. Baccalaureusgraadprogramme

Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se programme word breedweg verdeel in twee kategorieë, naamlik algemene programme en gespesialiseerde programme. Algemene programme bied jou 'n breë agtergrond vir verskeie beroepe in verbandhoudende velde terwyl gespesialiseerde programme op spesifieke beroepe gerig is.

Die onderstaande diagramme bied 'n uiteensetting van die Fakulteit se programme.



5.1 BA (Geesteswetenskappe)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of skoolleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) soos gesertifiseer deur Umalusi met 'n **punt van minstens 4 (50%)** in elk van die vier skoolvakke uit die lys skoolvakke onder "Voorgraadse Programme" voorin hierdie Jaarboekdeel.
- 'n Gemiddelde persentasie van 63% vir NSS of die IEB-skooleindsertifikaat (Lewensoriëntering uitgesluit).
- 'n Gemiddelde persentasie van 60-62,9% vir NSS (Lewensoriëntering uitgesluit) indien jy die verlengdekurrikulumprogram (vierjarig) volg.
- Jou Nasionale Normtoets-uitslae mag vir plasing op die verlengdekurrikulumprogram oorweeg word.
- Huistaal – kode 4 (50%).
- Eerste Addisionele Taal – kode 3 (40%).
- Wiskunde – kode 4 (50%) OF Wiskundige Geletterdheid – kode 6 (70%) (*slegs indien jy Organisasoriese Informatika as vak gaan volg*).

Vir meer inligting oor die verlengdekurrikulumprogramme, raadpleeg afdeling 3 in hierdie hoofstuk.

Programinhoud en -struktuur

Hieronder word die program BA (Geesteswetenskappe) se vakke volgens die drie groepe uiteengesit, met 'n uiteensetting van die spesifieke modules daarna.

Jy kan die inhoude van hierdie vakke en modules, asook bepalings vir die volg daarvan, in die hoofstuk "Voorgraadse Vakke, Modules en Module-inhoude" in hierdie Jaarboekdeel vind.

Die vakkombinasie wat jy kies, hang af van roostermoontlikhede. Die vakke en modules wat jy kies mag nie bots op die klas-, toets- en eksamenroosters nie. Kyk ook na die skematiese aanbieding vir toelaatbare vakkombinasies op die uitvoublad agterin hierdie Jaarboekdeel.

Groep 1 Die Mens se Denke, Taal, Kultuur en Kuns	Groep 2 Die Mens en die Samelewing	Groep 3 Halwe derdejaarsvak (24 krediete); word slegs op derdejaarsvlak aangebied
Afrikaans en Nederlands Afrikaanse Taalaanleer Afrikatale Algemene Taalwetenskap Antieke Kulture Basiese Xhosa (<i>slegs op eerstejaarsvlak aangebied</i>) Chinees Duits Engels Frans Gebaretaalstudie (<i>slegs op eerstejaarsvlak aangebied</i>) Teaterstudie Toegepaste Engelse Taalstudie Visuele Studie Xhosa	Filosofie Geo-omgewingswetenskap/Geografie en Omgewingstudie Geskiedenis Organisasoriese Informatika Politieke Wetenskap Sielkunde Sosiale Antropologie Socio-Informatika Sosiologie	318(24) Gebaretaal-linguistiek (Algemene Taalwetenskap 1 en 2 is slaagvoorvereistes) <i>Raadpleeg die inhoudsopgawe vir inhoude.</i>

Die inhoud van die BA in Geesteswetenskappe word op drie agtereenvolgende jaarvlakke aangebied:

Eerstejaarsvlak

Op hierdie vlak word inhoude aangebied wat inleidend is en 'n grondslag lê vir inhoude wat op die verdere vlakke aangebied word.

Op eerstejaarsvlak volg jy altesaam 5 vakke plus Kennisvaardighede 172. Jou vakkeuse is soos volg:

Verpligte module		Krediete
Kennisvaardighede 172		1 x 6 krediete
Kies		
2 vakke	Groep 1	2 x 24 krediete
2 vakke	Groep 2	2 x minimum 24 krediete
1 vak	Groep 1 of Groep 2	1 x minimum 24 krediete

Let wel:

Geo-omgewingswetenskap as vak se kredietwaarde is hoër as 24 krediete.

Tweedejaarsvlak

Op hierdie vlak word daar nog inhoude aangebied wat nie noodwendig oor geesteswetenskaplike aspekte van die spesifieke Suider-Afrikaanse werklikheid handel nie, maar wat direk relevant is tot die verstaan van problematiese aspekte van hierdie werklikheid.

Maak seker dat jy ook weet wat die toelatingsvereistes is vir die modules wat jy aan die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe wil volg (bv. 'n taal).

EERSTE JAAR (160 KREDIETE)

Verpligte Modules (jaarmodules)

Inleiding tot die Reg	171(24)
Privaatreg	171(24)
Inheemse Gewoontereg	171(24)
Skryfvaardighede	171(10)
Kennisvaardighede	172(6)

Keusemodules (3 x 24)

Kies **drie vakke** uit die lys hieronder.

Let op die volgende:

- 'n Vak moet uit een of meer modules bestaan wat altesaam 24 krediete werd is.
- Jy moet minstens een taal kies met 'n totale kredietwaarde van 24.
- Al die modules op die lys word deur die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aangebied, behalwe Ekonomie, wat deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied word.

Afrikaans en Nederlands	178(24)
Afrikaanse Taalaanleer	179(24) (slegs eerste jaar) of 189(24) (slegs eerste jaar)
Duits	178(24) of 188(24)
Ekonomie	114(12), 144(12)
Engels	178(24)
Frans	178(24) of 188(24)
Latyn	178(24) of
Klassieke Regskultuur	114(12), 144(12)
Filosofie	114(12), 144(12)
Politiese Wetenskap	114(12), 144(12)
Sielkunde	114(12), 144(12)
Basiese Xhosa	114(12), 144 (12)
Xhosa	178(24) of 188(24)

TWEDE JAAR (144 KREDIETE)

Verpligte modules

Privaatreg	272(16), 273(16)
Romeinse Reg	271(24)
Strafreg	171(24)

Keusemodules (2 x 32)

Voortgesette studie van **twee** van die volgende **vakke** . Let op dat 'n vak moet bestaan uit een of meer modules wat altesaam 32 krediete werd is.

Afrikaans en Nederlands	278(32)
Duits	278(32) of 288(32)
Ekonomie	214(16), 244(16)
Engels	214(16), 244(16)
Frans	278(32)
Latyn	214(16), 244(16) of
Antieke Kulture	211(8), 221(8), 241(8), 251(8) (volg al vier modules)
Filosofie	214(16), 244(16)
Politiese Wetenskap	212(8), 222(8), 242(8), 252(8)
Sielkunde	213(8), 223(8), 243(8), 253(8)
Xhosa	214(16), 244(16) of 224(16), 254(16)

DERDE JAAR (154 KREDIETE)

Verpligte regsmodules

Staatsreg	271(26)
Strafprosesreg	271(20)
Uitleg van Wetstekste	211(12)
Siviele Prosesreg	371(24)

Keusemodules (1x 48 + 1 x 24)

Voortgesette studie van **een en 'n halwe vak** (48 krediete + 24 krediete):

Antieke Kulture	311(12), 321(12), 341(12), 351(12) (volg al vier modules)
Duits	318(24), 348(24) of 328(24), 358(24)
Ekonomie	318(24), 348(24)
Engels	318(24), 348(24)
Frans	318(24), 348(24)
Latyn	318(24), 348(24)
Filosofie	314(12), 324(12), 333(12), 341(12), 354(12), 364(12) (volg vier van die ses modules in oorleg met die Departement)
Afrikaans en Nederlands	318(24), 348(24)
Politieke Wetenskap	314(12), 324(12), 344(12), 354(12)
Sielkunde	314(12), 324(12), 348(24)
Xhosa	318(24), 348(24) of 328(24), 358(24)

Gelyktydige inskrywing vir sekere modules

- Jy mag nie vir sowel Afrikaans en Nederlands 178 as Afrikaanse Taalaanleer 179 registreer nie.
- Ekonomie 114, Ekonomie 144 en Engels 178 kan slegs op eerstejaarsvlak saam geneem word.
- Daar is 'n klasroosterbotsing van een periode van Strafprosesreg 271 met Duits 3. Die Departement Moderne Vreemde Tale akkommodeer die botsing vir studente met hierdie vakkombinasie.

Die neem van ekstra modules

Om in jou finale jaar enige module as ekstra module te neem, moet jy eers verlof van die Fakulteitsraad Regsgeleerdheid kry.

Modules van die Fakulteit Regsgeleerdheid

Vir meer inligting oor die BA (Regsgeleerdheid)-program en inhoude van modules wat deur die Fakulteit Regsgeleerdheid aangebied word, moet jy Deel 8 van die Jaarboek raadpleeg.

Navrae

Programleier: Dr AB Wessels
Tel: 021 808 2113 E-pos: abwessels@sun.ac.za

5.13 BA (Sportwetenskap)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of skoleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) soos gesertifiseer deur Umalusi met **'n punt van minstens 4 (50%)** in elk van die vier skoolvakke uit die lys skoolvakke onder "Voorgraadse Programme" voorin hierdie Jaarboekdeel.
- Gemiddelde persentasie vir NSS of die IEB-skoleindsertifikaat (Lewensoriëntering uitgesluit) – 60%.
- Huistaal (Afrikaans of Engels) – kode 4 (50%).
- Eerste Addisionele Taal – kode 3 (40%).
- Wiskunde – kode 3 (40%) OF Wiskundige Geletterdheid – kode 6 (70%).
- 'n Minimum prestasie soos volg behaal in een van die volgende vakke – Fisiese Wetenskappe kode 3 (40%) OF Lewenswetenskappe kode 4 (50%).

Let wel: Hierdie program het nie 'n verlengdekurrikulumprogram-opsie nie.

Keuring vind plaas volgens die riglyne en prosedures van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe en die Departement Sportwetenskap. Jy kan die keuringsbeleid vir hierdie program by die Departement se keuringsbeampte kry. Die keuringsbeampte hanteer alle aansoek- en keuringverwante navrae.

Programinhoud en -struktuur

- Jou toelating tot hierdie program is afhanklik van keuring deur die Departement Sportwetenskap.
- Die graadprogram in Sportwetenskap is 'n driejarige program. Sportwetenskap kan in kombinasie met een van die volgende vakke gevolg word:
 - Afrikaans en Nederlands;
 - Engels;
 - Geografie en Omgewingstudie; of
 - Sielkunde.

c) Let wel op die volgende voorvereistes:

- Sportwetenskap 112 is 'n slaagvoorvereiste vir Sportwetenskap 262.
- Fisiologie 114 en 144 is 'n voorvereiste vir Sportwetenskap 232 en 252.
- Sportwetenskap 184 is 'n slaagvoorvereiste vir Bewegingsopvoeding, Sport en Rekreasie 282.

Besondere Bepalings

1. Keuring:

- Slegs 'n beperkte aantal studente word jaarliks tot die eerste studiejaar van hierdie program toegelaat.
- Jy moet teen 30 Junie van die voorafgaande jaar aansoek doen.
- Indien jy nie medies geskik is nie, sal jy nie vir die verpligte praktiese modules soos Sportwetenskap 184 kan registreer nie.

2. Kleredrag

- Jy moet die voorgeskrewe reëls rakende kleredrag nakom.
- Jy kan besonderhede oor hierdie reëls aan die begin van die akademiese jaar van die Departement Sportwetenskap verkry.

3. Praktiese klasse

- Jy moet alle praktiese klasse bywoon.
- Die Departement Sportwetenskap vereis 'n minimum van 40% vir elke komponent van die praktiese klasse.
- Jy moet alle praktiese en teoretiese modules met 'n minimum van 50% slaag.

Aanbieding

Hierdie program word aangebied deur formele lesings, tutoriale, praktika (insluitend sportpraktika), laboratoriumbesoeke, groepwerk, werkopdragte wat selfstandig voltooi word en selfstudie.

Programsamestelling

Jy kan die inhoud van die vakke en modules wat hieronder gelys word in die hoofstuk "Voorgraadse Vakke, Modules en Module-inhoud" in hierdie Jaarboekdeel asook in die Jaarboekdeel van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (Deel 12) vind.

Die vakkombinasie wat jy kies, hang af van roostermoontlikhede. Die vakke en modules wat jy kies, mag nie bots op die klas-, toets- en eksamenroosters nie. Kyk ook na die skematiese aanbieding vir toelaatbare vakkombinasies op die uitvoublad agterin hierdie Jaarboekdeel.

Hieronder word die vier verskillende vakkombinasies van Sportwetenskap en hulle modules uiteengesit.

5.13.1 Sportwetenskap met Afrikaans en Nederlands

EERSTE JAAR (130 – 138 KREDIETE)

Verpligte Modules

Afrikaans en Nederlands	178(24)
Fisiologie	114(12), 144(12)
Kennisvaardighede	172(6)
Sportwetenskap	112(8), 142(8), 184(12)

plus

Keusemodules

Kies **twee** van die onderstaande vakke (2 x 24 krediete).

Engels	178(24)
Geo-omgewingswetenskap	124(16), 154(16) (<i>jy volg Geografie en Omgewingstudie in die tweede jaar</i>)
Sielkunde	114(12), 144(12)

TWEDE JAAR (128 KREDIETE)

Verpligte Modules

Afrikaans en Nederlands	278(32)
Bewegingsopvoeding, Sport en Rekreasie	212(8), 222(8), 242(8), 282(8)
Sportwetenskap	222(8), 232(8), 252(8), 262(8)

plus

Keusemodules

Jy gaan voort met **een** van die onderstaande vakke (32 krediete) wat jy in jou eerste jaar gevolg het.

Engels	214(16), 244(16)
Geografie en Omgewingstudie	225(16), 265(16) (<i>volg op Geo-omgewingswetenskap op eerstejaarsvlak</i>)
Sielkunde	213(8), 223(8), 243(8), 253(8)

DERDE JAAR (120 KREDIETE)

Verpligte Modules

Afrikaans en Nederlands	318(24), 348(24)
Sportwetenskap	312(6), 322(6), 332(6), 342(6), 352(6), 362(6), 382(6), 392(6)

plus

Keusemodules

Kies slegs **een** van die onderstaande opsies (24 krediete) van die vak Toegepaste Kinesiologie.

Toegepaste Kinesiologie	Aangepaste Fisieke Aktiwiteit 324(12), 344(12) Sportafrigting 313(12), 353(12) Fiksheidsbedryf 314(12), 352(12)
-------------------------	---

Opmerking

Raadpleeg die Jaarboekdeel van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (Deel 12) vir die nagraadse programme in Sportwetenskap.

5.13.2 Sportwetenskap met Engels

EERSTE JAAR (130 – 138 KREDIETE)

Verpligte Modules

Engels	178(24)
Fisiologie	114(12), 144(12)
Kennisvaardighede	172(6)
Sportwetenskap	112(8), 142(8), 184(12)

plus

Keusemodules

Kies **twee** van die onderstaande vakke (2 x 24 krediete).

Afrikaans en Nederlands	178(24)
Geo-omgewingswetenskap	124(16), 154(16) (<i>jy volg Geografie en Omgewingstudie in die tweede jaar</i>)
Sielkunde	114(12), 144(12)

TWEDE JAAR (128 KREDIETE)

Verpligte Modules

Bewegingsopvoeding, Sport en Rekreasie	212(8), 222(8), 242(8), 282(8)
Engels	214(16), 244(16)
Sportwetenskap	222(8), 232(8), 252(8), 262(8)

plus

Keusemodules

Jy gaan voort met **een** van die onderstaande vakke (32 krediete) wat jy in jou eerste jaar gevolg het.

Afrikaans en Nederlands	278(32)
Geografie en Omgewingstudie	225(16), 265(16) (<i>volg op Geo-omgewingswetenskap in die eerste jaar</i>)
Sielkunde	213(8), 223(8), 243(8), 253(8)

DERDE JAAR (120 KREDIETE)

Verpligte Modules

Engels	318(24), 348(24)
Sportwetenskap	312(6), 322(6), 332(6), 342(6), 352(6), 362(6), 382(6), 392(6)

plus

Keusemodules

Kies slegs **een** van die onderstaande opsies (24 krediete) van die vak Toegepaste Kinesiologie.

Toegepaste Kinesiologie	Aangepaste Fisieke Aktiwiteit 324(12), 344(12) Sportafrigting 313(12), 353(12) Fiksheidsbedryf 314(12), 352(12)
-------------------------	---

5.13.3 Sportwetenskap met Geografie en Omgewingstudie

EERSTE JAAR (138 KREDIETE)

Verpligte Modules

Fisiologie	114(12), 144(12)
Geo-omgewingswetenskap	124(16), 154(16) (<i>jy volg Geografie en Omgewingstudie op tweede- en derdejaarsvlak</i>)
Kennisvaardighede	172(6)
Sosiologie	114(12), 144(12)
Sportwetenskap	112(8), 142(8), 184(12)

plus

Keusemodules

Kies **een** van die volgende vakke (24 krediete):

Afrikaans en Nederlands	178(24)
Engels	178(24)
Sielkunde	114(12), 144(12) (<i>slegs in die eerste jaar</i>)

TWEDE JAAR (128 KREDIETE)

Verpligte Modules

Bewegingsopvoeding, Sport en Rekreasie	212(8), 222(8), 242(8), 282(8)
Geografie en Omgewingstudie	225(16), 265(16) (<i>volg op Geo-omgewingswetenskap in die eerste jaar</i>)
Sportwetenskap	222(8), 232(8), 252(8), 262(8)

plus

Keusemodules

Jy gaan voort met **een** van die onderstaande vakke (32 krediete) wat jy in jou eerste jaar gevolg het.

Afrikaans en Nederlands	278(32)
Engels	214(16), 244(16)
Sosiologie	212(8), 222(8), 242(8), 252(8)

DERDE JAAR (128 KREDIETE)

Verpligte Modules

Sportwetenskap	312(6), 322(6), 332(6), 342(6), 352(6), 362(6), 382(6), 392(6)
Geografie en Omgewingstudie	Kies enige vier van die volgende modules: 314(12), 323(12), 334(16), 358(16), 363(12)

plus

Keusemodules

Kies slegs **een** van die onderstaande opsies (24 krediete) van die vak Toegepaste Kinesiologie.

Toegepaste Kinesiologie	Aangepaste Fisieke Aktiwiteit 324(12), 344(12) Sportafrigting 313(12), 353(12) Fiksheidsbedryf 314(12), 352(12)
-------------------------	---

5.13.4 Sportwetenskap met Sielkunde

EERSTE JAAR (130 – 138 KREDIETE)

Verpligte Modules

Fisiologie	114(12), 144(12)
Kennisvaardighede	172(6)
Sielkunde	114(12), 144(12)
Sosiologie	114(12), 144(12)
Sportwetenskap	112(8), 142(8), 184(12)

plus

Keusemodules

Kies **een** van die onderstaande vakke (24 krediete, behalwe Geo-omgewingwetenskap is 32 krediete).

Afrikaans en Nederlands	178(24)
Engels	178(24)
Geo-omgewingswetenskap	124(16), 154(16) (<i>slegs in die eerste jaar</i>)

TWEDE JAAR (128 KREDIETE)

Verpligte Modules

Bewegingsopvoeding, Sport en Rekreasie	212(8), 222(8), 242(8), 282(8)
Sielkunde	213(8), 223(8), 243(8), 253(8)
Sportwetenskap	222(8), 232(8), 252(8), 262(8)

plus

Keusemodules

Jy gaan voort met **een** van die onderstaande vakke (32 krediete) wat jy in jou eerste jaar gevolg het.

Engels	214(16), 244(16)
Sosiologie	212(8), 222(8), 242(8), 252(8)

DERDE JAAR (120 KREDIETE)

Verpligte Modules

Sielkunde	314(12), 324(12), 348(24)
Sportwetenskap	312(6), 322(6), 332(6), 342(6), 352(6), 362(6), 382(6), 392(6)

plus

Keusemodules

Kies slegs **een** van die onderstaande opsies (24 krediete) van die vak Toegepaste Kinesiologie.

Toegepaste Kinesiologie	Aangepaste Fisieke Aktiwiteit 324(12), 344(12) Sportafrigting 313(12), 353(12) Fiksheidsbedryf 314(12), 352(12)
-------------------------	---

Programmassessering

Raadpleeg die betrokke departemente vir meer inligting oor die assessering van jou spesifieke modules.

Navrae

Programleier: Prof W Kraak

Tel: 021 808 2379 E-pos: kjw@sun.ac.za

5.14 BA in Visuele Kunste

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of skoolleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) soos gesertifiseer deur Umalusi met 'n **punt van minstens 4 (50%)** in elk van die vier skoolvakke uit die lys skoolvakke onder "Voorgraadse Programme" voorin hierdie Jaarboekdeel.
- 'n Gemiddelde persentasie vir NSS of die IEB-skoolleindsertifikaat (Lewensoriëntering uitgesluit) – 60%.
- Huistaal – kode 4 (50%).
- Eerste Addisionele Taal – kode 3 (40%).

Let wel: Hierdie program het nie 'n verlengdekurrikulumprogram-opsie nie.

Om vir hierdie program gekeur te word moet jy 'n portefeulje van kunswerke inhandig wat vir die Departement Visuele Kunste aanvaarbaar is. Jy kan die portefeuljevereistes by die fakulteitsadministrateur kry.

Programinhoud en -struktuur

- Die eerste jaar van die BA-program in Visuele Kunste is dieselfde vir alle studente, behalwe waar daar na spesifieke vakkeuses verwys word. Jy begin reeds vanaf die tweede jaar spesialiseer deur een van die volgende verpligte modules te kies:
 - Juwelierswareontwerp;
 - Skone Kunste; en
 - Visuele Kommunikasieontwerp.
- Vanaf die tweede studiejaar van die graadprogram kan van jou vereis word om vir ongeveer drie weke per jaar praktiese vakansiewerk te verrig soos bepaal deur die Departement Visuele Kunste.

Besondere Bepalings

Indien jy modules met 'n totale kredietwaarde van 24 agterstallig is (uitgesonderd Visuele Kunste-modules), mag jy slegs met departementele toestemming vir die vierde jaar van die Visuele Kunste-program registreer.

Aanbieding

Die program en alle verwante vakmodules word op die Stellenboschkampus aangebied.

Programsamestelling

Jy kan die inhoud van die vakke en modules wat in die tabelle hieronder gelys word in die hoofstuk "Voorgraadse Vakke, Modules en Module-inhoud" in hierdie Jaarboekdeel vind.

Die vakkombinasie wat jy kies, hang af van roostermoontlikhede. Die vakke en modules wat jy kies, mag nie bots op die klas-, toets- of eksamenroosters nie. Kyk ook na die skematiese aanbieding vir toelaatbare vakkombinasies op die uitvoublad agterin hierdie Jaarboekdeel.

Hieronder word die drie verskillende programstrome en -strukture van Visuele Kunste en hulle modules uiteengesit.

EERSTE JAAR (126 KREDIETE)

Verpligte Modules

Kennisvaardighede	172(6)
Geïntegreerde Kuns en Ontwerp	178(56)
Teken	174(16)
Visuele Studie	178(24)

plus

Keusemodules

Kies **een** van die onderstaande vakke (24 krediete).

Afrikaans en Nederlands	178(24)
OF	
Engels	178(24)
OF	
Sosiologie	114(12), 144(12)

Let wel:

- Jy moet die modules Teken 174 en Geïntegreerde Kuns en Ontwerp 178 slaag om tot die tweede studiejaar toegelaat te word.

- Die Departement kan besluit om jou hertoelating tot die eerste jaar in Visuele Kunste te weier indien:
 - jy 'n finale punt van minder as 50% vir een of albei van die modules Teken 174 en Geïntegreerde Kuns en Ontwerp 178 verwerf het; en
 - die Departement Visuele Kunste van mening is dat jy nie die potensiaal het om jou punte te verbeter nie.

TWEDE JAAR (144 KREDIETE)

Verpligte Modules

Geïntegreerde Kuns en Ontwerp	278(32)
Teken	274(16)
Visuele Studie	278(32)

plus

Kies **een** van die onderstaande vakke (32 krediete). Jy moet met jou gekose module voortgaan tot in jou vierde jaar.

Juweliersontwerp	278(32)
OF	
Skone Kunste	278(32)
OF	
Visuele Kommunikasieontwerp	278(32)

plus

Jy gaan voort met **een** van die onderstaande vakke wat jy in jou eerste jaar gevolg het (32 krediete).

Afrikaans en Nederlands	278(32)
OF	
Engels	214(16), 244(16)
OF	
Sosiologie	212(8), 222(8), 242(8), 252(8)
OF	
Sosiale Antropologie	212(8), 222(8), 242(8), 252(8)

DERDE JAAR (138 KREDIETE)

Verpligte Modules

Geïntegreerde Kuns en Ontwerp	378(24)
Teken	374(18)
Visuele Studie	318(24), 348(24)

plus

Kies **een** van die onderstaande vakke (48 krediete). Jy moet met jou gekose module voortgaan tot in jou vierde jaar.

Juweliersontwerp	378(48)
OF	
Skone Kunste	378(48)
OF	
Visuele Kommunikasieontwerp	378(48)

VIERDE JAAR (148 KREDIETE)

Verpligte Modules

Teorie van Kuns en Ontwerp	479(48)
----------------------------	---------

plus

Kies **een** van die onderstaande vakke (100 krediete). Jou gekose module moet hier ooreenstem met dié van jou tweede en derde jaar.

Juweliersontwerp	479(100)
OF	
Skone Kunste	479(100)
OF	
Visuele Kommunikasieontwerp	479(100)

Programmassessering

Raadpleeg die betrokke departemente vir meer inligting die oor assessering van jou spesifieke modules.

Navrae

Programleier: Dr K Perold-Bull

Tel: 021 808 3046 E-pos: karolien@sun.ac.za

6. Sertifikaat- en Diplomaprogramme

6.1 Hoër Sertifikaat in Musiek

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) soos gesertifiseer deur Umalusi met 'n **punt van minstens 3 (40% – 49%)** in elk van die vier skoolvakke (uitgesonderd Lewensoriëntering) uit die lys skoolvakke agterin hierdie Jaarboekdeel.
- Jy moet aan 'n minimum standaard gelykstaande aan die Graad V/VI- praktiese eksamen op jou hoofinstrument (of sang) voldoen en jou kennis moet gelykstaande wees aan Graad III/IV-teorie-eksamen van enige van die musiek-eksamineringliggame.
- Indien jou hoofinstrument 'n strykinstrument is, moet jy voldoen aan 'n minimum standaard gelykstaande aan die Graad VI- praktiese eksamen.

Die Hoër Sertifikaat in Musiek is 'n keuringsprogram waar jy volgens 'n oudisie en teoretiese toetsing gekeur word. Die keuring vind plaas in die jaar voordat jy vir die program registreer.

Indien jy die nodige potensiaal het, maar nog nie aan die vaardigheidsvereistes voldoen nie, mag jy moontlik toegelaat word, op voorwaarde dat jy in oorleg met die Departement vir spesifieke aanvullende werk registreer.

Programinhoud en -struktuur

Die Hoër Sertifikaat in Musiek is 'n eenjarige program (120 krediete).

Sien die hoofstuk "Voorgraadse Vakke, Modules en Module-inhoude" in hierdie Jaarboekdeel vir inligting oor die Hoër Sertifikaat in Musiek rakende die inhoude van modules, slaagvoorvereistes en nuwevereistes.

Nadat jy die Hoër Sertifikaat in Musiek verwerf het, kan jy vir die Diploma (Praktiese Musiek) of vir een van die Departement Musiek se graadprogramme registreer. Jy moet egter aan die normale toelatingsvereistes, soos by elke diploma of program gespesifiseer, voldoen en die voorgeskrewe keuringsprosesse ondergaan.

Aanbieding

Die program word aangebied deur middel van formele lesings per vakrigting per week, aangevul deur praktikasessies en tutoriale, asook individuele praktiese onderrig.

Werkswinkels

Jy moet 'n aantal werksinkels ten opsigte van skryf-, taal- en studievervaardighede, soos deur die Departement bepaal, bevredigend bywoon om aan die volledige vereistes te voldoen voordat jy die Hoër Sertifikaat kan verwerf. Volledige inligting hieroor word aan die begin van die program bekendgemaak.

Programsamestelling

Verpligte Modules

Algemene Musiekleer	171(8)
Besigheidsbestuur (Musiek)	171(8)
Gehooropleiding	181(8)
Musiektegnologie	181(12)
Musiekteorie	171(8) (Musiekteoriepraktyk), 181(12) (Musiekteorie)
Praktiese Musiekstudie A	111(24)
Repertoriumstudie	181(8)

plus

Keusemodules

Kies **een** van die onderstaande vakke.*

Tekste in die Geesteswetenskappe	114(12), 144(12)
Akademiese Geletterdheid (Musiek)	114(12), 144(12)

* Die keuse word gemaak in oorleg met die Departement Musiek na aanleiding van jou geletterdheidsvlak en/of akademiese rekord, asook die Departement se keuringstoets.

plus

Keusemodules

Kies **een** van die onderstaande vakke.

Kreatiewe Vaardighede	191(8)
Orkespraktyk	191(8)

Programmassessering

Assessering word gedoen deur soos verduidelik in die moduleraamwerke van individuele modules.

Indien jy die praktiese module Praktiese Musiekstudie A volg, moet jy die eerste assesseringsgeleentheid gebruik.

Navrae

Programleier: Me F Lesch

Tel: 021 808 2349 E-pos: fsmlesch@sun.ac.za

6.2 Diploma (Praktiese Musiek)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) soos gesertifiseer deur Umalusi met 'n punt van minstens 3 (40% – 49%) in elk van die vier skoolvakke (uitgesonderd Lewensoriëntering) uit die lys skoolvakke agterin hierdie Jaarboekdeel.
- Jy moet aan 'n minimum standaard gelykstaande aan die Graad VII- praktiese eksamen op jou hoofinstrument (of sang) voldoen en jou kennis moet gelykstaande wees aan Graad III/IV-teorie-eksamen van enige van die musiek-eksamineringssluggame.

Die Diploma (Praktiese Musiek) is 'n keuringsprogram waar jy volgens 'n oudisie en teoretiese toetsing gekeur word. Die keuring vind plaas in die jaar voordat jy vir die program registreer.

Indien jy die nodige potensiaal het, maar nog nie aan die vaardigheidsvereistes voldoen nie, mag jy moontlik toegelaat word, op voorwaarde dat jy in oorleg met die Departement vir spesifieke aanvullende werk registreer.

Toelating tot die Diploma (Praktiese Musiek) na suksesvolle verwerwing van die Hoër Sertifikaat in Musiek

- Jy kan vir die Diploma (Praktiese Musiek) registreer nadat jy die Hoër Sertifikaat in Musiek verwerf het en indien jy aan die toelatingsvereistes van die Diploma voldoen.
- Jy moet ook die keuringsproses ondergaan.
- Jy sal vir die volgende vakke erkenning kry:

Hoër Sertifikaat (Musiek)	Diploma (Praktiese Musiek)
Akademiese Geletterdheid (Musiek) 114(12) en 144(12) OF Tekste in die Geesteswetenskappe 114(12) en 144(12)	Akademiese Geletterdheid (Musiek) 114(12) en 144(12)
Algemene Musiekleer 171(8) en Musiekteorie 181(12)	Algemene Musiekleer 191(18)
Besigheidsbestuur (Musiek) 171(8)	Besigheidsbestuur (Musiek) 381(8)
Gehooropleiding 181	Gehooropleiding 191
Musiektegnologie 181(12)	Musiektegnologie 171(12)

Programinhoud en -struktuur

Die Diploma (Praktiese Musiek) is 'n driejarige program.

Sien die hoofstuk "Voorgraadse Vakke, Modules en Module-inhoude" in hierdie Jaarboekdeel vir inligting oor die Diploma (Praktiese Musiek) rakende die inhoude van modules, slaagvoorvereistes en newevereistes.

Na verwerwing van die Diploma (Praktiese Musiek), met 'n finale punt van minimum 70% in elkeen van die modules Algemene Musiekleer 391 en Musiekteorie 371, kan jy vir die tweede jaar van BMus registreer. Jy moet egter aan die normale toelatingsvereistes, soos by elke program gespesifiseer, voldoen; en die voorgeskrewe keuringsprosesse ondergaan.

Sien die BMus-jaarboekinskrywing in afdeling 4 van hierdie hoofstuk vir meer inligting oor die toelatingsvereistes en keuringsproses vir die BMus-program.

Aanbieding

Die program word aangebied deur middel van formele lesings per vakrigting per week, aangevul deur praktikasessies en tutoriale, asook individuele praktiese onderrig.

Programsamestelling

EERSTE JAAR (128 KREDIETE)

Verpligte Modules

Akademiese Geletterdheid (Musiek)	114(12), 144(12)
Algemene Musiekleer	191(18)
Gehooropleiding	191(8)
Kennisvaardighede	172(6)
Musiektegnologie	171(12)
Onderwysmetodiek	121(6)
Praktiese Musiekstudie A	171(24)
Praktiese Musiekstudie B	151(12)
Repertoriumstudie	141(6)

Opmerkings ten opsigte van Praktiese Musiekstudie

Indien jy **Dirigeerkuns** of **Kerkmusiek** as hoofinstrument volg moet jy ook vir die onderstaande registreer.

Praktiese Partituurstudie	181(12)
---------------------------	---------

Indien jy 'n **Klawerbordinstrument, Blokfluit** of **Kitaar** as hoofinstrument volg moet jy ook vir die onderstaande registreer.

Begeleiding	171(12)
-------------	---------

Indien jy 'n **Orkesinstrument** as hoofinstrument volg moet jy ook vir die onderstaande registreer.

Orkespraktyk	181(12)
--------------	---------

Indien jy **Sang** as hoofinstrument volg moet jy ook vir die onderstaande registreer.

Tale vir Sangers	191(12)
------------------	---------

TWEDE JAAR (124 KREDIETE)

Verpligte Modules

Algemene Musiekleer	291(16) (Teorie), 271(12) (Praktyk)
Gehooropleiding	291(12)
Onderwysmetodiek	241(12)
Praktiese Musiekstudie A	271(24)
Praktiese Musiekstudie B	251(12)

Opmerkings ten opsigte van Praktiese Musiekstudie

Indien jy **Dirigeerkuns** of **Kerkmusiek** as hoofinstrument volg moet jy ook vir die onderstaande registreer.

Praktiese Partituurstudie	281(12)
Repertoriumstudie	281(12)

plus

Kies **een** van die onderstaande vakke.

Ensemblesang	271(12) (<i>vir Dirigente</i>)
Kerkmusiekpraktyk	281(12) (<i>vir Orreliste</i>)

Indien jy 'n **Klawerbordinstrument, Blokfluit** of **Kitaar** as hoofinstrument volg moet jy ook vir die onderstaande registreer.

Begeleiding	271(12)
Kamermusiek	281(12)
Repertoriumstudie	281(12)

Indien jy 'n **Orkesinstrument** as hoofinstrument volg moet jy ook vir die onderstaande registreer.

Orkespraktyk	281(12)
Kamermusiek	281(12)

plus

Kies **een** van die onderstaande vakke.

Orkesstudie	271(12)
Repertoriumstudie	281(12)

Indien jy **Sang** as hoofinstrument volg moet jy ook vir die onderstaande registreer.

Ensemblesang	271(12)
Repertoriumstudie	281(12)
Tale vir Sangers	291(12)

DERDE JAAR (Opsie 1: 132 krediete op derdejaarsvlak; Opsie 2: 84 krediete op derdejaarsvlak en 48 krediete op tweedejaarsvlak)

Verpligte Modules

Algemene Musiekleer	391(16)
Besigheidsbestuur (Musiek)	381(8)
Musiekteorie	371(12)
Musiekopvoedkunde	371(12)

plus

Keusemodules

Jy moet tussen Opsie 1 en Opsie 2 kies. Opsie 2 is afhanklik van keuring.

Opsie 1

Onderwysmetodiek	341(12)
Praktiese Musiekstudie A	371(24)
Praktiese Musiekstudie B	351(12)

OF

Opsie 2

Praktiese Musiekstudie S	221(24), 261(24)
--------------------------	------------------

Opmerkings ten opsigte van Praktiese Musiekstudie

Indien jy in 'n **Klaviatuurinstrument, Blokfluit** of **Kitaar** spesialiseer moet jy ook vir die onderstaande registreer.

Begeleiding	371(12)
Kamermusiek	381(12)
Repertoriumstudie	381(12)

Indien jy in 'n **Orkesinstrument** spesialiseer moet jy ook vir die onderstaande registreer.

Kamermusiek	381(12)
Orkespraktyk	381(12)

plus

Kies **een** van die onderstaande vakke.

Orkesstudie	371(12)
Repertoriumstudie	381(12)

Indien jy in **Sang** spesialiseer moet jy ook vir die onderstaande registreer.

Ensemblesang	371(12)
Repertoriumstudie	381(12)
Teaterkuns (Musiek)	391(12)

Indien jy in **Dirigeerkuns** spesialiseer moet jy ook vir die onderstaande registreer.

Ensemblesang	371(12)
Praktiese Partituurstudie	381(12)
Repertoriumstudie	381(12)

Indien jy in **Kerkmusiek** spesialiseer moet jy ook vir die onderstaande registreer.

Kerkmusiekpraktyk	381(12)
Praktiese Partituurstudie	381(12)
Repertoriumstudie	381(12)

Programassessering

Assessering word gedoen soos verduidelik in individuele modules se moduleraamwerke.

Indien jy die onderstaande praktiese modules volg, moet jy die eerste assesseringsgeleentheid gebruik:

- Begeleiding
- Ensemblesang
- Kamermusiek
- Orkesstudie
- Praktiese Musiekstudie A en B

Navrae

Programleier: Me L. Bredekamp
Tel: 021 808 2176 E-pos: lbrede@sun.ac.za

6.3 Gevorderde Diploma (Praktiese Musiek)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- Jy moet in besit wees van 'n Diploma (Praktiese Musiek) of 'n ander kwalifikasie in musiek wat deur die Senaat as voldoende beskou word.
- Jy word volgens 'n praktiese oudisie gekeur. Indien jy nie oor die nodige kwalifikasies beskik nie, kan jy toegelaat word op voorwaarde dat jy aanvullende werk doen.

Die Gevorderde Diploma (Praktiese Musiek) is 'n keuringsprogram.

Programinhoud en -struktuur

Die Gevorderde Diploma (Praktiese Musiek) is 'n eenjarige program (120 krediete).

Die Departement Musiek se inskrywing in die hoofstuk "Voorgraadse Vakke, Modules en Module-inhoude" gee meer inligting oor die Gevorderde Diploma (Praktiese Musiek) met betrekking tot die inhoude van modules.

Aanbieding

Weeklikse, individuele onderrig en geleentheid om soveel moontlik binne en buite die Departement Musiek onder leiding van die dosent in die openbaar op te tree.

Programsamestelling

Verpligte Modules

Praktiese Musiekstudie S	321(30), 361(30)
Repertoriumstudie	389(36) (die module bestaan uit tweederdes praktiese en eenderde geskrewe werk)

plus

Jy kies **twee** newekomponente van 12 krediete elk (24 krediete).

Opmerking ten opsigte van die newekomponente vir Praktiese Musiekstudie:

Indien jy in 'n **Klaviatuurinstrument**, **Blokfluit** of **Kitaar** spesialiseer moet jy ook vir die onderstaande registreer.

Begeleiding	376(12)
Kamermusiek	384(12)

Indien jy in 'n **Orkesinstrument** spesialiseer moet jy ook vir die onderstaande registreer.

Kamermusiek	384(12)
Orkespraktyk	384(12)

Indien jy in **Sang** spesialiseer moet jy ook vir die onderstaande registreer.

Ensemblesang	374(12)
Teaterkuns (Musiek)	394(12)

Indien jy in **Dirigeerkuns** spesialiseer moet jy ook vir die onderstaande registreer.

Ensemblesang	374(12)
Praktiese Partituurstudie	386(12)

Indien jy in **Kerkmusiek** spesialiseer moet jy ook vir die onderstaande registreer.

Kerkmusiekpraktyk	384(12)
Praktiese Partituurstudie	386(12)

Indien jy in **Kamermusiek** spesialiseer moet jy ook vir die onderstaande registreer.

Begeleiding	376(12)
OF	
Orkespraktyk	384(12)
Praktiese Musiekstudie A	384(12)

Programassessering

Jy moet in alle modules die eerste assesseringsgeleentheid gebruik. Assessering vind plaas soos in die moduleraamwerke van individuele modules verduidelik.

Navrae

Programleier: Me L Bredekamp
Tel: 021 808 2176 E-pos: lbrede@sun.ac.za

Nagraadse Programme

Vir meer spesifieke inligting oor die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se nagraadse programme, raadpleeg die Universiteit se Nagraadse Prospektus of die onderskeie departementele webtuistes.

1. Erkenning van Vorige Leer (EVL)

Spesiale toegang tot die nagraadse programme in die Fakulteit is beskikbaar vir jou indien jy:

- vroeër deur sistemiese of ander beperkings geleenthede tot formele leeromgewings ontnem is, maar bewys kan lewer dat jy nou op 'n bepaalde vlak aan sodanige leergeleenthede kan deelneem; of
- retrospektief daarvoor erkenning kan ontvang.

Indien jy nie oor 'n baccalaureusgraad beskik nie, moet jy die Erkenning van Vorige Leer (EVL)-prosedure volg vir toelating tot 'n nagraadse diploma, honneurs-, MPhil- of MA-program. Nie alle departemente het die moontlikheid van toelating deur middel van die EVL-prosedure nie. 'n Baccalaureusgraad wat toegeken is deur 'n universiteit van tegnologie of 'n privaatvoorsiener van hoër onderwys sal erken word mits jou graad by die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) geregistreer is op die gelykstaande vlak as die vereiste universiteitskwalifikasie. *Let wel:* Dit bly die verantwoordelikheid van 'n departement om vas te stel of jou bestaande kwalifikasie op standaard is. Meer besonderhede oor die Fakulteit se EVL-prosedure is beskikbaar by die Fakulteitsadministrateur, Lettere en Sosiale Wetenskappe, in die Admin A-gebou.

2. Algemene bepalinge vir nagraadse programme

2.1 Nagraadsdiplomaprogram

- a) Jy volg 'n voorgeskrewe kursus vir minstens een jaar nadat jy 'n toepaslike baccalaureusgraad verwerf het.
- b) Die volgende nagraadse diplomas word slegs deelyds oor 'n minimum residensitydperk van twee jaar aangebied:
 - Nagraadse Diploma in Kennis- en Inligtingselbestuur
 - Nagraadse Diploma in Openbare Geestesgesondheid
- c) Toelatingsvereistes word volgens jou spesifieke program bepaal.
- d) Raadpleeg die res van hierdie hoofstuk vir meer inligting oor die toelatingsvereistes en programinhoud van die spesifieke nagraadse diploma wat jy wil volg.
- e) Raadpleeg die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), by die afdeling "Nagraadse Kwalifikasies" vir basiese bepalinge.

2.2 Honneursgraadprogram

- a) Jy volg 'n voorgeskrewe kursus vir minstens een jaar nadat jy 'n toepaslike baccalaureusgraad verwerf het.
- b) Jy moet die honneursgraadprogram in een van die hoofvakke van jou baccalaureusgraad volg.
- c) Jy sal tot die honneursgraadprogram toegelaat word indien jy –
 - in besit is van 'n baccalaureusgraad wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het;
 - die vak waarin jy die honneursrigting wil volg, as hoofvak op derdejaars-/vierdejaarsvlak geslaag het; en
 - 'n gemiddelde prestasie van minstens 60% of meer in die hoofvak behaal het.
- d) Raadpleeg die res van hierdie hoofstuk vir meer inligting oor die toelatingsvereistes en programinhoud van die spesifieke honneursgraadprogram wat jy wil volg.
- e) Raadpleeg die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), by die afdeling "Nagraadse Kwalifikasies" vir basiese bepalinge.

2.3 MA-graadprogram

- a) Jy kan vir toelating tot die MA-graad oorweeg word indien jy –
- in besit is van 'n toepaslike honneursgraad wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het;
- OF**
- in besit is van 'n toepaslike nagraadse diploma, wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het;
- OF**
- op 'n ander manier 'n standaard van bekwaamheid in jou bepaalde studierigting bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir dié doel toereikend is en op skriftelike aansoek deur die Uitvoerende Komitee tot die betrokke MA-program toegelaat is.
- b) As MA-student volg jy 'n goedgekeurde kurrikulum van navorsing en/of gevorderde studie van minstens een jaar (nádat jy 'n toepaslike honneursgraad of nagraadse diploma behaal het) aan hierdie Universiteit of enige ander plek soos goedgekeur deur die Senaat.
- c) Jy moet die MA-graadprogram in dieselfde rigting as die nagraadse diploma of honneursrigting volg.
- d) Raadpleeg die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), by die afdeling "Nagraadse Kwalifikasies" vir basiese bepalinge.

2.4 MPhil-graadprogram

- a) Jy kan vir toelating tot die MPhil-graad oorweeg word indien jy –
- in besit is van 'n toepaslike nagraadse diploma of honneursgraad wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het;
- OF**
- op 'n ander manier 'n standaard van bekwaamheid in 'n bepaalde studierigting bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir dié doel toereikend is en op skriftelike aansoek deur die Uitvoerende Komitee tot die betrokke MPhil-program toegelaat is.
- b) As MPhil-student volg jy 'n goedgekeurde kurrikulum van navorsing en/of gevorderde studie van minstens een jaar (nádat jy 'n toepaslike honneursgraad of nagraadse diploma behaal het) aan hierdie Universiteit of enige ander plek soos goedgekeur deur die Senaat.
- c) Toelatingsvereistes vir die MPhil-graad word volgens die spesifieke program bepaal.
- d) Raadpleeg die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), by die afdeling "Nagraadse Kwalifikasies" vir basiese bepalinge.

2.5 PhD-graadprogram

- a) Jy moet, nadat jy die betrokke departementele voorsitter geraadpleeg het, skriftelik aansoek doen om toelating tot die PhD-studie. In jou skriftelike aansoek moet jy die voorgename proefskrifonderwerp en promotor vermeld.
- b) Jy kan die riglyne vir 'n doktorale navorsingsvoorstel of registrasie sonder 'n goedgekeurde navorsingsvoorstel by die fakulteitsadministrateur aanvra.
- c) Raadpleeg die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), by die afdeling "Nagraadse Kwalifikasies" vir basiese bepalinge.

2.6 DPhil-graadprogram

- a) Die DPhil-graad ('n senior doktorsgraad) kan aan jou toegeken word indien jy –
- vir minstens een akademiese jaar aan hierdie Universiteit ingeskryf is nádat jy die PhD-graad behaal het in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe van die Universiteit Stellenbosch of 'n ander graad of kwalifikasie wat die Senaat van 'n toereikende standaard beskou; en
 - daar moet minstens vyf jaar verloop het tussen die verwerwing van die PhD-graad of vergelykbare kwalifikasie en die toekenning van die DPhil-graad.
- b) Navrae in verband met die DPhil-graad kan aan die fakulteitsadministrateur gerig word.

3. Nagraadse programme per departement

3.1 Departement Afrikaans en Nederlands

3.1.1 HonsBA (Afrikaans en Nederlands)

Programkode

39373 – 778(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n BA-graad met Afrikaans of Afrikaans en Nederlands as hoofvak.
- 'n Gemiddelde finale punt van 60% in die hoofvak wat tot nagraadse studie lei.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen 31 Oktober van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen 31 Augustus van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in.

Programstruktuur

- a) Die program bestaan uit 'n verpligte navorsingsmodule en ses modules wat uit 'n verskeidenheid beskikbare modules gekies en gekombineer kan word.
- b) Jy kies ses modules uit die taalkunde- en letterkunde-aanbod om jou te bekwaam vir 'n beroep in die Afrikaansonderwys, vir 'n loopbaan wat gevorderde kennis van die Afrikaanse taalkunde verg, of vir 'n loopbaan wat gevorderde kennis van die Afrikaanse en/of Nederlandse letterkunde verg.
- c) Alle modules is nie noodwendig elke jaar beskikbaar as keusemoontlikheid nie.
- d) Hierdie program word aangebied deur middel van lesings.

Duur van Program

Die program strek oor een akademiese jaar. Lesings begin in die eerste week in Februarie.

Programinhoud

Verpligte module

12788 : Navorsingswerkstuk (Afrikaans en Nederlands)	771(30)
--	---------

plus

Kies een van die onderstaande modules.

14029 : Formele Afrikaanse Taalkunde	771(15)
10028 : Literêre Teorie en Afrikaanse Literatuur	771(15)

plus

Kies **vyf** van die onderstaande modules, uitgeslote die module wat jy hierbo gekies het.

11860 : Afrikaanse en/of Nederlandse Drama en Film	771(15)
10023 : Afrikaanse Poësie	771(15)
10025 : Afrikaanse Prosa	771(15)
10018 : Afrikaanse Leksikografieteorie	771(15)
10019 : Afrikaanse Teksanalise	771(15)
14029 : Formele Afrikaanse Taalkunde	771(15)
10028 : Literêre Teorie en Afrikaanse Literatuur	771(15)
11532 : Moderne Nederlandse Letterkunde	771(15)
11859 : Metodologie van Afrikaanse Taalverwerwing	771(15)
10031 : Skeppende Skryfkunde	771(15)
14030 : Taalburgerskap en Afrikaans	771(15)
14031 : Toegepaste Afrikaanse Taalkunde	771(15)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Prof AG Visagie

Tel: 021 808 2174 E-pos: agvisagie@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/afrikaans-dutch

3.1.2 HonsBA (Taalpraktyk)

Programkode

40169 – 778(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad met 'n taalkvak tot op derdejaarsvlak geneem en geslaag met 'n finale punt van minstens 60% of toelating deur middel van die EVL-proses.
- Jy moet 'n toelatingstoets slaag.
- 'n Deurslaggewende onderhoud kan ook met jou gevoer word.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in.

Programstruktuur

Die hoofdoelstelling is om jou op te lei as 'n navorser in vertaling/tolking en redigering. 'n Verdere doelstelling is om jou op te lei as 'n taalpraktisyn in twee van die volgende tale: Afrikaans, Engels, 'n Afrikataal, Suid-Afrikaanse Gebaretaal, Chinees, Duits, Frans en Nederlands. Nie alle taalopsies word noodwendig elke jaar aangebied nie.

Hierdie program word aangebied deur middel van lesings.

Duur van Program

Die program strek oor een akademiese jaar. Lesings begin in die eerste week in Februarie.

Programinhoud

Verpligte modules

12784 : Navorsingswerkstuk (Vertaling)	774(30)
13873 : Redigeermetodiek en -praktyk	774(30)
14255 : Vertaal- en Tolkteorie	774(30)
13874 : Vertaalmetodiek en -praktyk	774(15)

plus

Kies **een** van die volgende praktiese modules.

12575 : Tolkling	773(15)
40169 : Vertaling	773(15)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Me L Foster

Tel: 021 808 2166 E-pos: lfoster@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/afrikaans-dutch

3.1.3 MA (Afrikaans en Nederlands)

Programkodes

39373 – 879(180)

39373 – 889(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n HonsBA in Afrikaans of Afrikaans en Nederlands, of 'n ander graadkwalifikasie wat die Senaat as gelykwaardig met sodanige honneursgraad aanvaar.
- Die Departement kan ver wag dat jy bykomende agtergrondleeswerk doen.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in.

Programstruktuur

Die verlangde uitkomst is om jou in staat te stel om:

- a) selfstandige navorsing oor die Afrikaanse en/of Nederlandse taal- of letterkunde aan te pak, en
- b) jou kennis in taal- en letterkundegerigte loopbane te kan toepas.

Programinhoud

879:

Verpligte module

12789 : Tesis (Afrikaans en Nederlands)	871(180)
---	----------

889:

Verpligte modules

12789 : Tesis (Afrikaans en Nederlands)	876(120)
10011 : Buitelandse module	874(60)

Assessering en Eksaminering

'n Tesis wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word. Wat die studie in Nederland of Vlaandere betref, moet jy aan die assesseringsvereistes van die betrokke buitelandse universiteit voldoen.

Navrae

Programleier: Dr W Anker

Tel: 021 808 2163 E-posadres: anker@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/afrikaans-dutch

3.1.4 MA (Kreatiewe Skryfkunde)

Programkode

12183 – 879(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Honneursgraad in een van die volgende tale: Afrikaans, Duits, Engels, Frans of 'n Afrikataal, óf 'n gelykwaardige kwalifikasie wat die Senaat as genoegsaam ag.
- Keuring op grond van 'n portefeulje.

Toelating is onderhewig aan keuring wat in Oktober van die vorige jaar plaasvind. Besonderhede oor die inhoud van die portefeulje is van die programleier of op die Departement se webtuiste verkrygbaar.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Portefeuljes gerig aan die programleier moet die Departement Afrikaans en Nederlands nie later as **30 September** van die voorafgaande jaar bereik nie. Aansoeke om toelating moet voor **31 Oktober** ingedien word.

Programstruktuur

Die program word aangebied op 'n voltydse grondslag. Dit kan kampusgebaseerde seminare, lesings en werkwinkels insluit. Jy skryf 'n oorspronklike literêre teks en 'n verbandhoudende literêr-teoretiese beskouing.

Let wel: Daar sal nie noodwendig elke jaar nuwe studente tot die program toegelaat word nie.

Programinhoud

Verpligte module

12184 : Tesis (Kreatiewe Skryfkunde)	872(180)
--------------------------------------	----------

Assessering en Eksaminering

'n Tesis wat volgens die bepalinge van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word.

Navrae

Programleier: Dr Willem Anker

Tel: 021 808 2163 E-pos: anker@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/afrikaans-dutch

3.1.5 MA (Leksikografie)

Programkodes

51223 – 879(180)

51223 – 889(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n HonsBA-graad in 'n toepaslike taal of in Algemene Taalwetenskap, of 'n ander graadkwalifikasie wat die Senaat as gelykstaande met sodanige honneursgraad aanvaar.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in.

Programstruktuur

Die doel van die program is om jou op te lei as 'n navorser in die teoretiese leksikografie, as praktiserende leksikograaf en om jou in staat te stel om onderrig in leksikografie te kan gee sodat 'n breë Suid-Afrikaanse woordeboekkultuur gevestig kan word.

Programinhoud

879:

Verpligte module

12783 : Tesis (Leksikografie)	871(180)
-------------------------------	----------

889:

Verpligte modules

12783 : Tesis (Leksikografie)	876(120)
11259 : Buitelandse module (Leksikografie)	874(60)

Assessering en Eksaminering

'n Tesis wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word.

Navrae

Programleier: Prof R Gouws

Tel: 021 808 2164 E-pos: rhg@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/afrikaans-dutch

3.1.6 MA (Vertaling)

Programkodes

40169 – 879(180)

40169 – 889(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n Honneursgraad in Vertaling, 'n Nagraadse Diploma in Vertaling, 'n honneursgraad in 'n toepaslike taal of in Algemene Taalwetenskap, of 'n ander graadkwalifikasie wat die Senaat as gelykstaande met sodanige honneursgraad aanvaar.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in.

Programstruktuur

Die verlangde uitkomst is om jou in staat te stel om:

- a) selfstandige navorsing oor die wetenskap van vertaling, tolking of redigering te doen; en
- b) jou kennis in taalpraktykgerigte loopbane te kan toepas.

Programinhoud

879:

Verpligte module

12786 : Tesis (Vertaling)	871(180)
---------------------------	----------

889:

Verpligte modules

12786 : Tesis (Vertaling)	872(120)
12787 : Navorsingsmetodologie (Vertaling)	872(60)

Assessering en Eksaminering

'n Tesis wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word.

Navrae

Programleier: Prof AE Feinauer

Tel: 021 808 2162 E-pos: aef@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/afrikaans-dutch

3.1.7 PhD (Afrikaans en Nederlands)

Programkode

39373 – 978(360)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n MA in Afrikaans (en Nederlands) of Nederlands of 'n ander graadkwalifikasie wat die Senaat as gelykwaardig met sodanige magistergraad aanvaar.
- Die Departement kan verwag dat jy bykomende agtergrondleeswerk doen.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in.

Programstruktuur

Jy skryf 'n proefskrif wat handel oor 'n spesifieke tema wat in oorleg met jou promotor bepaal word. Die tema staan in verband met die navorsingsfokus van die Departement:

- die kontemporêre of historiese Afrikaanse of Nederlandse letterkunde;
- die literatuurwetenskap; of
- die beskrywende Afrikaanse taalkunde, sosiolinguistiek of taalgebruikskunde.

Programinhoud

Verpligte module

39373 : Afrikaans en Nederlands	978(360)
---------------------------------	----------

Assessering en Eksaminering

'n Proefskrif wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word. Raadpleeg ook die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), oor doktorsale studie.

Navrae

Programleier: Dr W Anker

Tel: 021 808 2163 E-posadres: anker@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/afrikaans-dutch

3.1.8 PhD (Kreatiewe Skryfkunde)

Let wel: Die aanbieding van hierdie program is onderhewig aan goedkeuring en registrasie by die SAKO.

Programkode

12183 – 978(360)

Die PhD in Kreatiewe Skryfkuns word gesamentlik aangebied tussen die Departemente Afrikaans en Nederlands, Drama, Engels en Moderne Vreemde Tale.

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n MA in Kreatiewe Skryfkuns, of 'n magistergraad (NQF-vlak 9) in die breë veld van tale, drama, taalkunde of letterkunde.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in. Let asseblief op dat 'n portefeulje van kreatiewe werk reeds teen **30 Oktober** ingedien moet word. Jy kan inligting oor die portefeulje by die programleier kry.

Programstruktuur

Jy skryf 'n proefskrif wat bestaan uit twee dele wat elk 50% bydra tot die finale punt van die module. Die eerste deel is 'n volledige literêre werk, bv. 'n roman, dramateks(te) of 'n bundel kortverhale of gedigte, en die tweede deel is 'n akademiese proefskrif van 35 000-50 000 woorde.

Addisionele agtergrondleeswerk kan van jou vereis word.

Programinhoud

Verpligte module

12183 : Kreatiewe Skryfkunde	978(360)
------------------------------	----------

Assessering en Eksaminering

'n Proefskrif wat volgens die bepalinge van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word. Raadpleeg ook die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), oor doktorsale studie.

Navrae

Programleier: Dr Willem Anker

Tel: 021 808 2163 E-posadres: anker@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/afrikaans-dutch

3.1.9 PhD (Leksikografie)

Programkode

51223 – 978(360)

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n MA-graad in Leksikografie, Vertaling, Algemene Taalwetenskap of 'n toepaslike taal of 'n ander graadkwalifikasie wat die Senaat as gelykwaardig met sodanige magistergraad aanvaar.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in.

Programstruktuur

Jy skryf 'n proefskrif oor 'n onderwerp uit die vakgebied van die Leksikografie wat in oorleg met jou promotor gekies word.

Programinhoud

Verpligte module

51223 : Leksikografie	978(360)
-----------------------	----------

Assessering en Eksaminering

'n Proefskrif wat volgens die bepalinge van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word. Raadpleeg ook die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), oor doktorsale studie.

Navrae

Programleier: Prof R Gouws

Tel: 021 808 2164 E-pos: rhg@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/afrikaans-dutch

3.1.10 PhD (Vertaling)

Programkode

40169 – 978(360)

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n MA-graad in Vertaling, 'n MA-graad in 'n toepaslike taal, of 'n ander graadkwalifikasie wat die Senaat as gelykstaande aan sodanige magistergraad aanvaar.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in.

Programstruktuur

Jy skryf 'n proefskrif wat handel oor 'n spesifieke tema wat in oorleg met jou promotor bepaal word. Die tema staan in verband met die vakgebied vertaling, tolking of redigering.

Programinhoud

Verpligte module

40169 : Vertaling	978(360)
-------------------	----------

Assessering en Eksaminering

'n Proefskrif wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word. Raadpleeg ook die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), oor doktorale studie.

Navrae

Programleier: Prof AE Feinauer

Tel: 021 808 2162 E-pos: aef@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/afrikaans-dutch/

3.2 Departement Afrikatale

3.2.1 HonsBA (Afrikatale)

Programkode

41505 – 778(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n BA-graad met 'n Afrikataal as hoofvak.
- 'n Gemiddelde finale punt van 60% in die hoofvak wat tot nagraadse studie lei.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program fokus op die ontwikkeling van 'n reflektiewe taalbeskouing van die Afrikatale deur die studie van die letterkunde en/of taalkunde. Daar word vier spesialisierigtings of -strome in die program aangebied:

- Onderwys;
- Kommunikasie;
- Letterkunde; en
- Taalkunde.

Die program word aangebied deur middel van 2 lesings en 1 seminar per week.

Duur van Program

Hierdie program strek oor een jaar voltyds of twee jaar deelyds. Lesings begin die eerste week van Februarie.

Die program maak voorsiening vir die behoeftes en omstandighede van beide voltydse en deelydse studente (professionele persone):

- Voltydse studente: een jaar van studie met kontakonderrig op die kampus. Jy volg al ses die verpligte modules in een jaar.
- Deelydse studente: twee jaar van studie met kontakonderrig op die kampus of modulêre onderrig. In die eerste jaar volg jy 3 modules en die oorblywende 3 modules doen jy in die tweede jaar.

Programinhoud

Die programinhoud sluit die volgende navorsingsrigtings van die Afrikatale in:

- Letterkunde;
- Taalkunde;
- Kommunikasie;
- Taalverwerwing; en
- Taalonderrig.

Jy kies in oorleg met die Departement temas uit **een opsie** van vyf studiemodules ten opsigte van een van die spesialisierigtings.

Module-uiteensetting

Die inhoud van die module word deur jou opsie bepaal:

- **Opsie 1:** Kommunikasie (elemente van menslike kommunikasie, interpersoonlike en groep-kommunikasie, publieke kommunikasie, pragmatiek en diskoersanalise, en massa-kommunikasie).
- **Opsie 2:** Taalonderrig (geletterdheid en taalonderrig, leesvaardigheid en teks-linguistiese analise, skryfvaardigheid en genre-analise, pragmatiek en diskoersanalise, en sosiolinguistiek).

- **Opsie 3:** Letterkunde (novelle, drama, kortverhaal, poësie en kreatiewe skryfwerk, orale kuns en folklore).
- **Opsie 4:** Taalkunde (sintaksis, morfologie/fonologie/fonetiek, semantiek en rekenaarlinguistiek, pragmatiek en diskoers-analise, en sosiolinguistiek).

Verpligte modules

10033 : Studie van Afrikatale	781(18)
10033 : Studie van Afrikatale	782(18)
10033 : Studie van Afrikatale	783(18)
10033 : Studie van Afrikatale	784(18)
10033 : Studie van Afrikatale	785(18)
12792 : Navorsingswerkstuk (Afrikatale)	776(30)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Prof M Visser

Tel: 021 808 2106 E-pos: mww@sun.ac.za

Webadres: academic.sun.ac.za/african_languages

3.2.2 HonsBA (Afrikatale vir Professionele Kontekste)

Programkode

56472 – 778(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n BA-graad met 'n Afrikataal as hoofvak of gelykstaande kwalifikasie.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program is gerig op professionele diskoerspraktyke in die Afrikatale in veeltalige kontekste. Dit fokus op die studie van die Afrikatale in die verbandhoudende velde van die sosiolinguistiek, kommunikasiestudie, pragmatiek, en diskoers- en genre-analise. Die programstruktuur is modulêr en bestaan uit blokke residensiële kontakssessies en selfstudie.

Duur van Program

Die program strek oor een jaar van studie. Lesings begin die eerste week in Februarie.

Programinhoud

Die verpligte modules word hieronder aangebied.

Verpligte modules

12790 : Professionele Diskoers van die Afrikatale	771(60)
10037 : Diskoers- en Pragmatiek	772(30)
12791 : Navorsingswerkstuk (Taalbeplanning en -beleid)	773(30)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Prof M Visser

Tel: 021 808 2106 E-pos: mww@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/english/faculty/arts/african-lang

3.2.3 MA (Afrikatale)

Programkodes

41505 – 879(180)

41505 – 889(180)

41505 – 899(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Honneursgraad in Afrikatale of enige ander tersaaklike kwalifikasie wat die Senaat as geskik en genoegsaam vir toelating ag.
- Afhangende van jou studie-agtergrond en ervaring, mag aanvullende werk vereis word voordat jy toegelaat word.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die MA-program in Afrikatale is 'n navorsingsgerigte program wat fokus op die ontwikkeling van gevorderde reflektiewe taalbeskouing van die Afrikatale. Jy onderneem gevorderde nagraadse studie van 'n spesialisasieveld in die letterkunde en/of taalkunde. Jy kies in oorleg met die Departement 'n ondersoekprobleem wat navorsing uit een of meer van die onderstaande rigtings van die Afrikatale behels:

- Letterkunde van die Afrikatale;
- Taalkunde van die Afrikatale;
- Kommunikasie;
- Taalverwerwing; en
- Taalonderrig.

Programinhoud

879:

Verpligte module

12794 : Tesis (Afrikatale)	871(180)
----------------------------	----------

889:

Verpligte modules

12794 : Tesis (Afrikatale)	872(90)
10033 : Studie van Afrikatale	873(90)

899:

Verpligte modules

12792 : Navorsingswerkstuk (Afrikatale)	871(72)
10033 : Studie van Afrikatale	873(90)
10033 : Studie van Afrikatale	874(18)

Assessering en Eksaminering

'n Tesis (90 krediete en 180 krediete vir 889 en 879 onderskeidelik) word volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer. Die gedoseerde navorsingsmodules word deurlopend deur middel van 'n aantal werkopdragte en toetse geëksamineer.

Navrae

Programleier: Prof M Visser

Tel: 021 808 2106 E-pos: mww@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/english/faculty/arts/african-lang

3.2.4 MA (Afrikatale vir Professionele Kontekste)

Programkodes

56472 – 889(180)

56472 – 899(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n Honneursgraad in Afrikatale vir Professionele Kontekste.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program is gerig op professionele diskoerspraktyke in die Afrikatale in veeltalige kontekste. Dit fokus op die studie van die Afrikatale in die verbandhoudende velde van die sosiolinguistiek, etnografie van kommunikasie, pragmatiek, en diskoers- en genre-analise. Die programstruktuur is modulêr en bestaan uit blokke residensiële kontaksessies en selfstudie. Jy skryf 'n tesis wat 90 krediete tel of 'n werkstuk wat 72 krediete tel afhangende van jou spesifieke program.

Duur van Program

Die program strek oor een jaar van studie. Lesings begin die eerste week in Februarie.

Programinhoud

889:

Verpligte modules

10039 : Kommunikasie-teoretiese Studie	873(90)
12796 : Tesis (Professionele Kontekste)	871(90)

899:

Verpligte modules

10039 : Kommunikasie-teoretiese Studie	873(90)
10039 : Kommunikasie-teoretiese Studie	872(18)
12797 : Navorsingswerkstuk (Professionele Kontekste)	873(72)

Assessering en Eksaminering

Modules word volgens die Fakulteit se Assesseringsplan geassesseer. Die finale punt word bereken deur 'n stel skriftelike en mondelinge assesserings.

Navrae

Programleier: Prof M Visser

Tel: 021 808 2106 E-pos: mww@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/english/faculty/arts/african-lang

3.2.5 PhD (Afrikatale)

Programkode

41505 – 978(360)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n MA-graad in Afrikatale of enige ander tersaaklike kwalifikasie wat die Senaat as geskik en genoegsaam vir toelating ag.
- Afhangende van jou studie-agtergrond en ervaring, mag aanvullende werk vereis word voordat jy toegelaat word.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die PhD-program in Afrikatale fokus op die ontwikkeling van 'n gevorderde reflektiewe taalbeskouing van die Afrikatale ten opsigte van 'n ondersoekprobleem in die letterkunde of taalkunde. Die resultate word in die vorm van 'n proefskrif aangebied.

Programinhoud

Verpligte module

41505 : Afrikatale	978(360)
--------------------	----------

Assessering en Eksaminering

'n Proefskrif wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word. Raadpleeg ook die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), oor doktorsale studie.

Navrae

Programleier: Prof M Visser

Tel: 021 808 2106 E-pos: mww@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/english/faculty/arts/african-lang

3.3 Departement Algemene Taalwetenskap

3.3.1 Nagraadse Diploma in Interkulturele Kommunikasie

Let wel: Hierdie program word nie noodwendig elke jaar aangebied nie. Kontak asseblief die Departement voordat jy aansoek doen om toelating.

Programkode

59692 – 788(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n Baccalaureusgraad of 'n ander kwalifikasie wat die Senaat as ekwivalent aan 'n baccalaureusgraad beskou.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **30 September** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program fokus op linguistiese aspekte van interkulturele kommunikasie. Spesifieke aandag word gegee aan die aard en eienskappe van taal en talige kommunikasie; die aard en eienskappe van interkulturele talige kommunikasie, insluitend linguisties relevante aspekte van kultuur; pragmatiese en sosiolinguistiese aspekte van interkulturele kommunikasie; en die linguistiese "meganika" van interkulturele kommunikasie, insluitend die faktore wat 'n rol speel in suksesvolle of mislukte kommunikasie. Jy volg vier verpligte modules van een kwartaal elk.

Duur van Program

Die program het 'n minimum duur van een jaar.

Programinhoud

Verpligte modules

10046 : Talige Kommunikasie	771(30)
10047 : Interkulturele (Talige) Kommunikasie	772(30)
10048 : Pragmatiese en Sosiolinguistiese Aspekte	743(30)
10050 : Linguistiese "Meganika"	744(30)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Dr M Oostendorp

Tel: 021 808 9288/2052 E-pos: linguis@sun.ac.za

Webadres: <http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/linguistics>

3.3.2 Nagraadse Diploma in Tweedetaalstudie

Let wel: Hierdie program word nie noodwendig elke jaar aangebied nie. Kontak asseblief die Departement voordat jy aansoek doen om toelating.

Programkode

51128 – 788(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad met taalwetenskap, 'n taal, 'n taalverwante vak of spraakheelkunde (logopedie) as hoofstudierigting, of 'n ander kwalifikasie wat die Senaat as ekwivalent aan sodanige baccalaureusgraad beskou.
- Wat die taalvereiste betref, sal jou aansoek met 'n taal op tweedejaarsvlak in buitengewone gevalle ook oorweeg word.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **30 September** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program fokus op aspekte van die verskynsel van tweede tale wat in verskeie taalpraktyke sentraal is, en ondersoek spesifiek die aard, eienskappe en verwerwing van tweede tale vanuit 'n algemene taalwetenskaplike en 'n psigolinguistiese perspektief. Jy volg drie verpligte modules: een in die eerste semester en twee in die tweede semester. Een van die modules in die tweede semester is 'n selfstudie module waar jy 'n beperkte keuse het ten opsigte van die onderwerp van studie, en wat gemik is op die verdieping van kennis. Hierdie selfstudie module word deur middel van 'n eksamen geassesseer.

Duur van Program

Die program het 'n minimum duur van een jaar.

Programinhoud

Verpligte modules

10055 : Algemene Taalwetenskaplike Perspektief	771(48)
10056 : Psigolinguistiese Perspektief	772(48)
10058 : Perspektief op Tweede Tale	747(24)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk

Navrae

Programleier: Prof F Southwood

Tel: 021 808 2010/2052 E-pos: linguis@sun.ac.za

Webadres: <http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/linguistics>

3.3.3 HonsBA (Algemene Taalwetenskap)

Programkode

10294 – 778(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n Baccalaureusgraad met taalwetenskap, 'n taal, 'n taalverwante vak of spraakheelkunde (logopedie) as hoofstudierigting, of 'n ander kwalifikasie wat die Senaat as ekwivalent aan sodanige baccalaureusgraad beskou.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **30 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Jy volg drie verpligte modules. Die basismodule word aangebied in die eerste semester en fokus op sentrale aannames en konsepte in moderne taalwetenskaplike ondersoek. Die spesialisingsmodule word aangebied in die tweede en derde kwartale en bied jou die geleentheid om te spesialiseer in **een** van die volgende domeine:

- Die struktuur van taal
- Die gebruik van taal
- Kritiese Diskoersanalise
- Sociolinguistiek
- Interkulturele kommunikasie
- Tweedetaalverwerwing
- Psigolinguistiek
- Kindertaalverwerwing en taalgestremdheid
- Gebaretaal-linguistiek

In die navorsingsmodule, wat strek oor die tweede semester, doen jy beperkte selfstandige navorsing oor 'n onderwerp wat binne jou spesifieke spesialisingsdomein val. Jy kies jou studiedomein in oorleg met die Departement. Jou keuse word deur die beskikbaarheid van studieleiers bepaal.

Duur van Program

Die program het 'n minimum duur van een jaar.

Programinhoud

Verpligte modules

12933 : Basismodule (Algemene Taalwetenskap)	772(60)
12934 : Spesialisingsmodule (Algemene Taalwetenskap)	741(30)
12935 : Navorsingswerkstuk (Algemene Taalwetenskap)	742(30)

Assessering en Eksaminering

'n Reeks werkstukke vir modules 772(60) en 741(30), en 'n navorsingswerkstuk van beperkte omvang vir module 742(30).

Navrae

Programleier: Dr M Oostendorp

Tel: 021 808 9288/2052 E-pos: linguis@sun.ac.za

Webadres: <http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/linguistics>

3.3.4 MA (Algemene Taalwetenskap)

Programkodes

10294 – 879(180)

10294 – 889(180) *Let wel: Hierdie opsie neem geen nuwe studente in nie.*

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n Honneursgraad/nagraadse diploma in algemene of toegepaste taalwetenskap, 'n taal, 'n taalverwante vak of spraakheelkunde (logopedie), of 'n ander kwalifikasie wat die Senaat as ekwivalent aan sodanige honneursgraad/nagraadse diploma beskou.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **30 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program fokus op taalverskynsels in die volgende domeine:

- Die struktuur van taal
- Die gebruik van taal
- Kritiese Diskoersanalise
- Sosiolinguistiek
- Interkulturele kommunikasie
- Tweedetaalverwerwing
- Psigolinguistiek
- Kindertaalverwerwing en taalgestremdheid
- Gebaretaal-linguistiek

Jy kan tussen **twee** opsies kies. Beide opsies behels selfstandige navorsing oor problematiese verskynsels in een van die bogenoemde domeine. In die geval van Opsie 1 bied jy die resultate van jou navorsing in die vorm van 'n 100%-tesis aan, en in die geval van Opsie 2 in die vorm van 'n 50%-tesis. Opsie 2 vereis verder gevorderde studie van een of meer temas in die taalwetenskap, waarvoor jy 'n reeks werkstukke in die eerste semester moet voltooi. Jy kies jou studietema in oorleg met die Departement. Jou keuse word deur die beskikbaarheid van studieleiers en jou akademiese agtergrond en belangstellings bepaal.

Programinhoud

879:

Verpligte module

12798 : Tesis (Algemene Taalwetenskap)	876(180)
--	----------

889:

Let wel: Hierdie opsie neem geen nuwe studente in nie.

Verpligte modules

12799 : Temas in Algemene Taalwetenskap	873(90)
12798 : Tesis (Algemene Taalwetenskap)	844(90)

Assessering en Eksaminering

- **879:** 'n 180-krediet-tesis vir module 876 (180) wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word.
- **889:** 'n reeks werkstukke vir module 873(90) en 'n 90-krediet tesis vir module 844(90).

Navrae

Programleier: Prof F Southwood

Tel: 021 808 2010/2052 E-pos: linguis@sun.ac.za

Webadres: <http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/linguistics>

3.3.5 MA (Interkulturele Kommunikasie)

Programkodes

59692 – 879 (180)

59692 – 889 (180) *Let wel: Hierdie opsie neem geen nuwe studente in nie.*

Die program word, sover moontlik, in samewerking met die Universiteite van Kaapstad en Wes-Kaapland aangebied.

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n Nagraadse diploma in interkulturele kommunikasie, of 'n honneursgraad/nagraadse diploma in taalwetenskap, 'n taal of 'n taalverwante vak, of 'n ander kwalifikasie wat die Senaat as ekwivalent aan sodanige honneursgraad/nagraadse diploma beskou.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **30 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program fokus op taalverwante aspekte van interkulturele kommunikasie in verskeie domeine, waaronder die sakesektor, gesondheid, onderwys, die reg en die openbare sektor. Hierdie aspekte word ondersoek vanuit 'n verskeidenheid teoretiese perspektiewe, insluitend dié wat gebied word deur kontrastiewe en etnografiese benaderings, pragmatiek, sosiolinguistiek, (kritiese) diskoersanalise, gespreksanalise en grammatikale analise.

Jy kan tussen **twee** opsies kies. Beide opsies behels selfstandige navorsing oor problematiese verskynsels in een van die bogenoemde domeine. In die geval van Opsie 1 bied jy die resultate van jou navorsing in die vorm van 'n 100%-tesis aan, en in die geval van Opsie 2 in die vorm van 'n 50%-tesis. Opsie 2 vereis verder gevorderde studie van verskillende teoretiese benaderings tot interkulturele kommunikasie en die gepaardgaande navorsingsmetodologieë, waarvoor jy 'n reeks werkstukke in die eerste semester moet voltooi. Jy kies jou studietema in oorleg met die Departement. Jou keuse word deur die beskikbaarheid van studieleiers en jou akademiese agtergrond, belangstellings en professionele behoeftes bepaal.

Let wel:

Jy kan jou werkstukke en tesse in Afrikaans skryf indien jou studieleier(s) en die betrokke eksaminator(e) Afrikaans magtig is.

Programinhoud

879:

Verpligte module

12801 : Tesis (Interkulturele Kommunikasie)	876(180)
---	----------

889:

Let wel: Hierdie opsie neem geen nuwe studente in nie.

Verpligte modules

10052 : Teoretiese Benaderings	876(45)
10053 : Navorsingsbenaderings en -metodes	874(45)
12801 : Tesis (Interkulturele Kommunikasie)	875(90)

Assessering en Eksaminering

- **879:** 'n 180-krediet-tesis vir module 876(180) wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word.
- **889:** 'n reeks werkstukke vir modules 875(45) en 874(45), en 'n 90-krediet-tesis vir module 875(90).

Navrae

Programleier: Dr M Oostendorp

Tel: 021 808 9288/2052 E-pos: linguis@sun.ac.za

Webadres: <http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/linguistics>

3.3.6 MA (Tweedetaalstudie)

Programkodes

51128 – 879(180)

51128 – 889(180) *Let wel: Hierdie opsie neem geen nuwe studente in nie.*

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n Nagraadse diploma in tweedetaalstudie, of 'n honneursgraad/nagraadse diploma in taalwetenskap, 'n taal, 'n taalverwante vak of spraakheelkunde (logopedie), of 'n ander kwalifikasie wat die Senaat as ekwivalent aan sodanige honneursgraad/nagraadse diploma beskou.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **30 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program fokus op aspekte van die verskynsel van tweede tale wat in verskeie taalpraktyke sentraal is. Dié aspekte word ondersoek vanuit verskillende teoretiese perspektiewe, onder meer sosiolinguistiese en kruiskulturele perspektiewe. Jy kan tussen **twee** opsies kies. Beide opsies behels selfstandige navorsing oor 'n problematiese aspek van tweede tale:

- **Opsie 1** – Jy bied die resultate van jou navorsing in die vorm van 'n 180-krediet-tesis aan.
- **Opsie 2** – Jy bied die resultate van jou navorsing in die vorm van 'n 90-krediet-tesis aan.

Opsie 2 vereis verder gevorderde studie van twee temas in tweedetaalondersoek, waarvoor jy 'n reeks werkstukke in die eerste semester moet voltooi. Jy kies jou studietema in oorleg met die Departement. Jou keuse word deur die beskikbaarheid van studieleiers en jou akademiese agtergrond, professionele behoeftes en belangstellings bepaal.

Programinhoud

879:

Verpligte modules

12802 : Tesis (Tweedetaalstudie)	876(180)
----------------------------------	----------

889:

Let wel: Hierdie opsie neem geen nuwe studente in nie.

Verpligte modules

10060 : Sociolinguistiese Perspektief	874(45)
12802 : Tesis (Tweedetaalstudie)	846(90)

plus

Keusemodules

Kies een van die onderstaande modules.

10061 : Kruiskulturele Perspektiewe	875(45)
10062 : Taalversteuring (Tweedetaalleerders)	876(45)

Assessering en Eksaminering

- **879:** 'n 180-krediet-tesis vir module 876(180) wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word.
- **889:** 'n reeks werkstukke vir modules 874(45) en 875(45) of 876(45), en 'n 90-krediet-tesis vir module 846(90).

Navrae

Programleier: Prof F Southwood

Tel: 021 2010/2052 E-pos: linguis@sun.ac.za

Webadres: <http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/linguistics>

3.3.7 PhD (Algemene Taalwetenskap)

Programkode

10294 – 978(360)

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n Magistergraad in taalwetenskap, 'n taal, spraakheelkunde/oudiologie of 'n ander taalgeoriënteerde vakrigting.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program fokus op een of meer algemene taalwetenskaplike teorie(ë) en die daarmee geassosieerde taalwetenskaplike metodologie. Die werk word op 'n individuele grondslag in die vorm van 'n sorgvuldig beplande navorsingsprojek gestruktureer.

Programinhoud

Verpligte module

10294 : Algemene Taalwetenskap	978(360)
--------------------------------	----------

Assessering en Eksaminering

'n Proefskrif wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word. Jy moet ook 'n mondelinge eksamen aflê. Raadpleeg die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), oor doktorsale studie.

Navrae

Programleier: Prof F Southwood

Tel: 021 808 2010/2052 E-pos: linguis@sun.ac.za

Webadres: <http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/linguistics>

3.4 Departement Antieke Studie

3.4.1 HonsBA (Antieke Kulture)

Programkode

53813 – 778(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad met Antieke Kulture, Antieke Geskiedenis of Antieke Tale as hoofvak.
- 'n Gemiddelde prestasie van 60% in die hoofvak wat tot nagraadse studie lei.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program is toegespits op verdiepte kennis van die antieke kulture en die ontwikkeling van navorsingskapasiteit.

Duur van Program

Die program strek oor een jaar: Februarie van die aanvangsjaar tot Februarie van die daaropvolgende jaar.

Programinhoud

Verpligte modules

12804 : Antieke Kulture: Teorie Metode en Bronne	771(30)
10088 : Tema Antieke Kulture I	772(30)
10089 : Tema Antieke Kulture II	773(30)
12805 : Navorsingswerkstuk (Antieke Kulture)	774(30)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Dr S Masters

Tel: 021 808 3206 E-pos: masters@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/ancient-studies/Pages/default.aspx

3.4.2 HonsBA (Antieke Tale)

Programkode

12808 – 778(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad met een van die antieke tale (Bybelse Hebreeus, 'n ander Semitiese taal, Grieks of Latyn) as hoofvak.
- 'n Gemiddelde prestasie van 65% in die hoofvak wat tot nagraadse studie lei.
- Indien jy 'n ander taal of verwante vak (byvoorbeeld Antieke Kulture of Bybelkunde) tot op derdejaarsvlak het, met Hebreeus, Grieks of Latyn slegs tot op tweedejaarsvlak, kan jy toegelaat word nadat aanvullende werk gedoen is.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program is toegespits op die taalverskynsels en/of letterkunde van antieke tale.

Duur van Program

Die program strek oor een jaar: Februarie van die aanvangsjaar tot Februarie van die daaropvolgende jaar.

Programinhoud

Verpligte modules

12809 : Teorie Metode en Agtergrond	771(30)
12810 : Teks- en Taalstudie I	772(30)
12811 : Teks- en Taalstudie II	773(30)
13333 : Navorsingswerkstuk (Antieke Tale)	744(30)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Prof PR Bosman

Tel: 021 808 3203 E-pos: bosmanpr@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/ancient-studies/Pages/default.aspx

3.4.3 MA (Antieke Kulture)

Programkode

53813 – 879(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Nagraadse Diploma of HonsBA-graad in Antieke Kulture of 'n ander kwalifikasie wat die Senaat as gelykwaardig beskou.
- 'n Gemiddelde prestasie van 65%.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program behels die skryf van 'n tesis wat die resultate van navorsing oor 'n aspek van antieke kulture bevat.

Programinhoud

Verpligte modules

12806 : Tesis (Antieke Kulture)	871(180)
---------------------------------	----------

Assessering en Eksaminering

'n Tesis wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word.

Navrae

Programleier: Dr S Masters

Tel: 021 808 3206 E-pos: masters@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/ancient-studies/Pages/default.aspx

3.4.4 MA (Antieke Tale)

Programkode

12808 – 879(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n HonsBA-graad in Antieke Tale, Bybelse Hebreeus, 'n ander Semitiese taal, Grieks of Latyn, of 'n ander kwalifikasie wat die Senaat as gelykwaardig beskou.
- 'n Basiese kennis van 'n tweede antieke taal word sterk aanbeveel.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program behels die skryf van 'n tesis wat die resultate van jou navorsing oor 'n aspek van antieke tale bevat.

Programinhoud

Verpligte module

12812 : Tesis (Antieke Tale)	871(180)
------------------------------	----------

Assessering en Eksaminering

'n Tesis wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word.

Navrae

Programleier: Prof PR Bosman

Tel: 021 808 3203 E-pos: bosmanpr@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/ancient-studies/Pages/default.aspx

3.4.5 PhD (Antieke Kulture)

Programkode

53813 – 978(360)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n M-graad in Antieke Kulture of 'n inhoudelik verwante magistergraad wat die Senaat as gelykwaardig beskou.
- Kennis van een of meer antieke tale op sodanige vlak as wat deur die navorsingsonderwerp vereis word.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program behels die skryf van 'n proefskrif wat die resultate van selfstandige en oorspronklike navorsing oor 'n navorsingsprobleem bevat.

Programinhoud

Verpligte module

53813 : Antieke Kulture	978(360)
-------------------------	----------

Assessering en Eksaminering

'n Proefskrif wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word. Daar is ook 'n mondelinge eksamen. Raadpleeg die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), oor doktorale studie.

Navrae

Programleier: Dr S Masters

Tel: 021 808 3203 E-pos: masters@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/ancient-studies/Pages/default.aspx

3.4.6 PhD (Antieke Tale)

Programkode

12808 – 978(360)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n M-graad in Antieke Tale, Bybelse Hebreeus, 'n ander Semitiese taal, Grieks of Latyn, of 'n ander kwalifikasie (bv. 'n meestersgraad in Teologie of Linguistiek) wat die Senaat as gelykwaardig beskou.
- Indien jy nie 'n M-graad in 'n taal behaal het nie moet jy 'n mondelinge assessering aflê in die taal waarin jy wil spesialiseer.
- Indien nodig sal aanvullende werk vereis word.
- 'n Gevorderde kennis van 'n tweede antieke taal word as newevereiste gestel.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program behels die skryf van 'n proefskrif wat die resultate van selfstandige en oorspronklike navorsing oor 'n navorsingsprobleem bevat.

Programinhoud

Verpligte module

12808 : Antieke Tale	978(360)
----------------------	----------

Assessering en Eksaminering

'n Proefskrif wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word. Daar is ook 'n mondelinge eksamen. Raadpleeg die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), oor doktorale studie.

Navrae

Programleier: Prof PR Bosman

Tel: 021 808 3203 E-pos: bosmanpr@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/ancient-studies/Pages/default.aspx

3.5 Departement Drama

3.5.1 HonsBA (Drama- en Teaterstudie)

Programkode

54267 – 778(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

Eerste rondte keuring:

- 'n BA (Drama- en Teaterstudie)-graad, of 'n Baccalaureusgraad met Teaterstudie of 'n ander hoofvak wat verband hou met hierdie program en deur die Senaat goedgekeur is.
- 'n Gemiddeld van ten minste 65% in Teaterstudie (of 'n ekwivalente vak).
- 'n Hoër punt vir Teaterstudie kan egter as afsnypunt vir toelating tot die program in 'n gegewe jaar geld, afhangende van die aantal en kwaliteit aansoeke wat die Departement ontvang. Hierdie besluit sal jaarliks volgens die diskresie van die Departement geneem word.

Tweede rondte keuring:

- Elke spesialiteitsveld het sy eie keuringskriteria. Dit kan 'n portefeulje, onderhoud en/of oudisie insluit. Kontak die programleier vir meer inligting in hierdie verband.
- Die aantal en kwaliteit van aansoeke, sowel as beskikbare personeel, infrastruktuur en beskikbare plekke, bepaal watter spesialiteitsvelde in 'n gegewe jaar aangebied word.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen 15 Oktober van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen 31 Augustus van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program fokus op die konsep *performance* (op die verhoog, radio, TV, film, en dies meer), wat deur middel van drie verpligte teoretiese modules bestudeer en dan eksperimenteel in jou keuse van spesialiteit ondersoek word. Jy kies **een** spesialiteitsveld in ooreenstemming met die personeel.

Die program word in ses praktika en drie seminare per week aangebied. 'n Individuele studieleier word aan elke student toegeken vir die navorsingswerkstuk.

Duur van Program

Die program duur een jaar. Lesings begin normaalweg die laaste week in Januarie. Dit is 'n voltydse residensiële program.

Programinhoud

Verpligte modules

12813 : Inleiding tot Navorsingsmetodologie (Drama- en Teaterstudie)	771(10)
10117 : Gevorderde Teater- en Mediateorie	772(20)
10118 : Gevorderde Teks- en Aanbiedingsanalise	773(20)
12814 : Navorsingswerkstuk: Teorie en Metodologie van Spesialiteitsveld	774(30)
12816 : Spesialiteitsveld (Drama- en Teaterstudie)	775(40)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Dr MH Pretorius

Tel: 021 808 3089 E-pos: mareli@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/drama

3.5.2 MA (Drama- en Teaterstudie)

Programkodes

54267 – 879(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n HonsBA in Drama- en Teaterstudie, 'n vierjaargraad in Drama- en Teaterstudie, of 'n aanvaarbare ekwivalent soos goedgekeur deur die Senaat wat bewys lewer van jou vermoë om gevorderde, onafhanklike navorsing te doen.
- 'n Gemiddelde prestasie van minstens 65% in 'n HonsBA in Drama- en Teaterstudie of 'n aanvaarbare ekwivalente kwalifikasie soos deur die Senaat goedgekeur.
- Jy sal slegs vir toelating tot die graadprogram oorweeg word indien jy 'n aanvaarbare navorsingsvoorstel aan die Departement Drama voorlê.
- Indien jy nie 'n HonsBA in Drama- en Teaterstudie van die Universiteit Stellenbosch se Departement Drama besit nie, kan daar van jou verwag word om op aanbeveling van die studieleier die onderstaande HonsBA-module ter aanvulling te volg en slaag:
 - 12813 – Inleiding tot Navorsingsmetodologie (Drama- en Teaterstudie) 771.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Neem kennis dat registrasie eers kan plaasvind na die indiening en goedkeuring van 'n navorsingsvoorstel. Dit is belangrik dat jy vroegtydig met die Departement kontak maak om te verseker dat daar 'n geskikte studieleier vir die studie beskikbaar is.

Programstruktuur

Die program fokus op drama-, teater- en/of *performance*-studie met die klem op opleiding in en die toepassingsmoontlikhede van selfstandige navorsing en skeppende werk in aansluiting by vorige opleiding. Dit is 'n navorsingsprogram wat uitloop op 'n tesis. Jou studie as geheel kan bestaan uit teoretiese werk, of dit kan die vorm aanneem van 'n geïntegreerde studie van kreatiewe prosesse en teoretiese werk waaroor jy in 'n tesis verslag doen.

Programinhoud

879:

Verpligte module

12817 : Tesis (Drama- en Teaterstudie)	871(180)
--	----------

Assessering en Eksaminering

Die navorsingsgebaseerde tesis word deur een interne eksaminator en een eksterne eksaminator volgens die bepalinge van die Universiteit Stellenbosch geassesseer.

Navrae

Programleier: Dr MH Pretorius

Tel: 021 808 3089 E-pos: mareli@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/drama

3.5.3 PhD (Drama- en Teaterstudie)

Programkode

54267 – 978(360)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n M-graad met opleiding in Teaterstudie en/of Teaterkuns of Teatervaardighede of 'n aanvaarbare ekwivalente kwalifikasie soos deur die Senaat goedgekeur en 'n goedgekeurde navorsingsvoorlegging.
- Indien jy nie 'n HonsBA in Drama- en Teaterstudie van die Universiteit Stellenbosch se Departement Drama besit nie, kan daar van jou verwag word om op aanbeveling van die studieleier die onderstaande HonsBA-module ter aanvulling te volg en slaag:
 - 12813 – Inleiding tot Navorsingsmetodologie (Drama- en Teaterstudie) 771.

Aansoekprosedure en sluitingsdatum

Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.

Aansoeke kan tot voor daardie datum ontvang word. Registrasie kan eers plaasvind na die indiening en goedkeuring van 'n navorsingsvoorstel. Maak vroegtydig met die Departement kontak om te verseker dat daar 'n geskikte studieleier vir die studie beskikbaar is.

Programstruktuur

Doktorsgrade in die kunste is navorsingsgrade wat uitloop op 'n proefskrif. Die studie as geheel kan bestaan uit teoretiese werk of dit kan die vorm aanneem van 'n geïntegreerde studie van kreatiewe prosesse en teoretiese werk wat in die proefskrif gerapporteer word. Die unieke aard van die geïntegreerde opsie setel in die samehang en interafhanklikheid van die kreatiewe prosesse en teoretiese dimensies van die navorsing wat lei tot 'n oorspronklike bydrae tot die kennis van en insigte in die kunste.

Programinhoud

Verpligte module

54267 : Drama- en Teaterstudie	978(360)
--------------------------------	----------

Assessering en Eksaminering

'n Proefskrif wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word. Jy moet ook 'n mondelinge eksamen aflê. Al die materiaal wat vir die proefskrif aangebied word, ingeslote die kreatiewe werk waar van toepassing, word as een geheel geassesseer deur die eksaminatore wat in terme van die normale prosesse van die Universiteit aangestel is. Raadpleeg die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), oor doktorsale studie.

Navrae

Programleier: Dr MH Pretorius

Tel: 021 808 3089 E-pos: mareli@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/drama

3.6 Departement Engels

3.6.1 HonsBA (Engels)

Programkode

53880 – 778(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad met Engels as hoofvak, of 'n Baccalaureusgraad met 'n hoofvak in 'n gepaste verwante dissipline soos Vergelykende Literatuur, Afrikaliteratuur, Literêre Kultuurstudie, Kultuur-/Mediastudie, Media- en Kommunikasiestudie, Genderstudie, Filmstudie, of 'n ander aanvaarbare ekwivalente kwalifikasie soos deur die Senaat goedgekeur.
- 'n Finale punt van 65% in die derde jaar vir Engels of vir een van die bogenoemde verwante dissiplines.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program bestaan uit 'n kursuswerkmodule wat 75% van die program uitmaak en 'n navorsingswerkstuk wat 25% van die program uitmaak.

Die program word aangebied in weeklikse moduleontmoetings, soos vasgestel deur die Departement.

Duur van Program

Die program strek oor een jaar voltyds.

Programinhoud

Verpligte modules

53880 : Engels	773(90)
12880 : Navorsingswerkstuk (Engels)	774(30)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Dr J Ellis

Tel: 021 808 2227 E-pos: jellis@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/english/faculty/arts/english

3.6.2 MA (Engels)

Programkodes

53880 – 879(180)

53880 – 889(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n HonsBA-graad in Engels, of 'n honneursgraad in 'n gepaste verwante dissipline soos vergelykende literatuur, Afrikaliteratuur, literêre kultuurstudie, kultuur-/mediastudie, media- en kommunikasiekunde, genderstudie, filmstudie, of 'n ander aanvaarbare ekwivalente kwalifikasie soos deur die Senaat goedgekeur. Voorkeur sal gegee word aan studente met 'n finale honneurspunt van 65% en hoër.
- Vir toelating tot die tesis-opsie moet jy 'n geskrewe navorsingsvoorstel indien. In hierdie voorstel moet jy aandui dat jy die vermoë het om onafhanklike navorsing te onderneem en 'n tesis te skryf.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen 30 November van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen 31 Augustus van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Jy kies tussen 'n voltesis en **een** van twee gestruktureerde kursuswerkopsies:

- **Opsie 1** – Literatuur, konflik en oorgang
- **Opsie 2** – Kreatiewe skryfkunde

In albei van die bogenoemde opsies skryf jy 'n tesis van beperkte omvang.

Opsie 1 behels kursuswerk en 'n tesis wat elkeen 90 krediete van die totale 180 krediete tel. In opsie 2 tel die tesis 120 krediete, terwyl die kursuswerk die oorblywende 60 krediete bydra. Die tesis vir opsie 2 moet 'n oorspronklike kreatiewe geskrewe stuk en kritiese kommentaar insluit.

Let wel: Die MA met die voltesis word jaarliks aangebied terwyl die MA met die kursuswerkopsies nie noodwendig elke jaar aangebied word nie.

Duur van Program

Die program strek oor 'n minimum van een jaar.

Programinhoud

879:

Verpligte module

12879 : Tesis (Engels)	871(180)
------------------------	----------

889:

Verpligte module

12879 : Tesis (Engels)	873(90)
10127 : Literatuur, Konflik en Oorgang	872(90)

OF

Verpligte module

12184 : Tesis (Kreatiewe Skryfkunde)	874(120)
11427 : Kursuskomponent Kreatiewe Skryfkunde	872(60)

Assessering en Eksaminering

Die tesis, hetsy 180, 120 of 90 krediete, word volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer soos in die Reëls vir Nagraadse Kwalifikasies in die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls).

Die gestruktureerde kursuswerk word geassesseer deur middel van opstelle en addisionele seminaaraanbiedings, projekte of eksamenwerk. Die tesis word onder die leiding van 'n studieleier onderneem. Jy moet elke module met 'n minimum van 50% slaag.

Navrae

Programleier: Dr R Oppelt

Tel: 021 808 2049 E-pos: roppelt@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/english/faculty/arts/english

3.6.3 PhD (Engels)

Programkode

53880 – 978(360)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n MA- of MPhil-graad in Engels of inhoudelik verwante dissipline.
- Jy moet 'n navorsingsvoorstel indien volgens die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se regulasies.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die voltooiing van 'n proefskrif met 'n onderwerp wat in oorleg met die Departement gekies is en wat onder die leiding van 'n promotor binne die Departement geskryf word.

Programinhoud

Verpligte module

53880 : Engels	978(360)
----------------	----------

Assessering en Eksaminering

'n Proefskrif wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word. Jy moet ook 'n mondelinge eksamen aflê. Raadpleeg die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), oor doktorale studie.

Indien jy op kreatiewe skryfkunde fokus moet jy 'n proefskrif indien wat uit twee komponente bestaan, naamlik (i) 'n oorspronklike kreatiewe geskrewe stuk en (ii) 'n reflektief-kritiese kommentaar op die kreatiewe werk en kontekstueel verwante literêre en akademiese werke.

Navrae

Programleier: Prof S Murray

Tel: 021 808 2044 E-pos: samurray@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/english/faculty/arts/english

3.7 Departement Filosofie

3.7.1 Nagraadse Diploma in Toegepaste Etiek

Programkode

50075 – 788(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad of gelykwaardige kwalifikasie.
- 'n Gemiddelde prestasie van 60%.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Hierdie program word slegs elke tweede jaar aangebied. Raadpleeg die Departement vir meer inligting.

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **30 September** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program oriënteer jou in die aard en vernaamste probleemgebiede van die toegepaste etiek en berei jou voor vir verdere nagraadse studie in die toegepaste etiek.

Duur van Program

Die program strek oor een jaar. Lesings word in twee blokperiodes van twee weke elk aangebied.

Programinhoud

Verpligte modules

12822 : Die Metodologie van Gevallestudies in die Toegepaste Etiek	744(30)
12820 : Inleiding tot Etiek en Toegepaste Etiek	714(30)
12819 : Inleiding tot Filosofie en Kritiese Denkvaardighede	714(30)
12821 : Kontemporêre Tendense in Morele Filosofie	744(30)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Prof M Woermann

Tel: 021 808 2418 E-pos: minka@sun.ac.za

Webadres: www0.sun.ac.za/philosophy/centre-for-applied-ethics

3.7.2 HonsBA (Filosofie)

Programkode

12882 – 778(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n BA-graad met Filosofie as hoofvak.
- 'n Gemiddelde prestasie van minstens 60% in Filosofie.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Plaasvervangende modules kan by ander departemente of universiteite gevolg word. Raadpleeg die Departement vir meer inligting.

Die program word in 6 lesings en 2 tutoriale per week aangebied.

Duur van Program

Die program strek oor een jaar voltyds. Lesings begin die eerste week in Februarie.

Programinhoud

Verpligte modules

10673 : Subdissiplines (Filosofie)	711(45)
10762 : Strominge (Filosofie)	741(45)
10763 : Werkstuk (Filosofie)	771(30)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Dr JP Smit

Tel: 021 808 2418 E-pos: jps@sun.ac.za

Webadres: www0.sun.ac.za/philosophy

3.7.3 MA (Filosofie)

Programkodes

12882 – 879(180)

12882 – 889(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n Honneursgraad in Filosofie of 'n kwalifikasie wat die Senaat as gelykwaardig oordeel.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program behels 'n toespitsing, intensivering en verdieping van gevorderde opleiding in die studie en beoefening van Filosofie met die oog op selfstandige navorsing. Ingevolge bestaande ooreenkomste met buitelandse universiteite kan jy plaasvervangende modules by ander universiteite volg terwyl jy heeltyds ingeskryf bly op Stellenbosch, mits plaasvervangende komponente wat in die buiteland gevolg word, volledig in die plek van module 10764 Selfstudie (Filosofie) 872 erken kan word. Raadpleeg die Departement vir meer inligting.

Programinhoud

879:

Verpligte module

12818 : Tesis (Filosofie)	872(180)
---------------------------	----------

889:

Verpligte modules

10764 : Selfstudie (Filosofie)	872(90)
12818 : Tesis (Filosofie)	873(90)

Assessering en Eksaminering

In die geval van die gestruktureerde opsie, word module 10764 Selfstudie (Filosofie) 872 mondeling en/of skriftelik intern geassesseer. Die tesis (90-krediet en 180-krediet) word volgens die bestaande regulasies vir eksaminering van nagraadse kwalifikasies geassesseer.

Navrae

Programleier: Prof L du Toit
Tel: 021 808 2056 E-pos: louisedt@sun.ac.za
Webadres: www0.sun.ac.za/philosophy

3.7.4 MPhil (Toegepaste Etiek)

Programkode

50075 – 889(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies op NKR-vlak 8 word vereis:
 - 'n Nagraadse Diploma in Toegepaste Etiek;
 - 'n Toepaslike honneursgraad;
 - 'n Toepaslike nagraadse diploma;
 - 'n Kwalifikasie wat die Senaat as gelykwaardig beskou;
 - 'n MBChB-, of 'n ander gesondheidswetenskappe-kwalifikasie, bied ook toegang tot die MPhil-program (rigting Biomediese Etiek), op die voorwaarde dat sodanige kwalifikasie, na die oordeel van die Departement Filosofie, toereikende etiek- of etiek-verwante modules bevat het.
- 'n Gemiddeld prestasie van ten minste 60%.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Hierdie program word slegs elke tweede jaar aangebied. Die volgende inname is vir die 2025- akademiese jaar. Raadpleeg die Departement vir meer inligting.

Programstruktuur

Die program behels gespesialiseerde onderrig en opleiding in navorsing op drie spesialisasieterreine van die toegepaste etiek:

- Biomediese etiek;
- Omgewingsetiek;
- Sake-etiek, of
- Sosiale en politieke etiek.

Programinhoud

Verpligte module

12824 : Tesis (Toegepaste Etiek)	874(90)
----------------------------------	---------

plus

Keusemodules

Kies **een** van die onderstaande modules.

10772 : Biomediese Etiek	874(90)
10769 : Omgewingsetiek	874(90)
59277 : Sake-etiek	874(90)
14258 : Sosiale en Politieke Etiek	874(90)

Assessering en Eksaminering

Die gedoseerde modules word geassesseer deur middel van eksamens en/of werkopdragte. Die tesis (50%) word aan eksterne eksaminering onderwerp volgens die regulasies van die Universiteit Stellenbosch vir die eksaminering van nagraadse kwalifikasies.

Navrae

Programleier: Prof M Woermann
Tel: 021 808 2418 E-pos: minka@sun.ac.za
Webadres: www0.sun.ac.za/philosophy/centre-for-applied-ethics/

3.7.5 PhD (Filosofie)

Programkode

12882 – 978(360)

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n MA-graad in Filosofie of 'n MPhil-graad in Toegepaste Etiek, of 'n gevorderde kwalifikasie wat die Senaat as gelykwaardig oordeel.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Aansoeke word deur die loop van die jaar hanteer.

Programstruktuur

Die program behels die voltooiing van 'n proefskrif wat die resultate van jou selfstandige en oorspronklike ondersoek van 'n filosofiese probleem bevat.

Programinhoud

Verpligte module

12882 : Filosofie	978(360)
-------------------	----------

Assessering en Eksaminering

'n Proefskrif wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word. Jy moet ook 'n mondelinge eksamen aflê. Raadpleeg die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), oor doktorsale studie.

Navrae

Programleier: Prof C du Toit

Tel: 021 808 2063 E-pos: cdt@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/forlang

3.14 Departement Musiek

3.14.1 Nagraadse Diploma in Filmmusiek

Programkode

13294 – 788(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n Akademiese kwalifikasie, NKR-vlak 7, met musiekinhoude.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **30 September** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Gevorderde teorie en praktyktoepassings op die gebied van filmmusiek.

Duur van Program

Dit is 'n eenjarige program.

Programinhoud

Verpligte modules

13295 : Filmmusiek Skepping	771(48)
32964 : Komposisie	771(24)
44717 : Musiekwetenskap	771(36)
10385 : Navorsingsmetodologie (Musiek)	771(12)

Assessering en Eksaminering

Werkopdragte, wat uit praktiese en geskrewe komponente bestaan, word vereis. Daar word van eksterne assessering gebruik gemaak.

Navrae

Programleier: Dr G Roux

E-pos: groux@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/music

3.14.2 Nagraadse Diploma in Musiektegnologie

Programkode

50652 – 788(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n Akademiese kwalifikasie, NKR-vlak 7, met musiekinhoude.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **30 September** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Gevorderde teorie en praktyktoepassings op die gebied van Musiektegnologie.

Duur van Program

Dit is 'n eenjarige program.

Programinhoud

Verpligte module

50652 : Musiektegnologie	776(120)
--------------------------	----------

Assessering en Eksaminering

Werkopdragte, wat uit praktiese en geskrewe komponente bestaan, word vereis. Daar word van eksterne assessering gebruik gemaak.

Navrae

Programleier: Dr G Roux

E-pos: groux@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/music

3.14.3 HonsBMus

Programkode

16446 – 778(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad in Musiek of 'n gelykwaardige en toepaslike kwalifikasie wat die Senaat as genoegsaam ag.
- Aanvullende werk kan vereis word.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Jy kies, in oorleg met die departementele voorsitter en met inagneming van die programinhoud van die verwerfde baccalaureusgraad, een van die spesialiseringrigtings van die HonsBMus program.

Jy kan tussen die volgende spesialiseringrigtings kies:

- Komposisie;
- Musiekopvoedkunde;
- Musiekwetenskap of Musiektegnologie; of
- Praktiese Musiekstudie.

Elke spesialiseringrigting bestaan uit twee komponente:

- 'n Hoofkomponent wat bestaan uit inhoude uit die gekose spesialisingsveld; asook
- Navorsingsmetodologie.

Duur van Program

Die program strek oor een jaar voltyds.

Programinhoud

Verpligte module

13524 : Spesialisingsmodule (Musiek)	711(70)
10385 : Navorsingsmetodologie (Musiek)	711(20)
10797 : Werkstuk (Musiek)	711(30)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Dr P Grobler

Tel: 021 808 2375 E-pos: postgradmusic@sun.ac.za

3.14.4 MMus

Programkodes

Kodes vir Musiek

- 16446 – 879(180)
- 16446 – 889(180)

Kode vir Komposisie

- 32964 – 889(180)

Kode vir Praktiese Musiekstudie

- 59781 – 889(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n vierjarige HonsBMus-graad, 'n vierjarige BMus-graad of 'n ander baccalaureusgraad wat deur die Senaat vir die doel goedkeur is.
- Aanvullende werk kan vereis word.
- Vir die opsies Praktiese Musiekstudie (Solosang/Solospel/Begeleiding/Kamermusiek/Dirigering/Kerkmusiek) word ook 'n oudisie vereis.
- Vir die Komposisie-rigting, moet 'n komposisie-portefeulje tesame met die aansoek voorgelê word.
- Vir 'n tesis wat kreatiewe en teoretiese werk integreer (praktykgebaseerde navorsing), word (a) 'n oudisie vereis vir die doeleindes van praktiese werk, of (b) 'n portefeulje in die geval van komposisie of ander kreatiewe werk.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program maak voorsiening vir die verwerwing van navorsingsvaardighede in die vorm van óf 'n 180-krediet-tesis óf 'n 90-krediet-tesis. Die 180-krediet-tesis kan bestaan uit uitsluitlik teoretiese werk OF 'n kombinasie van kreatiewe en teoretiese werk (praktykgebaseerde navorsing) wat as geheel geëksamineer word. Die 90-krediet-tesis maak deel uit van 'n gestruktureerde program wat verdere werkopdragte, komposisies of openbare uitvoering van konsertprogramme kan behels.

Let wel:

- Die opsies onder die programkode **16446 Musiek** het uitsluitlik betrekking op die rigtings Musiekwetenskap, Musiekopvoedkunde, Musiektegnologie en Praktykgebaseerde Navorsing. Die opsie vir die modulekode 12852 Tesis kan uitsluitlik teoretiese werk behels OF 'n kombinasie van kreatiewe en teoretiese werk (praktykgebaseerde navorsing) wat as geheel geëksamineer word.
- Die opsie vir die programkode **32964 Komposisie** behels die voltooiing van 'n goedgekeurde portefeulje werke waarvan ten minste een van groot omvang (soos byvoorbeeld 'n orkeswerk) moet wees.
- Die opsie vir die programkode **59781 Praktiese Musiekstudie** behels die openbare uitvoering van drie goedgekeurde konsertprogramme uitgevoer binne een jaar.

Programinhoud

879 MUSIEK-OPSIE:

Verpligte module

12852 : Tesis (Musiek)	871(180)
------------------------	----------

889 MUSIEK-OPSIE:

Verpligte modules

12852 : Tesis (Musiek)	874(90)
11900 : Vakgerigte Studies (Musiek)	874(90)

889 KOMPOSISIE-OPSIE:

Verpligte modules

32964 : Komposisie	874(90)
12853 : Tesis (Komposisie)	874(90)

889 PRAKTIESE MUSIEKSTUDIE-OPSIE:

Verpligte modules

59781 : Praktiese Musiekstudie	874(90)
12854 : Tesis (Praktiese Musiekstudie)	874(90)

Assessering en Eksaminering

Na gelang van die gekose spesialisingsrigting, word magistermodules geassesseer deur middel van 'n 100%-tesis, OF 'n tesis en kreatiewe werk wat as 'n enkele projek geëksamineer word, OF 'n 50%-tesis en 'n kombinasie van openbare uitvoerings, geskrewe eksamens, skriftelike werkopdragte, navorsingswerkstukke en/of komposisies. Tesisse word volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer.

Let wel: Voltooiing van die MMus-gradprogram vereis die suksesvolle voltooiing van Navorsingsmetodologie 474 of die ekwivalent daarvan.

Navrae

Programleier: Dr P Grobler

Tel: 021 808 2375 E-pos: postgradmusic@sun.ac.za

3.14.5 MPhil (Filmmusiek)

Programkode

13294 - 889

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n HonsBMus, 'n vierjarige BMus of Nagraadse Diploma in Filmmusiek of enige ander kwalifikasie wat die Senaat as geskik en genoegsaam ag.
- Afhangende van jou studie-agtergrond en ervaring, mag aanvullende werk as voorvereiste gestel word.
- Aanvaarding van die navorsingsvoorstel is afhanklik van die suksesvolle voltooiing van Navorsingsmetodologie 414.
- Alhoewel basiese musiekkennis 'n voorvereiste vir toelating is, is dit vanweë die modulêre aard van aanbieding moontlik om jou te akkommodeer indien jy nie aan hierdie vereiste voldoen nie. Jou aansoek sal dan op grond van die Erkenning van Vorige Leer-beleid (EVL) oorweeg word.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **30 September** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program behels gevorderde teorie en praktyktoepassings op die gebied van filmmusiek.

Duur van Program

Die program strek oor een jaar.

Programinhoud

889:

Verpligte modules

32964 : Komposisie	874(90)
13296 : Tesis (Filmmusiek)	871(90)

Assessering en Eksaminering

Werkopdragte, wat uit praktiese en geskrewe komponente bestaan, word vereis. Daar word van eksterne assessering gebruik gemaak. Die tesis word volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer. Sien die regulasies uiteengesit in die afdeling vir nagraadse kwalifikasies in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek.

Navrae

Programleier: Dr G Roux

E-pos: groux@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/music

3.14.6 MPhil (Musiektegnologie)

Programkodes

50652 – 879(180)

50652 – 889(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- Die Nagraadse Diploma in Musiektegnologie of enige ander kwalifikasie wat die Senaat as geskik en genoegsaam geag.
- Afhangende van jou studie-agtergrond en ervaring, mag aanvullende werk as voorvereiste gestel word.
- Aanvaarding van die navorsingsvoorstel is afhanklik van die suksesvolle voltooiing van Navorsingsmetodologie 414.
- Alhoewel basiese musiekkennis 'n voorvereiste is vir toelating, is dit vanweë die modulêre aard van aanbieding moontlik om jou te akkommodeer indien jy nie aan hierdie vereiste voldoen nie.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **30 September** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program behels gevorderde tegniese- en navorsingsvaardighede op die gebied van musiektegnologie en multimedia. As 'n gekwalifiseerde persoon moet jy tegnologie sinvol en verantwoordelik kan toepas en ontwikkel.

Duur van Program

Die program strek oor een jaar.

Programinhoud

879:

Verpligte modules

12855 : Tesis (Musiektegnologie)	876(180)
----------------------------------	----------

889:

Verpligte modules

12855 : Tesis (Musiektegnologie)	871(90)
11901 : Vakgerigte Studies (Musiektegnologie)	872(90)

Assessering en Eksaminering

Praktiese en skriftelike werkopdragte, deurlopende assessering van projekte, groter projekte op 'n jaarlikse basis, en tesse. Vir die beoordeling van die werk sal interne en eksterne eksaminering gebruik word.

Navrae

Programleier: Dr G Roux

E-pos: groux@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/music

3.14.7 PhD (Musiek)

Programkode

16446 – 978(360)

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n M-graad of aanvaarbare ekwivalente kwalifikasie wat die Senaat vir die doel goedgekeur het, waarin bewys gelewer is van gevorderde, selfstandige, kreatiewe vermoëns en/of navorsingsvaardigheid.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar. Besonderhede oor die selekteringsproses kan by die Departement verkry word.

Programstruktuur

Doktorsgrade in die kunste is navorsingsgrade wat uitloop op 'n proefskrif. Die studie as geheel kan bestaan uit teoretiese werk of dit kan die vorm aanneem van 'n geïntegreerde studie van kreatiewe prosesse en teoretiese werk wat in die proefskrif gerapporteer word. Die unieke aard van die integreerde opsie setel in die samehang en interafhanklikheid van die kreatiewe prosesse en teoretiese dimensies van die navorsing wat lei tot 'n oorspronklike bydrae tot die kennis van en insigte in die kunste. Al die materiaal wat vir die proefskrif aangebied word, ingeslote die kreatiewe werk, moet in 'n formaat wees wat geargiveer kan word en dus beskikbaar sal wees vir ander gebruikers.

Duur van Program

Die minimum tydperk van inskrywing is twee jaar.

Programinhoud

Verpligte module

16446 : Musiek	978(360)
----------------	----------

Assessering en Eksaminering

Proefskrif, mondelinge en, waar van toepassing, praktiese eksamen(s). Die proefskrif word geëksamineer volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch vir gevorderde nagraadse kwalifikasies. Al die materiaal wat vir die proefskrif aangebied word, ingeslote die kreatiewe werk waar van toepassing, word as een geheel geassesseer deur die eksaminatore wat in terme van die normale prosesse van die Universiteit aangestel is. Besonderhede oor die eksamineringsproses kan by die Departement verkry word.

Navrae

Programleier: Prof M Nell
Tel: 021 808 2375 E-pos: postgradmusic@sun.ac.za

3.15 Departement Politieke Wetenskap

3.15.1 HonsBA (Internasionale Studie)

Programkode

50148 – 778(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad met Politieke Wetenskap of Internasionale Studie as 'n hoofvak.
- 'n Gemiddelde finale punt van 68% vir Politieke Wetenskap of Internasionale Studie of 'n genoemde verwante dissipline op derdejaarsvlak is 'n minimumvereiste.

Let wel:

Die Departement behou die reg voor om die beste aansoekers te kies op grond van akademiese meriete. 'n Punt van 68% impliseer nie outomatiese toelating tot die program nie.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen 31 Augustus van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program behels die intensiewe studie van 'n aantal geselekteerde fokusareas in Internasionale Betrekkinge en Internasionale Politieke Ekonomie. Dit is gemik op besluitnemers en ontleders wat 'n deeglike begrip wil verwerf oor die dinamika van die wêreld- politieke ekonomie en hoe Suid-Afrika daarbinne funksioneer. Die program dien ook as voorbereiding vir die MA (Internasionale Studie). Die uitkomst en gedetailleerde beskrywing van die program is beskikbaar op die Departement se webwerf en in ons nagraadse brosjures.

Die program word aangebied in 6 lesings en 3 seminare per week.

Duur van Program

Die program strek oor een jaar.

Programinhoud

Verpligte modules

12973 : Navorsingsmetodologie	772(15)
13880 : Kwantitatiewe Navorsingsvaardighede (SPSS)	742(15)
14039 : Geselekteerde Temas (Internasionale Studie)	771(60)
12857 : Navorsingswerkstuk (Internasionale Studie)	771(30)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Dr C Steenekamp

Tel: 021 808 2115 E-pos: cindylee@sun.ac.za

Webadres: <https://polsci.sun.ac.za/postgraduate>

3.15.2 HonsBA (Politieke Wetenskap)

Programkode

44687 – 778(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad met Politieke Wetenskap as 'n hoofvak.
- 'n Gemiddelde finale punt van 68% vir Politieke Wetenskap op derdejaarsvlak is 'n minimumvereiste.

Let wel:

Die Departement behou die reg voor om die beste aansoekers te kies op grond van akademiese meriete. 'n Punt van 68% impliseer nie outomatiese toelating tot die program nie.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program behels die intensiewe studie van 'n aantal geselekteerde fokusareas in Politieke Wetenskap. Dit is gemik op besluitnemers en ontleders wat 'n deeglike begrip benodig van die politieke prosesse en gedrag binne die Suid-Afrikaanse samelewing. Die uitkomst van die program is beskikbaar op die Departement se webwerf en in ons nagraadse brosjures.

Duur van Program

Die program strek oor een jaar.

Programinhoud

Verpligte modules

10180 : Geselekteerde Temas (Politieke Wetenskap)	772(60)
10178 : Navorsingsmetodologie (Politieke Wetenskap)	772(15)
12856 : Navorsingswerkstuk (Politieke Wetenskap)	772(30)
13880 : Kwantitatiewe Navorsingsvaardighede (SPSS)	742(15)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Dr C Steenekamp
 Tel: 021 808 2115 E-pos: cindylee@sun.ac.za
 Webadres: <https://polsci.sun.ac.za/postgraduate>

3.15.3 MA (Internasionale Studie)

Let wel: Hierdie program word nie noodwendig elke jaar aangebied nie.

Programkode

50148 – 889(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Honneursgraad of gelykwaardige kwalifikasie, soos deur die Senaat goedgekeur, in Politieke Wetenskap of Internasionale Studie of 'n verwante vak.
- 'n Gemiddelde slaagpunt van 65% in die finale jaar van die graad of diploma wat registrasie voorafgaan is 'n minimumvereiste.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program fokus op die interafhanklikheidsdinamika, rolspelers en strukture van die teenswoordige globale politieke ekonomie. Dit is gemik op besluitnemers in die openbare en privaatsektore wat gekonfronteer word deur, en strategieë moet ontwikkel binne 'n wêreld wat onderwerp is aan die dinamika van politieke, ekonomiese en tegnologiese globalisering. Die uitkomst van die program is beskikbaar op die Departement se webwerf en in ons nagraadse brosjures.

Programinhoud

Verpligte modules

10181 : Geselekteerde Temas (Internasionale Studie)	871(60)
12864 : Tesis (Internasionale Studie)	872(120)

Assessering en Eksaminering

Assessering vir module 871 word gedoen soos verduidelik in die moduleraamwerk.

Die tesis word geëksamineer volgens die Universiteit Stellenbosch se bepalings vir eksaminering van magistertesisse soos uiteengesit in die afdeling oor nagraadse kwalifikasies in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek.

Navrae

Programleier: Prof J van der Westhuizen
 Tel: 021 808 2502 E-pos: jvdw2@sun.ac.za
 Webadres: <https://polsci.sun.ac.za/postgraduate>

3.15.4 MA (Politieke Wetenskap)

Hierdie program word nie noodwendig elke jaar aangebied nie.

Programkodes

44687 – 879(180)

44687 – 889(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Honneursgraad in Politieke Wetenskap of gelykwaardige kwalifikasie soos deur die Senaat goedgekeur.
- 'n Gemiddelde finale punt van 65%.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die algemene doelstelling van hierdie program is om 'n grondige begrip van politieke gebeure, prosesse en tendense gebaseer op metodologies verantwoordbare en teoreties ingeligte empiriese navorsing by jou te ontwikkel. Verder beoog die program om jou as navorser op te lei sodat jy vakkundige bydraes tot die dissipline van Politieke Wetenskap kan lewer.

Programinhoud

879:

Verpligte module

12863 : Tesis (Politieke Wetenskap)	871(180)
-------------------------------------	----------

889:

Verpligte modules

10180 : Geselekteerde Temas (Politieke Wetenskap)	871(60)
12863 : Tesis (Politieke Wetenskap)	872(120)

Assessering en Eksaminering

Assessering van module 871 word module gedoen soos verduidelik in die moduleraamwerk. Die 120-krediet- en 180-krediettesis word geëksamineer volgens die Universiteit se bepalings vir eksaminering van magistertesis soos uiteengesit in die afdeling oor nagraadse kwalifikasies in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek.

Navrae

Programleier: Prof J van der Westhuizen

Tel: 021 808 2502 E-pos: jvdw2@sun.ac.za

Webadres: <https://polsci.sun.ac.za/postgraduate>

3.15.5 PhD (Politieke Wetenskap)

Programkode

44687 – 978(360)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n M-graad, of ekwivalent, in Politieke Wetenskap, Internasionale Studie of 'n verwante dissipline, met gevorderde opleiding in Navorsingsmetodologie.
- Indien jy 'n M-graad het, maar nie 'n navorsingsmetodologie-kursus op honneursvlak geslaag het nie, moet jy 'n nagraadse kursus in sosiaalwetenskaplike navorsingsmetodes aan die Universiteit Stellenbosch volg.
- Die Departement kan vereis dat jy addisionele nagraadse modules volg.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Jy skryf 'n proefskrif, onder studieleiding, oor 'n geselekteerde onderwerp in Politieke Wetenskap of Internasionale Studie. Die doel van die program is om jou te bekwaam om 'n diepte-begrip van politieke gebeure, prosesse en tendense te verwerf, gebaseer op metodologies verdedigbare en teoreties gefundeerde navorsing.

Programinhoud

Verpligte module

44687 : Politieke Wetenskap	978(360)
-----------------------------	----------

Assessering en Eksaminering

'n Proefskrif wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word. Jy moet ook 'n mondelinge eksamen aflê. Raadpleeg die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), oor doktrale studie.

Navrae

Programleier: Prof N de Jager

Tel: 021 808 2107 E-pos: ndejager@sun.ac.za

Webadres: <https://polsci.sun.ac.za/postgraduate>

3.16 Departement Sielkunde

3.16.1 Nagraadse Diploma in Openbare Geestesgesondheid

Programkode

12194 – 788(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n B-graad of gevorderde diploma in gesondheid of ontwikkeling (bv. arbeidsterapie, geneeskunde, verpleegkunde, maatskaplike werk, sielkunde of verwante veld) op NKR-vlak 7.
- Voldoende Engelse taal- en skryfvaardigheid vir nagraadse akademiese studie.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Hierdie program word nie noodwendig elke jaar aangebied nie. Kontak asseblief die programleier.

Programstruktuur

Dit is 'n nagraadse diploma wat kursuswerk en praktiese werkstukke insluit.

Die program fokus op die ontwikkeling van leierskap en kapasiteit in Openbare Geestesgesondheid. 'n Doelstelling is ook om basiese navorsingsvaardighede te ontwikkel, veral ten opsigte van die vermoë om navorsingsresultate te interpreteer en te gebruik vir die ontwikkeling van dienste.

Die program is ontwerp om relevant en toeganklik te wees vir professionele persone wat voltyds werksaam is in die gesondheid- en ontwikkelingssektore.

Duur van Program

Die program kan normaalweg oor een jaar of oor twee jaar voltooi word. Slegs die eenjarige opsie word tans aangebied. Navrae in hierdie verband kan aan die programleier gerig word.

Aanbieding

Die program word in hibridiese modus aangebied. Dit stel studente in staat om te leer deur middel van langer tydperke asinchroniese aanlyn leer, asook intydse aanlyn interaksie en blokke kontak op kampus.

Programinhoud

Die program vereis die voltooiing van vier verpligte modules wat elkeen praktiese werkstukke sal insluit wat verband hou met die voortgesette werk waarmee jy in jou werksomgewing besig is.

Verpligte modules vir eenjaar-registrasie

12196 : Geestesgesondheid-epidemiologie	771(30)
12193 : Navorsingsmetodologie vir Openbare Geestesgesondheid	771(30)
12199 : Inleiding tot Openbare Geestesgesondheid	771(30)
12198 : Intervensies vir Geestesgesondheid	771(30)

Verpligte modules vir tweejaar-registrasie (word nie tans aangebied nie)

Jaar 1

12199 : Inleiding tot Openbare Geestesgesondheid	771(30)
12193 : Navorsingsmetodologie vir Openbare Geestesgesondheid	771(30)

Jaar 2

12196 : Geestesgesondheid-epidemiologie	771(30)
12198 : Intervensies vir Geestesgesondheid	771(30)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Prof SA Kagee

Tel: 021 808 3442 E-pos: skagee@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/psychology/Pages/default.aspx

3.16.2 HonsBA (Sielkunde)

Programkode

18414 – 778(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad met Sielkunde as hoofvak.
- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 65% vir die hoofvak Sielkunde in die derde jaar sowel as 'n gemiddeld van 65% vir Sielkunde oor al drie jare. 'n Hoër finale punt kan egter as afsnypunt vir toelating tot die program in 'n gegewe jaar geld, afhangende van die getal en prestasiepeil van die aansoekers.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Julie** van die voorafgaande jaar.

Toelating tot die program is afhanklik van keuring op grond van akademiese prestasie wat jaarliks aan die einde van November plaasvind. Besonderhede oor keuring is beskikbaar by www.sun.ac.za/psychology.

Programstruktuur

Hierdie program behels gevorderde kennis van menslike gedrag, intrapsigies sowel as interpersoonlik, normaal sowel as abnormaal, individueel sowel as in groepsverband, en die toepassing daarvan in die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing, spesifiek om bepaalde psigososiale vraagstukke te verstaan en intervensie- en voorkomende strategieë daarvoor te ontwikkel. Die program fokus ook op die ontwikkeling van krities-analitiese en probleemoplossende denkvaardighede en sosiaal-wetenskaplike navorsingskennis en -vaardighede.

Let asseblief daarop dat die Honneursprogram by die Universiteit Stellenbosch 'n akademiese program is. Dit is nie ontwerp om aan die vereistes van die Professionele Raad vir Sielkunde te voldoen vir registrasie as 'n berader (*counsellor*) of 'n psigometris, of om toelating te gee tot 'n internskap in voorgenoemde rigtings nie. Professionele opleiding in Sielkunde word in hierdie departement net op meestersvlak aangebied.

Op grond van die kredietwaardes van die onderstaande modules (wat in hakies na elke module aangedui word), word 'n keuse van modules gemaak tot 'n totale minimum kredietwaarde van 120 krediete vir die program.

Duur van Program

Die honneursprogram in Sielkunde word voltyds oor een jaar aangebied. Lesings begin in die eerste week van Februarie en volg die voorgraadse kwartaalindeling.

Programinhoud

Afhangende van die beskikbaarheid van dosente kan van die modules nie elke jaar aangebied word nie. Vir sekere modules kan daar moontlik 'n beperking wees op die getal studente wat daartoe toegelaat word. Indien die aanvraag op 'n spesifieke module in 'n spesifieke jaar te klein is, kan daardie module ook in daardie jaar nie aangebied word nie.

Verpligte modules

10042 : Navorsingsmetodologie (Sielkunde)	771(25)
10206 : Navorsingswerkstuk (Sielkunde)	772(30)

plus

Keusemodules

Kies **vyf** van die onderstaande modules.

10218 : Alkoholmisbruik in die Suid-Afrikaanse Konteks	746(13)
10210 : Beroepsielkunde	712(13)
12191 : Brein en Gedrag	711(13)
10212 : Gemeenskapsielkunde	714(13)

10211 : Gesinsielkunde	715(13)
11854 : Hedendaagse Kwessies in Sielkunde	711(13)
11558 : Interpersoonlike Verhoudings	711(13)
10213 : Kindersielkunde	716(13)
10214 : Kognitiewe Sielkunde	743(13)
10209 : Psigometrie	741(13)
10208 : Psigopatologie	742(13)
10207 : Psigoterapie	711(13)
11855 : Sielkunde Gesondheid en Gestremdheid	741(13)
10216 : Sielkundige Ontwikkeling van Vroue	744(13)
18996 : Sosiale Sielkunde	745(13)
42935 : Sportsielkunde	711(13)
11853 : Toegepaste Gemeenskapsielkunde	754(13)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Dr AM Lesch

Tel: 021 808 3456 E-pos: alesch@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/psychology/Pages/default.aspx

3.16.3 MA (Kliniese Sielkunde)

Programkode

24813 – 899(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Honneursgraad in Sielkunde of ekwivalente kwalifikasie wat die Senaat as voldoende vir toelating tot die program beskou, voltooi met 'n minimum finale punt van 65%.
- Vaardigheid in ten minste twee amptelike tale.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen 30 Mei van die voorafgaande jaar. Toelating is afhanklik van keuring wat in Augustus van die voorafgaande jaar plaasvind. Aansoekvorms sowel as inligting oor die keuringsproses is op die webtuiste van die Departement Sielkunde beskikbaar by www.sun.ac.za/sielkunde.

Programstruktuur

Die program fokus op die identifisering van psigopatologie by kinders en volwassenes en op die psigoterapeutiese behandeling daarvan, sowel as op die ontwikkeling, toepassing en evaluering van voorkomende en remediërende programme. Die teoriegedeelte van die program word in Engels aangebied en omvat verskillende modules wat die terreine van die Kliniese Sielkunde dek. Die praktiese komponent behels dat jy betrokke is by die diagnostiese assessering en psigoterapeutiese behandeling van volwassenes, kinders en gesinne asook individuele gemeenskapsprojekte uitvoer. Jy moet deurlopend tydens die jaar (ongeveer 15 tot 20 uur per week) onder toesig betrokke wees by die Welgevallen Gemeenskapsielkunde Kliniek, gemeenskapsklinieke en binne departementele gemeenskapsprojekte. 'n Werkstuk, gebaseer op selfstandige navorsing onder toesig van 'n studieleier, moet ook voltooi word.

Die program voldoen aan die Beroepsraad vir Sielkunde se vereistes vir die professionele opleiding van kliniese sielkundiges en is as sodanig by die Beroepsraad geakkrediteer. Vir registrasie as kliniese sielkundige vereis die Beroepsraad vir Sielkunde:

1. die suksesvolle voltooiing van die eksamen en die praktiese werk;
2. 'n voltydse internskap van 12 maande, wat by die Beroepsraad geakkrediteer is;
3. 12 maande gemeenskapsdiens; en
4. die suksesvolle voltooiing van die Beroepsraad se eksamen vir sielkundiges.

Registrasie by die Beroepsraad as kliniese sielkundige word bepaal deur die voltooiing van 'n kliniese geakkrediteerde internskap. Besonderhede oor internskappe en gemeenskapsdiens is by die programleier verkrygbaar.

Duur van Program

Die program word voltyds aangebied en strek oor een jaar.

Programinhoud

Verpligte modules

13881 : Sielkundige Assessering	875(50)
13882 : Sielkundige Intervensies	875(40)
11561 : Professionele Ontwikkeling	875(30)
13883 : Werkstuk (Kliniese Sielkunde)	875(60)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Prof E Lesch

Tel: 021 808 345 E-pos: el5@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/psychology/Pages/default.aspx

3.16.4 MA (Sielkunde)

Programkode

18414 – 879(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Honneursgraad in Sielkunde of 'n verwante kwalifikasie, wat die Senaat as voldoende vir toelating tot die program beskou.
- Aansoeke moet vergesel wees van 'n kort, voorlopige navorsingsvoorstel.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Hierdie program fokus op die verwerwing en verbreding van kennis op 'n bepaalde gebied van die Sielkunde sowel as op die ontwikkeling van jou navorsingsvaardighede, spesifiek met betrekking tot die beplanning en uitvoer van navorsing en die verslagdoening oor die resultate daarvan. Jy moet ook na afhandeling van die tesis, in samewerking met die studieleier, 'n artikel voorberei wat op die navorsing gebaseer is.

Duur van Program

Die program strek oor 'n minimum tydperk van een jaar.

Programinhoud

Verpligte module

12881 : Tesis (Sielkunde)	871(180)
---------------------------	----------

Assessering en Eksaminering

Die tesis word geëksamineer volgens die Universiteit Stellenbosch se bepalings vir die eksaminering van magistertesisse soos uiteengesit in die afdeling oor nagraadse kwalifikasies in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek.

Navrae

Programleier: Dr C Pretorius

Tel: 021 808 3453 E-pos: chrismapretorius@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/psychology/Pages/default.aspx

3.16.5 MPhil (Openbare Geestesgesondheid)

Let wel: Hierdie program word slegs aangebied indien daar genoeg inskrywings ontvang word.

Programkode

12194 – 879(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Honneursgraad of Nagraadse Diploma in Openbare Geestesgesondheid of verwante dissipline op NKR-vlak 8.
- Jy moet ook:
 - werksondervinding van ten minste drie jaar hê in geestesgesondheid, gesondheid of ontwikkelingsverwante gebied; en
 - werksaam wees in 'n bestuurs- of leierskapsposisie, of oor die kapasiteit beskik vir sodanige posisies; en
 - bewys lewer van bekwaamheid ten opsigte van Engelse taal- en skryfvaardigheid wat vereis word vir nagraadse akademiese studie.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar. Besoek die volgende webblad vir meer besonderhede: www.cpmh.org.za/teaching/mphil-public-mental-health/.

Programstruktuur

Hierdie navorsingsprogram fokus op die verwerwing en uitbreiding van gespesialiseerde kennis in 'n spesifieke area van Openbare Geestesgesondheid. 'n Doelstelling is ook om navorsingsvaardighede te ontwikkel, veral ten opsigte van die beplanning en uitvoer van navorsing, sowel as die rapportering van resultate. Die program is ontwerp om relevant en toeganklik te wees vir professionele persone wat voltydswerksaam is in die gesondheid- en ontwikkelingssektore.

Die program vereis die skryf van 'n tesis van ten minste 20 000 woorde in 'n spesifieke openbare geestesgesondheidsgebied, soos vereis. Die tesis mag voorgelê word in 'n monograaf- of publikasieformaat. Die tesis moet verband hou met die voortgesette werk waarmee jy in jou werksomgewing besig is. Jy moet addisionele kursuswerk doen ter ondersteuning van die ontwikkeling van 'n navorsingsvoorstel.

Duur van Program

Hierdie program strek oor 'n minimum tydperk van een jaar.

Programinhoud

Verpligte modules

12192 : Tesis (Openbare Geestesgesondheid)	872(180)
--	----------

Assessering en Eksaminering

Die tesis word geëksamineer volgens die Universiteit Stellenbosch se bepalings vir die eksaminering van magistratesisse soos uiteengesit in die afdeling oor nagraadse kwalifikasies in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek.

Navrae

Programleier: Prof SA Kagee

Tel: 021 808 3442 E-pos: skagee@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/psychology/Pages/default.aspx

3.16.6 PhD (Sielkunde)

Programkode

18414 – 978(360)

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n Magistergraad in Sielkunde of 'n soortgelyke kwalifikasie wat aanvaarbaar is volgens die regulasies van die Universiteit.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die doktrale program in Sielkunde fokus op die verbreding van kennis op 'n bepaalde terrein van die Sielkunde.

Duur van Program

Die program strek oor 'n minimum periode van twee jaar.

Programinhoud

Verpligte module

18414 : Sielkunde	978(360)
-------------------	----------

Assessering en Eksaminering

'n Proefskrif wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word. Jy moet ook 'n mondelinge eksamen aflê. Raadpleeg die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), oor doktrale studie.

Navrae

Programleier: Prof LP Swartz

Tel: 021 808 3450 E-pos: lswartz@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/psychology/Pages/default.aspx

3.17 Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie

3.17.1 Nagraadse Diploma in Sosiaalwetenskaplike Metodes

Let wel: Hierdie program word nie noodwendig elke jaar aangebied nie.

Programkode

50156 – 788(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad in die breë veld van die sosiale wetenskappe.
- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 65% in die hoofvakke met gedemonstreerde akademiese vermoë.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **30 September** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program fokus op die metodologiese inhoude van sosiaalwetenskaplike navorsing, asook op bepaalde toepassing en navorsingsvaardighede. Jy voltooi 'n totaal van agt modules – twee verpligte en ses wat uit die beskikbare keusemodules gekies moet word.

Duur van Program

Die program strek oor een jaar. Lesings begin in Februarie.

Programinhoud

Verpligte modules

10264 : Beginsels van Navorsingsontwerp	713(15)
13646 : Sosiale Navorsing en Sosiale Epistemologie	711(15)

plus

Keusemodules

Kies **ses** van die onderstaande modules. Die Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie behou die reg voor om nie al die keusemodules in 'n spesifieke kalenderjaar aan te bied nie.

10266 : Basiese Statistiese Ontleding	713(15)
58874 : Capita Selecta	741(15)
10268 : Databestuur en Data-ontleding met SPSS*	713(15)
12578 : Gevallestudie-metodologie	741(15)
10271 : Kwalitatiewe Data-ontleding	743(15)
10271 : Kwalitatiewe Data-ontleding	744(15)
10269 : Kwalitatiewe Navorsingsmetodes	741(15)
10270 : Metodes van Onderhoudvoering	742(15)
10265 : Opname-metodologie	771(15)
10274 : Politiek en Etiek van Sosiale Navorsing	743(15)
10267 : Programevaluasie	714(15)
10267 : Programevaluasie (Ontwerp)	715(15)

* SPSS = Statistical Package for the Social Sciences

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Mnr J Vorster

Tel: 021 808 2417 E-pos: jhv3@sun.ac.za

Webadres: www0.sun.ac.za/sociology

3.17.2 Nagraadse Diploma in Transdissiplinêre Gesondheids- en Ontwikkelingstudie

Let wel: Hierdie program word nie noodwendig elke jaar aangebied nie.

Programkode

13135 – 788(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureus- of ekwivalente graad in 'n relevante dissipline soos sosiale wetenskappe, gesondheidswetenskappe en -ontwikkeling op NKR-vlak 7.
- 'n Gemiddelde finale punt van ten minste 65% in die relevante vakke, met bewese akademiese vermoë.
- Jy moet ook bewys lewer van genoegsame taal- en skryfvaardighede in Engels vir nagraadse akademiese studie.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente
 - Doen aansoek teen **30 September** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program is bedoel om ruimte aan 'n diverse groep studente te bied om teoretiese en metodologiese vaardighede te ontwikkel wat nodig is om die komplekse sosiale en politieke uitdagings van gesondheid en ontwikkeling in Afrika aan te pak. Die Nagraadse Diploma voorsien 'n sterk konseptuele grondslag vir teoreties- en metodologies-gebaseerde toegepaste werk in die veld van gesondheid en ontwikkeling en berei jou vir professionele of verdere akademiese studie voor.

Hierdie program word in die Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie gehuisves, in samewerking met die Departement van Interdissiplinêre Gesondheidswetenskappe, Afdeling Gemeenskapsgesondheid, in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. Die doel van die program is om jou kapasiteit te ontwikkel om ondersoek in te stel na en krities na te dink oor 'n reeks vrae wat oor 'n breë basis met gesondheid en ontwikkeling te make het.

Die program sal benewens 'n aantal kernmodules ook metodologiese en tematiese keusemodules bevat. 'n Akademiese adviseur sal aan jou toegewys word. Hierdie adviseur sal seker maak dat die programkeuses by jou spesifieke behoeftes en belangstellings pas.

Let wel: Indien jy die program oor langer as 'n jaar wil volg, kan jy, in konsultasie met die programleier, vir die modules inskryf wat jy in 'n bepaalde jaar wil volg.

Duur van Program

Hierdie program strek oor een jaar. Lesings begin in Februarie.

Programinhoud

Buiten die verpligte modules, moet jy twee tema-keusemodules en twee metodes-keusemodules uit die onderstaande lys kies. Die Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie behou die reg voor om nie al die keusemodules in 'n spesifieke kalenderjaar aan te bied nie.

Verpligte modules

13189 : Geskiedenis, Politiek en Etiek van Gesondheid en Ontwikkeling in Afrika	771(30)
13187 : Kritiese Teorie vir Transdissiplinêre Navorsing in Gesondheid en Ontwikkeling	771(30)

plus

Metodes-keusemodules

Kies **twee** van die onderstaande modules.

13141 : Capita Selecta (Metodes)	771(15)
13139 : Etnografiese Navorsingsmetodes	771(15)
13138 : Kwantitatiewe Data-ontleding met SPSS*	771(15)
13140 : Kwalitatiewe Onderhoudvoering-metodes en Data-ontleding	771(15)
10265 : Opname-metodologie	771(15)

* SPSS = Statistical Package for the Social Sciences

plus

Tema-keusemodules

Kies **twee** van die onderstaande modules.

13146 : Capita Selecta (Onderwerpe)	771(15)
13142 : Gemeenskapsontwikkeling	771(15)
13143 : Gender, Jeug en Kinderjare	771(15)
13190 : Gender, Ras en Gesondheid in die Moderne Afrika-geskiedenis	771(15)
13144 : Regering en Burgerskap	771(15)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Dr E Prah

Tel: 021 808 2479 E-pos: eprah@sun.ac.za

Webwerf: www0.sun.ac.za/sociology

3.17.3 HonsBA (Sosiale Antropologie)

Programkode

54186 – 778(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad met Sosiologie of Sosiale Antropologie as hoofvak.
- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 65% in die hoofvakke, met gedemonstreerde akademiese vermoë.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die honneursprogram fokus op die teoretiese en metodologiese inhoude van Sosiale Antropologie, asook op bepaalde toepassingsgebiede en navorsingsvaardighede.

Duur van Program

Die program strek oor een jaar. Lesings begin in Februarie.

Programinhoud

Verpligte modules

10232 : Geselekteerde Temas	741(30)
10238 : Sosiaal Antropologiese Navorsing	714(30)
10237 : Sosiaal Antropologiese Teorie	713(30)
10489 : Werkstuk (Sosiale Antropologie)	771(30)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Dr I van Wyk

Tel: 021 808 2420 E-pos: ilanavw@sun.ac.za

Webadres: www0.sun.ac.za/sociology

3.17.4 HonsBA (Sosiologie)

Programkode

19003 – 778(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad met Sosiologie of Sosiale Antropologie as hoofvak.
- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 65% in die hoofvakke, met gedemonstreerde akademiese vermoë, word vereis.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die Honneursprogram fokus op die teoretiese en metodologiese inhoude van Sosiologie, asook op bepaalde toepassingsgebiede en navorsingsvaardighede.

Duur van Program

Die program strek oor een jaar. Lesings begin in Februarie.

Programinhoud

Verpligte modules

10232 : Geselekteerde Temas	741(30)
10236 : Sosiologiese Navorsing	712(30)
10234 : Sosiologiese Teorie	711(30)
10233 : Werkstuk (Sosiologie)	771(30)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Dr K Fakier

Tel: 021 808 2420 E-pos: kfakier@sun.ac.za

Webadres: www0.sun.ac.za/sociology

3.17.5 MA (Sosiaalwetenskaplike Metodes)

Programkode

50156 – 879(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Nagraadse Diploma in Sosiaalwetenskaplike Metodes of 'n Honneursgraad in Sosiologie of Sosiale Antropologie of 'n ekwivalente kwalifikasie op NKR-vlak 8.
- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 65% met gedemonstreerde akademiese vermoë.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program fokus op die ontwikkeling van kritiese denke asook teoretiese, konseptuele en navorsingsbekwaamheid in 'n gespesialiseerde studiegebied van sosiaalwetenskaplike navorsing soos wetenskapsfilosofie, navorsingsetiek, wetenskapsosiologie en navorsingsbestuur en/of met 'n sterk metodologiese komponent.

Jy verwerf die meestersgraad met die voltooiing van 'n 180-krediet-tesis.

Programinhoud

Verpligte module

12878 : Tesis (Sosiaalwetenskaplike Metodes)	871(180)
--	----------

Assessering en Eksaminering

Die tesis word geëksamineer volgens die Universiteit Stellenbosch se bepalings vir die eksaminering van magistertesisse soos uiteengesit in die afdeling oor nagraadse kwalifikasies in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek.

Navrae

Programleier: Mnr J Vorster

Tel: 021 808 2417 E-pos: jhv3@sun.ac.za

Webwerf: www0.sun.ac.za/sociology

3.17.6 MA (Sosiale Antropologie)

Programkode

54186 – 879(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Honneursgraad in Sosiologie of Sosiale Antropologie of 'n ekwivalente kwalifikasie op NKR-vlak 8.
- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 65% met gedemonstreerde akademiese vermoë.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program fokus op die ontwikkeling van kritiese denke, asook teoretiese, konseptuele en navorsingsbekwaamheid in 'n gespesialiseerde studiegebied. Jy kies jou spesialisingsgebied in oorleg met die Departement. Die program bestaan uit die skryf van 'n tesis wat die resultate van onafhanklike navorsing oor 'n navorsingsprobleem bevat. Jy moet addisionele kursuswerk ter ondersteuning van die ontwikkeling van 'n navorsingsvoorstel doen.

Programinhoud

Verpligte module

12867 : Tesis (Sosiale Antropologie)	871(180)
--------------------------------------	----------

Assessering en Eksaminering

Die tesis word geëksamineer volgens die Universiteit Stellenbosch se bepalings vir die eksaminering van magistertesisse soos uiteengesit in die afdeling oor nagraadse kwalifikasies in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek.

Navrae

Programleier: Prof S Robins
 Tel: 021 808 2417 E-pos: slr@sun.ac.za
 Webadres: www0.sun.ac.za/sociology

3.17.7 MA (Sosiologie)

Programkode

19003 – 879(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Honneursgraad in Sosiologie of Sosiale Antropologie of 'n ekwivalente kwalifikasie op NKR-vlak 8 wat die Senaat as voldoende vir toelating tot die program beskou.
- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 65% met gedemonstreerde akademiese vermoë.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program fokus op die ontwikkeling van kritiese denke, asook die teoretiese, konseptuele en navorsingsbekwaamheid in 'n gespesialiseerde studiegebied. Jy kies jou spesialisingsgebied in oorleg met die Departement. Die program bestaan uit die skryf van 'n tesis wat die resultate van onafhanklike navorsing oor 'n navorsingsprobleem bevat. Jy moet addisionele kursuswerk ter ondersteuning van die ontwikkeling van 'n navorsingsvoorstel doen.

Programinhoud

Verpligte module

12865 : Tesis (Sosiologie)	871(180)
----------------------------	----------

Assessering en Eksaminering

Die tesis word geëksamineer volgens die Universiteit Stellenbosch se bepalings vir die eksaminering van magistertesisse soos uiteengesit in die afdeling oor nagraadse kwalifikasies in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek.

Navrae

Programleier: Prof D Francis
 Tel: 021 808 2417 E-pos: dafrancis@sun.ac.za
 Webadres: www0.sun.ac.za/sociology

3.17.8 MA (Openbare Sosiologie en Antropologie)

Programkode

13690 – 889(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Honneursgraad in Sosiologie of Sosiale Antropologie of 'n ekwivalente kwalifikasie op NKR-vlak 8 wat die Senaat as voldoende vir toelating tot die program beskou.
- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 65% met gedemonstreerde akademiese vermoë.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Hierdie program fokus op die verkryging en die verbreding van kennis oor 'n spesifieke area van Sosiologie of Sosiale Antropologie. Dit poog ook om jou vermoë om krities te dink oor sosiale kwessies wat betrekking het op transformasie in (Suid-) Afrika te ontwikkel en om die nuutverkreë kennis en vaardighede op sosiale probleme toe te pas. Die program sluit 'n toegepaste praktiese komponent in.

Die program bestaan uit vier modules: Jy sal 'n goeie fundering in Sosiale Teorie ontvang en 'n module in Navorsingsontwerp en Etiek volg wat die grondslag vir jou tesis sal verskaf. Jy sal ook 'n module in Kritiese Transformasiestudie volg waarin jy 'n onderwerp kies wat die beste met jou tesis verband hou. Jy kies tussen 'n tesis in Openbare Sosiologie en Openbare Antropologie. 'n Internskapprogram van 'n minimum van vyf weke word aan jou tesis gekoppel. Jy werk van die begin af aan jou tesis in oorleg met jou studieleier. Jou tesiswerk is gelyklopend met die modules wat gestruktureer is om die ontwikkeling van jou navorsingsvoorstel, navorsing en die skryf van jou tesis te ondersteun.

Programinhoud

13634 : Sosiale Teorie	871(30)
13635 : Navorsingsontwerp en Etiek	871(30)
13636 : Kritiese Transformasiestudie	871(30)
13637 : Tesis (Openbare Sosiologie)	871(90)
OF	
13638 : Tesis (Openbare Antropologie)	871(90)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk. Die tesis word geëksamineer ooreenkomstig die Universiteit se bepalings vir die eksaminering van magistertesisse soos uiteengesit in die afdeling oor nagraadse kwalifikasies in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek.

Navrae

Programleier: Prof L Heinecken
 Tel: 021 808 2417 E-pos: lindy@sun.ac.za
 Webadres: www0.sun.ac.za/sociology

3.17.9 MPhil (Transdissiplinêre Gesondheids- en Ontwikkelingstudie)

Programkodes

13135 – 879(180)

13135 – 899(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

Voltesis-opsie (879):

- 'n Nagraadse Diploma in Transdissiplinêre Gesondheids- en Ontwikkelingstudies, 'n verwante sosiaal-wetenskaplike honneursgraad of 'n kwalifikasie in die gesondheidswetenskappe met bewese ervaring in sosiaal-wetenskaplike navorsing op NKR-vlak 8.
- 'n Gemiddelde finale punt van ten minste 65% in die relevante vakke, en met bewese akademiese vermoë.
- Jy moet ook bewys lewer van genoegsame taal- en skryfvaardighede in Engels vir nagraadse akademiese studie.

Kursuswerk-opsie (899):

- 'n Nagraadse Diploma of Honneursgraad op NKR-vlak 8 in 'n alternatiewe veld.
- 'n Gemiddelde finale punt van ten minste 65% in die relevante vakke en met bewese akademiese vermoë of met ekwivalente professionele ervaring.
- Jy moet ook bewys lewer van genoegsame taal- en skryfvaardighede in Engels vir nagraadse akademiese studie.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Voltesis-opsie:

- Suid-Afrikaanse studente
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente
 - Doen aansoek teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar.

Kursuswerk-opsie:

- Suid-Afrikaanse studente
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program is bedoel om ruimte aan 'n diverse groep studente te bied om die komplekse sosiale en politieke uitdagings van gesondheid en ontwikkeling in Afrika deur teoretiese ingeligte en metodologies deeglike sosiale navorsing aan te pak.

Die bepaalde opsie waarvoor jy in hierdie MPhil-program kan registreer, is afhanklik van jou opleiding.

Die eerste opsie (879) vereis die skryf van 'n tesis wat die resultate van onafhanklike navorsing oor 'n navorsingsprobleem bevat. Jy moet addisionele kursuswerk doen wat die ontwikkeling van 'n navorsingsvoorstel ondersteun. Sodra die voorstelle deur die programkomitee goedgekeur is, begin jy met navorsing, analise en skryf.

Die tweede opsie (899) vereis die voltooiing van vier modules en 'n navorsingsopdrag.

Let wel: Indien jy die program oor 'n tydperk van meer as 'n jaar wil volg, kan jy, in konsultasie met die programleier, vir die modules inskryf wat jy in 'n bepaalde jaar wil volg.

Duur van Program

Hierdie program vereis 'n minimum van een jaar se studie. Lesings begin in Februarie.

Programinhoud

Verpligte modules

879 (Voltesis-opsie):

13150 : Tesis (Transdissiplinêre Gesondheid- en Ontwikkelingstudies)	871(180)
--	----------

899 (Kursuswerk-opsie):

13189 : Geskiedenis, Politiek en Etiek van Gesondheid en Ontwikkeling in Afrika	771(30)
13148 : Gerigte Lees vir Navorsingsontwikkeling	871(30)
13187 : Kritiese Teorie vir Transdissiplinêre Navorsing in Gesondheid en Ontwikkeling	771(30)
13149 : Navorsingswerkstuk (Transdissiplinêre Gesondheid en Ontwikkeling)	871(60)
13147 : Sosiaalwetenskaplike Metodes vir Gesondheid en Ontwikkeling	871(30)

Assessering en Eksaminering

879 (Voltesis-opsie):

Die tesis word volgens die Universiteit Stellenbosch se bepalings vir die eksaminering van magistratesse geëksamineer, soos uiteengesit in die afdeling oor nagraadse kwalifikasies in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek.

899 (Kursuswerk-opsie):

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Dr E Prah

Tel: 021 808 2479 E-pos: eprah@sun.ac.za

Webadres: www0.sun.ac.za/sociology

3.17.10 PhD (Sosiaalwetenskaplike Metodes)

Programkode

50156 – 978(360)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Toepaslike M-graad, bv. met sosiaalwetenskaplike inhoude of 'n sterk metodologiese fokus, wat die Senaat as geskik beskou.
- 'n Aanvaarbare navorsingsvoorstel.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program behels die skryf van 'n proefskrif wat die resultate van selfstandige en oorspronklike navorsing oor 'n navorsingsprobleem bevat en 'n gesaghebbende bydrae tot kennis in die veld van sosiaalwetenskaplike metodes maak. Daar sou van jou verwag kon word om aanvullende kursuswerk te doen wat die suksesvolle voltooiing van vier gestruktureerde modules behels.

Programinhoud

Verpligte module

50156 : Sosiaalwetenskaplike Metodes	978(360)
--------------------------------------	----------

Assessering en Eksaminering

'n Proefskrif wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word. Jy moet ook 'n mondelinge eksamen aflê. Raadpleeg die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), oor doktorsale studie.

Navrae

Programleier: Mnr J Vorster

Tel: 021 808 2417 E-pos: jhv3@sun.ac.za

Webadres: www0.sun.ac.za/sociology

3.17.11 PhD (Sosiale Antropologie)

Programkode

54186 – 978(360)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Meestersgraad in Sosiologie, Sosiale Antropologie of 'n verwante dissipline.
- 'n Aanvaarbare navorsingsvoorstel.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program fokus op teoretiese en metodologiese aspekte van sosiale antropologie. Dit lei tot die ontwikkeling van jou vermoë om innoverend en ontdekkend te wees en toepassings op bepaalde probleemgebiede te maak.

Programinhoud

Verpligte module

54186 : Sosiale Antropologie	978(360)
------------------------------	----------

Assessering en Eksaminering

'n Proefskrif wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word. Jy moet ook 'n mondelinge eksamen aflê. Raadpleeg die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), oor doktorsale studie.

Navrae

Programleier: Prof SL Robins

Tel: 021 808 2417 E-pos: slr@sun.ac.za

Webadres: www0.sun.ac.za/sociology

3.17.12 PhD (Sosiologie)

Programkode

19003 – 978(360)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Meestersgraad in Sosiologie, Sosiale Antropologie of 'n verwante dissipline.
- 'n Aanvaarbare navorsingsvoorstel.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program fokus op teoretiese en metodologiese aspekte van Sosiologie. Dit lei tot die ontwikkeling van jou vermoë om innoverend en ontdekkend te wees en toepassings op bepaalde probleemgebiede te maak.

Programinhoud

Verpligte module

19003 : Sosiologie	978(360)
--------------------	----------

Assessering en Eksaminering

'n Proefskrif wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word. Jy moet ook 'n mondelinge eksamen aflê. Raadpleeg die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), oor doktrale studie.

Navrae

Programleier: Dr B Dubbled

Tel: 021 808 2417 E-pos: dubbled@sun.ac.za

Webadres: www0.sun.ac.za/sociology

3.18 Departement Visuele Kunste

3.18.1 HonsBA (Visuele Kunste Illustrasie)

Programkode

59846 – 778(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Toepaslike baccalaureusgraad of 'n soortgelyke kwalifikasie wat die Senaat as voldoende vir toelating tot die program beskou.
- Die voorlegging van 'n aantal kunswerke wat aandui dat jy voldoende voorbereid is vir gevorderde studie in Illustrasie.
- 'n Gemiddelde slaagsyfer van minstens 60% vir die finalejaarvakke.

Besonderhede oor die keuringsproses is beskikbaar by die Departement.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program bevat 'n praktiese ateljee-komponent en 'n teoretiese komponent. Die program fokus op 'n gevorderde vlak van kontemporêre illustrasie en word in 2 lesings, 2 seminare en 20 praktika aangebied.

Duur van Program

Die program strek oor een jaar.

Programinhoud

Verpligte modules

10110 : Konseptuele Illustrasie	771(15)
12869 : Navorsingsprojek (Prakties en Teorie)	771(30)
10107 : Teken vir Illustrasie	772(30)
10113 : Teorie van Illustrasie	772(15)
10108 : Verhalende Illustrasie	771(15)
10109 : Wetenskaplike Illustrasie	771(15)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Me M Kaden

Tel: 021 808 3593 E-pos: mjkadensun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/visual-arts

3.18.2 HonsBA in Visuele Studie

Let wel: Hierdie program word slegs aangebied indien voldoende aansoeke ontvang is. Studente sal teen 30 November van die vorige jaar in kennis gestel word of die program die volgende jaar aangebied sal word.

Programkode

11802 – 778(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n BA-graad (Visuele Kunste) of 'n BA-graad met Visuele Studie, Kunstgeskiedenis, Kulturele Studies of 'n verwante vak as hoofvak wat die Senaat as voldoende vir toelating tot die program beskou.
- 'n Slaagpunt van minstens 68% in dié hoofvak.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program fokus op 'n gevorderde vlak van kontemporêre teorie op die terrein van kunstgeskiedenis en die breër terrein van visuele studie en die komplekse onderliggende faktore wat die produksie sowel as die verbruik van "hoë" en populêre kunsvorme beïnvloed, veral in Suid-Afrika en ander Afrikalande.

Die program word weekliks in een lesing en twee seminare aangebied.

Duur van Program

Die program strek oor een jaar. Klasse begin in Februarie en duur tot November. Die graad word by die Maart-gradeplegtigheid toegeken.

Programinhoud

Verpligte modules

12872 : Interdisiplinêre Teorie	771(30)
12871 : Kontemporêre Visuele Praktjke	771(30)
12870 : Teorie van Visuele Studie	771(30)
11925 : Werkstuk (Visuele Studie)	771(30)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Prof L van Robbroeck

Tel: 021 808 3048 E-pos: lvr2@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/visual-arts

3.18.3 MA in Visuele Kunste

Programkode

59846 – 879(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Vierjarige BA-graad in Visuele Kunste of die ekwivalente driejaargraad en honneursgraad in Visuele Kunste of 'n aanvaarbare ekwivalente kwalifikasie wat die Senaat as genoegsaam vir toelating tot die program ag waarin bewys gelewer is van die vermoë om gevorderde, selfstandige navorsing te doen.
- 'n Slaagpunt van minstens 65% in Visuele Studie of ekwivalente kwalifikasie.
- Keuring vir die program is volgens akademiese kwalifikasies, professionele ervaring en 'n aanvaarbare studievoorstel vir die praktiese en/of teoretiese komponent(e) van die program. Die voorstel moet deur 'n portefeulje (oorspronklike kunswerke, foto's of digitale beelde) van onlangse kunswerke ondersteun word.

Besonderhede oor die keuringsproses is beskikbaar by die Departement.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program vereis 'n geïntegreerde projek waarin kreatiewe prosesse (die praktiese komponent) en 'n verwante teoretiese ondersoek ('n tesis) gelewer word. Jy moet oorspronklike kunswerke en 'n tesis wat die kunswerke teoreties, histories en filosofies fundeer produseer. Klem word gelê op die ontwikkeling van jou kritiese denke en redenasievermoë deur selfstandige praktiese en teoretiese navorsing wat 'n beduidende bydrae lewer tot die visuele kunste.

Duur van Program

Die program strek oor een jaar.

Programinhoud

Verpligte module

11540 : Tesis (Visuele Kunste)	871(180)
--------------------------------	----------

Assessering en Eksaminering

Jy lewer praktiese en teoretiese seminare deur die loop van die program en assessering geskied deur middel van 'n tentoonstelling van visuele kunswerke en 'n tesis wat 100% van die finale punt tel, as een geheel geassesseer deur die eksaminatore.

Navrae

Programleier: Me Ledelle Moe

Tel: 072 299 8310 E-pos: ledelle@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/visual-arts

3.18.4 MA in Visuele Kunste (Kunsonderwys)

Programkode

54259 – 889(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Vierjarige BA-graad in Visuele Kunste of die ekwivalente driejaargraad en honneursgraad in Visuele Kunste of 'n aanvaarbare ekwivalente kwalifikasie wat die Senaat as genoegsaam vir toelating tot die program ag waarin bewys gelewer is van die vermoë om gevorderde, selfstandige navorsing te doen.
- In buitengewone omstandighede sal die baccalaureusgraad in Primêre Onderwys met Kunsonderwys as 'n hoofvak of 'n driejarige baccalaureusgraad met Kunsprakties en Visuele Studie as hoofvakke, en 'n Nagraadse Onderwysdiploma met Kunsprakties en Onderwysmetodiek van Kuns aanvaar word.
- Keuring vir die program is volgens akademiese kwalifikasies en professionele ervaring.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program bestaan uit verskeie modules en 'n tesis. Klem word gelê op die ontwikkeling van jou kritiese denke en redenasievermoë deur selfstandige teoretiese navorsing wat 'n bydrae van aansienlike omvang en diepte tot die breë studiegebied van visuelekunsonderwys moet lewer.

Programinhoud

Verpligte modules

11301 : Diensleer (Kunsonderwys)	874(30)
12876 : Globalisering en Kunsopvoedkunde	842(15)
12875 : Kunsopvoedkunde en Burgerskap	812(15)
13884 : Navorsingsmetodes in die Kunste	874(15)
12873 : Onderrig- en Leerteorie	811(15)
12877 : Tesis (Kunsonderwys)	871(90)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Prof E Costandius

Tel: 021 808 3053 E-pos: elmarie@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/visual-arts

3.18.5 MA in Visuele Studie

Programkode

11802 – 879(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Honneursgraad in Visuele Studie of Kunsgeskiedenis of 'n aanvaarbare ekwivalente kwalifikasie wat die Senaat as genoegsaam vir toelating tot die program ag waarin bewys gelewer is van die vermoë om gevorderde, selfstandige navorsing te doen.
- Keuring vir die program is volgens akademiese kwalifikasies, professionele ervaring en 'n aanvaarbare studievoorstel.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program fokus op diverse aspekte van visuele kultuur soos kuns, ontwerp, populêre kultuur, film en fotografie, asook die nuwe media en kuns- en kultuurteorie en -kritiek.

Duur van Program

Die program strek oor een jaar.

Programinhoud

Verpligte module

12868 : Tesis (Visuele Studie)	871(180)
--------------------------------	----------

Assessering en Eksaminering

Jy lewer teoretiese seminare deur die loop van die program en assessering geskied deur middel van 'n tesis wat 100% van die finale punt tel.

Navrae

Programleier: Prof L van Robbroeck
 Tel: 021 808 3048 E-pos: lvr2@sun.ac.za
 Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/visual-arts

3.18.6 PhD (Visuele Kunste)

Programkode

59846 – 978(360)

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n MA (VK)-graad in Visuele Kunste of MA-graad in Visuele Studie of 'n aanvaarbare ekwivalente kwalifikasie wat die Senaat as genoegsaam vir toelating tot die program ag waarin bewys gelewer is van die vermoë om gevorderde, selfstandige navorsing te doen.

Besonderhede oor die keuringsproses is beskikbaar by die Departement.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Doktorsgrade in die visuele kunste is navorsingsgrade wat uitloop op 'n proefskrif. Die studie as geheel kan bestaan uit teoretiese werk of dit kan die vorm aanneem van 'n geïntegreerde studie van kreatiewe prosesse en teoretiese werk wat in die proefskrif gerapporteer word. Die unieke aard van die geïntegreerde opsie setel in die samehang en interafhanklikheid van die kreatiewe prosesse en teoretiese dimensies van die navorsing wat lei tot 'n oorspronklike bydrae tot die kennis van en insigte in die kunste.

Jy moet op 'n gereelde basis jou navorsing vir kommentaar voorlê. Jy moet van tyd tot tyd voorleggings by seminare maak oor jou navorsing vir informele bespreking.

Programinhoud

Verpligte module

59846 : Visuele Kunste	978(360)
------------------------	----------

Assessering en Eksaminering

'n Proefskrif wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word. Jy moet ook 'n mondelinge eksamen aflê. Raadpleeg die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), oor doktorale studie.

Die vereiste van die proefskrif is 'n minimum van 50 000 woorde. Al die materiaal wat vir die proefskrif aangebied word, ingeslote die kreatiewe werk waar van toepassing, word as een geheel geassesseer deur die eksaminatore wat in terme van die normale prosesse van die Universiteit aangestel is.

Navrae

Programleier: Prof E Viljoen
 Tel: 021 808 9087 E-pos: stella@sun.ac.za
 Webadres: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/visual-arts

4. Nagraadse programme aangebied deur sentra

4.1 Africa Open Instituut vir Musiek, Navorsing en Innovasie

4.1.1 MPhil (Interdisiplinêre Kunsstudie)

Let wel: Die aanbieding van hierdie program is onderhewig aan goedkeuring en registrasie by die SAKO.

Programkode

xxx (180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Toepaslike vierjarige BA-graad, of die ekwivalente driejaargraad en honneursgraad in 'n toepaslike rigting in die kunste of sosiale wetenskappe, of 'n aanvaarbare ekwivalente kwalifikasie wat die Senaat as genoegsaam vir toelating tot die program ag.
- Keuring vir die program is volgens akademiese kwalifikasies, 'n aanvaarbare studievoorstel vir die praktiese en/of teoretiese komponente van die studie, en professionele ervaring waar relevant.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar.

Programbeskrywing en -struktuur

Die MPhil in Interdissiplinêre Kunsstudie bied jou die geleentheid om 'n innoverende navorsings- of geïntegreerde artistieke projek te ontwikkel wat die grense tussen akademiese dissiplines, uitvoeringspraktyke en artistieke media uitdaag. Die program is gemik op praktiserende skeppende en uitvoerende kunstenaars asook op studente met 'n meer konvensionele akademiese agtergrond in musiek, visuele kuns en teater- en *performance*-studie, of in die historiese, filosofiese, sosiologiese of etnografiese studie van kunspraktyke.

Bywoning van die Africa Open Instituut se weeklikse nagraadse seminaar is verpligtend

Duur van Program

Die program strek oor een jaar.

Programinhoud

Verpligte module

Tesis (Interdissiplinêre Kunsstudie)	xxx(180)
--------------------------------------	----------

Assessering en Eksaminering

Assessering word deur middel van 'n tesis of geïntegreerde artistieke projek wat 100% van die prestasiepunt tel, gedoen.

Navrae

Programleier Prof W Froneman
 Tel: 021 808 2352 E-pos: wfroneman@sun.ac.za
 Webadres: www.aoinstitute.ac.za

4.1.2 PhD (Interdissiplinêre Kunsstudie)

Let wel: Die aanbieding van hierdie program is onderhewig aan goedkeuring en registrasie by die SAKO.

Programkode

xxx (360)

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n MPhil in Interdissiplinêre Kunsstudie of 'n MA-graad in die kunste of sosiale wetenskappe, of 'n aanvaarbare ekwivalente kwalifikasie wat die Senaat as genoegsaam vir toelating tot die program ag en waarin jy bewys gelewer het van jou vermoë om gevorderde selfstandige navorsing te doen.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

Aansoeke word deurlopend oorweeg.

Programstruktuur

Die PhD in Interdissiplinêre Kunsstudie bied jou die geleentheid om 'n innoverende navorsings- of geïntegreerde artistieke projek te ontwikkel wat die grense tussen akademiese dissiplines, uitvoeringspraktyke en artistieke media uitdaag.

Hierdie doktorsgraad is 'n navorsingsgraad wat uitloop op 'n proefskrif of 'n geïntegreerde kreatiewe projek. Jy kan jou studie in die tradisionele monograaf-formaat of as artistieke navorsing in 'n geïntegreerde kreatiewe formaat aanbied. Dit is ook moontlik om die diskursiewe en praktykgebaseerde dimensies van jou projek in 'n dinamiese, interaktiewe digitale formaat te ontwikkel en vir eksaminering voor te lê.

Die unieke aard van die geïntegreerde opsie lê in die samehang en interafhanklikheid van jou kreatiewe werk en die teoretiese dimensies van jou navorsing, wat lei tot 'n oorspronklike bydrae tot die kennis van en insigte in die kunste.

Die program is gemik op praktiserende kunstenaars en uitvoerders asook op studente met 'n meer konvensionele akademiese agtergrond in musiek, visuele kuns en teater of in die historiese, filosofiese, sosiologiese of etnografiese studie van kunspraktyke.

Bywoning van die Africa Open Instituut se weeklikse nagraadse seminaar is verpligtend.

Programinhoud

Verpligte module

Interdisiplinêre Kunsstudie	xxx(360)
-----------------------------	----------

Assessering en Eksaminering

Jou proefskrif of geïntegreerde kreatiewe projek word volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer. Dit sluit in dat jy 'n mondelinge eksamen aflê. Raadpleeg Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek, oor doktorsale studie.

Jou proefskrif of kreatiewe projek word op individuele basis geëksamineer, en die verhouding tussen jou kreatiewe en/of praktykgebaseerde werk en die diskursiewe fundering van jou projek word in ag geneem. Al die materiaal wat jy vir jou proefskrif aanbied, ingeslote jou kreatiewe werk waar van toepassing, word as een geheel geassesseer. Die eksaminatore word volgens die normale prosesse van die Universiteit aangestel.

Navrae

Programleier: Prof W Froneman

Tel: 021 808 2352 E-pos: wfroneman@sun.ac.za

Webadres: www.aoinstitute.ac.za

4.2 Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (SENWET)

4.2.1 Nagraadse Diploma in Monitering en Evaluering

Programkode

62340 – 788(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad of 'n vierjarige gevorderde diploma wat die Senaat as gelykwaardig beskou.
- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 60% in die hoofvakke met gedemonstreerde akademiese vermoë.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 September** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Jy verwerf die Nagraadse Diploma na die suksesvolle voltooiing van vyf gestruktureerde modules en 'n navorsingsverslag. Die program as 'n geheel fokus op die noukeurige en sistematiese monitering en evaluering in beide die privaat- en openbare sektor.

Duur van Program

Die program strek oor een jaar.

Programinhoud

Verpligte modules

10225 : Beginsels en Paradigmas van Evalueringstudies	772(15)
12579 : Evalueringsverslag	772(45)
10228 : Prosesevaluering en Program Monitering	772(15)
10230 : Statistiese en Kwalitatiewe Metodes vir Analise in Evalueringstudies	772(15)
10229 : Tegnieke vir Dataversameling in Evalueringsnavorsing	772(15)
10226 : Verklarende Evaluering	772(15)

Assessering en Eksaminering

Gestruktureerde kursuswerk-modules word geassesseer deur middel van toetse, opstelle, leesopdragte, groeps- en individuele deelname, en praktiese opdragte. Die evalueringsverslag word volgens die standaardprosedures van die Universiteit geëksamineer.

Navrae

Programleier: Dr L Wildschut
 Tel: 021 808 4866 E-pos: lauren@sun.ac.za
 Webadres: www0.sun.ac.za/crest

4.2.2 Nagraadse Diploma in Navorsingsbestuur en -administrasie

Programkode

14200 – 788(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Toepaslike akademiese kwalifikasie op NKR-vlak 7.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 September** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program bestaan uit vier verpligte modules. Die vier modules word in volgorde aangebied: modules 1 en 2 in die eerste jaar van die tweejarige program en modules 3 en 4 in die tweede jaar van die tweejarige program. Elk van die modules vereis dat studente onafhanklike selfstudie van voorgeskrewe materiaal doen ter voorbereiding van lesings wat in blokperiodes op die hoofkampus van US aangebied word. Bykomende akademiese insette sal in die vorm van tegnologies bemiddelde groeptutoriale verskaf word.

Duur van Program

Die program strek oor twee akademiese jare.

Programinhoud

Verpligte modules

14199 : Navorsingslandskap in Afrika	771(15)
14198 : Bestuur van Navorsings- en Navorsingsverwante Inligting	771(35)
14197 : Bestuur van Navorsingstoekenings	771(35)
14196 : Navorsingsintegriteit en Etiek	771(35)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Prof N Boshoff
 Tel: 021 808 3708 E-pos: scb@sun.ac.za
 Webadres: www.sun.ac.za/crest

4.2.3 MPhil (Monitering en Evaluering)

Programkode

62340 – 899(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Nagraadse Diploma (Monitering- en Evalueringsmetodes) of 'n Nagraadse Diploma in Sosiaalwetenskaplike Metodes of 'n honneursgraad in een van die volgende dissiplines:
 - Ekonomie;
 - Ontwikkelingstudies;
 - Opvoedkunde;
 - Politieke Wetenskap;
 - Publieke Administrasie;
 - Sielkunde; of

- Sosiologie.
- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 65% in die hoofvakke met gedemonstreerde akademiese vermoë.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 September** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program fokus as 'n geheel op die noukeurige en sistematiese monitering en evaluering in beide die privaat- en openbare sektor.

Jy verwerf die meestersgraad met die voltooiing van agt 15-krediet-modules en 'n 60-krediet-navorsingswerkstuk.

Duur van Program

Die program strek oor een jaar.

Programinhoud

Verpligte modules

12884 : Data-insameling en Data-bestuur vir Evaluasie	871(15)
12932 : Die Bestuur van 'n Monitering- en Evalueringsportefeulje	871(15)
12885 : Evaluasieteorie	871(15)
12887 : Indikatore en Meting vir Evaluasie	871(15)
12886 : Impak-evaluasie-ontwerp	871(15)
12888 : Kwalitatiewe Ontleding van Evaluasiedata	871(15)
12891 : Navorsingswerkstuk (Monitering en Evaluering)	871(60)
12889 : Statistiek vir Evaluasie	871(15)

plus

Keusemodules

Kies **een** van die onderstaande modules.

12892 : Evaluasie in die Openbare Sektor	871(15)
12893 : Evaluasie van Openbaregesondheidsintervensies	871(15)
12894 : Gevallestudie van Evaluasie in Afrika	871(15)
12895 : Politiek en Etiek van Evaluasie	871(15)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Dr L Wildschut

Tel: 021 808 3708 E-pos: lauren@sun.ac.za

Webadres: www0.sun.ac.za/crest/postgrad.htm

4.2.4 MPhil (Studie van Wetenskap en Tegnologie)

Programkode

51225 – 899(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Toepaslike honneursgraad of nagraadse diploma wat die Senaat as relevant vir die magisterprogram beskou.
- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 65% met gedemonstreerde akademiese vermoë.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 September** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die eenjarige magisterprogram fokus op die sosiale studie van wetenskap en tegnologie. Die program behels drie opsies:

- Algemeen;
- Navorsingsbestuur en -evaluering; en
- Wetenskap en Openbare Betrokkenheid.

Jy verwerf die meestersgraad met die voltooiing van agt 15-krediet-modules en 'n 60-krediet-navorsingswerkstuk.

Die "Wetenskap en Openbare Betrokkenheid"-opsie in die MPhil-program fokus op die verhouding tussen wetenskap en die samelewing soos gesien vanuit die perspektief van die "sosiologie van wetenskap". Indien jy belangstel in die studie van wetenskapmassakommunikasie (wat wetenskapjoernalistiek insluit), kontak die Departement Joernalistiek vir meer inligting.

Duur van Program

Die program strek oor een jaar.

Programinhoud

Verpligte modules vir alle opsies

10279 : Sosiologie van Wetenskap	871(15)
10280 : Temas in Wetenskapsbeleid	871(15)
12936 : Werkstuk (Studie van Wetenskap en Tegnologie)	871(60)

plus

Keusemodules vir opsie 1: Algemeen

Kies **ses** van die onderstaande modules.

13320 : Navorsingstelsels in Afrika	871(15)
12938 : Navorsingsevaluasie	871(15)
10284 : Basiese Bibliometriese Metodes	871(15)
13530 : Gevorderde Wetenskapmetriek	871(15)
13529 : Gebruik en Samelewingsimpak van Navorsing	871(15)
10282 : Wetenskap, Tegnologie en Ontwikkeling	871(15)
10287 : Wetenskap, Media en Politiek	871(15)
13527 : Wetenskaplike Kommunikasie	871(15)

Verpligte modules vir opsie 2: Navorsingsbestuur en -evaluering

13312 : Navorsingsbestuur	871(15)
12938 : Navorsingsevaluasie	871(15)
10284 : Basiese Bibliometriese Metodes	871(15)
13530 : Gevorderde Wetenskapsmetriek	871(15)
13529 : Gebruik en Samelewingsimpak van Navorsing	871(15)
13527 : Wetenskaplike Kommunikasie	871(15)

Verpligte modules vir opsie 3: Wetenskap en Openbare Betrokkenheid

10284 : Basiese Bibliometriese Metodes	871(15)
10287 : Wetenskap, Media en Politiek	871(15)
13529 : Gebruik en Samelewingsimpak van Navorsing	871(15)
13527 : Wetenskaplike Kommunikasie	871(15)
13525 : Wetenskapbetrokkenheid in Samelewing: Teorie en Praktyk	871(15)
13526 : Wetenskapbetrokkenheid in Samelewing: Rolspelers en Platforms	871(15)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Prof N Boshoff
 Tel: 021 808 3708 E-pos: scb@sun.ac.za
 Webadres: www.sun.ac.za/crest

4.2.5 PhD (Evaluasiestudie)

Programkode

12883 – 978(360)

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n MPhil (Monitoring en Evaluering) of 'n M-graad met óf sosiaalwetenskaplike inhoud óf 'n sterk metodologiese fokus wat die Senaat as relevant vir die doktorale program beskou.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 September** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program behels die skryf van 'n proefskrif wat die resultate van jou selfstandige en oorspronklike navorsing oor 'n navorsingsprobleem bevat.

Programinhoud

Verpligte module

12883 : Evaluasie Studie	978(360)
--------------------------	----------

Assessering en Eksaminering

'n Proefskrif wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word. Raadpleeg die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), oor doktorale studie.

Navrae

Programleier: Dr L Wildschut
 Tel: 021 808 3708 E-pos: lauren@sun.ac.za
 Webadres: www0.sun.ac.za/crest

4.2.6 PhD (Studie van Wetenskap en Tegnologie)

Programkode

51225 – 978(360)

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n MPhil (Studie van Wetenskap en Tegnologie) of 'n M-graad wat die Senaat as relevant vir die doktorale program beskou. In laasgenoemde geval mag jy gevra word om addisionele leeswerk in die studieveld te onderneem.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 September** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program behels die skryf van 'n proefskrif wat die resultate van jou selfstandige en oorspronklike navorsing oor 'n navorsingsprobleem bevat. Jy moet verpligte aanvullende kursuswerk doen wat die suksesvolle voltooiing van vier gestruktureerde modules behels.

Programinhoud

Verpligte module

51225 : Studie van Wetenskap en Tegnologie	978(360)
--	----------

Assessering en Eksaminering

'n Proefskrif wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word. Raadpleeg die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), oor doktorsale studie.

Navrae

Programleier: Prof N Boshoff
 Tel: 021 808 3708 E-pos: scb@sun.ac.za
 Webadres: www0.sun.ac.za/crest

4.3 Navorsingsalliansie in Ramp- en Risiko-reduksie (RADAR)

4.3.1 Nagraadse Diploma in Ramprisikostudie en -ontwikkeling

Programkode

13689-788(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n Baccalaureusgraad in Geografie, Omgewingstudie, Geo-ruimtelike Ontleding, Landbou, Antropologie, Sosiologie, Ontwikkelingstudie, Openbare Bestuur, Stads- en Streeksbeplanning of 'n kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykstaande geag word. 'n Gemiddelde finale punt van 60% word vereis.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **30 Oktober** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programinhoud

Die program ontwikkel jou begrip van ramprisiko en risikovermindering, asook die wisselwerking tussen die fisiese omgewing en sosiale omstandighede wat ontwikkeling ondermyn.

Verpligte Modules

13134 : Ramprisiko-wetenskap en -ontwikkeling	712(30)
13691 : Gemeenskapsrisiko-assessering	771(30)
13742 : Risiko en Ontwikkeling	771(30)

Keusemodule(s) ('n totaal van 30 krediete)

13718 : Omgewingsgefare	771(30)
11919 : Omgewingsregeerkunde	771(15)
13187 : Kritiese Teorie vir Transdissiplinêre Navorsing in Gesondheid en Ontwikkeling	771(30)
13189 : Geskiedenis, Politiek en Etiek van Gesondheid en Ontwikkeling in Afrika	771(30)
58718 : Volhoubare Ontwikkeling	771(15)
11199 : Volhoubare Stede	775(15)
13142 : Gemeenskapsontwikkeling	771(15)

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Dr R Pharoah
 Tel.: 021 808 9492 E-pos: robynpharoah@sun.ac.za
 Webadres: www0.sun.ac.za/geography

4.3.2 MPhil (Ramprisiko-wetenskap en -ontwikkeling)

Programkode

13134 – 889(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n HonsBA in Geografie en Ontwikkelingstudies of 'n HonsBSc in Geo-Informatika, of ander nagraadse graad wat deur die Direkteur van RADAR toepaslik geag word.

Jy sal voorkeur geniet indien jy 'n Universiteit Stellenbosch-graad met die bestaande Honneursmodule in Ramprisiko-wetenskap en -ontwikkeling voltooi het. Indien jy nie die Honneursmodule in Ramprisiko-wetenskap en -ontwikkeling voltooi het of 'n vergelykbare kwalifikasie aan 'n ander universiteit verwerf het nie, sal jy oorweeg word volgens die diskresie van die Direkteur van RADAR.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
 - Doen aansoek teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar.
- Internasionale studente:
 - Doen aansoek teen **31 Augustus** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur

Die program bestaan uit 'n 90-krediet-kursuswerkkomponent en 'n 90-krediet-navorsingstesis.

Programinhoud

Verpligte modules

13136 : Ramprisiko-assessering en -analise	871(30)
13134 : Ramprisiko-wetenskap en -ontwikkeling	871(30)
13181 : Tesis (Ramprisiko-wetenskap en -ontwikkeling)	871(90)

plus

Keusemodules

Kies **twee** van die onderstaande modules. Let daarop dat die module GIS vir Risikoreduksie verpligtend is as jy nie opleiding in geografiese inligtingstelsels (GIS) het nie.

13182 : GIS vir Risikoreduksie	871(15)
11179 : Omgewingskwessies	771(15)
11919 : Omgewingsregeerkunde	771(15)
58718 : Volhoubare Ontwikkeling	771(15)
11199 : Volhoubare Stede	775(15)
13134 : Ramprisiko-wetenskap en -ontwikkeling	712(30)

Module 13132:712, Ramprisiko-wetenskap en -ontwikkeling (30 krediete), is verpligtend vir alle studente wat dit nie op honneursvlak voltooi het nie.

Assessering en Eksaminering

Assessering word per module gedoen soos verduidelik in elke individuele moduleraamwerk.

Navrae

Programleier: Dr R Pharoah

Tel: 021 808 9492 E-pos: robynpharoah@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/geography en www.riskreductionafrica.org

4.4 Sentrum vir Chinese Studie

4.4.1 MPhil (Chinese Studie)

Let wel: Hierdie program word nie tans aangebied nie.

Programkode

13519 – 879(180)

Spesifieke Toelatingsvereistes

'n HonsBA in Mandaryns of Sosiale Wetenskappe, of 'n ander honneursgraad of nagraadse diploma soos deur die Senaat goedgekeur.

Programstruktuur

Die program bestaan uit 'n tesis van 180 krediete. Studente kry die geleentheid om gespesialiseerde kennis oor 'n spesifieke area in China op te doen deur dit te bestudeer vanuit die agtergrond van Mandaryns of Chinees, of vanuit 'n verwante dissipline in die Sosiale Wetenskappe.

Programinhoud

Verpligte module

13520 : Tesis (Chinese Studie)	871(180)
--------------------------------	----------

Assessering en Eksaminering

Die tesis word volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer.

Navrae

Programleier: Prof C du Toit
Tel: 021 808 2063 E-pos: cdt@sun.ac.za

4.5 Interdepartementeel en interfakultêr

4.5.1 Transdissiplinêre doktorale program toegespits op Kompleksiteit en Volhoubaarheidstudies

Programbeskrywing

Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, in samewerking met die Fakulteite AgriWetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Ingenieurswese, Natuurwetenskappe en Teologie, bied jou 'n geleentheid indien jy graag navorsing wil doen oor die soeke na volhoubare oplossings vir komplekse probleme rakende sosiaal-natuurlike probleme wat nie noodwendig vanuit 'n besondere, monodissiplinêre perspektief bestudeer kan word nie, ten einde jou doktorale studie in enige van hierdie fakulteite te verryk deur kursusse oor die teorie en praktyk van transdissiplinariteit.

Raadpleeg die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se Jaarboek, Deel 10, vir meer inligting oor hierdie doktorale program.

Navrae

Programleier: Mnr J van Breda
Tel: 021 808 2152 E-pos: jrvb@sun.ac.za

Voorgraadse Vakke, Modules en Module-inhoude

1. Definisies en verduideliking van belangrike terme

Om die inligting in hierdie hoofstuk ten volle te begryp en te kan gebruik, is dit belangrik dat jy kennis neem van 'n paar terme se definisies. Die onderstaande voorbeeld dui aan hoe die terme later in hierdie hoofstuk sal verskyn.

Voorbeeld:

18414 Sielkunde

114 (12) Sielkunde as Wetenskap (2L, 1T)

1.1 Verduideliking van bogenoemde terme

- Vyfsyfer-vaknommer

18414 Sielkunde

Elke vak word aan hierdie vyfsyfer-vaknommer geïdentifiseer. Die vaknommer "18414" verwys na die vak Sielkunde.

- Vaknaam

18414 Sielkunde

Die spesifieke vak se naam word direk na die vyfsyfer-vaknommer aangebied voordat die verskillende modules van die vak aangebied word. Normaalweg word die vaknaam gevolg deur die modulekode en die kredietwaarde van die spesifieke kode, soos byvoorbeeld in hierdie geval: Sielkunde 114 (12).

- Modulekode

114 (12) Sielkunde as Wetenskap (2L, 1T)

- Die modulekode bestaan uit 'n drie-syfernommer wat uniek is tot die spesifieke module. Die modulekode "114" beteken die volgende:

- Die eerste syfer dui die jaargang aan waarin die module aangebied word, byvoorbeeld:

Jaar 1: 114

Jaar 2: 214

Jaar 3: 314

- Die tweede syfer "1" dui die semester aan waarin die module aangebied word en dien ook as 'n onderskeidingsyfer tussen verskillende modules van dieselfde vak in 'n spesifieke jaargang. Die Universiteit gebruik verskillende syfers om die bepaalde semester aan te dui waarin 'n module aangebied word, hetsy die eerste semester, die tweede semester of modules wat oor beide semesters strek (dit wil sê jaarmodules). Die syfers wat die semesters aandui lyk soos volg:

- **1, 2 of 3** – modules word in die eerste semester aangebied.

Semester 1: 214, 324, 334

- **4, 5 of 6** – modules word in die tweede semester aangebied.

Semester 2: 342, 354, 364

- **7, 8 of 9** – modules word in beide semesters aangebied, dit wil sê jaarmodules.

Jaarmodules (beide semesters): 278, 288, 391

- Die derde syfer "4" van die modulekode **114** dien as onderskeidingsyfer tussen verskillende modules van dieselfde vak in 'n spesifieke jaargang.

- Kredietwaarde

114 (12) Sielkunde as Wetenskap (2L, 1T)

Die getal na die modulekode dui die kredietwaarde aan wat aan die module gekoppel word, byvoorbeeld Sielkunde 114 (12). Wanneer jy Sielkunde 114 (12) slaag, verwerf jy dus 12 krediete.

- Module-onderwerp

114 (12) Sielkunde as Wetenskap (2L, 1T)

Hierdie frase dui die onderwerp aan wat in hierdie spesifieke module hanteer sal word.

- Doseerlading

114 (12) Sielkunde as Wetenskap (2L, 1T)

Die doseerlading van 'n module word na die module-onderwerp aangedui en gee vir jou beide die lading en die soort dosering per week wat jy in die module kan verwag. Jy kan byvoorbeeld vir die module Sielkunde 114 twee lesings en een praktiese periode elke week vir die duur van die module verwag. Die volgende afkortings word vir die doseerlading gebruik:

- L – Lesing van 50 minute, byvoorbeeld 2L
- P – Praktikumperiode van 50 minute, byvoorbeeld 1P, 2P, 3P
- S – Seminaar van 50 minute, byvoorbeeld 1S, 2S
- T – Tutoriaal van 50 minute, byvoorbeeld 1T, 2T

2. Slaagvoorvereiste-, voorvereiste- en newevereiste-modules

Onderaan die inhoud van 'n module word, indien toepaslik, die slaagvoorvereiste-, voorvereiste- en newevereistemodules wat daarop betrekking het, aangedui. Die volgende terme word gebruik:

- Slaagvoorveistemodule
 - 'n Slaagvoorveistemodule is 'n module wat jy eers moet **slaag** voordat jy die module(s) waarvoor dit 'n slaagvoorvereiste is, kan volg.
- Voorveistemodule
 - 'n Voorveistemodule is 'n module waarin jy 'n **finale punt van minstens 40** moet behaal voordat jy die module(s) waarvoor hierdie module 'n voorvereiste is, mag volg. Indien jy vir 'n voorveistemodule geregistreer was terwyl die module volgens die "eksamen"-assesseringstelsel geëksamineer is, moet jy 'n **klaspunt** van 40 behaal om aan die voorvereiste te voldoen.
 - Nadat jy eenmaal aan 'n voorveistebepaling voldoen het, bly jou voldoening geldig vir die tydperk wat in die toepaslike assesseringsreëls bepaal word, selfs al herhaal jy die voorveistemodule en behaal jy nie die minimum prestasie met jou herhaling nie.
 - *Let asseblief op:* Jy moet al die modules wat jy as voorveistemodules in die program gebruik het, **slaag** voordat die betrokke graad, sertifikaat of diploma aan jou toegeken kan word.
- Newevereistemodule
 - 'n Newevereistemodule is 'n module waarvoor jy **in 'n vorige semester of in dieselfde semester** as die module waarvoor dit 'n newevereiste is, moet registreer.
 - *Let asseblief op:* Jy moet al die modules wat jy as newevereistemodules in die program gebruik het, **slaag** voordat die betrokke graad, sertifikaat of diploma aan jou toegeken kan word.

3. Assessering van modules

Modules word geassesseer ooreenkomstig die nuutste weergawe van die Fakulteit se Assesseringsplan en die Universiteit se Assesseringsbeleid. Hierdie dokumente is op die onderskeie webbladsye beskikbaar.

4. Vakke, modules en module-inhoude

Die vakke, met hulle samestellende modules, krediete, module-onderwerpe, doseerladings, taalspesifikasie en module-inhoude word hieronder aangebied.

Departement Afrikaans en Nederlands

14694 Afrikaanse Taalaanleer

179 (24) Afrikaans as Vreemde Taal (3L, 2P)

Slegs studente met geen opleiding in Afrikaans nie of wat Afrikaans as Tweede Addisionele Taal geneem het, word tot hierdie module toegelaat. Geen Moedertaalsprekers van Afrikaans mag die module neem nie.

Die vier kommunikasievaardighede – lees, luister, praat en skryf – word op 'n geïntegreerde wyse in die module behandel:

- Elementêre interaksie rondom 'n verhaaltteks en tematies-verwante tekste (algemeen en literêr).
- Strategiese lees- en luistervaardighede in die akademiese lesingsituasie.
- Relevante taalstudie en woordeskatuitbreiding.

Opmerkings

1. Aanbevelings vir die plasing van studente in Afrikaanse Taalaanleer 179 of in Afrikaanse Taalaanleer 189 word gemaak op grond van departementele taalvaardigheidstoetse wat aan die begin van die jaar afgelê word.
2. Studente in Spraak-Taal- en Gehoorterapie I en die verlengdekurrikulumprogram vir Spraak-Taal- en Gehoorterapie I aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe word volgens die uitslag van 'n taalvaardigheidstoets in Xhosa 178 of Afrikaanse Taalaanleer 179 of 188 geplaas.
3. Hierdie module lei nie na Afrikaans en Nederlands 278 nie.
4. Sien departementele inligtingstuk vir verdere besonderhede.

189 (24) Afrikaans as Tweede Taal (3L, 2P)

Slegs studente wat Afrikaans as Eerste Addisionele Taal geneem het en wie se huistaal nie Afrikaans is nie, word tot hierdie module toegelaat. Geen moedertaalsprekers van Afrikaans of studente wat Afrikaans as Huistaal geneem het, mag die module neem nie.

Die vier kommunikasievaardighede – lees, luister, praat en skryf – word op 'n geïntegreerde wyse in die module behandel.

Studente maak kennis met verskeie metodes van taalstudie:

- Gevorderde interaksie rondom tematies-verwante tekste (algemeen en literêr)
- Strategiese lees- en luistervaardighede in die akademiese lesingsituasie
- Visuele media- en filmstudie
- Relevante taalstudie
- Mondelinge vaardighede

Opmerkings

1. Aanbevelings vir die plasing van studente in Afrikaanse Taalaanleer 189 of in Afrikaans en Nederlands 178 word gemaak op grond van departementele taalvaardigheidstoetse wat aan die begin van die jaar afgelê word.
2. Studente in Spraak-Taal- en Gehoorterapie I en die verlengdekurrikulumprogram vir Spraak-Taal- en Gehoorterapie I aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe word volgens die uitslag van 'n taalvaardigheidstoets in Xhosa 178 of Afrikaanse Taalaanleer 179 of 189 geplaas.
3. Hierdie module lei nie na Afrikaans en Nederlands 278 nie.
4. Sien departementele inligtingstuk vir verdere besonderhede.

279 (32) Afrikaans as Vreemde Taal (3L, 2P)

Slegs studente wat Afrikaanse Taalaanleer 179 geslaag het, word tot hierdie module toegelaat. Geen moedertaalsprekers of tweedetaalsprekers van Afrikaans mag die module neem nie. Die vier kommunikasievaardighede – lees, luister, praat en skryf – word op 'n geïntegreerde wyse in die module behandel.

Studente maak kennis met verskeie metodes van taalstudie:

- Gevorderde interaksie rondom tematies-verwante tekste (algemeen en literêr)
- Strategiese lees- en luistervaardighede in die akademiese lesingsituasie
- Relevante taalstudie
- Mondelinge vaardighede

289 (32) Afrikaans as Tweede Taal (3L, 2P)

Slegs studente wat Afrikaanse Taalaanleer 189 geslaag het, word tot die module toegelaat. Geen moedertaalsprekers van Afrikaans mag die module neem nie. Die module fokus daarop om studente toe te rus om:

- die hoofkenmerke van 'n verskeidenheid Afrikaanse tekste en hoe betekenis daardeur geskep word, te verstaan en te gebruik;
- kommunikatiewe taalvaardighede verder te ontwikkel en te gebruik;
- strategiese luister- en leesvaardighede toe te pas en te gebruik;
- praatvaardighede verder te ontwikkel en te gebruik; en
- literêre vaardighede te ontwikkel en te gebruik.

39373 Afrikaans en Nederlands

178 (24) Inleidende Studie van die Afrikaanse Taal- en Letterkunde (3L, 2P)

Studente volg vier komponente:

- Afrikaanse taalbeheersing
- Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde
- Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde
- Inleiding tot Nederlands

278 (32) Voortgesette Studie van die Afrikaanse Taal- en Letterkunde (3L, 2P)

Studente volg ses komponente:

- Afrikaanse leksikografie
- Afrikaanse sintaksis
- Naturalisme en modernisme in die Nederlandse literatuur
- Die Sestigerbeweging
- Letterkunde voor 1960
- Een van die volgende keusekomponente:
 - Afrikaanse taalpraktyk
 - Avant-garde en die Tweede Wêreldoorlog in die Nederlandse literatuur

Nie alle komponente in Afrikaans en Nederlands 278 word noodwendig elke jaar aangebied nie.

Voorvereistemodule: Afrikaans en Nederlands 178

318 (24) Gevorderde Studie van die Afrikaanse Taal- en Letterkunde (4L, 2P)

Studente volg enige **vier** van die volgende komponente:

- Afrikaans binne meertalige verband
- Afrikaanse prosa sedert 1970
- Afrikaanse taalpraktyk
- Koloniale en postkoloniale Nederlandse literatuur
- Morfonologie

Let wel: Dit is moontlik dat een van bogenoemde komponente nie in 'n gegewe jaar aangebied sal word nie.

Voorvereistemodule: Afrikaans en Nederlands 278

348 (24) Gevorderde Studie van die Afrikaanse Taal- en Letterkunde (4L, 2P)

Studente volg enige **vier** van die volgende komponente:

- Afrikaanse poësie sedert 1970
- Afrikaanse semantiek
- Afrikaanse skeppende skryfkunde
- Literêre teorie
- Metodologie van Afrikaanse taalverwerwing
- Postmoderne Nederlandse letterkunde

Let wel: Dit is moontlik dat een van bogenoemde komponente nie in 'n gegewe jaar aangebied sal word nie.

Hierdie module bied 'n inleiding in nie-hoofstroom- filosofiese stamme, outeurs en kwessies. Dit bevestig op kritiese wyse die basis, grense, sleutelvrae en kanon van die dissipline, insluitend sy verhouding met ander dissiplines en skryfstyl. Kritiese filosofiese skryfwerk vanuit die marges en foutlyne van die dissipline, soos Swart-feministiese, regs-kritiese, sosiaal-kritiese, Afrika- en Africana, asook dekoloniale tekste, word bestudeer. Outeurs kan die volgende insluit: Theodor Adorno, Lewis Gordon, bell hooks, Emmanuel Levinas, Christina Sharpe, Frantz Fanon, Nelson Maldonado-Torres, Adriana Cavarero, Sanya Osha, Achille Mbembe en Sundhya Pahuja.

354 (12) Analitiese Filosofie (2L, 1T)

Die ontstaan van analitiese filosofie en filosofiese logika (Moore, Russell, Frege, Wittgenstein). Temas soos die volgende kan aan die orde kom:

- Die logiese positivisme (bv. by Schlick, Carnap, Neurath, Feigl, Waismann, Ayer).
- Linguistiese analise/filosofie van die gewone taal (bv. by Wittgenstein, Ryle, Austin).
- Wetenskaplike naturalisme (bv. Quine).
- Filosofiese logika en die verstaan van modaliteit (bv. Kripke, Putnam).
- Bewussynsfilosofie: die analise en evaluering van funksionalisme (bv. Ryle, Putnam, Dennett, Searle, Chalmers).

364 (12) Politieke Filosofie (2L, 1T)

Belangrike vraagstukke in die politieke filosofie, onder andere die aard en regverdiging van die staat, die legitimering van politieke gesag, die aard en voorwaardes vir Vryheid, en die sosiale kontrak.

Die morele problematiek van armoede, ongelykheid, eiendomsbesit, en die (her)verdeling van inkomste en welvaart.

Opmerking: 'n Minimum van vyf uit die ses modules word elke jaar aangebied. Derdejaarstudente volg minstens twee modules per jaar.

Diensmodules

65609 Filosofie en Etiek

314 (4) Filosofie en Etiek (3L)

Toegepaste etiek; die Ingenieursraad (ECSA) se gedragskode vir professionele persone; gevallestudies van tipiese situasies uit die ingenieurspraktyk, insluitend die sosiale, werkplek en fisiese omgewings.

Word in die tweede kwartaal van die semester aangebied.

Opmerking: Die gehalteversekering van Filosofie en Etiek word gesamentlik deur die Departement Filosofie en die Fakulteit Ingenieurswese hanteer. Raadpleeg die moduleraamwerk vir verdere inligting.

414 (4) Filosofie en Etiek (3L)

Toegepaste etiek; die Ingenieursraad (ECSA) se gedragskode vir professionele persone; gevallestudies van tipiese situasies uit die ingenieurspraktyk, insluitend die sosiale, werkplek en fisiese omgewings.

Word in die tweede kwartaal van die semester aangebied.

Opmerking: Die gehalteversekering van Filosofie en Etiek word gesamentlik deur die Departement Filosofie en die Fakulteit Ingenieurswese hanteer. Raadpleeg die moduleraamwerk vir verdere inligting.

Departement Geografie en Omgewingstudie

64165 Geo-omgewingswetenskap

Let wel: Geo-omgewingswetenskap 124 en 154 is nuwevereistes vir Geografie en Omgewingstudie 2 en 3.

124 (16) Inleiding tot Mens-omgewingsisteme (3L, 3P)

Aard van mensgeografie; Demografie van wêreldbevolking; Voedselhulpbronne; Verstedeliking; modelle van stedelike struktuur, funksionele sones binne stede, stede in ontwikkelende lande; Polities-geografiese ordening; nasies en state in konflik, streke in die nuus; Omgewingsisteme op wêreldskaal: fluviale, ariede, karst-, kus- en glasiale omgewings; Ekosisteme en die mens; Benutting van omgewingshulpbronne: wêreldwye voorkoms, gebruik en uitputting van nie-hernubare energie, water en grond; Praktiese kartering en grafika.

154 (16) Inleiding tot Aardstelselwetenskap (3L, 3P)

Inleiding tot Aardstelselwetenskap; Interne werking van die aarde; Mineraal- en rots-vormingsprosesse; Ontstaanswyse van magma en stolrotse; Uitwendige struktuur van die aarde; Kontinentvorming; Plaattektoniek; Sedimentêre rotse en die geologiese rekord; Geologiese tydskaal; Metamorfe rotse en bergbou; Geologie van Suid-Afrika; Energie- en minerale hulpbronne; Mens en tektoniek: aardbewings en vulkane; Die hidrosfeer; Oppervlakwaterprosesse; Grondwaterprosesse; Teorie oor ontstaan en evolusie van lewe.

12923 Geografiese Inligtingstegnologie

211 (16) Aardwaarneming (3L, 3P)

Beginsels van afstand- en aardwaarneming; die elektromagnetiese spektrum; weerkaatsingseienskappe van 'n verskeidenheid objekte op die aardoppervlakte; atmosferiese interaksie met elektromagnetiese energie; digitale beelde; beeldresolusie; satellietstelsels; beeldverryking en -voorverwerking; nie-gerigte en gerigte beeldklassifikasie; akkuraatheidsassessering; GIS-integrasie.

Newe vereist modules: Geografie en Omgewingstudie 214 of Geografie Inligtingstegnologie 214; Wiskunde 114 of Wiskunde (Bio) 214

214 (16) Geografiese Inligtingstelsels (3L, 3P)

Inleidende oorsig en begrip van GIS in die konteks van geo-inligtingwetenskap; Die aard van geografiese data, datamodelle, koördinaatstelsels en kaartprojeksies; GIS-prosesse: datavaslegging, -ordering en -berging, -manipulering en -analise; Kaartontwerp en kartografiese visualisering met 'n GIS; GIS toepassings.

Voorvereist module: Wiskunde 114 of Wiskunde (Bio) 124

241 (16) Ruimtelikedatabestuur (3L, 3P)

Kaartprojeksies en koördinaatstelsels; ruimtelikedatamodeltering (o.a. vektor, rooster en objek-georiënteerde); topologie en topologiese dimensies; topologiesedimensie-omskakelings; geo-databasisse; datamodel- en -formaatomskakelings; dataveralgemening en -samevoeging.

Slaagvoorvereist module: Geografie en Omgewingstudie 214 of Geografiese Inligtingstegnologie 214

242 (16) Digitale Fotogrammetrie (3L, 3P)

Beginsels van fotogrammetrie; stereovisualisering en parallaks; tipes fotogrammetrie; bronne van beeldmateriaal en die aanskaffing daarvan; vlugbeplanning; sensororiëntasie en beeldeienskappe; interne en eksterne oriëntering; grondkontrolepunt en hegpuntinsameling; kleinste-kwadratemetode en koördinaatomskakelings; beeldverwerking (kontras en spektrale verryking, beeld-passing, mosaïekskepping); topografiese kaartproduksie; GIS-integrasie.

Voorvereist modules: Geografiese Inligtingstegnologie 211; Wiskunde 114 of Wiskunde (Bio) 124

311 (16) Ruimtelike Data-insameling (3L, 3P)

Ruimtelike datatipes en -modelle, skepping en verkryging van ruimtelike data, versyfering en skandering, veld data insameling, globale navigasie satellietstelsels, onsekerheid en foute, data kwaliteit, nasionale en internasionale dataverskaffers en -store, metadata en standaarde, ruimtelike data as eiendom en die deel van data.

Voorvereist module: Geografiese Inligtingstegnologie 241

312 (16) Ruimtelike Analise (3L, 3P)

Navraagoperasies en navraagtaal; Geometriese metingsmetodes; Ruimtelike-analise-operasies; Oppervlakte-analise; Geo-statistiek; Ruimtelike-allokasie-analise; Analise-ontwerp, Vaagheidsleer.

Voorvereist modules: Geografie en Omgewingstudie 214

341 (16) Ruimtelike Modelling (3L, 3P)

Modelle in die wetenskap; Ruimtelike modelle: tipes, konstruksie, ontwerp en ontwikkeling; Kartografiese modellering; terminologie, metodologie, in- en afvoere, funksies.

Voorvereist module: Geografiese Inligtingstegnologie 312

342 (16) Aardwaarneming (3L, 3P)

Voorverwerking van beelde (bv. geometriese, radiometriese, atmosferiese en topografiese korreksies); beeldtransformasies; geografiese objek-gebaseerde beeldanalise (GEOBIA); klassifikasie benaderings en algoritmes; aardwaarneming werkvloei; beeldaanskaffing; integrasie van aardwaarneming produkte met geografiese inligtingstelsels (GIS).

Voorvereist module: Geografiese Inligtingstegnologie 211

56502 Geografie en Omgewingstudie

Let wel: Geo-omgewingswetenskap 124 en 154 is newevereistes vir Geografie en Omgewingstudie 2 en 3.

225 (16) Stedelike en Toerisme Ontwikkeling (3L, 3P)

Verstedelike wêreld; Afrika in die globale konteks van verstedeliking; Ontwikkelde en ontwikkelende stede parallel; Interne stedelike struktuur; Stedelike ekonomie (insluitend toerisme potensiaal); Behuising; Vervoer; Toekomstige stedelike vorm scenarios; Toerisme-geografie konsepte; Toerisme en mobiliteit; Toerisme ontwikkeling uitdagings.

Voorvereistemodule: Geo-omgewingswetenskap 124

265 (16) Omgewingstudie (3L, 3P)

Energie, vog en wind as klimaatselemente; Beweging in die atmosfeer: Lugsirkulasie op wêreld-, streek- en plaaslike skaal; Betekenisvolle klimaatverskynsels vir die mens: El Niño, tropiese siklone en tornado's; Suid-Afrikaanse weer en klimaat; atmosferiese omgewingsprobleme in Suid-Afrika: droogtes, lugbesoedeling, vloede, hael en ryp; Analise van klimaatse gegewens: insameling, verwerking en vertolking; sinoptiese kaarte en weervoorspelling; Gronderosie, suurwater-myndreinerig, waterbesoedeling; Strategiese risikobestuur-beplanning.

Voorvereistemodule: Geo-omgewingswetenskap 124

314 (12) Geografie van Toerisme (2L)

Geografiese konsepte en toerisme; Toerismestelsel; Toerismebedryf; Invloede op toerisme-ontwikkeling; omgewings- en liggingsaspekte, klimaatverandering, misdaad; Toerisme-atraksies en -bestemmings; Strategiese belang vir Suid-Afrika; Oorgrens-parke; Industriële erfnis; Toerisme-omgewings: ekotoerisme, argeotoerisme, stedelike toerisme, mediese toerisme, voedsel-en-wyntoerisme; Toerisme-impakte; Toerisme-ontwikkeling; Nabootsing van plek en tyd; Wêrelderfnisterreine; Volhoubare bestemmings.

Voorvereistemodule: Geografie en Omgewingstudie 225

323 (12) Die Suid-Afrikaanse Stad (2L)

Teorie van stadstruktuur: ruimte en plek in Westerse en Deredewêreldstede; Transformasie van die Suid-Afrikaanse stad: koloniaal tot post-apartheid; Kulturele stadsbeeld: mosaïek van taal-, etniese en minderheids-groepe; Knellende stedelike probleme: behuising, diensvoorsiening, sosiale patologieë, stedelike bestuur; volhoubare stedelike ontwikkeling; Gevallestudie: ontleding en monitering van transformasie.

Voorvereistemodule: Geografie en Omgewingstudie 225

358 (16) Omgewingstudie (3L, 3P)

Geomorfologie van Suid-Afrikaanse strome en dreineerbekkers: afloopregime, bekkenvorm, stroom- en kanaalpatrone; Mens-veroorsaakte veranderinge in strome en bekkens: opdamming, kanalisering, interbekkenoorplasing; Waterkwaliteit in Suid-Afrika: wisselwerking tussen mens en omgewing met spesiale verwysing na industriële en landbou-besoedeling; Gebruik, ontwikkeling en bestuur van Suid-Afrikaanse waterbronne: impak van die Waterwet; Suid-Afrikaanse omgewingsbeleid; Omgewingsimpak studie proses.

Voorvereistemodule: Geografie en Omgewingstudie 265 of Omgewingsgeochemie 214

363 (12) Geografiese Kommunikasie (3L, 3P)

Inleidende oorsig en begrip van GIS; Die aard van geografiese data, datamodelle, koördinaatstelsels en kaartprojeksies; GIS prosesse: datavaslegging, -ordening en -berging, -manipulering en -analise; Kaartontwerp en kartografiese visualisering met 'n GIS; Aanwending van 'n GIS.

Voorvereistemodule: Geo-omgewingswetenskap 124

Departement Geskiedenis

13463 Geskiedenis

114 (12) Inleiding tot die Vernaamste Globale Patrone en Ontwikkelinge in Geskiedenis (3L, 1T)

Nomadiese samelewings.

Omwenteling in die landbou en totstandkoming van gevestigde samelewings.

Die ontwikkeling van komplekse samelewings.

Die ontluiking van moderniteit en die nywerheidsomwenteling.

Historiese konstruering van die moderne globaliserende wêreld.

144 (12) Oorsig oor die Suid-Afrikaanse Geskiedenis (3L, 1T)

Debatte rondom die vestiging van bevolkingsgroepe in Suid-Afrika.

Botsings in die binneland – historiese betekenis van 19de-eeuse migrasies.

Die minerale revolusie en die impak op moderne Suid-Afrika.

Afrikanernasionalisme as historiese faktor.

Segregasie en apartheid.

Swart nasionalisme en politiek in die 20ste Eeu.

Suid-Afrika en die buitewêreld.

214 (16) Sleutelprosesse in Westerse Wordingsgeskiedenis (3L, 1T)

Staatsvorming, die Renaissance en Revolusies:

- Oorspronge van die moderne staat.
- Die Renaissance as kultuurverskynsel.
- Oorspronge, dinamika en uitwerking van historiese revolusies.

Rykdom en Armoede in die Westerse Geskiedenis:

- Veranderende sienings en beskouinge oor armoede en rykdom.
- Perspektiewe op stelsels soos sosialisme, kapitalisme en kommunisme.
- Dimensies van armoede- en welvaarts-kultuur.

244 (16) Afrika en Suid-Afrika: Kolonisasie en die Herrangskikking van Samelewingsordes (3L, 1T)

Afrika en die Weste in die 19de eeu:

- Kolonisasiebeleide in Afrika.
- Politieke, kulturele en ekonomiese uitwerking van die kolonisasie van Afrika in die 19de eeu.

Suid-Afrika in die 18de en 19de eeu:

- Die politieke en kulturele dinamika van die 18de en 19de eeu.
- Die totstandkoming van nuwe swart ryke en blanke republieke in die binneland in die 19de eeu.
- Die minerale revolusie: 'n nuwe politieke en kulturele samelewingsorde in wording.

318 (24) Geskiedenis van die 20ste Eeu: 'n Globale Perspektief (4L, 2T)

Politieke, omgewings en sosiale perspektiewe op 'n seleksie van temas uit die 20ste eeu, insluitende:

Globale sosiale, omgewings, ekonomiese, demografiese en politieke verskuiwings en kulturele verandering; godsdiens, geslag en klas

Verandering in die burgerlike samelewing, opvoeding en onderwys, die kunste en wetenskap in die 20ste eeu

Historiografie en historiese metodologie: 'n basiese verkenning

Koloniale bevryding en nasiebou in die 20ste eeu

- Die einde van die formele imperiale era
- Onafhanklikheidsbewegings in Afrika en Indië
- Nuwe State
- Kulturele fasette van onafhanklikheid: die soeke na 'n "suiwer" Afrikakultuur
- Afrika in 'n globaliserende wêreld

348 (24) Suid-Afrika in die 20ste Eeu (4L, 2T)

Perspektiewe op die Anglo-Boereoorlog/Suid-Afrikaanse oorlog.

Welvaart en armoede as standhoudende faktore in 20ste-eeuse Suid-Afrika.

Kulturele en politieke dimensies in die opkoms en verval van Afrikaner-nasionalisme.

Perspektiewe op apartheid.

Die groei en dinamika van swart politieke organisasies, vakbonde en die magsoorname in 1994.

Vroue en verandering in die Suid-Afrikaanse samelewingsorde.

Amerikaanse kultuurbeïnvloeding op blanke en swart Suid-Afrika in historiese perspektief.

Departement Inligtingwetenskap

14689 Organisasoriese Informatika

Toelatingsvereistes vir die volg van Organisasoriese Informatika

Studente wat vir die vak Organisasoriese Informatika wil inskryf, moet in die NSS óf minstens 50% in Wiskunde behaal het óf minstens 70% in Wiskundige Gelettertheid.

214 (16) Beginsels van Inligtingstelsels (3L, 1T)

Hierdie is 'n teoretiese module wat die kernbeginsels van inligtingstelsels dek, en hoe dit in die hedendaagse praktyk ontwikkel, gebruik en bestuur word. Studente sal temas soos die tegnologiese infrastruktuur van inligtingstelsels, die rol van inligtingstelsels in sakebedrywighede, en die bestuur van inligtingstelselontwikkelingsprojekte bestudeer.

244 (16) Inleiding tot Toepassingsontwerp (2L, 2P)

Hierdie module stel studente bekend aan rekenaartoepassingsontwikkeling op beide 'n teoretiese en praktiese vlak. Die module vereis nie van studente om vorige rekenaarprogrammeringservaring te hê nie. 'n Begrip van basiese konsepte in programmering, soos datatipes, veranderlikes, inset, uitset, vloeibeheer (insluitende iterasie en besluitnemingstrukture), modules en funksies word gevestig. Studente implementeer hierdie beginsels deur die gebruik van 'n kontemporêre programmeringstaal. Studente sal ook leer om belangrike webontwikkelingstandaarde insluitend HTML en CSS te gebruik.

Let wel: Hierdie module mag nie tesame met of na afhandeling van Rekenaarwetenskap 114 geneem word nie.

318 (24) Stelselanalise en -ontwerp (3L, 3P)

Hierdie module dek stelselanalise en -ontwerp in die konteks van inligtingstelselsprojekte. Dit neem 'n praktiese oriëntasie aan en stel studente bloot aan die sleutelbeginsels van inligtingstelsel-analise en -ontwerp vanuit die perspektief van 'n stelselontleder. Stelselanalise-aktiwiteite en die gepaardgaande dokumentasie- en modelleringstandaarde word aangebied. Dit word gevolg deur die kernaspekte van stelselontwerp, insluitende die relevante tegnieke en standaarde. Studente pas hierdie beginsels toe deur die praktiese opdragte gebaseer op besigheidgevallestudies.

Voorvereistemodules:

- *Organisasoriese Informatika 214*
- *Organisasoriese Informatika 244 OF Rekenaarwetenskap 114*

348 (24) Stelselontwikkeling (2L, 4P)

Hierdie module integreer en bevorder kennis en vaardighede van vorige modules in Sosio- en Organisasoriese Informatika. Die module dek stelselontwikkelingsbenaderings en projekbestuur, sowel as gevorderde ontwerp- en ontplooiingskonsepte.

Studente voer 'n groepgebaseerde projek uit om 'n ten volle funksionele inligtingstelsel te ontwerp en te ontwikkel deur toepaslike moderne ontwikkelingstegnologieë, ontwerpbenaderings en projekbestuur-metodologieë te gebruik.

Voorvereistemodule: Organisasoriese Informatika 318

Slaagvoorvereistemodules: Organisasoriese Informatika 244 OF Rekenaarwetenskap 114

58173 Sosio-Informatika

114 (12) Kennis en Tegnologie in die Samelewing (3L)

Hierdie module stel studente bekend aan die opkoms en aard van die kennisekonomie en -samelewing. Die module neem 'n historiese perspektief wat die rol van kennisversameling en -verspreiding in menslike samelewings sedert die kognitiewe rewolusie tot vandag toe naspoor. Hierdie ontwikkelingstydlyn beklemtoon die landbouevolusie, kennisversameling in die antieke wêreld, die ontwikkeling van markte, die wetenskaplike revolusie, die nywerheidsrevolusie en uiteindelik die digitale revolusie. Gedurende die ondersoek van hierdie belangrike fases van menslike ontwikkeling bestudeer die module die interaksie tussen kennis, tegnologie en ekonomiese aktiwiteit. Die module word afgesluit deur van studente te vereis om 'n reeks hedendaagse debatte oor die ekonomiese en sosiale impak van opkomende rekenaartegnologie te oorweeg.

144 (12) Digitale Media en die Samelewing (3L)

In die 21ste eeu het digitale media en menslike gedrag onomkeerbaar verweef geraak. Hierdie module ondersoek wat dit beteken om in 'n digitale samelewing te leef. Digitale media is instrumente, kanale, platforms en strategieë wat ons kan gebruik om kennis oor die wêreld rondom ons te verkry, te produseer en te deel deur kommunikasie en interaksie. Die module dek die sleutelkonsepte, debatte en teorieë wat relevant

is vir digitale media, sosiale media, media en die samelewing, data en die samelewing, en die internet. Dit sluit ondersoek in na digitale burgerskap, mobiele kultuur, sagteware, algoritmes en data, asook die rol van digitale media in sosiale navorsing.

214 (16) Interaksieontwerp (2L, 2P)

Hierdie module dek die ontwerp van koppelvlakke vir rekenaartoe toepassings (bv. web- en mobiele toepassings; besigheidsinligtingstelsels). Studente word blootgestel aan die huidige benaderings tot inligting-sargitektuur en toepassingstruktuur en bekendgestel aan die sleutelemente van koppelvlakontwerp en mens-rekenaar-interaksie. Die module het 'n praktiese oriëntasie waarin 'n moderne ontwerpplatform tydens praktiese opdragte gebruik word.

244 (16) Die Inligtingsamelewing (3L, 1T)

Alomteenwoordige digitale media, die uitbreiding van inligtingsberoepe en die ontwikkeling van die internet het aanleiding gegee tot die globale inligtingsamelewing. In hierdie module bestudeer studente hierdie inligtingsontploffing deur die belangrikste teoretiese benaderings tot inligtingsontwikkeling krities te ondersoek aan die hand van die werk van prominente teoretici soos Castells, Schiller, Habermas en Giddens.

348 (24) Berekening- Sosiale Wetenskap (3L, 3P)

Hierdie module stel studente bekend aan die interdisiplinêre veld van rekenaar- sosiale wetenskap, wat insigte uit die rekenaar- en inligtingswetenskap, sosiologie en sosialenetwerkanalise, ekonomie, politieke wetenskap en openbare gesondheid kombineer om studente toe te rus om sosiaal-wetenskaplike vraagstukke te bestudeer deur die gebruik van berekeningsmetodes. Daar word nie van studente verwag om enige voorafkennis van rekenaarprogrammering te hê nie. Studente sal leer om sosiaal-wetenskaplike vrae te vra en hierdie vrae te beantwoord deur data van digitale bronne in te samel en te ontleed. Studente sal vaardighede verwerf in data-analise-programmeertale en in data-analitiese tegnieke om met digitale-spoordata te werk.

Departement Joernalistiek

14507 Kennisvaardighede

172 (6) Kennisvaardighede (1L, 1P)

Hierdie module is ontwerp om studente toe te rus met vaardighede wat nodig is vir die skep van kennis in die Humaniora, wat insluit:

- die gebruik van geselekteerde sagtewareprogramme, insluitende vir woordverwerking, dataprozessering en aanbieding,
- die verkryging van toegang tot biblioteekbronne en die bou van soektogte op akademiese databasisse,
- die etiese gebruik van bestaande akademiese navorsing en die volgehoue korrekte gebruik van verwysingsmetodes; en
- die deelname aan aanlyn gemeenskappe as aktiewe en verantwoordelike digitale burgers.

Rig enige navrae aan: knowledgeskills@sun.ac.za

Departement Maatskaplike Werk

15865 Maatskaplike Werk

Spesifieke bepalinge vir Maatskaplike Werk

1. In die modules Maatskaplike Werk 188, 288, 388 en 488 vind assessering plaas volgens die Fakulteit se Assesseringplan. Studente word aan die begin van die jaar skriftelik ingelig oor hoe die finale punt bereken word, en ontvang in die loop van die jaar gereelde terugvoering oor hul vordering.
2. 'n Student wat die modules Maatskaplike Werk (Praktykonderrig) 188, 288, 388 of 488 moet herhaal, moet tegelykertyd 'n bevredigende bywoningcertifikaat verwerf in die ooreenstemmende modules 178, 278, 378 of 478 van Maatskaplike Werk (Teorie).

3. 'n Student in Maatskaplike Werk moet vanaf die tweede jaar vir die doel van praktykonderrig by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe (SARMDB) registreer.
4. Indien modules van vakke (uitgesonderd Maatskaplike Werk-modules) agterstallig is, mag registrasie vir Maatskaplike Werk 478 en 488 slegs plaasvind onderhewig aan die onderstaande bepalings:
 - Studente mag in totaal 'n maksimum van 24 krediete van die voorafgaande jaargang(e) van genoemde modules agterstallig wees.
 - Hierdie toewysing is onderhewig aan die verpligting dat studente **geen** toewysings ten opsigte van klasbywoning, praktykonderrigplasing en praktykonderrigprogramme, asook tye waarop klastoetse en eksamens afgeneem word, van die Departement Maatskaplike Werk mag verwag nie.

178 (24) Inleiding tot Maatskaplike Werk (Teorie) (3L)

Waardegrondslag van maatskaplike werk en maatskaplike welsyn.

Sisteemfunsionering vanuit 'n ontwikkelingsperspektief.

Die professionele verhouding met kliëntsisteme in maatskaplike werk.

Inleiding tot kinder- en gesinsorg.

Newevereistemodules: Sielkunde 114, 144; Sosiologie 114, 144

188 (24) Inleiding tot Maatskaplike Werk (Praktykonderrig) (3P, 1T)

Tutoriale: Groep- of individuele supervisie.

Inskakeling as student-vrywilliger by 'n welsynsverwante instansie.

Portefeulje oor Praktykonderrig.

Newevereistemodules:

- *Sielkunde 114, 144;*
- *Sosiologie 114, 144*

278 (32) Metodiek van Maatskaplike Werk (Teorie) (2L, 1S)

Gevallewerk, groepwerk, gemeenskapswerk, maatskaplikewerk-bestuur.

Newevereistemodules

- *Sielkunde 213, 223, 243, 253*
- *Sosiologie 212, 222, 242, 252*

OF

Sosiale Antropologie 212, 222, 242, 252

Slaagvoorvereistemodules:

- *Maatskaplike Werk 178, 188*

288 (32) Metodiek van Maatskaplike Werk (Praktykonderrig) (5P, 2T)

Tutoriale: Groep- of individuele supervisie.

Deurlopende praktykonderrig in gevallewerk, groepwerk, gemeenskapswerk en maatskaplikewerk-administrasie.

Portefeulje oor Praktykonderrig.

Newevereistemodules

- *Sielkunde 213, 223, 243, 253*
- *Sosiologie 212, 222, 242, 252*

OF

Sosiale Antropologie 212, 222, 242, 252

Slaagvoorvereistemodules:

- *Maatskaplike Werk 178, 188*

378 (48) Intervensie in Maatskaplike Werk (Teorie) (3L, 1S)

Perspektiewe, teorieë en modelle in maatskaplike werk m.b.t. individue, gesinne, groepe en gemeenskappe.

Intervensie ten opsigte van die jeug, gesinsgeweld en gesondheidsorg.

Newevereistemodules

- *Sielkunde 314, 324, 348*

OF

- *Sosiologie 314, 324, 364, plus een van 344 of 354*

OF

- *Sosiale Antropologie 314, 324, 344, 354*

Voorvereistemodules:

- *Sielkunde 114, 144*
- *Sosiologie 114, 144*

Slaagvoorvereistemodules:

- *Maatskaplike Werk 278, 288*

388 (48) Intervensie in Maatskaplike Werk (Praktykonderrig) (8P, 2T)

Tutoriale: Groep- of individuele supervisie.

Deurlopende praktykonderrig in gevallewerk, groepwerk, gemeenskapswerk en administrasie.

Portefeulje oor Praktykonderrig.

Newevereistemodules

- *Sielkunde 314, 324, 348*

OF

- *Sosiologie 314, 324, 364 plus een van 344 of 354*

OF

- *Sosiale Antropologie 314, 324, 344, 354*

Voorvereistemodules:

- *Sielkunde 114, 144*
- *Sosiologie 114, 144*

Slaagvoorvereistemodules:

- *Maatskaplike Werk 278 en 288*

478 (75) Maatskaplike Werk Geïntegreerd (Teorie) (6L, 2S)

Maatskaplike werk op die terrein van gesinsberaad, maatskaplike welsynsbeleid en middelafhanklikheid.

Maatskaplikewerk-supervisie.

Maatskaplikewerk-navorsing.

Kulturele kompleksiteit en kontemporêre kwessies in maatskaplike werk.

Slaagvoorvereistemodules: Maatskaplike Werk 378, 388

Indien modules van vakke (uitgesonderd Maatskaplike Werk-modules) agterstallig is, mag registrasie vir Maatskaplike Werk 478 slegs plaasvind onderhewig aan die onderstaande bepalings:

- Studente mag in totaal 'n maksimum van 24 krediete van die voorafgaande jaargang(e) van genoemde modules agterstallig wees.
- Hierdie toegewing is onderhewig aan die verpligting dat studente **geen** toegewings ten opsigte van klasbywoning, praktykonderrigplasing en praktykonderrigprogram, asook tye waarop klastoetse en eksamens afgeneem word, van die Departement Maatskaplike Werk mag verwag nie.

488 (75) Maatskaplike Werk Geïntegreerd (Praktykonderrig) (20P, 2T)

Tutoriale: Groep- of individuele supervisie.

Deurlopende praktykonderrig.

Navorsingsprojek.

Portefeulje oor Praktykonderrig.

Slaagvoorvereistemodules: Maatskaplike Werk 378, 388

Indien modules van vakke (uitgesonderd Maatskaplike Werk-modules) agterstallig is, mag registrasie vir Maatskaplike Werk 488 slegs plaasvind onderhewig aan die onderstaande bepalings:

- Studente mag in totaal 'n maksimum van 24 krediete van die voorafgaande jaargang(e) van genoemde modules agterstallig wees.

- Hierdie toeweging is onderhewig aan die verpligting dat studente **geen** toewegings ten opsigte van klasbywoning, praktykonderrigplasing en praktykonderrigprogram, asook tye waarop klastoetse en eksamens afgeneem word, van die Departement Maatskaplike Werk mag verwag nie.

Departement Moderne Vreemde Tale

11302 Chinees

Spesifieke bepalinge vir Chinees

1. **Chinees 178** word vir beginners aangebied; geen voorkennis van Chinees word vereis nie. Die module is bedoel om studente 'n basiese interkulturele kommunikasievermoë te gee. Dit poog m.a.w. om studente in staat te stel om hedendaagse Chinees in alledaagse situasies te verstaan, te praat, te lees en – in 'n mindere mate – te skryf; en wél met 'n basiese kennis van die hedendaagse leefwêreld in China.
2. Modules word volgens die Fakulteit se Asseseringsplan geassesseer. Studente word aan die begin van elke module skriftelik ingelig oor die manier waarop die finale punt bereken word, en ontvang in die loop van die module gereelde terugvoering oor hul vordering.
3. Aangesien Chinees as vreemde taal aangebied word, word Chinese moedertaalsprekers nie tot die modules toegelaat nie.
4. Volledige besonderhede oor alle modules is beskikbaar in die Departement se studiegids en op die webtuiste by www.sun.ac.za/forlang.

178 (24) Inleiding tot die Chinese Taal en Kultuur (3L, 1P, 1T)

Inleidende taalstudie, insluitende fonetiek.

Inleiding tot die kontemporêre Chinese kultuur aan die hand van temas.

Opmerking:

Chinees 178 word vir beginners aangebied; geen voorkennis van Chinees word vereis nie. Die module is bedoel om studente 'n basiese interkulturele kommunikasievermoë te gee. Dit poog m.a.w. om studente in staat te stel om hedendaagse Chinees in alledaagse situasies te verstaan, te praat, te lees en – in 'n mindere mate – te skryf; en wél met 'n basiese kennis van die hedendaagse leefwêreld in China.

278 (32) Voortgesette Studie van die Chinese Taal en Kultuur (4L, 1P)

Voortgesette taalstudie.

Basiese konsepte en beginsels van Chinees as vreemde taal.

Vergelykende kultuur aan die hand van temas.

Studie van tekste n.a.v. hierdie temas.

Slaagvoorvereistemodule: Chinees 178

318 (24) Intermediêre Studie van die Chinese Taal en Kultuur I (5L)

Intermediêre taalstudie.

Chinese letterkunde.

Vergelykende kontemporêre kultuur aan die hand van temas.

Studie van tekste n.a.v. hierdie temas.

Slaagvoorvereistemodule: Chinees 278

348 (24) Intermediêre Studie van die Chinese Taal en Kultuur II (5L)

Intermediêre taalstudie.

Chinese letterkunde.

Vergelykende kontemporêre kultuur aan die hand van temas.

Studie van tekste na aanleiding van hierdie temas.

Slaagvoorvereistemodule: Chinees 318

26107 Duits

Spesifieke bepalings vir Duits

1. **Duits 178** word vir beginners aangebied; geen voorkennis van Duits word vereis nie. Die module is bedoel om studente 'n basiese interkulturele kommunikasievermoë te gee. Dit poog m.a.w. om studente in staat te stel om hedendaagse Duits in alledaagse situasies te verstaan, te praat, te lees en – in 'n mindere mate – te skryf; en wél met 'n basiese kennis van die hedendaagse leefwêreld in die Duitssprekende lande.

Duits 178 lei normaalweg na Duits 278. Studente wat in Duits 178 besonder goed gevaar het, kan op aanbeveling van die Departement ná suksesvolle aflegging van 'n spesiale toelatingseksamen, toegelaat word tot Duits 288. Hierdie eksamen sal afgelê word binne twee weke ná die aanvang van klasse in Februarie. Indien hierdie studente Duits 288 sak, mag hulle in die daaropvolgende jaar terugval na Duits 278.

Duits 188 maak voorsiening vir studente wat Duits in Graad 12 geslaag óf, na die oordeel van die Departement, 'n gelykwaardige standaard daarin bereik het. Ná Duits 188 volg hierdie studente Duits 288. Hierdie baan staan intern bekend as "Duits Hoër".

Studente wat wél Duits in Graad 12 geslaag het, maar volgens die oordeel van die departementele voorsitter onvoldoende vir Duits 188 voorberei is, mag op grond van vroeë assessering en/of 'n departementele vaardigheidstoets toegelaat word om Duits 178 te volg.

2. Studente wat Duits Moedertaal in Graad 12 met minstens 'n B-simbool geslaag het kan op aanbeveling van die Departement deur die Senaat of die Uitvoerende Komitee wat namens die Senaat handel, ná suksesvolle aflegging van 'n spesiale toelatingseksamen, direk toegelaat word tot Duits 288. Hierdie eksamen sal afgelê word binne twee weke van die aanvang van klasse in Februarie. Om aan die kredietvereiste vir 'n BA-graad te voldoen, is minstens 'n ander taal of Algemene Taalwetenskap 'n newevereiste met dien verstande dat aan die bepalings betreffende kombineerbare vakke voldoen moet word.
3. Die tweede- en derdejaarsmodules lei studente tot gevorderde interkulturele kommunikasievermoë. Ook hierdie modules fokus op die hedendaagse leefwêreld, maar hulle sluit die historiese dimensie daarvan in. In besonder word studente se vaardigheid ontwikkel om:
 - a) tekste (in die ekstensiewe sin van die woord) kultuurkontrafief te verstaan en te gebruik, wat o.a. die volgende vereis:
 - o 'n insig in kommunikasieprosesse,
 - o 'n kennis van basiese tekswetenskaplike beginsels en
 - o 'n kritiese bewussyn van ooreenkomste en verskille tussen die uitgangs- en die teikenkultuur;
 - b) mondelinge en skriftelike bewys te lewer van die vaardighede en kennis in a) hierbo genoem. Selfstudiekursusse, rekenaarsesse en ander ondersteunende materiaal word beskikbaar gestel vir die verbetering en uitbreiding van hierdie kennis, insig en vaardighede.
4. Op aanbeveling van die Departement, mag studente wat in Duits 278 besonder goed presteer met Duits 328 en daarna met Duits 358 voortgaan. Indien hierdie studente Duits 328 sak, mag hulle in die daaropvolgende jaar terugval na Duits 318.
In die derde studiejaar word studente se taalvaardigheid gevestig en uitgebou tot op die vlak van die Goethe-Instituut se Goethe-Zertifikat B1. Hierdie eksamen kan op voorafbepaalde datums by die Departement afgelê word.
5. Alle voorgraadse modules in Duits word volgens die Fakulteit se Assesseringsplan geassesseer.
6. Volledige besonderhede oor alle modules is beskikbaar in die Departement se studiegidse en op die webtuiste by www.sun.ac.za/forlang.

178 (24) Inleiding tot die Duitse Taal en Kultuur (3L, 1P, 1T)

Vir studente sonder Duits in Graad 12.

Inleidende taalstudie.

Inleiding tot die kontemporêre landskunde aan die hand van temas.

Studie van tekste n.a.v. hierdie temas.

188 (24) Duitse Taal, Literatuur en Kultuur van die 20ste en die 21ste Eeu (3L, 1T)

Vir studente met Duits in Graad 12.

'n Kultuurhistoriese oorsig oor die tydperk aan die hand van temas.

Studie van tekste n.a.v. hierdie temas.

Intermediêre taalstudie.

278 (32) Intermediêre Studie van die Duitse Taal, Literatuur en Kultuur (3L, 1P)

Voortgesette taalstudie.

Konsepte en beginsels van Duits as Vreemde Taal.

Vergelykende landskunde aan die hand van temas.

Studie van tekste n.a.v. hierdie temas.

Slaagvoorvereistmodule: Duits 178 (of Duits 188 in spesiale gevalle)

288 (32) Duitse Taal, Literatuur en Kultuur van die 18de Eeu tot die Hede (3L)

'n Kultuurhistoriese oorsig oor die tydperk aan die hand van temas.

Studie van tekste n.a.v. hierdie temas.

Gevorderde taalstudie.

Slaagvoorvereistmodule: Duits 188 (of Duits 178 in spesiale gevalle)

318 (24) Gevorderde Studie van die Duitse Taal en Kultuur I (2L, 2P)

Gevorderde taal- en kultuurstudie deur middel van 'n verskeidenheid van tekste en temas.

Slaagvoorvereistmodule: Duits 278 (of Duits 288 in spesiale gevalle)

328 (24) Gevorderde Studie van die Duitse Literatuur en Kultuur I (3L, 1P)

Gevorderde literatuurstudie insluitende film en media.

Gevorderde kultuurstudie.

Gevorderde taalstudie.

Slaagvoorvereistmodule: Duits 288 (of Duits 278 in spesiale gevalle)

348 (24) Gevorderde Studie van die Duitse Taal en Kultuur II (2L, 2P)

Gevorderde taal- en kultuurstudie deur middel van 'n verskeidenheid van tekste en temas.

Slaagvoorvereistmodule: Duits 318

358 (24) Gevorderde Studie van die Duitse Literatuur en Kultuur II (3L, 1P)

Gevorderde literatuurstudie insluitende film en media.

Gevorderde kultuurstudie.

Gevorderde taalstudie.

Slaagvoorvereistmodule: Duits 328

13145 Frans

Spesifieke bepalings vir Frans

1. **Frans 178** word vir beginners aangebied; geen voorkennis van Frans word vereis nie. Die module is bedoel om studente 'n basiese interkulturele kommunikasievermoë te gee. Dit poog m.a.w. om studente in staat te stel om hedendaagse Frans in alledaagse situasies te verstaan, te praat, te lees en – in 'n mindere mate – te skryf; en wél met 'n basiese kennis van die hedendaagse leefwêreld in Frankryk.

Frans 188 maak spesiaal voorsiening vir studente wat Frans in Graad 12 geslaag óf, na die oordeel van die Departement, 'n gelykwaardige standaard daarin bereik het.

Studente wat wél Frans in Graad 12 geslaag het, maar volgens die oordeel van die departementele voorsitter onvoldoende vir Frans 188 voorberei is mag op grond van vroeë assessering en/of 'n departementele vaardigheidstoets toegelaat word om Frans 178 te volg.

2. Die tweede- en derdejaarsmodules lei studente tot gevorderde interkulturele kommunikasievermoë. Ook hierdie modules fokus op die hedendaagse leefwêreld, maar hulle sluit die historiese dimensie daarvan in. In die besonder word studente se vaardigheid ontwikkel om –
 - a) tekste (in die ekstensiewe sin van die woord) kultuurkontrastief te verstaan en te gebruik, wat o.a. die volgende vereis:
 - o 'n insig in kommunikasieprosesse,
 - o 'n kennis van basiese tekswetenskaplike beginsels en
 - o 'n kritiese bewussyn van ooreenkomste en verskille tussen die uitgangs- en die teikenkultuur;
 - b) mondeling en skriftelik bewys te lewer van die vaardighede en kennis in a) hierbo genoem.

Selfstudiekursusse, rekenaarsesse en ander ondersteunende materiaal word beskikbaar gestel vir die verbetering en uitbreiding van hierdie kennis, insig en vaardighede.

3. Studente kan aan die einde van elke jaar die gelykwaardige DELF/ DALF-eksamen van die Franse Departement van Onderwys aflê.
4. Alle voorgraadse modules in Frans word volgens die Fakulteit se Asseseringsplan geassesseer.
5. Aangesien Frans op voorgraadse vlak as vreemde taal aangebied word, word die volgende groepe studente nie tot die voorgraadse modules in Frans toegelaat nie: Franssprekende studente en studente wat uitgebreide tye in 'n Franssprekende land deurgebring het en volgens die oordeel van die Departement nie as vreemdetaallearers kwalifiseer nie.
6. Volledige besonderhede oor alle modules is beskikbaar in die Departement se studiegids en op die webtuiste by www.sun.ac.za/forlang.

178 (24) Inleiding tot die Franse Taal en Kultuur (3L, 1P, 1T)

Vir studente sonder Frans in Graad 12.

Inleidende taalstudie.

Inleiding tot die kontemporêre Franse kultuur en Franssprekende samelewings aan die hand van temas.

Studie van eenvoudige letterkundige tekste.

188 (24) Intermediêre Studie van die Franse Taal, Literatuur en Kultuur (4L)

Vir studente met Frans in Graad 12.

Intermediêre taalstudie met besondere klem op woordeskatuitbreiding.

Tekste uit Frankryk en Franssprekende Afrika.

278 (32) Voortgesette Studie van die Franse Taal, Literatuur en Kultuur (3L, 1P, 1T)

Voortgesette taalstudie.

Basiese konsepte en beginsels van Frans as Vreemde Taal.

Vergelykende beskawingskunde aan die hand van temas.

Studie van tekste n.a.v. hierdie temas.

Slaagvoorvereistemodule: Frans 188

318 (24) Gevorderde Studie van die Franse Taal, Literatuur en Kultuur I (4L, 1P)

Gevorderde taalstudie.

Studie van Franse tekste (insluitend hiperteks en film).

Professionele taalgebruik met verwysing na die beroepslewe.

Slaagvoorvereistemodule: Frans 278

348 (24) Gevorderde Studie van die Franse Taal, Literatuur en Kultuur II (4L, 1P)

Gevorderde taalstudie.

Studie van Franse tekste (insluitend hiperteks en film).

Professionele taalgebruik met verwysing na die beroepslewe.

Slaagvoorvereistemodule: Frans 318

Departement Musiek

Algemene opmerkings vir kennisname deur voornemende studente

Alle programme in die Departement Musiek is keuringsprogramme. Tydens die keuringsoudisie moet kandidate bewys lewer van die voorgeskrewe standaard soos vir elke program vereis.

1. Praktiese Musiekstudie

- 1.1 **Keuse van instrumente:** Die Departement Musiek bied die volgende aan: Klawerbordinstrumente (Klavier, Klavesimbel, Orrel), Blokfluit, Kitaar, Sang, Saxofoon, enige instrument van die Simfonie-orkes, asook Dirigeerkuns en Kerkmusiek ('n kombinasie van orrel en koördigering). Vanaf die derde jaar van die BMus-program word in die Praktiese Uitvoerende rigting ook die moontlike spesialisering in Kamermusiek en Begeleiding aangebied.

Studente word slegs toegelaat om vir 'n maksimum van twee instrumente te registreer, waarvan minstens een 'n hoofinstrument (A-vlak) moet wees.

- 1.2 **Praktiese Musiekstudie A:** Die eerstejaar-intreevlak is gelykstaande aan minimum Unisa Gr. 7-standaard. Alle eerstejaar- en diplomastudente moet vir ten minste een Praktiese Musiekstudie A-module van 24 krediete of 36 krediete registreer.

Praktiese Musiekstudie B: Alle eerste- en tweedejaar-BMus-studente kan ook vir 'n verdere praktiese vak registreer waarin binne die eerste jaar minstens Gr. 5 Unisa-standaard bereik moet word. Praktiese Musiekstudie B(12) word in groepsverband aangebied. 'n Student mag egter vir die tweede instrument ook registreer as Praktiese Musiekstudie A (12), met individuele onderrig. Toelating is onderworpe aan keuring en/of oudisie asook die beskikbaarheid van personeel.

Studente wat instrumente of sang neem wat klavierbegeleiding benodig, is self verantwoordelik om dit te reël en self verantwoordelik vir enige koste daaraan verbonde.

Praktiese Musiekstudie A- en B-kombinasies:

BMus (eerste en tweede jaar)

- Praktiese Musiekstudie A (36), indien die student slegs 'n hoofinstrument bespeel; of
- Praktiese Musiekstudie A(24) hoofinstrument, plus
Praktiese Musiekstudie B(12) tweede instrument (groepsonderrig)
of
- Praktiese Musiekstudie A(24) hoofinstrument, plus
Praktiese Musiekstudie A(12) tweede instrument (individuele onderrig)

In die derde jaar word slegs Praktiese Musiekstudie A voortgesit, op twee verskillende kredietvlakke (24 of 12), afhange van die spesialiseringrigting.

BAMus (eerste tot derde jaar)

- Praktiese Musiekstudie A(24)

BAMus-studente mag vir 'n tweede instrument registreer as "Konservatoriumstudent". Toelating is onderworpe aan keuring en/of oudisie asook die beskikbaarheid van personeel.

1.4 **Praktiese Musiekstudie S:** Vir studente wat tydens 'n evaluering in Praktiese Musiekstudie 2A genoegsame bewys gelewer het van solistiese potensiaal. Hierdie studente kan vanaf die derde jaar Praktiese Musiekstudie op S-vlak (uitvoerende vlak) volg. Toelating is onderworpe aan keuring en/of 'n oudisie.

1.5 **Praktiese Musiekstudie E:** Dit is slegs van toepassing op *nie-musiekstudente*, d.w.s. universiteitstudente wat op deeltydse basis registreer vir Praktiese Musiekstudie as ekstra vak. Toelating is onderhewig aan keuring en beskikbaarheid van voltydse Praktiese personeel. Hierdie module kan op A- of op B-vlak gevolg word (met 'n gelykstaande standaard soos vir BMus-studente). Studente wat hierdie module op B-vlak volg, moet bykomstig tot hulle praktiese werk ook twee werkstukke (een per semester) inlewer. Die werkstukke kan, in oorleg met hulle praktiese dosent, van 'n musiekhistoriese of -teoretiese aard wees.

Studente mag slegs vir Praktiese Musiekstudie E registreer na aflegging van 'n oudisie en met skriftelike toestemming van die Departement Musiek. Studente wat instrumente of sang neem wat klavierbegeleiding benodig, is self verantwoordelik om dit te reël en self verantwoordelik vir enige kostes daaraan verbonde.

1.6 **Konservatoriumstudente:** Die volgende persone kan ook as "Konservatoriumstudent" by die Departement Musiek registreer om praktiese lesse te volg (onderhewig aan keuring en beskikbaarheid van personeel):

- Voltydse musiekstudente (wat in meer as twee instrumente of sang onderrig wil ontvang),
- Studente wat by deeltydse dosente onderrig wil ontvang (en wat in meer instrumente of sang onderrig wil ontvang as wat die graad-/diploma-/sertifikaatprogram vereis), bv. BAMus studente wat graag vir meer as hul hoofinstrument wil registreer,
- Ander US studente, sowel as leerders van buite die Universiteit. US Studente het die keuse om ook die departementele eksamens af te lê.

Studente wat instrumente of sang neem wat klavierbegeleiding benodig, is self verantwoordelik om dit te reël en ook verantwoordelik vir enige kostes daaraan verbonde.

2. Orkespraktyk

Orkespraktyk is 'n verpligte module (newevereiste) vir alle studente wat 'n orkesinstrument as *Hoofinstrument* neem.

Vir studente wat vir Praktiese Musiekstudie A 378 en 478 met 'n orkesinstrument ingeskryf is, is Orkespraktyk 'n verpligte bywoningsvak. Onbevredigende bywoning sal lei tot 'n penalisasie.

Studente word daarop gewys dat bywoning van alle repetisies (as lid van erkende orkeste binne die Departement), verpligtend is. Dit kan tot gevolg hê dat daar van 'n student verwag word om in meer as een van die ensembles op te tree.

E-studente, Konservatoriumstudente en studente wat 'n orkesinstrument as tweede hoofinstrument neem, word sterk aangeraai om, in oorleg met die betrokke dosent, in te skakel by een van die departementele orkeste.

3. Geïntegreerde Akademiese Ondersteuning

Studente wat tydens keuring geïdentifiseer word dat hulle akademiese ondersteuning nodig, moet, soos individueel gespesifiseer, vir die oorbruggingsmodule *Musiekvaardighede* registreer, asook deelneem aan enige ander tipe oorbrugging soos deur die Departement Musiek voorgeskryf. Studente wat verplig is om vir Musiekwetenskap (Musiekvaardighede) 271 as addisionele vak binne een van die graadprogramme te registreer móét die module slaag voordat hulle toegelaat sal word om met Musiekteorie 222 en 252 voort te gaan. Alternatiewelik kan 'n student met agterstande oor 'n breër spektrum van musiekvaardighede aangeraai word om eers die Departement Musiek se volledige eenjarige Hoër Sertifikaatprogram in Musiek te volg alvorens heraansoek gedoen word om toelating tot een van die musiekgraadprogramme in die daaropvolgende jaar.

Die Departement Musiek bied ook 'n driejarige Diploma (Praktiese Musiek) aan wat spesifiek gerig is op studente wat op 'n hoë vlak in die praktiese aspekte van musiek wil spesialiseer, en vir wie die musiekgraadprogramme, weens beperkte teoretiese agtergrond en/of uit 'n akademiese oogpunt nie toeganklik is nie.

4. BA-vakke

BMus-studente word daarop gewys dat net sekere BA-vakke op die hoofrooster van die Universiteit in berekening gebring word in die vasstelling van die Departement Musiek se interne klasrooster wat musiekstudente in staat stel om tradisioneel gesogte BA-vakke te volg.

LW: Indien Wiskunde 114 en 144 as BA-vak in die eerste jaar gekies word, word Wiskunde kode 5 (60%) vir graad 12 vereis.

5. Punteberekening

Punte in alle modules word ooreenkomstig die huidige Asseseringsbeleid van die Fakulteit saamgestel. Die besonderhede van hierdie berekening word in die onderskeie moduleraamwerke deurgegee.

6. Lesings (L) en Tutoriale (T)

Klaslesings en tutoriale is normaalweg 50 minute lank; alle weeklikse praktiese lesse voorgraads sowel as nagraads, word in eenhede van 60 minute of veelvoude daarvan, aangebied.

7. Konserte en Voorspeelklasse

Studente se aandag word daarop gevestig dat die bywoning van 'n voorgeskrewe aantal konserte wat deur die Konservatorium aangebied word, en die voorspeelklasse wat deur die Departement Musiek gereël word, vir alle voltydse musiekstudente verpligtend is. Onbevredigende bywoning lei tot 'n penalisasie.

8. Navrae

Algemene navrae kan gerig word aan: Die Voorsitter, Departement Musiek, Universiteit Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland 7602

Tel. 021 808 2338; Faks: 021 808 2340; E-pos: music@sun.ac.za

Programspesifieke navrae kan gerig word aan die onderskeie programleiers:

Graadprogramme en Diplomas: Me L Bredekamp, Tel. 021 808 2176; E-pos: lbrede@sun.ac.za

Hoër Sertifikaat: Me F Lesch, Tel. 021 808 2349; E-pos: fsmlesch@sun.ac.za

Module-inhoude vir die Hoër Sertifikaat in Musiek

13886 Akademiese Geletterdheid (Musiek)

114 (12) Akademiese Geletterdheid (Musiek) (1L, 2S)

'n Inleiding tot die aspekte van geskrewe en gesproke akademiese tekste, insluitende 'n studie van genre, struktuur, koherensie, kohesie, retoriek, plagiaat en verwysingstegnieke in die dissipline van Musiek.

144 (12) Akademiese Geletterdheid (Musiek) (1L, 2S)

Die voortgesette studie en ontwikkeling van kennis, vermoëns en vaardighede in die lees en skryf van akademiese tekste. Die module-inhoud is in die besonder gerig op die studie van kritiese denke, logika, argumentasie en denkfoute in die dissipline van Musiek.

24198 Algemene Musiekleer

171 (8) Algemene Musiekleer (1L)

'n Oorsig van die verskillende stylperiodes van Westerse Kunsmusiek.

51144 Besigheidsbestuur (Musiek)

171 (8) Besigheidsbestuur (Musiek) (1L, 1T)

Basiese Besigheidsetiek.

40304 Gehooropleiding

181 (8) Gehooropleiding (1L)

Basies toegepaste teorie, bladsang en diktee.

11895 Kreatiewe Vaardighede

191 (8) Kreatiewe Vaardighede (1L)

Inleidende kennis van alle instrumente en sang.

Eenvoudige verwerkingstegnieke en improvisasie.

Praktiese toepassing d.m.v. werksopdragte.

50652 Musiektegnologie

181 (12) Musiektegnologie (Inleidend) (1L, 1T)

Musiek en rekenaars.

16497 Musiekteorie

171 (8) Musiekteoriepraktyk (1P, 1T)

Praktiese klawerbordharmonie.

181 (12) Musiekteorie (2L, 1T)

Die tonale musiekteoretiese grondslae en vormanalise.

50660 Orkespraktyk

191 (8) Orkespraktyk (2P)

Inleiding tot deelname aan al die aktiwiteite van een of meer van die gevestigde ensembles van die Departement Musiek.

51179 Praktiese Musiekstudie A

111 (24) Alle instrumente, Sang, Dirigeerkuns en Kerkmusiek (1L)

Die vestiging van 'n tegniese basis, asook musikale beginsels en stylbegrip.

54089 Repertoriumstudie

181 (8) Repertoriumstudie (1L)

Kennismaking met die standaardrepertorium d.m.v. beluistering.

Module-inhoude vir die Diploma in Praktiese Musiek

13886 Akademiese Geletterdheid (Musiek)

114 (12) Akademiese Geletterdheid (Musiek) (1L, 2S)

'n Inleiding tot die aspekte van geskrewe en gesproke akademiese tekste, insluitende 'n studie van genre, struktuur, koherensie, kohesie, retoriek, plagiaat en verwysingstegnieke in die dissipline van Musiek.

144 (12) Akademiese Geletterdheid (Musiek) (1L, 2S)

Die voortgesette studie en ontwikkeling van kennis, vermoëns en vaardighede in die lees en skryf van akademiese tekste. Die module-inhoud is in die besonder gerig op die studie van kritiese denke, logika, argumentasie en denkfoute in die dissipline van Musiek.

24198 Algemene Musiekleer

191 (18) Algemene Musiekleer (2L, 3T)

Inleidende studie van harmonie, kontrapunt en musiekgeskiedenis.

271 (12) Algemene Musiekleer (Prakties) (2L, 1T)

Klawerbordharmonie, inleidende komposisietegnieke, luistervaardighede, harmoniese analise.

291 (16) Algemene Musiekleer (Teorie) (2L, 2T)

Verdiepende studie van harmonie, kontrapunt en musiekgeskiedenis.

391 (16) Algemene Musiekleer (2L, 2T)

Inleiding tot basiese vaardighede in navorsingsmetodiek, en *capita selecta* uit Suid-Afrikaanse musiek.

56510 Begeleiding

171 (12) Begeleiding (1L)

Praktiese leiding en ondersteuning – individueel en in groepsverband.

271 (12) Begeleiding (1L)

Praktiese leiding en ondersteuning – individueel en in groepsverband.

371 (12) Begeleiding (1L)

Praktiese leiding en ondersteuning – individueel en in groepsverband.

51144 Besigheidsbestuur (Musiek)

381 (8) Besigheidsbestuur (Musiek) (1L, 1T)

Basiese aspekte van ateljeebestuur en entrepreneurskap.

Basiese besigheidsetiek.

11849 Ensemblesang

271 (12) Ensemblesang (2L)

Die praktiese ontwikkeling en bevordering van vaardighede t.o.v. alle aspekte van ensemblesang d.m.v. groepsangaktiwiteite.

371 (12) Ensemblesang (2L)

Die praktiese ontwikkeling en bevordering van vaardighede t.o.v. alle aspekte van ensemblesang d.m.v. groepsangaktiwiteite.

40304 Gehooropleiding

191 (8) Gehooropleiding (1L, 2T)

Inleiding tot praktiese teorie, bladsang, diktee en klawerbordharmonie.

291 (12) Gehooropleiding (1L, 2T)

Inleiding tot praktiese teorie, bladsang, diktee en klawerbordharmonie.

62324 Kamermusiek

281 (12) Kamermusiek (2L)

Praktiese inleiding tot en ontwikkeling van die beginsels van kamermusiekspel.

381 (12) Kamermusiek (2L)

Praktiese inleiding tot en ontwikkeling van die beginsels van kamermusiekspel.

11846 Kerkmusiekpraktyk

281 (12) Kerkmusiekpraktyk (2L)

'n Inleidende studie van die ontwikkeling en aard van musiek in die Christelike kerk en liturgiese vernuwing in die 20ste Eeu.

381 (12) Kerkmusiekpraktyk (2L)

'n Inleidende studie van die ontwikkeling en aard van musiek in die Christelike kerk en liturgiese vernuwing in die 20ste Eeu.

49018 Musiekopvoeding

371 (12) Musiekopvoeding (2L)

Inleiding tot filosofiese-, sielkundige- en sosiologiese aspekte van musiekopvoeding.

50652 Musiektegnologie

171 (12) Musiektegnologie (Inleidend) (1L, 1P)

Inleiding tot musiek en rekenaars.

16497 Musiekteorie

371 (12) Musiekteorie (1L, 1T)

Grondslae van musiekteorie en -analise.

11896 Onderwysmetodiek

121 (6) Onderwysmetodiek (1L)

Inleiding tot die geskiedenis, ontwikkeling en meganisme (waar van toepassing) van die gekose praktiese rigting.

Vorbereiding tot beginner-onderdig.

241 (12) Onderwysmetodiek (1L, 1P)

Inleiding tot aanvangsonderdig: metodes, tegnieke en repertorium van die praktiese rigting.

Onderdig aan 'n leerder onder toesig.

341 (12) Onderwysmetodiek (1L, 1P)

Inleiding tot gevorderde onderrig: metodes, tegnieke en repertorium van die gekose praktiese rigting. Onderrig aan 'n leerder onder toesig.

50660 Orkespraktyk

181 (12) Orkespraktyk (2P)

Deelname aan al die aktiwiteite van een of meer van die gevestigde ensembles van die Departement Musiek.

281 (12) Orkespraktyk (2P)

Deelname aan al die aktiwiteite van een of meer van die gevestigde ensembles van die Departement Musiek.

381 (12) Orkespraktyk (2P)

Deelname aan al die aktiwiteite van een of meer van die gevestigde ensembles van die Departement Musiek.

44695 Orkesstudie

271 (12) Orkesstudie (1L)

Bestudering van die standaard orkesrepertorium van die gekose instrument.

371 (12) Orkesstudie (1L)

Bestudering van die standaard orkesrepertorium van die gekose instrument.

51179 Praktiese Musiekstudie A

171 (24) Alle instrumente, Sang, Dirigeerkuns en Kerkmusiek (1L)

Die vestiging van en dan die verdieping van 'n tegniese basis asook musikale beginsels en stylbegrip.

Dirigeerkuns en Kerkmusiek

Newevereistemodule: Praktiese Partituurstudie 181

Klawerbordinstrumente, Blokfluit en Kitaar

Newevereistemodule: Begeleiding 171

Orkesinstrumente

Newevereistemodule: Orkespraktyk 181

Sang

Newevereistemodule: Tale vir Sangers 191

271 (24) Alle instrumente, Sang, Dirigeerkuns en Kerkmusiek (1L)

Die vestiging van en dan die verdieping van 'n tegniese basis asook musikale beginsels en stylbegrip.

Dirigeerkuns en Kerkmusiek

Newevereistemodules: Praktiese Partituurstudie 281; Ensemblesang 271 vir Dirigente of Kerkmusiekpraktyk 281 vir Orreliste

Klawerbordinstrumente, Blokfluit en Kitaar

Newevereistemodules: Begeleiding 271; Kamermusiek 281

Orkesinstrumente

Newevereistemodules: Orkespraktyk 281; Kamermusiek 281

Sang

Newevereistemodules: Tale vir Sangers 291; Ensemblesang 271

371 (24) Alle instrumente, Sang, Dirigeerkuns en Kerkmusiek (1L)

Die vestiging van en dan die verdieping van 'n tegniese basis asook musikale beginsels en stylbegrip.

Dirigeerkuns en Kerkmusiek

Newevereistemodules: Praktiese Partituurstudie 381; Ensemblesang 371 vir Dirigente of Kerkmusiek 381 vir Orreliste

Klawerbordinstrumente, Blokfluit en Kitaar

Newevereistemodules: Begeleiding 371; Kamermusiek 381

Orkesinstrumente

Newevereistemodules: Orkespraktyk 381; Kamermusiek 381

Sang

Newevereistemodules: Teaterkuns (Musiek) 391; Ensemblesang 371

51187 Praktiese Musiekstudie B

151 (12) Praktiese Musiekstudie (1L)

Grondlegging van tegniese vaardighede van die gekose instrument of sang.

251 (12) Praktiese Musiekstudie (1L)

Voortbouing op die basiese tegniese vaardighede van die gekose instrument of sang.

351 (12) Praktiese Musiekstudie (1L)

Voortbouing op die elementêre tegniese vaardighede van die gekose instrument of sang.

51217 Praktiese Musiekstudie S

221 (24) Praktiese Musiekstudie S (2L)

Toelating tot al die uitvoerende rigtings geskied op grond van keuring en/of oudisie.

Die module behels openbare uitvoerings aan die einde van die 1ste- en 2de semesters respektiewelik.

Spesialiseringsrigting Solospel: Klaviatuurinstrumente, Blokfluit en Kitaar

Newevereistemodules: Begeleiding 371; Kamermusiek 381

Spesialiseringsrigting Solospel: Orkesinstrumente

Newevereistemodules: Orkespraktyk 381; Kamermusiek 381

Spesialiseringsrigting Solosang

Newevereistemodules: Teaterkuns (Musiek) 391; Ensemblesang 371

Spesialiseringsrigting Dirigerig

Newevereistemodules: Praktiese Partituurstudie 381; Ensemblesang 371

Spesialiseringsrigting Kerkmusiek

Die werkslading word verdeel tussen koördinerig en orrelspel.

Newevereistemodules: Praktiese Partituurstudie 381; Kerkmusiekpraktyk 381

261 (24) Praktiese Musiekstudie S (2L)

Toelating tot al die uitvoerende rigtings geskied op grond van keuring en/of oudisie.

Die module behels openbare uitvoerings aan die einde van die 1ste- en 2de semesters respektiewelik.

Spesialiseringsrigting Solospel: Klaviatuurinstrumente, Blokfluit en Kitaar

Newevereistemodules: Begeleiding 371; Kamermusiek 381

Spesialiseringsrigting Solospel: Orkesinstrumente

Newevereistemodules: Orkespraktyk 381; Kamermusiek 381

Spesialiseringsrigting Solosang

Newevereistemodules: Teaterkuns (Musiek) 391; Ensemblesang 371

Spesialiseringsrigting Dirigerig

Newevereistemodules: Praktiese Partituurstudie 381; Ensemblesang 371

Spesialiseringsrigting Kerkmusiek

Die werkslading word verdeel tussen koördigering en orrelspel.

Newevereistemodules: Praktiese Partituurstudie 381; Kerkmusiekpraktyk 381

11848 Praktiese Partituurstudie

181 (12) Praktiese Partituurstudie (1L)

Die ontwikkeling van vaardighede t.o.v. partituurstudie d.m.v. klawerbordreduksie – baie eenvoudig tot gevorderd.

In die geval van Kerkmusiek sal op orrelvaardighede gefokus word.

281 (12) Praktiese Partituurstudie (1L)

Die ontwikkeling van vaardighede t.o.v. partituurstudie d.m.v. klawerbordreduksie – eenvoudig tot gevorderd.

In die geval van Kerkmusiek sal op orrelvaardighede gefokus word.

381 (12) Praktiese Partituurstudie (1L)

Die ontwikkeling van vaardighede t.o.v. partituurstudie d.m.v. klawerbordreduksie – gevorderd.

In die geval van Kerkmusiek sal op orrelvaardighede gefokus word.

54089 Repertoriumstudie

141 (6) Repertoriumstudies (1L)

Bestudering van die aanvaarde standaardrepertorium in al die styltydperke van die gekose praktiese rigting.

281 (12) Repertoriumstudies (1L)

Bestudering van die aanvaarde standaardrepertorium in al die styltydperke van die gekose praktiese rigting.

381 (12) Repertoriumstudies (1L)

Bestudering van die aanvaarde standaardrepertorium in al die styltydperke van die gekose praktiese rigting.

11897 Tale vir Sangers

191 (12) Tale vir Sangers (1L, 1P)

Basiese taalstudie relevant vir sangers.

291 (12) Tale vir Sangers (1L, 1P)

Basiese taalstudie relevant vir sangers.

46841 Teaterkuns (Musiek)

391 (12) Teaterkuns (musiek) (2L)

Inleidende aspekte van verhoogoptrede vir sangers.

Die inhoud word in samewerking met Departement Drama bepaal.

Module-inhoude vir graadprogramme en Gevorderde Diploma

56510 Begeleiding

176 (12) Begeleiding (1L)

Leiding t.o.v. die praktyk – individueel en in groepsverband.

276 (12) Begeleiding (1L)

Leiding t.o.v. die praktyk – individueel en in groepsverband.

376 (12) Begeleiding (1L)

Leiding t.o.v. die praktyk – individueel en in groepsverband.

476 (12) Begeleiding (1L)

Leiding t.o.v. die praktyk – individueel en in groepsverband.

51144 Besigheidsbestuur (Musiek)

474 (12) Besigheidsbestuur (Musiek) (2L)

Aspekte van ateljeebestuur en entrepreneurskap.

11847 Diensleer

496 (12) Diensleermodule (2S)

Deelname aan departementele gemeenskapsinteraksie-projekte om teoretiese kennis te konkretiseer, nuwe kennis te genereer en konteks-spesifieke begrip te skep van musikale praktyke en kennis.

11849 Ensemblesang

274 (12) Ensemblesang (2L)

Die ontwikkeling van vaardighede t.o.v. alle aspekte van ensemblesang d.m.v. praktiese groep-sangaktiwiteite.

374 (12) Ensemblesang (2L)

Die ontwikkeling van vaardighede t.o.v. alle aspekte van ensemblesang d.m.v. praktiese groep-sangaktiwiteite.

474 (12) Ensemblesang (2L)

Die ontwikkeling van vaardighede t.o.v. alle aspekte van ensemblesang d.m.v. praktiese groep-sangaktiwiteite.

50628 Etnomusikologie

376 (24) Etnomusikologie (2L)

Inleiding tot die Etnomusikologie.

476 (12) Etnomusikologie (2L)

Capita selecta uit die Etnomusikologie.

40304 Gehooropleiding

174 (12) Gehooropleiding (1L, 2T)

Basies toegepaste teorie, bladsang en diktee.

271 (8) Gehooropleiding (1L, 2T)

Toegepaste teorie, bladsang, diktee en praktiese harmonie.

54003 Improvisasie

394 (12) Improvisasie (1L)

Koraalimprovisasies/Vrye improvisasies.

494 (12) Improvisasie (1L)

Koraalimprovisasies/Vrye improvisasies.

62324 Kamermusiek

284 (12) Kamermusiek (2L)

Gespesialiseerde leiding in die beginsels van kamermusiekspel.

384 (12) Kamermusiek (2L)

Gespesialiseerde leiding in die beginsels van kamermusiekspel.

484 (12) Kamermusiek (2L)

Gespesialiseerde leiding in die beginsels van kamermusiekspel.

11846 Kerkmusiekpraktyk

284 (12) Kerkmusiekpraktyk (2L)

'n Studie van die ontwikkeling en aard van musiek in die Christelike kerk en liturgiese vernuwung in die 20ste Eeu.

384 (12) Kerkmusiekpraktyk (2L)

'n Studie van die ontwikkeling en aard van musiek in die Christelike kerk en liturgiese vernuwung in die 20ste Eeu.

484 (12) Kerkmusiekpraktyk (2L)

'n Studie van die ontwikkeling en aard van musiek in die Christelike kerk en liturgiese vernuwung in die 20ste Eeu.

32964 Komposisie

279 (16) Komposisie (2L)

'n Inleidende studie tot komposisie by wyse van kreatiewe, praktiese en teoretiese werk.

379 (48) Komposisie (2L, 2T)

'n Studie van komposisietegnieke en musiektegnologiese hulpmiddele.

Stylkritiese analiseprosedures.

Komposisie van werke met 'n uiteenlopende besetting.

Slaagvoorvereistemodule: Komposisie 279

479 (60) Komposisie (2L, 2T)

'n Gevorderde studie van komposisietegnieke (akoesties en elektro-akoesties).

Stylkritiese analiseprosedures.

Komposisie van werke met 'n uiteenlopende besetting (o.a. een vir groot orkes).

11895 Kreatiewe Vaardighede

476 (12) Kreatiewe Vaardighede (2L)

Basiese kennis van alle instrumente en sang.

Verwerkingstegnieke en improvisasie.

Praktiese toepassing d.m.v. werksopdragte.

49018 Musiekopvoeding

174 (12) Musiekopvoeding (2L)

Filosofiese, sielkundige en sosiologiese aspekte van musiekopvoeding.

278 (16) Musiekopvoeding (2L)

Aspekte van groepsonderrig van musiek.

378 (24) Musiekopvoeding (3L, 2P)

Teoretiese en praktiese opleiding vir onderrig van musiek in skole.

478 (24) Musiekopvoeding (3L, 2P)

Teoretiese en praktiese opleiding vir onderrig van musiek in skole.

50652 Musiektegnologie

112 (6) Musiektegnologie (2L)

Musiek en rekenaars: MIDI; notasiesagteware; sekwensagteware; basiese beginsels van klankopname en -redigering; gehoorfisiologie; musiek in film/advertensies; video en klankbaan; basiese webontwerp en HTML.

142 (6) Musiektegnologie (2L)

Musiek en rekenaars: MIDI; notasiesagteware; sekwensagteware; basiese beginsels van klankopname en -redigering; gehoorfisiologie; musiek in film/advertensies; video en klankbaan; basiese webontwerp en HTML.

222 (8) Musiektegnologie (1L, 1P)

'n Gevorderde studie van klankgolwe, klankpersepsie, akoestiek, die klankateljee, klanksintese, MIDI, klankseïnprosessering en klankgeoriënteerde programmering.

252 (8) Musiektegnologie (1L, 1P)

'n Gevorderde studie van klankgolwe, klankpersepsie, akoestiek, die klankateljee, klanksintese, MIDI, klankseïnprosessering en klankgeoriënteerde programmering.

379 (48) Musiektegnologie (2L, 2T)

Projekte t.o.v. klankopnames en klankgeoriënteerde programmering.

479 (60) Musiektegnologie (3L, 2T)

Projekte t.o.v. klankopnames en beweging- en klankgeoriënteerde programmering.

16497 Musiekteorie

174 (12) Musiekteorie (1L, 1T)

Grondslae van musiekteorie en -analise.

222 (8) Musiekteorie (2L, 2T)

Gevorderde musiekteorie en -analise.

252 (8) Musiekteorie (2L, 2T)

Gevorderde musiekteorie en -analise.

324 (12) Musiekteorie (2L, 2T)

Capita selecta uit die Musiekteorie van die 16de, 17de en vroeë 18de Eeu.

Slaagvoorvereistmodules: Musiekteorie 174, 222, 252

354 (12) Musiekteorie (2L, 2T)

Capita selecta uit die Musiekteorie van die 16de, 17de en vroeë 18de Eeu.

Slaagvoorvereistmodules: Musiekteorie 174, 222, 252

424 (12) Musiekteorie (2L, 2T)

Capita selecta uit die Musiekteorie van die 20ste en 21ste Eeu (insluitend Suid-Afrikaanse musiek).

454 (12) Musiekteorie (2L, 2T)

Capita selecta uit die Musiekteorie van die 20ste en 21ste Eeu (insluitend Suid-Afrikaanse musiek).

44717 Musiekwetenskap

174 (12) Musiekwetenskap (2L)

"World Music".

Inleiding tot Navorsingsvaardighede.

Die Musiek van die laat 18de Eeu.

212 (8) Musiekwetenskap (3L)

Die musiek van die 19de Eeu.

242 (8) Musiekwetenskap (3L)

Die musiek van die 20ste Eeu.

271 (8) Musiekwetenskap (Musiekvaardighede) (2L, 2P)

Musiekvaardighede: beginsels van teorie, harmonie en vorm.

Geïntegreerde gehoorontwikkeling.

Klawerbordvaardighede en praktiese harmonie.

314 (12) Musiekwetenskap (3L)

Die musiek tussen 1500 en 1750.

Slaagvoorvereistemodules: Musiekwetenskap 174, 212, 242

344 (12) Musiekwetenskap (3L)

Suid-Afrikaanse musiek.

Slaagvoorvereistemodules: Musiekwetenskap 174, 212, 242

414 (12) Musiekwetenskap (4L)

Geskiedenis van vroeë musiek tot ongeveer 1500.

444 (12) Musiekwetenskap (4L)

Capita selecta, insluitende Musiekantropologie, populêre musiek, filmmusiek en musiekhistoriografie.

11845 Musiekwetenskapkritiek

324 (12) Musiekwetenskapskritiek (2L)

'n Kritiese studie van musiekwetenskaplike literatuur.

344 (12) Musiekwetenskapskritiek (2L)

'n Kritiese studie van musiekwetenskaplike literatuur.

424 (12) Musiekwetenskapskritiek (2L)

'n Kritiese studie van musiekwetenskaplike literatuur.

444 (12) Musiekwetenskapskritiek (2L)

'n Kritiese studie van musiekwetenskaplike literatuur.

11896 Onderwysmetodiek

212 (6) Onderwysmetodiek (1L)

Die geskiedenis, ontwikkeling en meganisme (waar van toepassing) van die gekose praktiese rigting.

Vorbereiding tot beginneronderrig.

222 (6) Onderwysmetodiek (Tweede instrument) (1L)

Die geskiedenis, ontwikkeling en meganisme (waar van toepassing) van die gekose praktiese rigting.

Vorbereiding tot beginneronderrig.

374 (12) Onderwysmetodiek (1L, 1P)

Aanvangsonderrig: metodes, tegnieke en repertorium van die praktiese rigting.

Onderrig aan 'n leerling onder toesig.

376 (12) Onderwysmetodiek (Tweede instrument) (1L, 1P)

Aanvangsonderrig: metodes, tegnieke en repertorium van die praktiese rigting.

Onderrig aan 'n leerder onder toesig.

474 (12) Onderwysmetodiek (1L, 1P)

Gevorderde onderrig: metodes, tegnieke en repertorium van die gekose praktiese rigting.

Onderrig aan 'n leerder onder toesig.

476 (12) Onderwysmetodiek (Tweede instrument) (1L, 1P)

Gevorderde onderrig: metodes, tegnieke en repertorium van die gekose praktiese rigting.

Onderrig aan 'n leerder onder toesig.

49328 Onderwyspraktyk

476 (12) Onderwyspraktyk (2L, 2P)

Lesbeplanning en klasonderrig onder toesig van dosent.

10385 Navorsingsmetodologie (Musiek)

474 (12) Navorsingsmetodologie (Musiek) (2L)

Inleiding tot navorsingsmetodes ter voorbereiding van die magistergraad.

50660 Orkespraktyk

184 (12) Orkespraktyk (2P)

Deelname aan al die aktiwiteite van een of meer van die gevestigde ensembles van die Departement Musiek.

284 (12) Orkespraktyk (2P)

Deelname aan al die aktiwiteite van een of meer van die gevestigde ensembles van die Departement Musiek.

384 (12) Orkespraktyk (2P)

Deelname aan al die aktiwiteite van een of meer van die gevestigde ensembles van die Departement Musiek.

484 (12) Orkespraktyk (2P)

Deelname aan al die aktiwiteite van een of meer van die gevestigde ensembles van die Departement Musiek.

44695 Orkesstudie

377 (12) Orkesstudie (1L)

Bestudering van die standaard-orkesrepertorium van die gekose instrument.

477 (12) Orkesstudie (1L)

Bestudering van die standaard-orkesrepertorium van die gekose instrument.

32956 Orkestrasie

388 (24) Orkestrasie (2L)

Basiese kennis van alle instrumente van die simfonie- en blaasorkes.
'n Studie van die mees algemene verwerkingstegnieke en orkestrasiepraktyke.
Praktiese toepassing d.m.v. basiese werksopdragte.

488 (24) Orkestrasie (2L)

Stylkritiese analitiese studie van orkestrasiepraktyke.
Gevorderde orkestrasie-werksopdragte.

51179 Praktiese Musiekstudie A

184 (12) Alle Instrumente, Dirigeerkuns en Sang (1L)

Daar is slegs een praktiese eksamen aan die einde van die tweede semester.

284 (12) Alle Instrumente, Dirigeerkuns en Sang (1L)

Daar is slegs een praktiese eksamen aan die einde van die tweede semester.

384 (12) Alle Instrumente, Dirigeerkuns en Sang (1L)

Daar is slegs een praktiese eksamen aan die einde van die tweede semester.

484 (12) Alle Instrumente, Dirigeerkuns en Sang (1L)

Daar is slegs een praktiese eksamen aan die einde van die tweede semester.

178 (24) Alle instrumente, Sang, Dirigeerkuns en Kerkmusiek (1L)

Die vestiging van en dan die verdieping van 'n tegniese basis asook musikale beginsels en stylbegrip.

Dirigeerkuns en Kerkmusiek

Newevereistemodule: Praktiese Partituurstudie 186

Klawerbordinstrumente, Blokfluit en Kitaar

Newevereistemodule: Begeleiding 176

Orkesinstrumente

Newevereistemodule: Orkespraktyk 184

Sang

Newevereistemodule: Tale vir Sangers 194

278 (24) Alle instrumente, Sang, Dirigeerkuns en Kerkmusiek (1L)

Die vestiging van en dan die verdieping van 'n tegniese basis asook musikale beginsels en stylbegrip.

Dirigeerkuns en Kerkmusiek

Newevereistemodules: Praktiese Partituurstudie 286; Ensemblesang 274 vir Dirigente of Kerkmusiekpraktyk 284 vir Orreliste

Klawerbordinstrumente, Blokfluit en Kitaar

Newevereistemodules: Begeleiding 276; Kamermusiek 284

Orkesinstrumente

Newevereistemodules: Orkespraktyk 284; Kamermusiek 284

Sang

Newevereistemodules: Tale vir Sangers 294; Ensemblesang 274

378 (24) Alle instrumente, Sang, Dirigeerkuns en Kerkmusiek (1L)

Die vestiging van en dan die verdieping van 'n tegniese basis asook musikale beginsels en stylbegrip.

Orkesinstrumente: Orkespraktyk as bywoningsvak is verpligtend

478 (24) Alle instrumente, Sang, Dirigeerkuns en Kerkmusiek (1L)

Die vestiging van en dan die verdieping van 'n tegniese basis asook musikale beginsels en stylbegrip.

Orkesinstrumente: Orkespraktyk as bywoningsvak is verpligtend

188 (36) Alle instrumente, Sang, Dirigeerkuns en Kerkmusiek (1L)

Die vestiging van en dan die verdieping van 'n tegniese basis asook musikale beginsels en stylbegrip.

Optrede tydens Departementele voorspeelklasse is verpligtend.

Dirigeerkuns en Kerkmusiek

Newevereistemodule: Praktiese Partituurstudie 186

Klawerbordinstrumente, Blokfluit en Kitaar

Newevereistemodule: Begeleiding 176

Orkesinstrumente

Newevereistemodule: Orkespraktyk 184

Sang

Newevereistemodule: Tale vir Sangers 194

288 (36) Alle instrumente, Sang, Dirigeerkuns en Kerkmusiek (1L)

Die vestiging van en dan die verdieping van 'n tegniese basis asook musikale beginsels en stylbegrip.

Dirigeerkuns en Kerkmusiek

Newevereistemodules: Praktiese Partituurstudie 286; Ensemblesang 274 vir Dirigente of Kerkmusiekpraktyk 284 vir Orreliste

Klawerbordinstrumente, Blokfluit en Kitaar

Newevereistemodules: Begeleiding 276; Kamermusiek 284

Orkesinstrumente

Newevereistemodules: Orkespraktyk 284; Kamermusiek 284

Sang

Newevereistemodules: Tale vir Sangers 294; Ensemblesang 274

51187 Praktiese Musiekstudie B

174 (12) Praktiese Musiekstudie (1L)

Grondlegging van tegniese vaardighede van die gekose instrument.

'n Standaard van graad 5 (Unisa of ekwivalent) moet as uitkoms van hierdie module bereik word.

274 (12) Praktiese Musiekstudie (1L)

Voortbouing op die basiese tegniese vaardighede van die gekose instrument.

54070 Praktiese Musiekstudie E

196 (24) Praktiese Musiekstudie (1L)

Die vestiging van en dan die verdieping van 'n tegniese basis asook musikale beginsels en stylbegrip vir nie-musiekstudente.

296 (24) Praktiese Musiekstudie (1L)

Die vestiging van en dan die verdieping van 'n tegniese basis asook musikale beginsels en stylbegrip vir nie-musiekstudente.

396 (24) Praktiese Musiekstudie (1L)

Die vestiging van en dan die verdieping van 'n tegniese basis asook musikale beginsels en stylbegrip vir nie-musiekstudente.

496 (24) Praktiese Musiekstudie (1L)

Die vestiging van en dan die verdieping van 'n tegniese basis asook musikale beginsels en stylbegrip vir nie-musiekstudente.

51217 Praktiese Musiekstudie S

318 (24) Praktiese Musiekstudie (2L)

Toelating tot al die uitvoerende rigtings geskied op grond van keuring en/of oudisie.

Die module behels 'n openbare uitvoerings aan die einde van die eerste semester.

Spesialiseringsrigting Solospel: Klaviatuurinstrumente, Blokfluit en Kitaar

Newevereistemodules: Begeleiding 376; Kamermusiek 384

Spesialiseringsrigting Begeleiding

Newevereistemodules: Praktiese Musiekstudie A 384; Kamermusiek 384

Spesialiseringsrigting Kamermusiek

Newevereistemodules: Praktiese Musiekstudie A 384 vir alle instrumente dirigering en sang; Begeleiding 376 vir nie-orkesinstrumentaliste of Orkespraktyk 384 vir orkesinstrumentaliste.

Spesialiseringsrigting Solospel: Orkesinstrumente

Newevereistemodules: Orkespraktyk 384; Kamermusiek 384

Spesialiseringsrigting Solosang

Newevereistemodules: Teaterkuns (Musiek) 394; Ensemblesang 374

Spesialiseringsrigting Dirigering

Newevereistemodules: Praktiese Partituurstudie 386; Ensemblesang 374

Spesialiseringsrigting Kerkmusiek

Die werkslading word verdeel tussen koordirigering en orrelspel.

Newevereistemodules: Praktiese Partituurstudie 386; Kerkmusiekpraktyk 384

321 (30) Praktiese Musiekstudie (2L)

Toelating tot al die uitvoerende rigtings geskied op grond van keuring en/of oudisie.

Die module behels 'n openbare uitvoerings aan die einde van die eerste semester.

Spesialiseringsrigting Solospel: Klaviatuurinstrumente, Blokfluit en Kitaar

Newevereistemodules: Begeleiding 376; Kamermusiek 384

Spesialiseringsrigting Begeleiding

Newevereistemodules: Praktiese Musiekstudie A 384; Kamermusiek 384

Spesialiseringsrigting Kamermusiek

Newevereistemodules: Praktiese Musiekstudie A 384 vir alle instrumente dirigering en sang; Begeleiding 376 vir nie-orkesinstrumentaliste en Orkespraktyk 384 vir orkesinstrumentaliste.

Spesialiseringsrigting Solospel: Orkesinstrumente

Newevereistemodules: Orkespraktyk 384; Kamermusiek 384

Spesialiseringsrigting Solosang

Newevereistemodules: Teaterkuns (Musiek) 394; Ensemblesang 374

Spesialiseringsrigting Dirigering

Newevereistemodules: Praktiese Partituurstudie 386; Ensemblesang 374 vir koordirigente of Orkespraktyk 384 vir orkesdirigente

Spesialiseringsrigting Kerkmusiek

Die werkslading word verdeel tussen koordirigering en orrelspel.

Newevereistemodules: Praktiese Partituurstudie 386; Kerkmusiekpraktyk 384

348 (24) Praktiese Musiekstudie (2L)

Toelating tot al die uitvoerende rigtings geskied op grond van keuring en/of oudisie.

Die module behels 'n openbare uitvoering aan die einde van die tweede semester.

Spesialiseringsrigting Solospel: Klaviatuurinstrumente, Blokfluit en Kitaar

Newevereistemodules: Begeleiding 376; Kamermusiek 384

Spesialiseringsrigting Begeleiding

Newevereistemodules: Praktiese Musiekstudie A 384; Kamermusiek 384

Spesialiseringsrigting Kamermusiek

Newevereistemodules: Praktiese Musiekstudie A 384 vir alle instrumente dirigering en sang; Begeleiding 376 vir nie-orkestrinstrumentaliste of Orkespraktyk 384 vir orkestrinstrumentaliste.

Spesialiseringsrigting Solospel: Orkesinstrumente

Newevereistemodules: Orkespraktyk 384; Kamermusiek 384

Spesialiseringsrigting Solosang

Newevereistemodules: Teaterkuns (Musiek) 394; Ensemblesang 374

Spesialiseringsrigting Dirigering

Newevereistemodules: Praktiese Partituurstudie 386; Ensemblesang 374

Spesialiseringsrigting Kerkmusiek

Die werkslading word verdeel tussen koordirigering en orrelspel.

Newevereistemodules: Praktiese Partituurstudie 386; Kerkmusiekpraktyk 384

361 (30) Praktiese Musiekstudie (2L)

Toelating tot al die uitvoerende rigtings geskied op grond van keuring en/of oudisie.

Die module behels 'n openbare uitvoerings aan die einde van die tweede semester.

Spesialiseringsrigting Solospel: Klaviatuurinstrumente, Blokfluit en Kitaar

Newevereistemodules: Begeleiding 376; Kamermusiek 384

Spesialiseringsrigting Begeleiding

Newevereistemodules: Praktiese Musiekstudie A 384; Kamermusiek 384

Spesialiseringsrigting Kamermusiek

Newevereistemodules: Praktiese Musiekstudie A 384 vir alle instrumente dirigering en sang; Begeleiding 376 vir nie-orkestrinstrumentaliste of Orkespraktyk 384 vir orkestrinstrumentaliste.

Spesialiseringsrigting Solospel: Orkesinstrumente

Newevereistemodules: Orkespraktyk 384; Kamermusiek 384

Spesialiseringsrigting Solosang

Newevereistemodules: Teaterkuns (Musiek) 394; Ensemblesang 374

Spesialiseringsrigting Dirigering

Newevereistemodules: Praktiese Partituurstudie 386; Ensemblesang 374 vir koordirigente of Orkespraktyk 384 vir orkesdirigente

Spesialiseringsrigting Kerkmusiek

Die werkslading word verdeel tussen koordirigering en orrelspel.

Newevereistemodules: Praktiese Partituurstudie 386; Kerkmusiekpraktyk 384

418 (30) Praktiese Musiekstudie (2L)

Die module behels 'n openbare uitvoering aan die einde van die eerste semester.

Spesialiseringsrigting Solospel: Klaviatuurinstrumente, Blokfluit en Kitaar

Newevereistemodules: Begeleiding 476; Kamermusiek 484

Spesialiseringsrigting Begeleiding

Newevereistemodules: Praktiese Musiekstudie A 484; Kamermusiek 484

Spesialiseringsrigting Kamermusiek

Newevereistemodules: Praktiese Musiekstudie A 484 vir alle instrumente dirigering en sang; Begeleiding 476 vir nie-orkestrinstrumentaliste of Orkespraktyk 484 vir orkestrinstrumentaliste.

Spesialiseringsrigting Solospel: Orkesinstrumente

Newevereistemodules: Orkespraktyk 484; Kamermusiek 484

Spesialiseringsrigting Solosang

Newevereistemodules: Teaterkuns (Musiek) 494; Ensemblesang 474

Spesialiseringsrigting Dirigering

Dirigering van instrumentale ensembles in geval van orkesdirigering of vokale ensembles in geval van koordirigering.

Newevereistemodules: Praktiese Partituurstudie 486; Ensemblesang 474; Orkespraktyk 484 vir orkesdirigente

Spesialiseringsrigting Kerkmusiek

Die werkslading word verdeel tussen koordirigering en orrelspel.

Newe vereistemoedules: Praktiese Partituurstudie 486; Kerkmusiekpraktyk 484

448 (30) Praktiese Musiekstudie (2L)

Die module behels 'n openbare uitvoering aan die einde van die tweede semester.

Spesialiseringsrigting Solospel: Klaviatuurinstrumente, Blokfluit en Kitaar

Newe vereistemoedules: Begeleiding 476; Kamermusiek 484

Spesialiseringsrigting Begeleiding

Newe vereistemoedules: Praktiese Musiekstudie A 484; Kamermusiek 484

Spesialiseringsrigting Kamermusiek

Newe vereistemoedules: Praktiese Musiekstudie A 484 vir alle instrumente dirigerigering en sang; Begeleiding 476 vir nie-orkesinstrumentaliste of Orkespraktyk 484 vir orkesinstrumentaliste.

Spesialiseringsrigting Solospel: Orkesinstrumente

Newe vereistemoedules: Orkespraktyk 484; Kamermusiek 484

Spesialiseringsrigting Solosang

Newe vereistemoedules: Teaterkuns (Musiek) 494; Ensemblesang 474

Spesialiseringsrigting Dirigerigering

Dirigerigering van ensembles.

Newe vereistemoedules: Praktiese Partituurstudie 486; Ensemblesang 474

Spesialiseringsrigting Kerkmusiek

Die werkslading word verdeel tussen koordirigering en orrelspel.

Newe vereistemoedules: Praktiese Partituurstudie 486; Kerkmusiekpraktyk 484

11848 Praktiese Partituurstudie

186 (12) Praktiese Partituurstudie (1L)

Die ontwikkeling van vaardighede t.o.v. partituurstudie d.m.v. klavierbordreduksie.

In die geval van Kerkmusiek sal op orrelvaardighede gefokus word.

286 (12) Praktiese Partituurstudie (1L)

Die ontwikkeling van vaardighede t.o.v. partituurstudie d.m.v. klavierbordreduksie.

In die geval van Kerkmusiek sal op orrelvaardighede gefokus word.

386 (12) Praktiese Partituurstudie (1L)

Die ontwikkeling van vaardighede t.o.v. partituurstudie d.m.v. klavierbordreduksie.

In die geval van Kerkmusiek sal op orrelvaardighede gefokus word.

486 (12) Praktiese Partituurstudie (1L)

Die ontwikkeling van vaardighede t.o.v. partituurstudie d.m.v. klavierbordreduksie.

In die geval van Kerkmusiek sal op orrelvaardighede gefokus word.

54089 Repertoriumstudie

242 (6) Repertoriumstudie (1L)

Bestudering van die standaardrepertorium in al die styltydperke van die gekose praktiese rigting.

389 (36) Repertoriumstudie (1L)

Die module bestaan uit twee-derdes praktiese en een-derde geskrewe werk.

394 (12) Repertoriumstudie (1L)

Bestudering van die standaardrepertorium in al die styltydperke van die gekose praktiese rigting.

494 (12) Repertoriumstudie (1L)

Bestudering van die standaardrepertorium in al die styltydperke van die gekose praktiese rigting.

11897 Tale vir Sangers

194 (12) Tale van Sangers (1L, 1P)

Inleidende taalstudie relevant vir sangers.

294 (12) Tale van Sangers (1L, 1P)

Inleidende taalstudie relevant vir sangers.

46841 Teaterkuns (Musiek)

394 (12) Teaterkuns (Musiek) (2L)

Aspekte van verhoogoptrede vir sangers.

Die inhoud word in samewerking met die Departement Drama bepaal.

494 (12) Teaterkuns (Musiek) (2L)

Aspekte van verhoogoptrede vir sangers.

Die inhoud word in samewerking met die Departement Drama bepaal.

54100 Vakdidaktiek Musiekteorie

394 (12) Vakdidaktiek Musiekteorie (2L)

Metodeleer, kurrikulumstudie en praktyk vir musiek as vak op skool.

494 (12) Vakdidaktiek Musiekteorie (2L)

Metodeleer, kurrikulumstudie en praktyk vir musiek as vak op skool.

Departement Politieke Wetenskap

44687 Politieke Wetenskap

114 (12) Inleiding tot Politieke Wetenskap en Suid-Afrikaanse Politiek (2L, 0.5T)

Die module bied 'n inleiding tot die akademiese dissipline van Politieke Wetenskap. Dit dek belangrike konsepte, teorieë, modelle en debatte in die studieveld. Na die konseptuele en teoretiese inleiding volg 'n bespreking van die politieke ontwikkeling van, sowel as hedendaagse politiek in Suid-Afrika.

144 (12) Inleiding tot Internasionale Betrekkinge en Afrika-politiek (2L, 0.5T)

'n Oorsig van die belangrikste rolspelers, strukture en prosesse in die globale stelsel. Studente sal deeglik kennis maak met praktiese en teoretiese aspekte van die studie en ontleding van Internasionale Betrekkinge, met spesifieke klem op die Afrika-konteks.

212 (8) Politieke Gedrag (1.5L, 0.5T)

Die bestudering van hoe gesagsfigure en -instellings politieke waardes aan jongmense oordra, en hoe dit mettertyd deel van die politieke kultuur word. In sommige gevalle bevraagteken sekere mense die bestaande waardes en raak betrokke by politieke protes en geweld. Laasgenoemde verskynsels, asook verdraagsaamheid en konvensionele politieke deelname word bestudeer.

222 (8) Globale Politieke Ekonomie (1.5L, 0.5T)

Die bestudering van die dinamiese interaksie tussen politiek en ekonomie, met spesifieke fokus op die strukture van die globale politieke ekonomie (handel, finansies, produksie, kennis en sekuriteit), globale regeringsinstellings en op die spanning tussen staats- en markinstellings; perspektiewe wat aangewend word in die bestudering van die studieveld; Suid-Afrika in die globale politieke ekonomie.

242 (8) Politieke Ontwikkeling (1.5L, 0.5T)

Die analise van die staat, ekonomie en ontwikkeling in Asië, Afrika en/of Latyns-Amerika gebaseer op gevallestudies en vergelykende temas.

252 (8) Buitelandse Beleidsanalise (1.5L, 0.5T)

Bied 'n inleiding en oorsig tot die doel en ontwikkeling van buitelandse beleid, buitelandse beleidsanalise, die interaksie met binnelandse beleidskwessies, die rol van verskillende akteurs in buitelandse beleid en die impak wat kwessies op streeks- en globale vlak op buitelandse beleid het, met spesifieke verwysing na Suid-Afrika en/of ander state of streke.

314 (12) Politieke Teorie (2L, 0.5T)

Die bestudering van teoretiese benaderings tot politieke-ekonomiese vraagstukke en 'n oorsig van hedendaagse ideologiese denkrigtings se impak op politieke bewegings, konflik en instellings.

Hierdie module is die bekendstelling van die mees gesaghebbende modelle van demokrasie. Dit ondersoek die historiese toestande en ontwikkeling van demokrasiese teorieë, die voor- en nadele van verskillende variante of modelle van demokrasie. Die module ondersoek ook huidige vertolkings van demokrasie en behandel die kontemporêre uitdagings van demokrasie in die 21ste eeu.

324 (12) Vergelykende Politiek (2L, 0.5T)

Teorieë wat betrekking het op die vergelyking van politieke-ekonomiese stelsels. Hedendaagse tendense in Afrika en ander streke. Patrone van demokratisering en verkiesingspolitiek.

344 (12) Politieke Konflik (2L)

Teorieë van konflik: aard, inhoud en oorsprong; teorieë van konflikhantering; onderhandeling, bedinging en derdeparty-intervensie.

354 (12) Politieke Analise (2L, 0.5T)

Die module dien as 'n inleiding tot politieke analise. Die module gee 'n oorsig van die analitiese hulpmiddels om politieke prosesse te analiseer. Daar is 'n verdere fokus op die teorie en praktyk van openbare beleid en politiekekerisiko-analise.

364 (12) Internasionale Betrekkinge van Afrika (2L)

Afrika se internasionale posisie en rol; interstaatlike betrekkinge op die kontinent; betrekkinge met geselekteerde eksterne akteurs.

Departement Sielkunde

Belangrike kennisgewing vir alle studente wat beoog om Sielkunde te studeer

Studente wat graag wil voortgaan met nagraadse studie in die Sielkunde word ingelig dat mededinging vir toelating tot die Honneursprogram in Sielkunde en ook die Magisterprogram in Kliniese Sielkunde baie straf is. Die oorgrote meerderheid van studente wat aan die basiese voorvereistes vir toelating tot hierdie grade voldoen, sal nie toelating kry nie as gevolg van die klein getal beskikbare plekke sowel as die streng keuringsprosedures. Studente wat belangstel in nagraadse studie in die sielkunde word aangeraai:

- Om te verseker dat hulle akademiese prestasie op voorgraadse vlak uitstekend is.
- Om, indien hulle belangstel in 'n loopbaan in kliniese of voorligtingsielkunde, bykomende ondervinding op te doen in menslike dienslewering deur middel van vrywillige werk of ander relevante geleenthede.
- Om bewys te lewer dat hulle 'n basiese vaardigheid toon in ten minste een inheemse Suid-Afrikaanse taal behalwe Afrikaans.
- Om die samestelling van hulle studieprogramme so te beplan dat alternatiewe loopbaan-geleenthede beskikbaar is, aangesien dit moontlik is dat hulle nie toelating tot honneurs- of magisterstudie gaan kry nie ten spyte daarvan dat aan al bogenoemde kriteria voldoen word nie.

18414 Sielkunde

114 (12) Sielkunde as Wetenskap (2L, 1T)

Hierdie module bied 'n breë oorsig van die sielkunde as 'n wetenskap en 'n professie, met spesifieke klem op sielkundige kwessies wat pertinent is vir die Suid-Afrikaanse konteks. Sielkunde word geposisioneer by die sameloop van 'n aantal tradisies van navorsing en praktyk, insluitende biologiese, filosofiese en pragmatiese tradisies. Hierdie inleidende module verskaf aan studente 'n basis vanwaar verdere studie van die dissipline benader kan word.

144 (12) Sielkunde in Konteks (2L, 1T)

In hierdie module word die basiese beginsels in Sielkunde toegepas ten einde die persoon in konteks te verstaan, met spesifieke verwysing na kern- sosiale kwessies en uitdagings in die Suid-Afrikaanse samelewing.

213 (8) Benaderings tot Sielkundige Teorieë oor die Persoon (1.5L)

In hierdie module word sielkundige teorieë oor en beskouings van die persoon aangespreek, met verwysing na belangrike hedendaagse benaderings. Van hierdie teorieë kan sistemiese, psigodinamiese, gedrags-, kognitiewe en eksistensiële komponente insluit, met inagneming van die toepaslikheid van sielkundige teorieë vir kontekste in Afrika.

Slaagvoorvereistmodules: Sielkunde 114, 144

223 (8) Menslike Ontwikkeling in Konteks (1.5L)

In hierdie module word menslike ontwikkeling bestudeer, met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse konteks.

Slaagvoorvereistmodules: Sielkunde 114, 144

243 (8) Navorsingsontwerp in die Sielkunde (1.5L)

Hierdie module sal studente toerus met die kennis en vaardighede om wetenskaplike literatuur in die sielkunde te kan evalueer. Die module dek die teoretiese kernelemente van beide kwantitatiewe- en kwalitatiewenavorsingsmetodologie en maak gebruik van voorbeelde uit huidige psigososiale kwessies.

Slaagvoorvereistmodules: Sielkunde 114, 144

253 (8) Data-ontleding in die Sielkunde (1.5L)

Hierdie module fokus op data-analisemetodes wat algemeen gebruik word in sielkundige navorsing. Die module sal studente toerus met die kennis en vaardighede om kwalitatiewe en kwantitatiewe data te ontleed.

Slaagvoorvereistmodules: Sielkunde 114, 144

314 (12) Psigopatologie (4L)

In hierdie module word abnormale gedrag vanuit verskillende perspektiewe en klassifikasiesisteme, met spesifieke verwysing na die geestesgesondheidskonteks in Suid-Afrika, bestudeer.

Drie van die volgende slaagvoorvereistmodules: Sielkunde 213, 223, 243, 253

324 (12) Sosiale Sielkunde (4L)

Hierdie module behandel teoretiese en metodologiese ontwikkelinge in die hedendaagse sosiale sielkunde en ondersoek sosiale verhoudings en identiteit in die lig van sosiale kategorieë soos geslag, ras, etnisiteit en seksuele oriëntasie, met klem op die Suid-Afrikaanse konteks.

Drie van die volgende slaagvoorvereistmodules: Sielkunde 213, 223, 243, 253

348 (24) Sielkundige Intervensies (4L)

Sielkundiges werk binne verskeie kontekste, vanaf individuele psigoterapieë tot gemeenskapsintervensies. In hierdie module word die beginsels onderliggend aan die bydraes wat sielkundiges tot menslike gesondheid maak, ontwikkeling en individuele sowel as kollektiewe welsyn krities bespreek, met spesifieke verwysing na die hedendaagse Suid-Afrikaanse gesondheids- en geestesgesondheidskonteks.

Drie van die volgende slaagvoorvereistmodules: Sielkunde 213, 223, 243, 253

Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie

19003 Sosiologie

Belangrike bepaling vir die vak 19003 Sosiologie

1. Indien jy Sosiologie 3 as 'n hoofvak volg is Sosiologie 314 (eerste semester) en 364 (tweede semester) verpligte modules. Verder volg studente 324 in die eerste semester en kies tussen 344 en 354 in die tweede semester. Let daarop dat 344 en 354 weens roosterbotsings nie gesamentlik gevolg kan word nie. Sosiologiehoofvak- en ander finalejaarstudente geniet voorrang vir module 354 vanweë beperkte diensleerplasing.

114 (12) Inleiding tot Sosiologie en Sosiale Antropologie (3L)

Inleiding tot konseptuele en teoretiese temas in Sosiologie en Sosiale Antropologie, met inbegrip van besprekings rondom sosiale ongelykheid, sosiale stratifikasie, kultuur, identiteit (insluitend gender, 'ras' en

etnisiteit), sosialisering, en ouderdom in die konteks van 'n lewensloop-perspektief. Hierdie temas word in sosiale teorie en metodologiese benaderings van die sosiale wetenskappe gefundeer.

144 (12) Sosiale Kwessies in Suid-Afrika (3L)

'n Seleksie van sosiale kwessies wat die kompleksiteit van die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing weerspieël. Voorbeelde van temas is armoede en ontwikkeling; sosiale instellings soos die gesin, onderwys en godsdiens; misdaad en geweld; gesondheid, die liggaam en seksualiteit; politieke en ekonomiese verhoudings; werk en indiensneming; migrasie; en die omgewing.

212 (8) Armoede, Ontwikkeling en die Omgewing (1.5L, 0.5T)

Debatte oor die oorsake en betekenis van armoede, ongelukheid en ontwikkeling; kritiese denke oor onderontwikkeling en 'volhoubare ontwikkeling' en die omgewing.

222 (8) Sosiale Identiteite en Ongelykhede (1.5L, 0.5T)

Sosiologiese begrippe van die interseksie van ras, gender, seksualiteit, klas en ouderdom as bronne van identifikasie, dimensies van mag en ongelukheid in Suid-Afrika en elders.

242 (8) Sosiologie van Kommunikasie (1.5L, 0.5T)

'n Inleiding tot kommunikasie en media as 'n breë domein van ondersoek; die sosiale implikasies van inligting- en kommunikasietegnologieë; die internet- en netwerksamelewings; die besondere rol wat digitale tegnologieë speel in die bemiddeling van idees oor sosiale organisasie, van die plaaslike tot die wêreldwye.

252 (8) Bedryfsosiologie (1.5L, 0.5T)

Sentrale konsepte, temas en debatte binne die veld van bedryfsosiologie, insluitend die assessering van hoe werk verander het in verskillende eras, verskillende interpretasies van werk en die impak van globalisering op die transformasie van werk, werkplekherstrukturering, werkspraktyke, vakbonde en ook die bestuur van konflik in die Suid-Afrikaanse werkplek.

314 (12) Sosiologiese Teorie (2L, 0.5T)

(Verpligte module indien Sosiologie 3 jou hoofvak is)

Sosiale kontekste van denke; historiese ontwikkeling van sosiologiese denke; geselekteerde teoretiese perspektiewe soos funksionalisme, kritiese sosiologie, Marxisme, simboliese interaksionisme, feminisme, postmodernisme.

324 (12) Politieke Sosiologie (2L, 0.5T)

Die verhouding tussen mag, gesag en staatsbestuur; die impak van die burgerlike samelewing op die staat, die ontstaan van nuwe sosiale en politieke kragte; mag en die invloed van sosiale bewegings; die effek van militarisme, terrorisme, geweld en gewapende konflik op die samelewing.

344 (12) Sosiologie van Werk en Indiensneming (2L, 0.5T)

Die veranderende aard van werk, indiensneming en bestaanswyse en die effek op die samelewing, insluitend genderverhouding; nuwe vorme van werksorganisasie. Konsepte en teorieë word toegepas met spesifieke verwysing na die ontwikkelende wêreld en Suid-Afrikaanse ekonomie.

Hierdie is 'n keusemodule in die tweede semester. As gevolg van roosterbotsings kan 344 nie saam met 354 geneem word nie.

354 (12) Gemeenskapsontwikkeling (2L, 0.5T)

(Diensleermodule – Sosiologiehoofvak- en ander finalejaarstudente geniet voorrang vir module vanweë beperkte diensleerplasing.)

Die ontwikkelingskonteks in Suid-Afrika; kontekstuele en teoretiese verklarings van armoede en ongelukheid; die universiteit in ontwikkeling; die pedagogiek van diensleer; gemeenskapsontwikkeling as praktyk; etiese en praktiese beginsels in gemeenskapsontwikkeling; teoretiese perspektiewe van gemeenskapsontwikkeling; gemeenskapsdeelname; bemagtiging en aktiewe burgerskap; rolspelers in die proses van gemeenskapsontwikkeling (gemeenskappe, die staat, nie-regeringsorganisasies en die privaat sektor); inleiding tot gemeenskapsgebaseerde samewerkende navorsing.

Hierdie is 'n keusemodule in die tweede semester. As gevolg van roosterbotsings kan 354 nie saam met 344 geneem word nie.

364 (12) Sosiale Navorsing (2L, 1P)

(Verpligte module indien Sosiologie 3 jou hoofvak is)

Metodologiese perspektiewe op sosiale navorsing; navorsingsproses: teorie en navorsing; navorsingsontwerpe: kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings; navorsingsprosedures en -tegnieke; interpretasie en aanbieding van gegewens.

54186 Sosiale Antropologie

Belangrike bepaling vir die vak 54186 Sosiale Antropologie

Sosiologie 1 en Sosiale Antropologie 2 is newevereistes vir die volg van Sosiale Antropologie 3 as 'n hoofvak.

212 (8) Sosiaal-antropologiese Temas (1.5L, 0.5T)

'n Keuse uit temas wat geloof en ritueel, sosiale dinamika asook politieke en ekonomiese verhoudings insluit, met 'n fokus op sosiaal-relevante vraagstukke.

222 (8) Mediese Antropologie (1.5L, 0.5T)

Die kontekstualisering van siekte en gesondheid in 'n samelewing wat deur MIV/Vigs, stigma en onderontwikkeling geteister word.

242 (8) Openbare Antropologie (1.5L, 0.5T)

Huidige kwessies wat van fundamentele openbare belang is: onder andere identiteitspolitiek, xenofobie, religieuse en kulturele konflik en sosiale uitsluiting; die politiek van herinnering in post-konflik samelewings.

252 (8) Suid-Afrikaanse Antropologie (1.5L, 0.5T)

'n Oorsig oor die ontwikkeling van etnografiese werk in Suid-Afrika, met spesifieke aandag aan die veranderende teoretiese en kontekstuele dimensies.

314 (12) Lees-en-Doen-Etnografie (2L, 0.5T)

Analise van geselekteerde etnografiese werk (Suid-Afrikaans en van elders) aanduidend van die verskeidenheid benaderings tot die skryf van etnografie. Veldwerk en deelnemende waarneming as gevestigde tradisies. 'n Kleinskaalse veldwerk- en skryfprojek.

Newevereistemodules: Sosiologie 1 en Sosiale Antropologie 2 is newevereistes vir die volg van Sosiale Antropologie 3 as 'n hoofvak.

324 (12) Kultuur, Mag en Identiteit (2L, 0.5T)

Nasiebou en etnisiteit. Assimilasie, pluralisme, multikulturalisme in vergelykende perspektief. Globale ongelykhede en menseregte. Verskil en diversiteit in die burgerlike samelewing.

Newevereistemodules: Sosiologie 1 en Sosiale Antropologie 2 is newevereistes vir die volg van Sosiale Antropologie 3 as 'n hoofvak.

344 (12) Teorie en Debatte in Sosiale Antropologie (2L, 0.5T)

Historiese oorsig van die belangrikste teoretiese benaderings in Sosiale Antropologie sedert die 19de Eeu. Vernaamste debatte in die vakgebied.

Newevereistemodules: Sosiologie 1 en Sosiale Antropologie 2 is newevereistes vir die volg van Sosiale Antropologie 3 as 'n hoofvak.

354 (12) Die Antropologie van Ontwikkeling (2L, 0.5T)

Die kritiese dekonstruksie van ontwikkeling as diskoers en intervensie, met aandag aan onbedoelde gevolge en magsverhoudings.

Newevereistemodules: Sosiologie 1 en Sosiale Antropologie 2 is newevereistes vir die volg van Sosiale Antropologie 3 as 'n hoofvak.

Departement Visuele Kunste

13885 Geïntegreerde Kuns en Ontwerp

178 (56) Ondersoek van Twee- en Driedimensionele Kuns- en Ontwerpkonsepte (1L, 28P)

Inleiding tot tegniese, formele en konseptuele vaardighede in tweedimensionele, driedimensionele en digitale vorm.

278 (32) Onderzoek van Twee- en Driedimensionele Kuns- en Ontwerpkonsepte (1L, 18P)

Integrasie van tegniese, formele en konseptuele vaardighede in tweedimensionele, driedimensionele en digitale vorm.

Slaagvoorvereistemodules: Geïntegreerde Kuns en Ontwerp 178, Teken 174.

378 (24) Onderzoek van Twee- en Driedimensionele Kuns- en Ontwerpkonsepte (1L, 12P)

Toepassing van tegniese, formele en konseptuele vaardighede in tweedimensionele, driedimensionele en digitale vorm.

Slaagvoorvereistemodules:

- *Geïntegreerde Kuns en Ontwerp 278, Teken 274*

EN

- *Juwelierswareontwerp OF Skone Kunste OF Visuele Kommunikasieontwerp.*

32107 Juwelierswareontwerp

278 (32) Die Ontwerper binne die 21ste-eeuse Samelewing (1L, 18P)

Onderzoek van kritiese en analitiese konsepte en tegnieke binne kreatiewe juweliersware- en metaalontwerp.

Fokusareas: Metodes van 2D ontwerp binne die ontwikkeling van juweliersontwerpkonsepte. Gevorderde en gespesialiseerde 3D, metaal- en produksietegnieke.

Slaagvoorvereistemodules: Geïntegreerde Kuns en Ontwerp 178, Teken 174

378 (48) Die Ontwerper binne die 21ste-eeuse Samelewing (1L, 24P)

Onderzoek van kritiese en analitiese konsepte en tegnieke binne kreatiewe juweliersware- en metaalontwerp.

Fokusareas: Metodes van 2D ontwerp binne die ontwikkeling van juweliersontwerpkonsepte. Gevorderde en gespesialiseerde 3D, metaal- en produksietegnieke.

Slaagvoorvereistemodules: Geïntegreerde Kuns en Ontwerp 278, Teken 274 Juwelierswareontwerp 278

479 (100) Die Ontwerper binne die 21ste-eeuse Samelewing (1L, 50P).

Onderzoek van kritiese en analitiese konsepte en tegnieke binne kreatiewe juweliersware- en metaalontwerp.

Fokusareas: Metodes van 2D ontwerp binne die ontwikkeling van juweliersontwerpkonsepte. Gevorderde en gespesialiseerde 3D, metaal- en produksietegnieke.

Slaagvoorvereistemodules: Geïntegreerde Kuns en Ontwerp 378, Juwelierswareontwerp 378, Teken 374

48143 Skone Kunste

278 (32) Onderzoek van Twee- en Driedimensionele Kunsprosesse (1L, 18P)

Fokusareas: Skilder, beeldhou, drukkuns, fotografie en Nuwe Media.

Slaagvoorvereistemodules: Geïntegreerde Kuns en Ontwerp 178, Teken 174

378 (48) Onderzoek van Twee- en Driedimensionele Kunsprosesse (1L, 24P)

Fokusareas: Skilder, beeldhou, drukkuns, fotografie en Nuwe Media.

Slaagvoorvereistemodules: Geïntegreerde Kuns en Ontwerp 278, Skone Kunste 278, Teken 274

479 (100) Onderzoek van Twee- en Driedimensionele Kunsprosesse (1L,50P)

Fokusareas: Skilder, beeldhou, drukkuns, fotografie en Nuwe Media.

Slaagvoorvereistemodules: Geïntegreerde Kuns en Ontwerp 378, Skone Kunste 379, Teken 374

20346 Teken

174 (16) Teken as Navorsingspraktyk (1L, 8P)

Ruimtelike verhoudings tussen teken-elemente, denke deur middel van teken, teken as navorsingspraktyk.

274 (16) Teken as Navorsingspraktyk (1L, 8P)

Ruimtelike verhoudings tussen teken-elemente, denke deur middel van teken, teken as navorsingspraktyk.

Slaagvoorvereistemodules: Geïntegreerde Kuns en Ontwerp 178, Teken 174

374 (18) Teken as Navorsingspraktyk (1L, 9P)

Ruimtelike verhoudings tussen teken-elemente, denke deur middel van teken, teken as navorsingspraktyk.

Slaagvoorvereistemodule:

- *Geïntegreerde Kuns en Ontwerp 278, Teken 274*

En een van:

- *Juwelierswareontwerp 278 OF Skone Kuns 278 OF Visuele Kommunikasieontwerp 278*

13891 Teorie van Kuns en Ontwerp

479 (48) Kontemporêre Teorieë van Kuns en Ontwerp (2L, 2S)

Navorsingswerkstuk of -referaat

Slaagvoorvereistemodule: Visuele Studie 318 OF 348

11314 Visuele Kommunikasieontwerp

278 (32) Die Ontwerper binne die 21ste-eeuse Samelewing (1L, 18P)

Ondersoek verhoudings: Beeld/teks, druk/animasie, plaaslik/gloobaal, individueel/groepe, privaat/publiek, identiteit/subjektiviteit, mens/tegnologie.

Fokusarea: Beeldgenerasie, strukturele organisasie, navigasie en storievertel in identiteitsontwerp (*branding*), verpakkingsontwerp en editoriale/publikasieontwerp.

Slaagvoorvereistemodules: Geïntegreerde Kuns en Ontwerp 178, Teken 174

378 (48) Die Ontwerper binne die 21ste-eeuse Samelewing (1L, 24P)

Ondersoek van sosiale en omgewingsekologieë: Ontwerp vir volhoubare verandering, deelname en oorgang.

Fokusarea: 2D, 3D, digitale animasie- en interaktiewe ontwerp: identiteitsontwerp, sosiale veldtog, dokumentêre video, storievertel en narratiewe struktuur asook navigasie binne fisiese en digitale omgewings.

Slaagvoorvereistemodules: Geïntegreerde Kuns en Ontwerp 278, Teken 274, Visuele Kommunikasieontwerp 278

479 (100) Die Ontwerper binne die 21ste-eeuse Samelewing (1L, 50P)

Veranderingsagente in wording: Die tevoorskynbring en bevoegmaking van nuwe en moontlike wêreld.

Fokusarea: Skep en toepassing van ervarings, dienste, produktiewe interaksies en artikels deur middel van multimodale en transmediale kommunikasiestrategieë en platforms.

Slaagvoorvereistemodules: Geïntegreerde Kuns en Ontwerp 378, Teken 374, Visuele Kommunikasieontwerp 378

11802 Visuele Studie

178 (24) Visuele kultuur en Interpretasie (2L, 1T)

Inleiding tot die visuele studie.

In die module ondersoek studente kulturele diversiteit en leer om visuele beelde en objekte binne hul gegewe konteks te interpreteer.

Die dekonstruksie van die kunswerk as kulturele teks.

Die fokus is grootliks op kontemporêre populêre visuele kultuur.

278 (32) 19de- en 20ste-eeuse Visuele Kultuur (3L, 1T)

In die kursus val die klem op die modernisme in die visuele kunste (teorie en praktyk), insluitende 'n inleidende ondersoek na die breë konteks van Europese Imperialisme en die diskoers van moderniteit.

Postmodernisme (teorie en praktyk) word ook op inleidende wyse ondersoek as beide reaksie op en uitvloeisel van die modernisme.

Al bogenoemde word ondersoek met verwysing na 'n wye verskeidenheid van kuns en populêre kultuur.

Slaagvoorvereistemodule: Visuele Studie 178

318 (24) Identiteit en Andersheid in Afrika- en Suid-Afrikaanse Visuele Kultuur (3L, 1T)

Hierdie module is ontwerp rondom die breë tema van kulturele identiteit, wat ons ondersoek deur middel van 'n verskeidenheid visuele objekte en beelde uit Afrika en Suid-Afrika. Verskeie kritieseteoriebronne word gebruik om identiteitsformasie en die belangrike rol van andersheid daarin te ondersoek in die vestiging van beide kollektiewe en persoonlike identiteite. Verskeie identifikasies soos gender, ras, etnisiteit en nasionalisme word ondersoek as komplekse en interafhanklike entiteite. Die aandag word in die besonder gevestig op die kompleksiteite van identiteit in die postkoloniale sfeer.

Slaagvoorvereistmodule: Visuele Studie 278

348 (24) Identiteit en Andersheid in Afrika- en Suid-Afrikaanse Visuele Kultuur (3L, 1T)

Hierdie module is ontwerp rondom die breë tema van kulturele identiteit, wat ons ondersoek deur middel van 'n verskeidenheid visuele objekte en beelde uit Afrika en Suid-Afrika. Verskeie kritieseteoriebronne word gebruik om identiteitsformasie en die belangrike rol van andersheid daarin te ondersoek in die vestiging van beide kollektiewe en persoonlike identiteite. Verskeie identifikasies soos gender, ras, etnisiteit en nasionalisme word ondersoek as komplekse en interafhanklike entiteite. Die aandag word in die besonder gevestig op die kompleksiteite van identiteit in die postkoloniale sfeer.

Slaagvoorvereistmodule: Visuele Studie 278

Taalsentrum

59447 Professionele Kommunikasie

113 (8) Professionele Kommunikasie (2L, 1T)

Effektiewe kommunikasie met verskillende teikengehore met spesifieke doelwitte in gedagte; besondere fokus op die beplanning en skryf van 'n tegniese verslag; ander dokumenttipes in 'n professionele omgewing soos voorleggings en korrespondensie; teksvaardighede, o.a. samehang, gepaste styl en teksstruktuur; gepaste verwysingsmetodes; inleiding tot mondelinge voordragte; geskrewe kommunikasie in spanverband.

64866 Wetenskapkommunikasievaardigheid

116 (12) Wetenskapkommunikasievaardigheid (3L, 3T)

Hierdie module word gevolg deur studente in die BSc (verlengdekurrikulumprogramme). Hierdie module fokus op die ontwikkeling van praat-, luister-, en leesvaardighede in die akademiese omgewing oor die algemeen en spesifiek in die natuurwetenskappe. Aspekte soos die hantering en verstaan van relevante akademiese en natuurwetenskaplike tekste; begrip vir onderlinge teksdele; die gebruik van vloeiende korrekte en gepaste taal en die interpretasie van grafika, word behandel.

146 (6) Wetenskapkommunikasievaardigheid (3L)

Hierdie module word gevolg deur studente in die BSc (verlengdekurrikulumprogramme). Hierdie module fokus op die ontwikkeling van skryfvaardighede in die akademiese omgewing oor die algemeen en spesifiek in die natuurwetenskappe. Aspekte soos die hantering en verstaan van relevante akademiese en natuurwetenskaplike tekste; begrip vir onderlinge teksdele; die aanbieding van data in 'n versorgde en samehangende teks; die gebruik van korrekte en gepaste taal, die aanwending van akkurate taal, korrekte verwysingstegnieke en die gebruik van grafiese inligting om data te verduidelik, word behandel.

172 (8) Wetenskapkommunikasievaardigheid (2L)

Die ontwikkeling van basiese beginsels van wetenskaplike en akademiese kommunikasie met die fokus op lees, skryf, luister en praat in die akademiese (formele) konteks; hantering en verstaan van relevante akademiese en natuurwetenskaplike tekste; begrip van onderlinge teksdele; aanbieding van data in 'n versorgde, samehangende teks; korrekte gebruik van verwysingsmetodes om plagiaat te voorkom; gebruik van grafiese inligting om data te verduidelik.

12761 Skryfvaardighede

171 (10) Skryfvaardighede (1L, 1T)

Hierdie module fokus op die ontwikkeling van lees-, skryf- en denkvaardighede binne die akademiese omgewing in die algemeen en spesifiek binne die regs-konteks.

Verlengdekurrikulumprogramme (VKP's)

11572 Tekste in die Geesteswetenskappe

Suksesvolle voltooiing van Tekste in die Geesteswetenskappe 113, 143, Inleiding tot die Geesteswetenskappe 178, 188 en Kennisvaardighede 172 is slaagvoorvereistes vir die VKP-student se verwerwing van 'n graad.

113 (12) Tekste in die Geesteswetenskappe (Inleidend) (2L, 2T)

Die module rus studente op inleidende vlak toe met kennis, vermoëns en vaardighede om akademiese tekste in Geesteswetenskappe doeltreffend te lees en skryf. Die module-inhoude sluit in studie van die retoriese struktuur, koherensie, kohesie, tekslinguistiese kenmerke, en argumentasiepatrone in verskillende akademiese genres in die Geesteswetenskappe.

123 (12) Tekste in die Geesteswetenskappe (3L, 1T)

Die module behels voortgesette studie en ontwikkeling van die kennis, vermoëns en vaardighede in lees en skryf van akademiese tekste soos aangebied in Tekste in die Geesteswetenskappe 113 en 143. Die module-inhoud is in die besonder gerig op die begrip van die sosiale funksies van taal en sluit 'n studie van die metodes van tekstuele voorstelling en metodes van identiteitskonstruksie in akademiese tekste in.

Newevereistemodules: Tekste in die Geesteswetenskappe 113, 143

143 (12) Tekste in die Geesteswetenskappe (Voortgesette studie) (2L, 2T)

Die module behels voortgesette studie en ontwikkeling van die kennis, vermoëns en vaardighede in lees en skryf van akademiese tekste soos aangebied in Tekste in die Geesteswetenskappe 113. Die module-inhoud is in die besonder gerig op die studie van kritiese denke, logika, argumentasie en denkfoute.

153 (12) Tekste in die Geesteswetenskappe (3L, 1T)

Die module rus studente toe met die kennis en vaardighede om navorsing op 'n inleidende vlak te verstaan en uit te voer. Die module is gerig op 'n basiese begrip van navorsing in die Humaniora en Sosiale Wetenskappe en fokus in besonder op navorsingshipoteses, kousaliteit, bewerings en bewyse asook navorsingsparadigmas, -metodologie en -etiek.

Newevereistemodules: Tekste in die Geesteswetenskappe 113, 123, 143

65463 Inleiding tot die Geesteswetenskappe

178 (24) Oorsig – Inleiding tot die Geesteswetenskappe (3L, 1T)

Hierdie module is 'n fondasie-programeenheid wat spesifiek aangebied word vir studente wat vir die VKP geregistreer is. Dit bied 'n inleiding tot die aard en spesifieke belange van die Sosiale Wetenskappe, Kunste, Tale en Taalwetenskap as studiegebiede binne die Geesteswetenskappe. Basiese inhoude (insluitende inligting oor konsepte, beginsels, metodes en toepassings) geselekteer en aangebied deur verskeie dissiplines in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe het ten doel om studente voor te berei vir:

- studie in die Sosiale wetenskappe;
- studie in die Kunste;
- studie in Tale en Taalwetenskap.

Navorsings- en Diensinstansies

In hierdie afdeling word die navorsings- en diensinstansies aangebied wat in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe gesetel is.

1. Africa Open Instituut vir Musiek, Navorsing en Innovasie

Africa Open is 'n interdisiplinêre en transdisiplinêre instituut vir musiek, navorsing en innovasie in Afrika, gesetel in die Fakulteit vir Lettere en Sosiale Wetenskappe. Africa Open inkorporeer die Dokumentasie Sentrum vir Musiek (DOMUS), wat deel is van die Spesiale Versamelings-afdeling van die Musiekbiblioteek en die Universiteit Stellenbosch (US) Biblioteek en Inligtingsdiens. Africa Open is 'n Tipe 2-instituut.

Africa Open se visie is die daarstel van die grootste, veiligste en tegnologies mees gevorderde Open Access-musiekargief in Afrika, en die voorsiening van grensverskuiwende intellektuele navorsing, innovasie en kritiese denke gefokus op kreatiewe musiekprojekte in die Afrika-konteks. Africa Open is betrokke by die volgende aktiwiteite:

- Erfenisbewaring: As 'n kernbata van Africa Open sal DOMUS voortgaan met die ordening, katalogisering en waarde-ontginning van versamelings wat aan die argief bemaak is, met spesifieke klem op gemeenskapimperatiewe.
- Die skep van Open Access: Die digitalisering van versamelings en aanbieding van oopbron-tegnologiese platforms sal toegang skep om betrokke te raak met 'n groeiende gemeenskap van internasionale navorsers, komponiste en uitvoerende kunstenaars.
- Onafhanklike navorsing: Africa Open sal diverse en kundige spanne van navorsers en kunstenaars byeen bring om betrokke te raak met die ontwikkeling van interdisiplinêre en innoverende perspektiewe op dissiplinêre uitdagings.
- Gesamentlike navorsing: Deur middel van besoekende akademici en kunstenaars sal Africa Open kreatiewe ontmoetings oor kontinente, musiekgenres en verskeie kontekste te fasiliteer.
- Nagraadse navorsing: Deur middel van sy affiliasie met die Universiteit Stellenbosch, sal Africa Open se groeiende dokument-en-artefak-versameling materiaal voorsien vir magister-, doktorale en na-doktorale studies, groter kapasiteit voorsien om toesig te hou oor sulke studies, en terselfdertyd bydra tot die gehalte en waarde van Africa Open se databates.
- Nagraadse programme: Studente wat inskryf vir nagraadse grade in dissiplines wat verband hou met spesifieke departemente, byvoorbeeld musiek, sal registreer vir meesters- en PhD-grade, soos omskryf in die US Jaarboek vir sulke departemente.

Kontakbesonderhede

Vir meer inligting oor die Instituut, kontak prof S Müller by smuller@sun.ac.za of 021 808 3655.

2. HUMARGA

Ontstaan

HUMARGA (Humaniora Rekenaargebruikersarea) bedien die fakulteite Lettere en Sosiale Wetenskappe, Opvoedkunde, Regsgeleerdheid en Teologie. Daar is rekenaarfasiliteite by elkeen van dié fakulteite, asook gespesialiseerde toerusting en sagteware by Geografie en Omgewingstudie, Joernalistiek, Visuele Kunste en Musiek. Die hooffasiliteit in die Lettere en Sosiale Wetenskappe-gebou is in 1999 geopen.

Doelwitte

Die bestuur poog om werksruimtes en tegnologie in plek te stel waar studente optimale en ononderbroke toegang tot elektroniese hulpbronne kan verkry en om elektroniese klaskamers en ondersteuningsdienste te bied wat 'n bewese bydrae lewer tot die onderrig. Hierdie dienste sluit netwerkspasie, e-pos, internet, veeldoelige drukkers, gespesialiseerde sagteware en die nuutste tegnologie in.

Die RGA streef daarna om toonaangewende tegnologie volhoubaar beskikbaar te stel ten einde die doelwitte van ons studente te help bereik.

Die hulptoonbank is by die hooffasiliteit in die L&SW-gebou en is gedurende kantoorure oop, terwyl die algemene rekenaar-gebruikersarea 24 uur per dag beskikbaar is. Streng toegangsbeheermaatreëls word getref om die veiligheid van studente te verseker.

HUMARGA is sover moontlik toeganklik vir persone met gestremdhede. Daar is ook noue samewerking met die Eenheid vir Gestremdhede en die Brailleursentrum. Laasgenoemde is by HUMARGA en kan gekontak word by braille@sun.ac.za.

Personeel	Telefoonnr	Kantoor nommer	E-posadres
IT Bestuurder: Humaniora			
Mnr J Louw	021 808 2235	LSW 304	jlo@sun.ac.za
IT Assistentbestuurder: Humaniora			
Me PE Newman	021 808 2128	LSW 301	pa@sun.ac.za
Netwerkadministrasie			
Mnr AH Stephens	021 808 2181	LSW 309	as2@sun.ac.za
Roosterbesprekings			
Me NPS Hlongwa	021 808 3937	LSW 301	hlongwa@sun.ac.za / humarga_bookings@sun.ac.za
Hulptoonbank			
Mnr R Le Roux, Mnr R Williams	021 808 2129	LSW 306	humarga@sun.ac.za

Kontakbesonderhede

Vir meer inligting oor HUMARGA, besoek ons by www.sun.ac.za/humarga of kontak die Hulptoonbank by humarga@sun.ac.za of 021 808 2129.

3. Navorsingsalliansie in Ramp- en Risiko-reduksie (RADAR)

Ontstaan

Die Navorsingsalliansie vir Ramp- en Risiko-reduksie (RADAR) is 'n navorsings- en diensinstansie van die Universiteit Stellenbosch gebaseer in die Departement Geografie en Omgewingstudie.

Doelwitte

RADAR se doelstellings is om:

- Akademiese en professionele ramprisiko-verwante programme en modules aan te bied.
- Navorsing te doen en inligting te versprei wat die begrip en bestuur van rampe bevorder.
- Ramprisikobewustheid te bevorder deur opleiding, beleid en aanbeveling van strategiese kontinentale betrokkenheid.
- Vennootskappe te skep en netwerke te bou met relevante rolspelers in ramp- en risikobekamping.

Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, besoek ons by www.sun.ac.za/geography of kontak dr A Holloway by ailsaholloway@sun.ac.za of 021 808 9281.

4. Sentrum vir Bybelinterpretasie en -vertaling in Afrika

Ontstaan

Die Sentrum vir Bybelinterpretasie en -vertaling in Afrika is 'n interdisiplinêre navorsings- en diensinrigting wat binne die Departement Antieke Studie en Ou en Nuwe Testament gesetel is. Die missie van die Sentrum is om deur navorsing en fasilitering akademiese kundigheid op die terrein van Bybelinterpretasie en -vertaling te koördineer en te bevorder ten einde 'n diens te lewer aan Bybelinterpretasie, Bybelvertaling en die resepsie van die Bybel in die algemeen, en op die kontinent van Afrika in die besonder.

Doelwitte

- Om, in samewerking met kundiges binne en buite die Universiteit, op 'n projekbasis navorsing te onderneem oor tersaaklike aspekte van Bybelinterpretasie, Bybelvertaling en die resepsie van die Bybel.
- Om, deur gereelde skakeling met alle tersaaklike partye wat betrokke is by die interpretasie, vertaling of resepsie van die Bybel (bv. Bybelvertaalagentskappe, opleidingsinrigtings, kerke, Bybelstudiegroepe of individue) op die kontinent van Afrika, inligting in te win oor behoeftes aan navorsing, advies en praktiese hulp, sodat die navorsing en ander projekte wat onderneem word, nie slegs teoreties nie, maar ook praktykgerig sal wees.
- Om die resultate van navorsing deur middel van nasionale en internasionale akademiese publikasies, die aanbidding van simposia, werksinkels en/of kongresse bekend én ter diskussie te stel en om getoetste bevindinge via meer populêre geskrifte aan tersaaklike belangegroepes en die geïnteresseerde publiek beskikbaar te stel.

- Om, in samewerking met instansies wat in beheer is van Bybelvertaling in Afrika en verbandhoudende departemente aan die Universiteit en ander tersaaklike opleidings-inrigtings, 'n raamwerk daar te stel vir die toerusting en opleiding van Bybelvertalers en die begeleiding van navorsers oor Bybelvertaling.
- Om, in samewerking met bestaande nasionale en internasionale informasie-onttrekkingprogramme, toeganklike gerekenariseerde inligtingsbanke oor die gebied van Bybelinterpretasie, -vertaling en resepsie in Afrika saam te stel en deurlopend in stand te hou.
- Om, soos en wanneer daartoe versoek, uitleggers, vertalers of gebruikers van die Bybel van advies te voorsien.
- Om, op 'n projekbasis, praktiese vertaling en/of die saamstel van hulpmiddels vir die verstaan van die Bybel of Bybelgedeeltes vir spesifieke leesgroepe en doeleindes te onderneem.

Kontakbesonderhede

Vir meer inligting oor die Sentrum, besoek ons by <http://www.cebita.org> of kontak prof C van der Merwe by [cvdm@sun.ac.za](mailto:cvdmsun.ac.za) of 021 808 3655.

5. Sentrum vir Gemeenskapsielkundige Dienste

Ontstaan

Die Sentrum vir Gemeenskapsielkundige Dienste bestaan uit twee eenhede, te wete die Eenheid vir Sielkunde en die Eenheid vir Opvoedkundige Sielkunde, wat onderskeidelik binne die Departement Sielkunde en die Departement Opvoedkundige Sielkunde gesetel is en funksioneer.

Doelwitte

Die doelstellings van die Sentrum behels:

- Die lewering van sielkundige dienste aan en in wisselwerking met die gemeenskap.
- Die benutting van sodanige dienslewering as oplossingsgeleenthede vir nagraadse studente.
- Om deur dienslewering navorsingsgeleenthede vir die personeel en nagraadse studente van die Departemente te skep.

Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, besoek ons webadres of kontak ons by crpet@sun.ac.za of 021 808 2944/2696.

6. Sentrum vir Geografiese Analise (SGA)

Ontstaan

Die Sentrum vir Geografiese Analise (SGA) is 'n navorsingsinrigting van die Universiteit Stellenbosch gevestig in die Departement Geografie en Omgewingstudie.

Doelwitte

Die doelstellings van die Sentrum is:

- Om basiese en toegepaste navorsing te onderneem oor omgewings-, stedelike en streeksprobleme deur gebruik te maak van geografies-analitiese metodes.
- Om 'n diens aan die gemeenskap te lewer deur navorsingsprojekte en opleiding op versoek van private en openbare instansies te onderneem.

Die SGA spesialiseer in die toepassing van geografiese inligtingstelsels, satellietafstandwaarneming en ander geografies-analitiese tegnieke in die uitvoering van sy navorsings-, opleidings- en diensleweringfunksies.

Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, besoek ons by <http://www.sun.ac.za/cga> of kontak prof A van Niekerk by avn@sun.ac.za of 021 808 3101.

7. Sentrum vir Kennisdinamika en Besluitneming

Ontstaan

Die Sentrum doen interdisiplinêre navorsing en bemarking, lewer diens en bedryf netwerkaktiwiteite onder die toesig van die Departement Inligtingwetenskap. Dit rapporteer aan die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe.

Doelwitte

Die werk van die Sentrum is gerig op die verskeidenheid fasette in die kontemporêre samelewing in die algemeen en in besonder op organisasies wat verband hou met die skep en interpretasie van inligting en die omsetting daarvan in sinvolle kennis en produktiewe besluitneming.

Voorbeelde hiervan is:

- Hermeneutiek
- Sinmaking en besluitneming in organisasies
- Waardes en waardesisteme
- Kennisbestuur
- Elektroniese besluitnemingsteun
- Lerende organisasie- en organisatoriese ontwerp
- Kennisskepping en leierskap

Die Sentrum voer sy taak uit deur middel van toegespitste navorsing, die skep van relevante netwerke (binne en buite die Universiteit), strategiese vennootskappe met universitêre en ander organisasies, behoeftegedrewe dienslewering en markgerigte aanbiedings van geselekteerde kennisprodukte.

Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, besoek ons by <http://www.informatics.sun.ac.za> of kontak dr DB le Roux by informatics@sun.ac.za of 021 808 2025.

8. Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (SENWET)

Ontstaan

Die Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie is 'n navorsings- en diens-inrigting. Die Sentrum is as navorsingsentrum op 1 Januarie 1995 in die Fakulteit gevestig. In Januarie 2010 het dit ook 'n akademiese departement binne hierdie Fakulteit geword.

Doelwitte

Die Sentrum het die volgende doelstellings:

- Om navorsing oor die aard van wetenskap en tegnologie te onderneem met spesifieke verwysing na wetenskap- en tegnologiebeleid in Suid-Afrika en Afrika.
- Om navorsing op die "metaterreine" van die metodologie en sosiologie van die wetenskappe te onderneem en te bevorder.

Hierdie doelstellings word nagestreef deur middel van:

- Navorsing oor die verskynsel van interdisiplinariteit in die wetenskappe.
- Navorsing oor die metodologie van die geesteswetenskappe.
- Navorsing oor die sosiologie van wetenskap met besondere fokus op wetenskapbeleid.
- Werkswinkels en kongresse oor metodologie, wetenskapsosiologie en wetenskapbeleid.
- 'n Doelgerigte publikasieprogram waardeur die bevindinge van die Sentrum se navorsing so wyd moontlik bekend gestel word.
- 'n Aktiewe program van plaaslike en internasionale netwerkskepping.

Aangesien die hoofdoelstelling van die Sentrum, die bevordering van metawetenskaplike studies, per definisie interdisiplinêr van aard is, word in die werksaamhede van die Sentrum deurgaans daarna gestreef om die groots moontlike samewerking met ander wetenskaplike dissiplines te verkry.

Die Sentrum staan onder die beheer van 'n advieskomitee en is teenoor die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aanspreeklik.

Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, besoek ons by www.sun.ac.za/crest of kontak prof J Mouton by jm6@sun.ac.za of 021 808 3708.

9. Sentrum vir Streeks- en Stedelike Innovasie en Statistiese Eksplorasië (CRUISE)

Ontstaan

Die Sentrum vir Streeks- en Stedelike Innovasie en Statistiese Eksplorasië (Centre for Regional and Urban Innovation and Statistical Exploration (CRUISE)) is 'n navorsingseenheid gevestig in die Departement Geografie en Omgewingstudie. Die Sentrum is in 2009 gevestig.

Doelwitte

Die Sentrum het die volgende doelwitte:

- Om te verstaan hoe stede plaaslik en internasionaal funksioneer as instrumente van sosiale en ekonomiese netwerke, en wat die data- en navorsingsvereistes is vir ingeligte stedelike ontwikkelingsbesluitneming in elke veld;
- Om 'n geheelbeeld te ontwikkel van die opsies wat beskikbaar is vir diensvoorsiening in die ontwikkelde en ontwikkelende wêreld en kreatiewe maniere waarop die netwerke uitgebrei en verbeter kan word;
- Hoe stede en stedelike sisteme benut kan word vir ekonomiese groei en die verskaffing van werksgeleenthede;
- Om die beplanningsbenadering vir stedelike en streeksontwikkeling in Suid-Afrika te verstaan asook hoe dit verskil van stedelike bestuursbenaderings in ander dele van die wêreld;
- Om die vermoë te ontwikkel om, ener syds, toepaslike navorsingstegnieke te vind vir die bestudering van verskillende tipes menslike aktiwiteite en, andersyds, toepaslike oordele te vel oor die vereistes wat daar gestel word aan data om daardie navorsingsanalise moontlik te maak;
- Om die toepassingsmoontlikhede van verskillende tipes geografiese inligtingstegnologie vir sosio-ekonomiese ruimtelike analise en besluitneming te begryp;
- Om die vermoë te ontwikkel om effektief verbaal en deur die geskrewe woord te kommunikeer en hoe om die moderne apparatuur en programmatuur as kommunikasie-instrumente daarin te gebruik; en
- Om basiese en toegepaste navorsing oor stedelike sisteme te onderneem.

Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, besoek ons by www.sun.ac.za/cruise of kontak dr D du Plessis by ddp@sun.ac.za of 021 808 3104.

10. Sentrum vir Strokiesprent-, Illustratiewe-, en Boekkuns (CCIBA)

Ontstaan

Die Sentrum, wat in 2009 gevestig is, is 'n interdisiplinêre navorsings-, onderrig- en diensinstelling wat in die Departement Visuele Kunste gesetel is.

Doelwitte

Die Sentrum behels verskeie aspekte van grafiese-, illustratiewe- en boekkuns met die volgende doelwitte:

- Om 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot die ontwikkeling van navorsing en uitgewery in hierdie dissiplines.
- Om die gehalte van navorsing en onderrig op hierdie terreine by Universiteit Stellenbosch te verbeter, ten einde die Universiteit te posisioneer as die leidende instelling in hierdie veld en as 'n erkende sentrum van uitnemendheid in hierdie dissiplines.
- Om 'n openbare begrip en persepsie van Suid-Afrikaanse Grafiese-, Illustratiewe- en Boekkuns te verbeter asook Suid-Afrika se internasionale profiel in hierdie dissiplines te bevorder.
- Om Suid-Afrikaanse grafiese-, illustratiewe- en boekkunstenars te ondersteun deur die organisering en ontwikkeling van uitstallings, publikasies en opleidingskursusse, sowel as deur ander opvoedkundige, netwerkvorming- en mentorskapsgeleenthede.
- Om samewerking en dialoog tussen grafiese-, illustratiewe- en boekkunstenars van Suid-Afrika en die buiteland te fasiliteer, veral in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap.
- Om 'n nasionale forum en reeks van dienste en hulpbronne aan Suid-Afrikaanse grafiese ontwerpers, illustreerders en boekkunstenars te verskaf.

- Om 'n permanente versameling en argief van Suid-Afrikaanse grafiese-, illustratiewe- en boekmateriaal by die Universiteitsbiblioteek en -museum te stig.
- Om probleme en behoeftes in bogenoemde areas te identifiseer met die doel om hierdie dissiplines nasionaal en internasionaal te ontwikkel, bevorder en vol te hou.

Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, besoek ons by <http://cgiba.sun.ac.za> of kontak mnr V Nyoni by vuli@sun.ac.za of 021 808 3587.

11. Sentrum vir Toegepaste Etiek

Ontstaan

Die Sentrum vir Toegepaste Etiek is 'n interdisiplinêre navorsings- en diensinrigting wat in die Departement Filosofie gesetel is.

Doelwitte

Die tematiese doelstellings van die Sentrum is om probleme te identifiseer en te bearbei wat opgeroep word deur die toepassing van waardes en etiese norme in besluitnemingsprosesse op terreine soos die volgende:

- Navorsings-, terapeutiese en voorsieningspraktyke in die geneeskunde, biologie en genetika;
- Sake- en bestuursbedrywighede;
- Aktiwiteite wat negatiewe gevolge inhou ten opsigte van die instandhouding en bewaring van die fisiese en sosiale omgewing van die mens; en
- Die inrigting van 'n geordende en regverdige samelewing en die verdeling van voordele in die samelewing.

Die aktiwiteitsdoelstellings van die Sentrum is:

- Om op 'n multi- en interdisiplinêre basis navorsing oor etiese probleme te inisieer, te doen en te publiseer; en
- Om inligting beskikbaar te stel en advies te gee aan instansies wat vir beleidsformulering en wetgewing verantwoordelik is.

Die Sentrum bestaan uit vier eenhede, nl. die Eenheid vir Bio-etiek, die Eenheid vir Omgewingsetiek, die Eenheid vir Bestuurs- en Bedryfsetiek en die Eenheid vir Sosiale en Politieke Etiek.

Die Eenheid vir Bio-etiek

Die Eenheid fokus op probleme wat ontstaan deur die toepassing van waardes en etiese norme in die navorsings- en terapeutiese prosedures van die moderne mediese wetenskap.

Navorsing word gedoen oor probleme in verband met die verspreiding van gesondheidsorg, vigs, aborsie, reprodutiewe tegnologie, genadedood, genetiese manipulasie, ensovoorts.

Die Eenheid is werksaam in twee afdelings – een op die Stellenboschkampus en een op die Tygerbergkampus. Laasgenoemde bied kursusse aan oor mediese navorsingsetiek, en voorsien ook konsultasiedienste.

Die Eenheid vir Omgewingsetiek

Die hoofdoelstelling van hierdie Eenheid is navorsing en kritiese gesprekvoering oor die toepassing van etiese norme op omgewingsprobleme wat in 'n ontwikkelende Suid-Afrika ontstaan. Die Eenheid streef daarna om 'n sensitiwiteit aan te wakker vir die belang van etiese beginsels vir besluitneming op die gebied van omgewingsbestuur en probeer om groter samewerking tussen akademiese, arbeids- en belangegroeppe te bewerkstellig ten opsigte van omgewingsprobleme.

Die Eenheid doen navorsing, verskaf beleidsadvies, bied kursusse aan vir buite-universitêre instansies en organiseer gespreksgeleenthede vir omgewingskwessies en -waardes.

Die Eenheid vir Bestuurs- en Bedryfsetiek

Hierdie Eenheid fokus op die behoeftes en opleiding van Suid-Afrikaanse bestuurders. Bestuurs- en bedryfsetiek is 'n verpligte kursus in die MBA-program van die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool en word in die meeste buiteprogramme ingesluit.

Benewens onderrig, doen die Eenheid ook navorsing oor gedragskodes, gevallestudies, die bestuur van waardes en diversiteit, regstellende aksie, witboordjiemisdad, ensovoorts.

Die Eenheid vir Sosiale en Politieke Etiek (PROSPER)

PROSPER (*Promoting Social and Political Ethics Research*) fokus op navorsing, onderrig en openbare gesprek oor etiese kwessies wat verband hou met besluitneming, optrede en beleid in 'n sosiale en politieke omgewing.

Die Eenheid doen navorsing oor etiese vraagstukke betreffende sosiale en politieke instellings, die formulering van beleid, historiese ongeregtigheid, immigrasie, die opdoen en verspreiding van kennis, die rol van tegnologie, en die begrippe waarmee ons oor hierdie vraagstukke nadink.

Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, besoek ons by www0.sun.ac.za/philosophy/centre-for-applied-ethics/ of kontak me J Engelbrecht by jengelb@sun.ac.za of 021 808 2418.

Alfabetiese Lys van Vakke

Afrikaans en Nederlands	169
Afrikaanse Taalaanleer	167
Afrikatale	170
Akademiese Geletterdheid (Musiek)	198, 200
Algemene Musiekleer	198, 200
Algemene Taalwetenskap	174
Antieke Kulture	175
Basiese Xhosa	171
Begeleiding	200, 204
Besigheidsbestuur (Musiek)	199, 200, 205
Bybelse Hebreeus	177
Chinees	193
Diensleer	205
Duits	194
Engels	183
Ensemblesang	200, 205
Etnomusikologie	205
Filosofie	184
Filosofie en Etiek	185
Frans	195
Gebaretaalstudie	174
Gehooropleiding	199, 201, 205
Geïntegreerde Kuns en Ontwerp	219
Geografie en Omgewingstudie	187
Geografiese Inligtingstechnologie	186
Geo-omgewingswetenskap	185
Geskiedenis	187
Grieks	179
Improvisasie	205
Inleiding tot die Geesteswetenskappe	223
Juwelierswareontwerp	220
Kamermusiek	201, 206
Kennisvaardighede	190
Kerkmusiekpraktyk	201
Klassieke Regskultuur	180
Komposisie	206
Kreatiewe Vaardighede	199, 206
Latyn	180
Maatskaplike Werk	190
Musiekopvoeding	201, 206
Musiektegnologie	199, 201, 207
Musiekteorie	199, 201, 207
Musiekwetenskap	208
Musiekwetenskapkritiek	208
Navorsingsmetodologie (Musiek)	209
Onderwysmetodiek	201, 208
Onderwyspraktyk	209
Organisatoriese Informatika	189

Orkespraktyk.....	199, 202, 209
Orkesstudie.....	202, 209
Orkestrasie	210
Politiese Wetenskap.....	215
Praktiese Musiekstudie A.....	199, 202, 210
Praktiese Musiekstudie B.....	203, 211
Praktiese Musiekstudie E.....	211
Praktiese Musiekstudie S.....	203, 212
Praktiese Partikuurstudie.....	204
Praktiese Partituurstudie.....	214
Professionele Kommunikasie.....	222
Repertoriumstudie.....	199, 204, 214
Sielkunde.....	216
Skone Kunste	220
Skryfvaardighede.....	222
Sosiale Antropologie.....	219
Sosio-Informatika.....	189
Sosiologie.....	217
Tale vir Sangers.....	204, 215
Teaterkuns	181, 204
Teaterkuns (Musiek).....	215
Teaterstudie.....	182
Teatervaardighede.....	182
Teken	220
Tekste in die Geesteswetenskappe	223
Teorie van Kuns en Ontwerp.....	221
Toegepaste Engelse Taalstudie	174
Vakdidaktiek Musiekteorie	215
Visuele Kommunikasieontwerp.....	221
Visuele Studie.....	221
Wetenskapkommunikasievaardigheid.....	222
Xhosa.....	171

Uitsluitingsvakke in 2024: Algemeen

Notas vir uitsluitingsvakke in 2024 (sien die tabel op die volgende bladsy)

Sleutel	
*	Vak word slegs op eerstejaarsvlak aangebied.
**	Vak word slegs op eerste- en tweedejaarsvlak aangebied.
***	Vak word slegs op tweede- en derdejaarsvlak aangebied.
-	Nie van toepassing nie
	Vakke is nie kombineerbaar nie.
1	Vakke is slegs op eerstejaarsvlak kombineerbaar.
2	Vakke is slegs tot op tweedejaarsvlak kombineerbaar.
!	Dui op spesiale bepalings wat in die notas hieronder beskryf word.

Let op die volgende:

- Chinees 178 en Frans 188 sluit mekaar uit.
- Chinees 318 en Geografie en Omgewingstudie 323 sluit mekaar uit sowel as Chinees 348 en Geografie en Omgewingstudie 358.
- Chinees en Sosiale Antropologie is slegs in die tweede jaar kombineerbaar en slegs binne die program Internasionale Studie.
- Duits 178 en Duits 188 sluit mekaar uit.
- Duits 318 en 348 is wel met Geskiedenis 3 kombineerbaar.
- Duits 328 en 358 is wel met Latyn 3 en Sielkunde 3 kombineerbaar.
- Frans 178 en Frans 188 sluit mekaar uit.
- Gebaretaalstudie: Studente wat modules in hierdie vak wil kombineer met Duits, Geo-Omgewingswetenskap, Geskiedenis, Grieks, Sosio-Informatika, Sportwetenskap of Teaterstudie, moet eers seker maak dat dit nie roosterbotsings inhou nie.
- Geografie 334 is ook nie met Ekonomie 318 kombineerbaar nie.
- Organisasoriese Informatika: Hierdie vak bots op derdejaarsvlak met Afrikaans en Nederlands 318, Frans 318 en Engels 348. Studente moet ook EBW se Jaarboek nagaan vir botsings.
- Sosio-Informatika: Hierdie vak bots op derdejaarsvlak met Afrikaans en Nederlands 348, Frans 348 en Engels 348.
- Xhosa 178 en Xhosa 188 sluit mekaar uit.

Benewens die bostaande mag verdere uitsluitings deur elke program voorgeskryf word.

Tabel van uitsluitingsvakke in 2024: Algemeen

	Afrikaans en Nederlands	Afrikaanse Taalaanleer **	Afrikatale	Algemene Taalwetenskap	Antieke Kulture	Basiese Xhosa *	Bybelse Hebreeus	Chinees	Duits	Engels	Filosofie	Filosofie 214, 244, 314, 364	Frans	Gebaretaalstudie	Geografie 334 (!)	Geografie & Omgewingstudie ***	Geo-Omgewingswetenskap *	Geskiedenis	Grieks	Latyn	Maatskaplike Werk	Openbare en Ontwikkelingsbestuur	Organisatoriese Informatika ***	Politiese Wetenskap	Sielkunde	Sosiale Antropologie ***	Sosio-Informatika	Sosiologie	Sportwetenskap / BSR	Teaterstudie	Toegepaste Engelse Taalstudie ***	Visuele Studies	Xhosa		
Afrikaans en Nederlands	-				1						2					1		2		2	2	2	-												
Afrikaanse Taalaanleer **		-	2	2	2	1	2	2	2	2	2	2	2			2	1	2	2	2	2	2	2	2	2	2	2	2	2	2	2	2	2	2	
Afrikatale		2	-	2	2											1				2	2						1	2							
Algemene Taalwetenskap		2		-	2	1	2									1	1				2	2											1		
Antieke Kulture		2	2	2	-	1			2							2	1					2				1								2	
Basiese Xhosa *	1	1	2	1	1	-	1	1	1	1	1	1	1		1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	-	1	1		1	-	1			
Bybelse Hebreeus		2			1	-				1	1					1								2											
Chinees		2		2	1	-						!				2!	1			2						2!	1								
Duits		2		2	1				-					!				2!	2!	2					2!	1				2					
Engels		2			1					-						1					2		!			!									
Filosofie		2			1	1					-					2	1				2														
Filosofie 214, 244, 314, 364	2	2			1	1	2					-				1		1	1	2											1				
Frans		2			1		!						-			1				1		!				!									
Gebaretaalstudie								!						-				!	!							!		!	!						
Geografie 334 (!)															-																				
Geografie & Omgewingstudie ***	2		1	2	1		2!			2						-	-			2						1!						1			
Geo-Omgewingswetenskap *	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	!			-	-	1	1	1	1	1	1	1	1	-	1	1	1	1	1	1	1	1	
Geskiedenis		2			1				2!				!			1	-	1									1			2	2				
Grieks	2	2			1						1		!					1	-					1		1				1					
Latyn		2			1		2	2!			1					1				-				2											
Maatskaplike Werk	2	2	2		1				2	2	2	2	1			2	1				-	2		1								2	2		2
Openbare en Ontwikkelingsbestuur	2	2	2	2	2	1										1				2	-		2										2	2	
Organisatoriese Informatika ***	!												!										-												
Politiese Wetenskap		2			1	2										1		1	2	1	2			-						1					
Sielkunde		2			1				2!							1										-									
Sosiale Antropologie ***					1	-	2!									-										-									
Sosio-Informatika	!	2	1		1	1	1	!					!	!	!	1!	1	1	1							-								1	
Sosiologie		2	2		1											1													-	2				2	
Sportwetenskap / BSR														!		1												2	-						
Teaterstudie		2			1				2					!		1	2	1						1									-	2	
Toegepaste Engelse Taalstudie ***		2			-												2				2										2	-			
Visuele Studies		2		1	1						1					1	1					2													-
Xhosa		2		2												1					2	2					1	2							-

Uitsluitingsvakke in 2024: BA (Regsgeleerdheid)

Jy moet 'n taalvak en een ander module (wat ook 'n taalmodule kan wees) deurlopend in jou program neem. Let asseblief daarop dat slegs kombinasies soos hieronder aangedui deurlopend in die driejaarprogram moontlik is.

In die eerste jaar van die program moet jy ook 'n eerstesemestermodule neem. Let op die kombinasies wat nie moontlik is nie.

Sleutel	
	Modules kan nie saam geneem word nie
1	Modules kan slegs op eerstejaarsvlak saam geneem word
2	Modules kan slegs tot en met die tweede jaar saam geneem word
!	Dui 'n spesiale voorwaarde aan wat in die notas hieronder beskryf word

Notas

- Frans en Ekonomie kan slegs op eerstejaarsvlak gekombineer word. Let wel: Slegs die Engelse stroom is vir Ekonomie beskikbaar.
- Latyn kan nie met Xhosa 188 gekombineer word nie. Latyn kan wel met Xhosa 178 gekombineer word.

	Afrikaans en Nederlands	Engels	Frans	Duits	Latyn	Xhosa	Klassieke Regskultuur / Antieke Kulture	Ekonomie	Filosofie	Politiese Wetenskap	Sielkunde
Afrikaans en Nederlands	-								1		
Engels		-						1			
Frans	-		-					1 !			
Duits				-			1				
Latyn					-	!			1	1	1
Xhosa					!	-					